

# Die Kosbare Goud

(Gereformeerde Geloofsleer)

Deur

PREDIKANTE VAN

DIE GEREFORMEERDE GEMEENTES IN SUID-AFRIKA

## Inhoud

<b>VOORWOORD.....</b>	<b>4</b>
<b>DIE HERE IS GOD .....</b>	<b>5</b>
<b>DIE KENNIS VAN GOD .....</b>	<b>9</b>
Belangrikheid van Saak. ....	9
Moontlikheid van Kennis. ....	9
Die Algemene Openbaring. ....	10
Die Besondere Openbaring. ....	11
Die Kennis. ....	12
<b>ALGEMENE OPENBARING .....</b>	<b>13</b>
1. Die begrip "openbaring". ....	13
2. Algemene en besondere openbaring. ....	13
3. Wat die Heilige Skrif aangaande die algemene openbaring leer. ....	13
4. Middele en inhoud van die algemene openbaring. ....	15
5. Die onmisbaarheid van die algemene openbaring. ....	16
6. Ongenoegsaamheid van die algemene openbaring. ....	16
7. Oorskatting van die algemene openbaring. ....	17
8. Onderskatting van die algemene openbaring. ....	17
9. Slotsom. ....	18
<b>DIE BESONDERE OPENBARING.....</b>	<b>19</b>
1. Wat is die Besondere Openbaring? .....	19
2. Die Besondere Openbaring en die Heilige Skrif. ....	19
3. Die noodsaaklikheid van die besondere openbaring. ....	20
4. Die doel van die besondere openbaring. ....	20
5. Die afsluiting van die besondere openbaring. ....	21
6. Die genoegsaamheid van die besondere openbaring. ....	21
7. Die slot. ....	22
<b>DIE SKRIF — SKRIFINSPIRASIE .....</b>	<b>23</b>
1. Besondere Openbaring en Heilige Skrif .....	23
2. Die Inspirasie van die Skrif .....	23
3. Verkeerde Opvattinge oor die Inspirasie .....	25
4. Die ware aard en omvang van die inspirasie. ....	25
5. Afsluiting van die Inspirasie .....	27
6. Die Eienskappe van die Skrif .....	27
7. Opposisie teen die Skrif .....	28
8. Slot. ....	29
<b>DIE GESAG VAN DIE HEILIGE SKRIF .....</b>	<b>30</b>
(1) Die Oorlewering. ....	30
(2) Die Apostolisiteit. ....	30
(3) Historiese Argumente. ....	30
(4) Die Outoriteit van die Kerk. ....	31
Die Getuienis van die Heilige Gees. ....	31
Die Goeie Reg van ons Uitgangspunt. ....	32
Die Getuienis van Christus. ....	32
Waaroor gaan die Gesag van die Skrif? .....	33
<b>DIE SKRIF DIE ENIGSTE REËL VAN ONS GELOOF .....</b>	<b>34</b>
<b>DIE WESE VAN GOD .....</b>	<b>37</b>
<b>DIE DRIE-EENHEID VAN GOD .....</b>	<b>41</b>

<b>DIE NAME VAN GOD .....</b>	<b>46</b>
Die Eiename van God.....	47
Die Wesensname.....	48
<b>EIENSKAPPE VAN GOD .....</b>	<b>49</b>
BEPERKTHEID VAN MENSLIKE VERSTAND. ....	49
BEGRIPSBEPALING. ....	49
INDELING VAN DIE EIENSKAPPE. ....	49
A. Onmededeelbare Eienskappe. ....	50
B. Die Mededeelbare Eienskappe. ....	53
<b>DIE RAAD VAN DIE WELBEHAE EN DIE VREDERAAD.....</b>	<b>57</b>
A. Die Raad van die Welbehae.....	57
B. Die Vrederaad .....	61
<b>DIE SKEPPING.....</b>	<b>63</b>
<b>DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD .....</b>	<b>69</b>
<b>DIE ENGELE.....</b>	<b>73</b>
I. KENNIS VAN DIE ENGELE.....	73
II. NATUUR VAN ENGELE.....	76
III. TAAK VAN DIE ENGELE .....	77
IV. SATAN EN DIE GEVALLE ENGELE .....	79
<b>DIE OORSPRONG, WESE EN BESTEMMING VAN DIE MENS .....</b>	<b>81</b>
A. Die Oorsprong van die Mens. ....	81
B. Die Wese van die Mens. ....	83
C. Die Bestemming van die Mens. ....	85
<b>SONDE EN DOOD .....</b>	<b>88</b>
<b>DIE HEL.....</b>	<b>94</b>
Die Val van Satan en sy Engele. ....	94
Ou Testamentiese Gegewens. ....	94
Die Begrip "Hel" in die Ou Testament. ....	95
"Sjeool" of die Doderyk. ....	95
Wat beteken "Sjeool" (Doderyk)? .....	96
Die Getuienis van Christus.....	97
Die Getuienis van die Apostels. ....	97
Verantwoordelikheid van die Mens. ....	98
Die Duur van die Hellestraf. ....	98
Geen Bkering na die Dood. ....	98
"Kondisionele Onsterflikheid." .....	99
Die Woord "Ewig." .....	99
<b>DIE UITVERKIESING.....</b>	<b>101</b>
Inleidende Opmerkings. ....	101
(1) Die grond van die verkiesing. ....	102
(2) Die wyse van die verkiesing. ....	102
(3) Die doel van die verkiesing.....	103
(4) Verkiesing en verwerping. ....	104
(5) Die Uitverkiesing en die mense se verantwoordelikheid.....	105
<b>DIE GENADEVERBOND .....</b>	<b>107</b>
Die mens nog redbaar.....	107
Ewige grondslag van die genade verbond (vrederaad).....	107
Werkverbond en genadeverbond. ....	108
Vastheid van die genadeverbond. ....	109
Die woord "verbond." .....	110

Grondslag en voorbereiding van die genadeverbond. ....	111
Die mens in die genadeverbond as redelik-sedelike wese gehandhaaf. ....	112
<b>DIE MIDDELAAR VAN DIE VERBOND.....</b>	<b>114</b>
<b>DIE NAME VAN CHRISTUS .....</b>	<b>118</b>
<b>DIE VERNEDERING VAN CHRISTUS .....</b>	<b>123</b>
<b>DIE VERHOGING VAN CHRISTUS .....</b>	<b>129</b>
<b>DIE HEILIGE GEES .....</b>	<b>133</b>
I. DIE PERSOON VAN DIE HEILIGE GEES .....	133
II. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES .....	134
<b>DIE KERK.....</b>	<b>140</b>
1. Die woord "kerk". ....	140
2. Die eienskappe van die kerk. ....	141
3. Die kentekens van die kerk. ....	143
4. Verskillende Aspekte. ....	145
<b>DIE BELYDENISSKRIFTE VAN DIE KERK .....</b>	<b>147</b>
<b>DIE REGERING VAN DIE KERK .....</b>	<b>151</b>
<b>DIE HEILSORDE.....</b>	<b>154</b>
Inleiding.....	154
DIE ROEPING.....	156
WEDERGEBOORTE.....	157
BEKERING .....	158
DIE GELOOF .....	159
DIE REGVERDIGMAKING .....	162
DIE HEILIGMAKING .....	163
<b>DIE GENADEMIDDELS.....</b>	<b>165</b>
Wat is genademiddels?.....	165
Woord en Sakrament as Genademiddels.....	165
A. Die Woord as genademiddel.....	165
B. Die Sakramente .....	167
<b>DIE PRAKTYK VAN DIE GODSALIGHEID.....</b>	<b>170</b>
1. Die Begrip. ....	170
2. Bybel en Belydenis.....	170
3. Christus, die godsalige by uitnemendheid. ....	171
4. Die hoogste goed.....	172
5. Die praktyk. ....	173
<b>DIE HEMEL.....</b>	<b>176</b>
<b>DIE LEER VAN DIE LAASTE DINGE.....</b>	<b>178</b>

## VOORWOORD

Ons gereformeerde voorouers in ons vaderland het nie baie algemene kennis besit nie, maar hulle het die Bybel en ons kerkleer geken. Boeke soos die van á Brakel, Ursinus, Smytegelt, en Mel het in meer as een huis by die Bybel op 'n tafeltjie gelê en ons vaders het hulle bestudeer.

In ons tyd is dit egter baie anders. Ons kerklike publiek het baie algemene kennis. Daar is ook genoeg middels om dit te verkry — boeke, koerante, tydskrifte, die radio, ens. En nou is dit wel waar dat ons met dankbare harte kan verklaar dat baie lidmate van ons gemeentes goed tuis is in die Skrif en in ons geloofsleer. Dit is verblydend. Hoe groot sou ons vreugde egter nie gewees het nie as ons met dieselfde vrymoedigheid kon verklaar dat die vooruitgang in hierdie kennis gelyke tred gehou het met die algemene ontwikkeling! Dit kan ons egter, helaas, nie doen nie. In baie kringe was daar selfs agteruitgang. Dit is jammer.

Dit is daarom dat die behoefte aan 'n boek oor ons geloofsleer algemeen gevoel word, veral waar baie lidmate soekend is na kennis.

Ons belewe krisistye en gelukkig die man wat goed gewapen is met geloofskennis.

Dit is daarom vir ondergetekendes 'n voorreg om hierdie werkie oor ons geloofsleer namens die K.J.B.-Fondskomitee aan die lidmate van ons kerk aan te bied.

Dit is 'n *versamelwerk* — predikante van ons kerk en ook professore van ons Teologiese Skool het artikels daarvoor geskrywe. Iedereen sal toestem dat dit ongetwyfeld beter sou gewees het as die hele boek die vrug was van die arbeid van een bekwame skrywer. Omstandighede het ons egter genoodsaak om verskillende skrywers vir artikels te vra. Hierby kom dat ons nie moet vergeet nie dat 'n versamelwerk tog ook sy voordele het.

Op volledigheid kan ons uiteraard nie aanspraak maak nie. Ons het egter by die opstel van die skema met dankbaarheid gebruik gemaak van goeie bronne (o.m. *Magnalia Dei* van dr. H. Bavinck), wat ons as goeie leidraad gedien het. Ook het die meeste skrywers daarin geslaag om hul onderwerpe taamlik volledig te behandel in die kort bestek wat aan hulle gegee is.

Teenstrydighede wat skadelik kan werk, kom, sover as ons kan oordeel, in die boek nie voor nie. Waar daar hier en daar 'n verskil van opvatting voorkom, is dit beperk tot algemeen gangbare menings onder gereformeerdes wat eweneens geld van ander moeilike punte waaroor daar verskil van opvatting onder gereformeerdes bestaan.

Ook het ons skrywers met onderwerpe wat nou aan mekaar verwant is, gevra om mekaar te raadpleeg, sodat oorvleueling soveel moontlik voorkom is.

Die gewone leser sal die meeste stukke maklik kan volg. Hier en daar is die trant van 'n skrywer 'n bietjie moeilik. By moeilike woorde is daar in die meeste gevalle 'n verduideliking gevoeg.

Ons wil die predikante wat ons gehelp het deur artikels te skrywe te midde van hul drukke werksaamhede in die gemeentes, baie hartlik bedank. Ons dank veral ook aan die twee hoogleraars J. D. en S. du Toit wat by al hul werk die tyd kon vind om elkeen twee artikels te skrywe, hierdeur word die waarde van die boek verhoog. Ons dank ook aan ds. A. Duvenage wat behulpsaam was met die nasien van artikels en aan onderwysers D. van Rooy en M. G. Snyman van Rustenburg vir hulp met taalkundige verbeteringe.

En nou — hier is die nuweling, 'n eersteling van sy soort in ons moedertaal. Met dankbaarheid aan God stel ons hom aan ons kerklike publiek voor. Mag die kennismaking aangenaam wees en mag hy welkom wees in baie wonings. Mag hy vir baie tot 'n seën wees, tot eer van God alleen.

**D. N. KOTZE.**

Rustenburg, Aug. 1942.

**J. V. COETZEE.**

Potchefstroom, Aug. 1942.

# DIE HERE IS GOD

Ds. J. V. COETZEE

"Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n *enige* geestelike wese is wat ons God noem" (art. 1, Nederl. Geloofsbelydenis).

Só *bely* 'n gereformeerde christenmens. Sy belydenis vang aan met God, die HERE: dat God bestaan; dat Hy 'n enige God is, d.w.s. dat die HERE (Jehovah) alleen God is en niemand meer nie; dat Hy nie een van baie, 'n eksemplaar van 'n klas is nie, maar dat Hy alleen God is, aanbidboud- en prysenswaardig tot in ewigheid.

Dis belydenis van geloof as ons sing:

*Die HEER is God, en eenige HEER;  
die HEER is God en niemand meer.  
Erken dit, alle volke,  
vanwaar die sonlig smôrens blink  
tot waar dit in die purper sink  
van sagdeurglansde wolke.*

*Die HEER is God, want Hy regeer  
die dag en nag wat wend en keer  
na sy verordeninge.  
Hy bring die heil en onheil voort,  
hul luister na sy almagswoord —  
die HEER doen al die dinge.*

(Beryming van Jes. 45:5-7.) [Sb. 34:1]

Ons *glo* met die hart en *bely* met die mond dat God bestaan. Die bestaan van die HERE God — daarvan is ons verseker uit en deur die geloof wat 'n vaste grond is van wat ons hoop en 'n bewys van onsienlike sake.

Ons glo en bely die bestaan van God, nie op grond van bewyse nie, maar omdat Hy Homself in sy algemene en besondere openbaring ontdek en bekend gemaak het en nog bekend maak.

Niemand sou van die onsienlike, ewige, onvergelyklike God enige besef of kennis hê as Hy Homself nie openbaar nie.

Die sogenaamde gods bewyse is waardeloos.

Mense het in die waan verkeer dat hulle die bestaan van God kon bewys. In die loop van tyd het hulle dan ook met hul bewyse vir sy bestaan na vore gekom. Die dusgenaamde bewyse vir die bestaan van God is vyf in aantal:

- (1) die *kosmologiese bewys* wat uit die bestaan van die dinge besluit tot 'n absolute, enige bestaans-oorsaak van die dinge;
- (2) die *ontologiese bewys* wat uit die feit, dat daar 'n idee of besef van God onder mense bestaan, besluit tot die bestaan van God as bewerkende oorsaak van hierdie idee of besef;
- (3) die *teleologiese bewys* wat uit die doelmatige bestaan van die wêreld en sy skepsele besluit tot die bestaan van 'n gees wat hierdie doel gekies en voorop gestel het voor die ontstaan van die dinge;
- (4) die *morele bewys* wat uit die feit van ons sedelike bestaan besluit tot die bestaan van 'n outeur en handhawer van die sedelike wêreldorde;
- (5) die *historiese bewys* wat uit die verskynsel, dat daar onder alle mense godsdiens bestaan, besluit tot die bestaan van God as algemene oorsaak van hierdie verskynsel. 'n Ander vorm van hierdie bewys is dat daar in die geskiedenis 'n

sekere ontwikkelingsgang van die menslike geslag gesien word. En dan word daaruit besluit tot 'n denkende gees, 'n God wat die volke lei en die mensdom bestuur.

Hierdie sogenaamde godsbewyse is waardeloos in tweeërlei opsig: (a) vir die gelowiges. As 'n mens glo dat God bestaan en dat Hy 'n beloner is van die wat Hom soek, dan is elke poging, om vir so 'n mens die bestaan van God te bewys, waardeloos, omdat dit die oorbodige wil doen. Dit staan gelyk aan 'n geweldige poging om met 'n swaar koevoet 'n oop deur oop te breek; (b) vir die ongelowiges. As iemand nie glo dat God bestaan nie, dan is elke poging om die bestaan van God vir hom logies te bewys en te demonstreer, 'n mislukking. Vir 'n blinde mens kan 'n mens nie beduie wat lig is, omdat hy dit nie sien nie. Alle redenering oor die bestaan van God stuit by die ongelowige af op die vyandskap van sy hart. Die natuurlike, onwedergebore mens begryp nie die dinge van God, want hy kan hulle nie verstaan nie, omdat hulle geestelik onderskeie word.

Die enigste waarde wat hierdie sogenaamde bewyse besit, is om die mond van die ongelowiges te stop, al kan dit hulle nooit tot geloof bring nie. Deur sodanige redenerings kan 'n mens hoogstens vir godloënaars aantoon dat hulle in hul eie redenerings verstriek raak. Op hierdie manier kan dan aan die godloëning (ateïsme) afbreuk gedoen word. En voorts het hulle enige waarde om die godsbesef by mense te versterk om bokant die mag van die twyfel uit te styg, as daar in die storm van twyfel nog enige godsbesef by hulle oorgebly het.

Uit die kerkgeskiedenis weet ons dat die pogings om die bestaan van God te bewys opgekom het ná die eeu van die Reformasie, in 'n tyd van geloofsinsinking.

Ons Geloofsbelydenis het opgekom in 'n tyd van magtige geloofsworsteling en sterk geloofsoortuiging. En dis opmerklik dat die Geloofsbelydenis nêrens enige poging aanwend om die bestaan van God te bewys nie, maar dat dit voor die wêreld tree met hierdie *getuienis*: "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige geestelike wese is, wat ons *God* noem."

Hierdie handelwyse van die Geloofsbelydenis is in ooreenstemming met die aard van die geloof wat nie die taak het om die bestaan van God langs die weg van logiese redenering en wiskundige bewysvoering te bewys nie, maar om *profeties daarvan te getuig*. Die taak van die geloof is om in die wêreld die getuienis uit te roep: Die HERE is God en niemand meer nie.

Hierdie getuienis van die geloof vloei voort uit die feit dat God Homself geopenbaar het en nog openbaar. Want alle selfopenbaring van God is sy getuienis en bekendmaking aangaande Homself en sy verhoudinge tot alle dinge.

Daardie selfopenbaring van God het tot ons gekom in die skepping van alle dinge, en dit kom vandag nog tot ons in die onderhouding en regering van die skepsele. Dit is sy algemene openbaring.

Maar nog duideliker en meer volkome het God Homself bekend gestel in sy besondere openbaring, waarvan die heilige Skrif, ontstaan onder inspirasie van die Heilige Gees, vir ons die mededeling en beskrywing gebring het.

As die heilige Skrif aanvang met die woorde: In die begin het God die hemel en die aarde geskape, dan is dit 'n mededeling aangaande die *enige God* wat Homself in die skepping van die heelal geopenbaar het.

Van Genesis tot Openbaring is die heilige Skrif die beriggewing van die Heilige Gees aangaande die selfopenbaring van God, die HERE.

Die heilige Skrif is die *getuienis van die Gees* van die profesie: Die HERE is God.

En as die geloof nou getuig: Ons glo met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige geestelike wese is wat ons God noem, dan is hierdie getuienis nie die gedagtespinsel van 'n oorspanne of dolgeraakte verbeelding nie, maar dit is die *betydenis* van gelowige harte wat die getuienis van God in sy selfopenbaring in die Skrif tuur en die geskape-

dom beluister het.

Hierdie getuienis het op baie tye en baie maniere tot ons gekom. "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het" (Hebr. 1:1, 2).

Ek doen slegs 'n paar grepe uit die geskiedenis van die godsopenbaring.

As Israel sug in Egipte, swart van diensbaarheid, en God roep Moses by die doringbos agter Horeb om na Egipte te gaan om Israel daaruit te lei, dan getuig God van Homself. Op die vraag van Moses: "As ek by die kinders van Israel kom en vir hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? — wat moet ek hulle antwoord?" — op hierdie vraag sê God vir hom: EK IS WAT EK IS (Jehovah), Exod. 3:13, 14.

En as Moses by die vors van Egipte kom en in naam van EK IS WAT EK IS hom opvorder om Israel te laat trek, dan antwoord Farao: "Wie is die HERE na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die HERE nie." Die vraagstuk wat so aan die orde gestel is en waaroor dan 'n beslissing gesoek word, is: Wie is God, die HERE of die gode van Egipte? Die vraag word beslis deur die *wondere* in Egipteland. Die wondere is die selfgetuienis van die HERE dat Hy alleen God is.

By die wetgewing op Sinai getuig God van Homself: "Ek is die HERE jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het." En daarom, omdat Hy alleen God is: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie."

En as Moses vir Israel preek: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE; daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag" (Deut. 6:4, 5), dan is dit niks meer as 'n nadere verklaring van die inleidende wetswoord en van die eerste gebod — 'n verklaring deur die Gees van die HERE.

As Agab die Baäldiens onder Israel invoer en tot staats-godsdiens verhef, dan slaan die geboorte-uur van die profetisme onder Israel. En Elia, die vader van die profesie, stel dan in die naam van sy sender die strydvraag wat ook in die konsensies van die volk beslis moet word: Wie is die enigste, waaragtige God, Baäl of Jehovah? Op Karmel is die pleit onmiskenbaar beslis.

In die Here Jesus Christus is hierdie openbaring *vervul*. In Hom het die enige, waaragtige God vlees geword en opgetree as middelaar en verlosser. Dit is dan ook opmerklik dat die vaders van wet en profesie, Moses en Elia, op die berg van verheerliking verskyn en met Hom gespreek het oor sy uitgang te Jerusalem. Die vaders van wet en profesie dra aan Hom wat die hoogste openbaring van die enige God is, wet en profesie oor om te vervul. En Hy het getuig in sy hoëpriesterlike gebed: "Dit is die ewige lewe, Vader, dat hulle U ken, die enige, waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3).

Die belydenis dat die HERE alleen God is, bring mee:

(a) die afsnyding en veroordeling van alle afgodery en bygeloof;

Die eerste gebod: Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie, volg regstreeks hieruit dat die HERE alleen God is. En vir die mens wat dit waarlik glo en uit hierdie geloofswaarheid leef, word die afgode — daardie aaklige voëlverskrikkers in die tuin van die mensheid — minder as niks en ydelheid. Die geloof in en die aanbidding van die enigste ware God verhef mense geestelik, verstandelik en sedelik. Dit maak geestelik vry van die bande van bygeloof, afgodery, towery en alles wat met afgodery in verband staan. Lees dan ook maar in die Skrif hoe aanbidders van die enigste ware God die afgode belag en bespot (Ps. 115; Jes. 40:18-20; Jes. 44:6-23; Jes. 46; Jer. 10). Die aanbidding en verering van die enigste ware God bring 'n geweldige verskil teweeg tussen sy aanbidders en die vereerders van afgode. Dieselfde veragting en bespotting van afgode wat ons vind by Elia en die profete, word openbaar by alle ware dienaars en



aanbidders van die enigste ware God. Calvyn, Zwingli en Luther het die afgode van hul eeu gestriem met die gésel van die heilige spot. Toe John Knox, die hervormer van Skotland, 'n gevangene was in Frankryk, het sy oppassers eendag 'n skildery van Maria hom in die hande gedruk wat hulle "ons heilige Jonkvrou" genoem het, en hom beveel om die ding te soen. Hy het dit geneem en in die water gegooi en spottend gesê: "Laat ,ons heilige Jonkvrou' haarself nou maar red; sy is lig genoeg; laat haar nou maar leer swem." Die beeldestorm in die tyd van die Reformasie gee ook blyk van hierdie veragting en bespotting van afgode. Op een plek het die skare die hostie vertrap (wat deur Roomse vereer en aanbid word as "onse Here God") onder die skampere uitroep: "As hy god is, kan hy maar my tone afbyt." Die diens en aanbidding van die HERE moet uiteraard onverdraagsaam maak teenoor alle afgodery en bygeloof.

(b) die afsnyding en veroordeling van alle mensverering en mensvergoding;

Hieruit word verklaar die weiering van die eerste Christene om bv. aan die beeld van die Romeinse keiser goddelike hulde te bewys, en hul gewilligheid om liever gemartel en gedood te word.

Ons tyd van verabsoluttering van staatsalmag sal dan ook noodwendig weer moet uitloop op Christenvervolging indien dit tot sy konsekwensies deurgevoer word. Solank daar mense is wat glo dat die HERE alleen God is, moet dit tot botsing kom as die staatsmag en sy verteenwoordiger verabsoluteer word.

(c) die handhawing van die absolute karakter van die Christendom.

Net soos die HERE alleen God is en nie 'n eksemplaar van 'n soort nie, net so dra die Christendom (die verering en aanbidding van die enigste ware God) 'n absolute karakter. Dit is die enigste ware godsdiens. Sy verlossingsleer is die enigste ware. En daar is geen ander verlossing nie as alleen in Jesus Christus, want daar is ook geen ander naam gegee onder die hemel waardeur ons gered moet word nie.

Hierin moet ons die stryd van die eeu saamstry dat ons die naam van die HERE as 'n banier oor die wêreld ophef en ontplooi.

En hierin sal ons aan die HERE toebehoort dat ons met liggaam en siel sy eiendom is in lewe en in sterwe, omdat ons deur Christus met sy dierbare bloed gekoop en van alle heerskappy van die duiwel verlos is — 'n eiendom wat die naam van die HERE vasgryp en aanbiddend bely: Die HERE is God; die HERE is God.

# DIE KENNIS VAN GOD

Ds. A. DUVENAGE, M.A.

Hoofstuk I het gehandel oor die bestaan van God. Van die bestaan van die God moet ons nie net *weet* nie. Al sou ons ook baie van Hom weet, en ons *ken* Hom nie, dan sou dit ons niks baat nie. Ons moet God *ken* tot ons saligheid. So sê onse Here Jesus in sy hoëpriesterlike gebed: "Dit *is* die ewige lewe, dat hulle U *ken*, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3). Ons moet dus goed let op die woord "ken" wat ons Heiland hier gebruik. Dit is nie dieselfde as om te weet dat God bestaan, *of selfs ook om baie van Hom te weet nie*. Dit is ook nie dieselfde as om die Bybel te ken, ja, selfs hom baie goed te ken nie. 'n Mens kan die Bybel goed ken en tog God nie ken nie. Ons dink hier aan die slaaf wat die wil van sy heer geweet het, maar nie volgens die wil gehandel het nie (Luk. 12:47, 48). Vergelyk verder Matt. 7:21 en Jak. 1:23.

Laat ons dit met 'n eenvoudige voorbeeld verduidelik. Ons kan van 'n land baie te wete kom uit boeke. Uit boeke en tydskrifte kan ons baie te wete kom aangaande sy ligging, bodemgesteldheid, klimaat, industrieë, bevolking, ens. Só *weet* ons baie dinge van die lande van Europa; maar ons *ken* Suid-Afrika. So *ken* 'n kind sy ouers, maar hy *weet* miskien baie van sy voorgeslag. As ons te doen het met die *beskrywing* wat van 'n persoon of 'n saak gegee word, dan spreek ons van *weet*; maar as ons met die persoon self te doen het, dan spreek ons van *ken*. Weet is 'n saak van 'n mens se verstand alleen: ken, 'n saak ook van jou *hart*.

## BELANGRIKHEID VAN SAAK.

Vir ons is dit 'n saak van groot belang nie net met betrekking tot ons persoonlike geloofslewe nie, maar ook met betrekking tot ons stryd vir Christelik-nasionale onderwys. Baie ouers meen as die kind op skool ook onderwys in Bybelse geskiedenis ontvang het, dat hy dan ook God ken en geskik is om belydenis van geloof af te lê, terwyl dit tog nie so is nie. Die kind besit dan miskien wel enige kennis van wat God in sy Woord geopenbaar het, maar dit wil nog nie sê dat hy *daarom* God ook ken nie.

Dit is dus duidelik wat ons hier bedoel as ons spreek van die *kennis* van God en van die *noodsaaklikheid* van die kennis, van sy *onmisbaarheid* vir ons saligheid. Dit is 'n kennis van God soos wat onse Here Jesus Hom geken het. En hoe het Christus die Vader geken? Nie deurdat Hy baie van Hom gelees het, of oor Hom nagedink het nie, maar deurdat Hy met Hom één was; deurdat Hy eenswillend met Hom was. Hy het Hom bo alles *liefgehad*, en was aan Hom *gehoorsaam* tot in die dood toe.

OM GOD TE KEN. Om God te ken beteken dus nie dat ons baie *weet* aangaande Hom nie, maar dit beteken dat ons Hom aanskou het in ons Middelaar; dat ons Hom op ons lewenspad ontmoet het en persoonlik met Hom in gemeenskap lewe. Die kennis is dus *geloofskennis*. Dis die vrug van die kinderlike geloof wat die Kategismus omskrywe as 'n "gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het, maar ook 'n *vaste vertroue* wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen terwille van die verdienste van Christus" (vrg. 21). Sien ook Matt. 5:8; 18:3; Joh. 3:5.

## MOONTLIKHEID VAN KENNIS.

Maar nou kom dadelik die vraag op: "Is dit *moontlik* om van God kennis te verkry?" Hy tog is die oneindige, en ons is eindig. En die eindige kan die oneindige nie omvat nie. As ons God nie kan omvat nie, hoe kan ons dan kennis van Hom verkry? Hierop antwoord ons dat alle kennis van God wat ons besit, deur Hom aan ons *gegee* is en nie deur ons *geneem* is nie. 'n Skepsel kan ons aan 'n ondersoek onderwerp. Ons kan hom ontleed en só baie (nie alles nie) van hom te wete kom. Maar tot God kan geen skepsel uit homself opklim met sy gedagtes nie. Ons kan Hom nie aan 'n wetenskaplike ondersoek

onderwerp nie. Daarom ken ons God alleen *as* Hy Hom aan ons openbaar en *vir sover* as wat Hy Hom aan ons openbaar. Waaruit dan ook volg dat ons kennis van Hom hier altyd "ten dele" is (1 Kor. 13:12).

### **DIE ALGEMENE OPENBARING.**

Wat nou die middels betref waardeur ons God ken, ons Geloofsbelydenis leer vir ons dat daar veral twee weë, of twee boeke is waardeur God Hom aan ons openbaar. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld (art. 2). Die Geloofsbelydenis noem dit so mooi 'n "boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20) — dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem." Die skepping is die eerste groot openbaringsdaad van God. Daarna openbaar Hy Hom in wat ons noem die wêreldgeskiedenis. Ons staan dus hier voor die eerste boek waarin God geskrywe het en nog skrywe. Vir 'n gelowige is hierdie groot wêreld met sy baie en onderskeie skepsele 'n groot kunswerk van Gods hand. Dis soos 'n groot skilderstuk en musiekstuk tesame wat aan *hom* God en sy grootheid verkondig. Ons besit vandag so iets soos 'n klankrolprent. Daarin word nie net gesien hoe die persone handel nie, maar word hulle ook gehoor. So is die skepping. Dis nie 'n dooie iets nie. Baie mense lewe elke dag in die groot skepping, maar hulle lees nie wat God in daardie boek geskrywe het nie. Hulle kyk maar net of die grond geskik is vir hierdie of daardie soort boerdery, of hulle kyk net of daar nie tekens is van een of ander edelgesteente nie. Dis sowat al wat hulle in daardie boek lees. Hulle soek net na wat voordelig of winsgewend vir hulle kan wees. Die mense maak soos die toeriste wat haastig deur die land jaag, van die een besienswaardige plek na die ander, sonder dat hulle iets behoorlik en grondig bestudeer. Hulle weet dan so min of meer iets van die land. Hulle het sy berge en riviere gesien en ander mooi natuurtonele, maar hulle *ken* die land nie. Hulle het die boek haastig *deurgeblaa*i maar nie *gelees* nie. So moet 'n gelowige nie lewe nie. Al is daardie groot bouwerk van God deur die sonde grotendeels verwoes, daar is tog nog baie om uit te leer. Die grootsheid van opset verkondig aan ons die wysheid, grootheid en almag van die ontwerper en bouer daarvan. Die Vlaamse digter, Gezelle, het selfs uit sulke nietige en alledaagse dinge soos 'n graaf en waterhondjies sy God gesien.

Die boek van die skepping bevat ook die geskiedenis, waarin God sy raadsplan uitvoer. Spurgeon, 'n man ook onder ons bekend, het gesê dat hy elke môre sy Bybel lees om te weet dat God sy raad uitvoer, en daarna vat hy dan sy koerant om te sien *hoe* Hy dit doen. Geskiedenis is dus nie maar 'n droë relaas van feite en jaartalle nie; dis nie maar 'n aaneenryging van die dade van mense nie, maar dis die uitvoering van Gods raad. Hy is daarin teenwoordig en Hy bestuur alles na die bepaalde doel wat Hy daarvoor gestel het.

As daar dan ook geen sondeval gekom het nie, dan sou die mens uit die boek van die natuur en die geskiedenis God suiwer leer ken het; want hy is van die begin af na die beeld van God geskape, *versierd* in sy verstand met ware en salige kennis van sy Skepper. Maar toe hy deur die ingewing van die duiwel en deur sy eie vrye wil van God afgewyk het, het hy homself van hierdie uitnemende gawe beroof; en hy het daarenteen in die plek daarvan oor homself gebring blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verkeerdheid van oordeel in sy verstand (Dordtse Leerreëls, h. 3 en 4, par. 1). En so soos die mens deur die sondeval geword het, só is ook sy kinders. Die sondaar kan God dus uit die boek van die natuur nie meer ken tot saligheid nie.

Tog het hy deur die sondeval nie 'n dooie stok en blok geword nie, soos die Lutherse leer. Daar het ná die val in die mens nog enkele straaltjies van die lig van die natuur oorgebly, waardeur hy enige kennis behou van God. Die sonde-duisternis is wel groot, maar die Lig — God — is nog groter. Die sondaar is soos 'n blinde wat 'n boom of 'n huis nog vaag en dof kan gewaar. Calvin noem dit die saad van die religie. Dit word ook genoem die aangebore godsbesef.

Dit is die straaltjies van die lig van die natuur wat in die mens nog oorgebly het,

waarvan die Dordtse Leerreëls praat: en dit beteken dat elke mens, as hy normaal ontwikkel, geen wetenskaplike bewys vra vir die bestaan van God nie. Hy glo dit vanself. Dr. Bavinck sê dit so mooi: "Die siel is van nature Christen." Die Bybel noem dit ook met die woorde dat God Hom nie onbetuig laat nie (Hand. 14:17).

En die doel wat Hy daarmee beoog, leer die heilige Skrif vir ons, bv. in Rom. 1:20: "Sodat hulle sonder verontskuldiging kan wees." Sien Rom. 1:18-20; 2:14, 15.

By die boek van die natuur en van die geskiedenis word ook nog genoem die boeke van die oorlewering en van 'n mens se eie lewe. Die openbaring van God aan die eerste mens en in die eerste wêreld het nie verlore gegaan nie. Dit het net verbaster in die loop van die eeue. Die belydenis van 'n groot vloed wat eenmaal oor die aarde gekom het, vind ons bv. by al die volke. So ook die openbaring aan Abraham, aan die aartsvaders, later aan Israel. Die mense was nie afgesluit van die wêreld om hulle heen nie. Die openbaring van God het altyd in die wêreld geskyn. Maar hiermee nader ons al die terrein van die besondere openbaring, en sal nie verder daarvoor handel nie. Ook nie oor die kennis van God uit 'n mens se eie lewe nie, al stem ons ook geredelik dit toe dat 'n mens tot enige kennis van God kan kom uit jou eie lewe, as jy ten minste nie by jou lotgevalle verby lewe nie. Maar daarvoor is ook nodig oë van die verstand wat deur die Heilige Gees verlig is.

### **DIE BESONDERE OPENBARING.**

Al is die algemene openbaring van God in die natuur dus voldoende om die mens alle onskuld te beneem, tog is dit vir hom onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Die algemene openbaring moet daarom aangevul word. Dit geskied deur die besondere openbaring, die evangelie, wat God self eers in die paradys geopenbaar het, en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die wet laat afbeeld het, en eindelijk deur sy eniggebore Seun vervul het (Kategismus, antw. vrg. 19).

Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en goddelike Woord; soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort (Geloofsbelydenis, art. 2).

In sy Woord openbaar God Hom aan ons as die Skepper van die *hemél* en die aarde met alles wat daarop en daarin is. Uit Hom is alle dinge, maar ook deur en tot Hom. Hy is die Alfa en die Omega.

Maar God is nie net Skepper, hoog verhewe bokant al die bestaande dinge nie, Hy is ook die God van die verbond wat met sy volk is, en wat deur die Heilige Gees sy woning maak in die gemeente van sy uitverkorenes. Dit leer die heilige Skrif ons, waarvan God self die outeur is. Inhoud van die Skrif is die belofte van die genadeverbond: "Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir my 'n volk wees." En middelpunt van dit alles is die Christus, God met ons, die Woord wat in die begin by God en self God was. Hy verklaar aan ons die Vader (Joh. 1:18). Christus is God uitgesproke en God gegewe, God wat Hom openbaar en God wat Hom meedeel. Daarom word Hy genoem vol van genade en waarheid (Joh. 1:14). In Hom is die belofte van die genadeverbond vervul.

Naas die betuiging: "Ek sal vir julle 'n God wees" vind ons in die heilige Skrif die roemtaal van die geloof: U is onse God. Dit is *geloofsbelydenis*. Daarin spreek die gelowiges uit 'n groot werklikheid; die vervulling van die diepste behoefte van die mens se hart, om God te ken, om in gemeenskap met Hom te lewe. Die gelowiges filosofer nie oor God nie, maar hulle *bely* wat Hy vir hulle is. Hy is hul Koning, hul Leidsman, hul Herder, Verlosser en Saligmaker. Dr. Bavinck sê dit so mooi: "God was vir hulle nie 'n koue begrip nie, wat hulle met die verstand ontleed het, maar 'n lewende, persoonlike mag, 'n werklikheid. Met Hom het hulle gereken in hul lewe, in sy tent het hulle gewoon, voor sy aangesig gewandel, in sy voorhowe gediën, in sy heilighdom aanbid." Daardie lewensrykdom het hulle gesmaak omdat God Hom in Christus aan hulle gegee het. Hy is dus die middelpunt van die heilige Skrif. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom

nie. Niemand ken die Vader behalwe die Seun, en die aan wie die Seun dit wil openbaar.

### **DIE KENNIS.**

Wat nou die kennis betref, ek het alreeds aangestip dat dit *geloofskennis* is. Die kennis is dan ook van alle ander kennis te onderskei wat betref sy oorsprong, voorwerp, wese en vrug.

- (a) *Oorsprong*. Dit verskil in oorsprong, want dit is alleen aan Christus te danke. Alle ander kennis verwerf die mens vir hom deur studie en ondersoek; maar hierdie kennis moet hy hom deur Christus laat gee (Joh. 14:6). Hy het God aan ons geopenbaar in sy woorde en werke, in sy lewe en dood. Wie Hom gesien het, het die Vader gesien (Joh. 8:26, 28; 14:9). En op die openbaring kan ons ons verlaat, omdat Hy die gesondene van die Vader is; die getroue en waaragtige Getuie (1 Joh. 5:20; Openb. 3:14).
- (b) *Voorwerp*. Vervolgens verskil die kennis van alle ander kennis in sover dit sy voorwerp betref. Alle ander kennis, hoe uitgebreid ook, is *kennis van die skepsel*, van wat *eindig* is. Maar hierdie kennis beweeg hom om God, die oneindige, wat 'n ontoeganklike lig bewoon, van tyd nog ewigheid gemeet. Kan dit? Is dit nie te hoog nie? Hoe sal die eindige die oneindige omvat? Hoe kan die mens wat van gister is, die ewige God ken? Vir ons begrip is dit te hoog, maar Christus getuig dat Hy gekom het sodat ons die ewige sal ken. En sy getuienis is waaragtig. Wie Hom gesien het, die het die Vader gesien. Soos Hy is, so is die Vader: regverdig en heilig, barmhartig en genadig.
- (c) *Wese*. Die kennis is verder te onderskei van alle ander kennis wat betref sy wese. Aangesien aan die begin al hieroor gehandel is, word dit hier nie verder bespreek nie. Vir volledigheid stip ek net aan dat dit geloofskennis is, en nie weet nie.
- (d) *Vrug*. En eindelijk is die kennis van alle ander kennis te onderskei wat sy vrug, sy uitwerking betref. Die vrug is die ewige lewe. Vir ons klink dit vreemd dat kennis *lewe* is. Tog is dit nie so vreemd nie. Hoe uitgebreider die kennis is, hoe ryker is die lewe. Stel maar die lewe van 'n barbaar naas die van 'n geleerde of van 'n kunstenaar, en dan kan ons dadelik merk dat die een se lewe baie ryker en voller is as die ander een s'n. En as kennis van aardse dinge nou al 'n mens se lewe verryk, hoeveel te meer sal die kennis van God dit dan nie doen nie? En sal dit nie meer doen nie, naamlik die lewe uit die dood skenk? Almal wat deur Hom begiftig is met die wedergeboorte, is bokant die dood verhewe. Die kennis het nie maar as gevolg eenmaal die ewige lewe nie, maar dit is *dadelik* die ewige lewe, ewige vreugde. "Wie in My glo," sê Christus, "sal lewe al het hy ook gesterwe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie" (Joh. 11:25, 26).

# ALGEMENE OPENBARING

PROF. DR. S. DU TOIT, M.A.

## 1. DIE BEGRIP "OPENBARING".

Sodra ons van "godsdienst" spreek, moet noodwendig ook aan "openbaring" gedink word. Alle godsdienst berus OP openbaring. Selfs die heidendom besef dat "die gode" hulle aan die mense moet bekendmaak, sal hulle enigiets van die bonatuurlike dinge kan weet. Op allerlei maniere —so het hulle gemeen —kan hierdie openbaring ontvang word: deur orakels, deur drome, deur voortekens, deur sogenaamde heilige boeke, ens. 'Later word aangetoon hoe ons as Christene hierdie "openbaringe" moet verstaan. Hier is dit ons alleen te doen om die feit dat ook die heidendom besef dat die mens uit homself nie die Godskennis kan ontvang wat die behoeftes van die hart sal bevredig nie.

Die Christen glo dan ook dat van die kant van die Here 'n *bewuste, vrywillige en opsetlike* daad moet kom, waardeur die Ewige en Onsienlike Homself aan ons bekendmaak. Anders bly ons in die duister tas. Sowel in die Ou as in die Nuwe Testament beteken die woorde wat met "openbaring" vertaal is, die verwydering van 'n deksel of sluier wat iets anders bedek hou.

Openbaring is gevolglik nie 'n produk van die mens se eie gees nie, dit is nie soortgelyk aan die besieling van 'n digter of die plotselinge insig van 'n wetenskaplike ondersoeker nie, soos sommige modernes meen. Openbaring is ook nie gelyk aan die alomteenwoordigheid van God nie. Ons herhaal: dit is 'n bewuste, vrywillige en opsetlike bekendmaking deur God self aangaande Homself. Van sy wese sal die mens nooit meer weet nie as wat dit God belieë om te "ontdek", d.w.s. van die bedekking of sluier te ontdoen.

## 2. ALGEMENE EN BESONDERE OPENBARING.

Op grond van die heilige Skrif (vgl. paragraaf 3) onderskei ons tussen algemene en besondere openbaring. Die eerste begin reeds met die skepping en gaan deur in die voorsienigheid waardeur God sy skepping in stand hou. As gevolg van die sondeval word die mens onbekwaam om God te ken deur sy algemene openbaring in natuur en geskiedenis, en in sy groot barmhartigheid beskik die Here dit so dat hy 'n besondere openbaring ontvang. Baiekeer en op baie maniere sou God in die ou tyd spreek tot die vaders deur die profete en later deur sy Seun (Heb. 1:1) en heilige manne, deur die Heilige Gees gedrywe, sou die inhoud van die besondere openbaring te boek stel, sodat dit vir alle geslagte bewaar kon bly tot aan die voleinding van die wêreld. Vanaf die sondeval tot aan die voleinding openbaar God Homself dus nie alleen deur die natuur nie, maar ook deur die Skriftuur. In hierdie artikel het ons dit alleen met die eersgenoemde openbaringswyse te doen, maar ons sal moet vasstel hoe die verhouding tussen die twee is.

## 3. WAT DIE HEILIGE SKRIF AANGAANDE DIE ALGEMENE OPENBARING LEER.

Die feit dat God ons sy Woord gegee het, is 'n duidelike bewys dat in hierdie bedeling die algemene openbaring geheel ontoereikend is. Ja, ons sou selfs nie geweet het dat daar 'n algemene openbaring is, as die heilige Skrif ons dit nie gesê het nie. Die sonde het nie alleen in die natuur daarbuite ontredde gebring nie, maar ook ons geestesorg verduister, sodat ons sonder die besondere openbaring alles verward sien.

Laat ons daarom die klanke van die besondere openbaring beluister om vas te stel wat algemene openbaring is. Omdat die Skrif ons besondere openbaring bied, kan verwag word dat dit nie veel oor die algemene openbaring sal gee nie, maar wat ons vind is meer as voldoende om die grondslae te lê.

Reeds deur die feit van die skepping openbaar God Homself. Die skepping is die eerste openbaring van God en aanvang sowel as grondslag vir alle volgende openbaring.

Verder die *voorsienigheid* van God, waardeur Hy die geskapene in stand hou en versorg.

Al wat is en wat geskied, is werk van God, is openbaring van sy deugde en volmaakthede.

In die skepping van die mens na die beeld van God ontstaan 'n wese aan wie God Hom kan openbaar, 'n Dier het ook enigsins 'n besef van 'n almagtige krag, gewaar ook iets van die stem van God in die donder en die bliksem, maar in strikte sin ontvang alleen die mens openbaring. Dadelik merk ons dan ook dat God tot die mens spreek (Gen. 1:28). Ook in die staat van regtheid, in die paradystoestand, het hy dus behoefte aan openbaring.

In Gen. 2 word aan die mens geopenbaar wat sy roeping op die aarde is, sy kultuurtaak. Hy moet die tuin bewerk en bewaak (vs. 15). In die "bewaak" skuil terselfdertyd 'n profesie, al het Adam miskien nie die diepe inhoud daarvan besef nie. Daar moet naamlik 'n vyandige mag wees waarteen die tuin bewaak moet word. In hoofst. 3 sal Adam dan ook daarmee kennismaak.

Ook in die proefgebod word aan die eerste mensepaar 'n aanduiding gegee van die bestaan van die bose mag van die sonde. Die moontlikheid word naamlik aangedui dat die proefgebod oortree kon word.

Behalwe die openbaring deur *dade* (skepping en onderhouding) en *woorde* (die spreke tot die mens), openbaar God Homself voor die sondeval ook deur *verskyning*. As die Here aan die gevalle mens verskyn terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie, herken hulle sy stem dadelik (vgl. vs. 10). Hieruit kan ons aflei dat die Here reeds voor die sondeval Homself op hierdie manier geopenbaar het. Na die sondeval bly die algemene openbaring deurgaans. 'n Verskil tussen die tydperk voor en na hierdie gebeurtenis is egter dat die algemene openbaring nou nie meer *alleen* voorkom nie — daar vind nou ook besondere openbaring plaas. Duidelik blyk ook nou dat algemene openbaring nie meer voldoende is nie. Uit Job 38 v.v. en Jes. 40, veral vs. 21, blyk dat die algemene openbaring nie verstaan is nie — die Here moet spesiaal *attent maak* op sy wondermag in die natuur. 'n Derde verskilpunt met die tydperk voor die sondeval is dat God in die algemene openbaring nie meer gebruik maak van die middele van woord en verskyning nie. Wat oorbly is nog net die openbaring in *dade*.

In die Ou Testament moet nie veel verwysing na die algemene openbaring verwag word nie, veral omdat die teenstelling tussen Israel en die heidene baie sterk beklemtoon word. Israel is by uitstek *die volk van die besondere openbaring*, terwyl die heidendom slegs die algemene openbaring besit, al is dit ook dat die paradys-tradisie, die sondvloed-tradisie, ens., in verbasterde vorm nog by hulle voorkom.

Tog word in die Ou Testament wel deeglik verwysing na die algemene openbaring gevind. Ons herinner net aan die sogenaamde "natuurpsalms" soos Pss. 8, 19, 104, 147, waar die openbaring van die majesteit van God in die natuur op onsterflik skone wyse besing word. Die Almagtige bewys ook in seëninge en oordele beurtelings sy goedheid en sy toorn (Job 36, 37; Pss. 29; 33:5; 65; 67, ens.). Hy word geopenbaar in die geskiedenis van volkere en persone (Deut. 32: 8; Ps. 33: 10; 67: 5; 115: 16; Spr. 8: 15, 16), asook in die hart en gewete van die mens (Job 32:8; 33:4; Spr. 20:27).

Psalm 19 is terselfdertyd hierin merkwaardig dat dit handel oor algemene *en* besondere openbaring en die voortreflikheid van die laasgenoemde bo die eersgenoemde roem. Terwyl van die algemene gesê word: daar is geen spraak en geen woorde nie — onhoorbaar is hulle stem, heet dit van die besondere: die wet van die Here is volmaak, dit gee wysheid aan die eenvoudige, dit verlig die oë.

In die Nuwe Testament verdwyn die teenstelling tussen Jodedom en heidendom, tussen barbaar en Scith. Almal is in Christus een. As die apostels uitgaan met die boodskap van die evangelie na die heidendom, is 'n gemeenskaplike basis nodig en dit word gevind in die algemene openbaring waaraan ook die heidene deel het, sy dit dan ook op gebrekkige wyse vanweë die toenemende bederf.

In Hand. 14 vind ons die eerste direkte kontak met heidene. As hulle die apostels as

gode beskou en aan hulle offers wil bring, wys Paulus en Barnabas hulle daarop dat die prediking van die evangelie, die besondere openbaring, juis bedoel is om hulle van die nietige dinge te bekeer tot die lewende God, die Skepper van al wat bestaan. Hulle het in die tye wat verby is slegs die algemene openbaring besit. God het Homself aan hulle nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir hulle reën en vrugbare tye te gee en hulle harte met voedsel en vrolikheid te vervul (vs. 15). Maar in hierdie algemene openbaringstyd het hulle God tog nie reg geken en gedien nie; Hy het toegelaat dat al die nasies in hul eie weë sou wandel. Juis hierom kom die apostels nou met die evangelie van Jesus Christus en bevestig dit met tekens en wonders.

In sy beroemde Areópagusrede soek Paulus ook na 'n aanknopingspunt by die heidendom (Hand. 17). Hy vind dit in hulle natuurlike Godskennis, hulle verering van 'n "onbekende God." Hierdie — vir hulle onbekende — God kom Paulus verkondig. Hy is dit wat self in die heidendom die drang om Hom te soek, geplant het (vs. 27). Hy het Hom nie van die heidenwêreld teruggetrek nie — Hy is nie ver van elkeen van ons nie. In hierdie "ons" toon die apostel duidelik die gemeenskaplike basis van heidendom en Jodedom in die algemene openbaring. Maar hierdie openbaring was ver van voldoende. Die verbygegangene tye was tye van *onkunde*, vanuit die standpunt van die besondere openbaring gesien (vs. 30). Daarom verkondig God nou *aan al die mense oral* dat hulle hul moet bekeer.

Besonder belangrik is die brief aan die Romeine en veral hoofstuk 1. Vanaf vs. 16 teken die apostel die heidenwêreld buite Christus, sodat ons hier eerstehandse kennis opdoen van die mensheid sonder die besondere openbaring.

Hieruit blyk dat die heidene nie heeltemal sonder kennis is nie. Wat van God geken kan word, is in hulle geopenbaar, want God het dit aan hulle geopenbaar (vs. 19). Sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid (vs. 20). En tog is God nie erken vir wat Hy is en ontvang Hy nie wat Hom toekom nie. Inteendeel! die gedagtes van die mense en hul oorlegginge het 'n heeltemal ander rigting uitgegaan en dit het daarmee op niks uitgeloop nie (Van Leeuwen in sy kommentaar op Romeine, Serie Korte Verklaring, by vs. 23). Hulle ingebeeelde wysheid het geblyk dwaasheid te wees en hulle het in 'n ontsettende geestelik-sedelike ontreddeering verval. Hulle het die waarheid van God verruil vir die leuen en die skepsel vereer en gedien bo die Skepper. Ook Rom. 2:14 is van belang, waar geleer word dat God sy algemene openbaring ook gee in die *hart* van die mens. In vs. 15 is sprake van die *gewete* wat saam getuie is gee. Al hierdie Skrifgegewens word nou in die volgende paragraawe georden en nader ontleed.

#### **4. MIDDELE EN INHOUD VAN DIE ALGEMENE OPENBARING.**

Uit die Skrif blyk allereers dat God Homself openbaar in die *skepping* en in die *voorsienige bestuur* daarvan.

Die uitspraak van ons Geloofsbelydenis bly nog altyd klassiek: "Ons ken God ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en goddelikheid" (art. 2). Hieruit volg vanself die openbaring in die geskiedenis, in alles wat op aarde gebeur. Namate die boekrol van God se raadsbesluite hom altyd meer voor ons oog ontvou, kan die goddelike gedagte in die geskiedenis deur die gelowige altyd duideliker gelees word. Eindelik openbaar God Homself ook in die *hart* en die *gewete* van elke mens. Elkeen hoor op een of ander tyd hierdie spreke Gods (Rom. 2:14).

Die *inhoud* van die algemene openbaring is in die eerste plek 'n *Godsbewussyn*. Selfs die mees gesonke heiden ontvang deur die bogenoemde middele 'n indruk van die bestaan van 'n almagtige en alomteenwoordige en alwyse God. In die tweede plek 'n *sedelikeidbewussyn*. Al wat in die heidendom getuig van liefde tot die ware, die skone en die goeie, moet aan die skepping en aan die algemene werking van die Gees toegeskryf word. Hiermee hang saam die *gewete* en die *sondebeseft*. Die algemene



openbaring is aan die mensdom gegee dat hulle sonder verontskuldiging kan wees.

## **5. DIE ONMISBAARHEID VAN DIE ALGEMENE OPENBARING.**

Die verhouding tussen algemene en besondere openbaring is dieselfde as die tussen skepping en herskepping. In sekere sin bring die herskepping iets geheel nuuts, maar dit is tog nie 'n nuwe skepping nie — dieselfde skepping is vernuut. Die besondere openbaring sluit aan by die algemene, netsoos die herskepping by die skepping aansluit. Die genade bring geen nuwe element in die skepping nie. Sonder algemene openbaring moet die besondere derhalwe in die lug hang. Dr. Kuyper gebruik die beeld van die inenting van 'n nuwe loot op 'n ou boomstam. Die ent lewer die beste resultate wanneer die houtsoorte aan mekaar verwant is en die nuwe loot groei uit die sappe van die ou boom. Algemene en besondere openbaring is aan mekaar verwant en kan diensengevolge op mekaar inwerk. Dieselfde God wat die wêreld en die mens gescape het, is ook die Herskepper daarvan. Dieselfde mens wat geleef het uit die algemene openbaring, ken God nou as wedergeborene ook uit die besondere openbaring, waarvan die bedoeling nie was om die natuurlike lewe te vernietig nie, maar om dit in 'n nuwe staat te stel. Die algemene openbaring hou natuur en genade met mekaar in onverbreeklike verband (Bavinck).

Die verskil tussen die gelowige en 'die ongelowige is hierin geleë dat eersgenoemde nou as Christen die openbaring van God in die natuur veel beter en duideliker verstaan. Die God wat Hy in Christus as sy Vader leer ken het, leer hy nou ook ken as Skepper van die heelal en oral bemerk hy die werke van sy Vader. Die gelowige is geen wêreldvreemde nie, maar voel hom as in sy eie huis, hoewel die tydelike ontredde deur die sonde hom soms ontuis laat voel. Die Christen staan nie vreemd teenoor die wêreldlewe en sy produkte nie.

Maar nie alleen vir die Christen self het die algemene openbaring betekenis nie. Dit gee hom ook die vaste bodem waarop hy alle nie-Christene kan ontmoet om hulle vir Christus te win. Dit gee 'n aanknopingspunt vir die *sending*. Sonder die algehele openbaring is sendingwerk onmoontlik, sal die heiden nie in die verste verte begryp waaroor dit gaan nie. Nou kan die prediker aansluit by die elemente van waarheid wat nog in die heidense godsdienste oorgebly het (vgl. Paulus op die Areópagus). Ook in "die heidendom word 'n openbaring van God, 'n werking van sy Gees openbaar. Aan die heidendom kan verkondig word dat die Christendom die vervulling van al sy begeertes bring.

As ons die algemene openbaring in hierdie wye verband beskou, besef ons tegelykertyd die *omvattende en duursame betekenis daarvan*. As eenmaal 'die volheid van die heidene ingegaan het, val die besondere openbaring weg, is daar geen Bybel meer nie, is daar kennis van aangesig tot aangesig. Die besondere openbaring was soos 'n verband om 'n gewonde arm of soos 'n steier wat gebruik word by die bou van 'n huis. As die arm gesond is of die huis voltooi, is verband of steier nie meer nodig nie. Die kennis van die gesaligdes is na die model van die algemene openbaring en nie na die van die besondere nie. Christus word die *natuurlike* Hoof van die mensheid. Die algemene openbaring is die *ewig blywende*.

## **6. ONGENOEGSAAMHEID VAN DIE ALGEMENE OPENBARING.**

Ten spyte van hierdie heerlike en blywende betekenis van die algemene openbaring, moet ons tog bely dat dit sonder die besondere ongenoegsaam is, en wel om die volgende redes: —

- (i) *Dit maak die mens nie bekend met die weg tot verlossing nie*. Dit kan wel kennis verskaf aangaande die almag, die wysheid en die goedheid van God, maar dit weet nie van die Christus nie en ken daarom ook nie genade en vergiffenis van sonde nie. Daarom is die besondere openbaring veral *heilsoopenbaring*, wat aan die heidendom verkondig moet word deur die sending, anders sal dit daar nooit enige kennis van ontvang nie. Die algemene openbaring kan wêreld en mens nie *herskep* nie, kan

geen wedergeboorte skenk nie. Geen enkele volk was dan ook daarmee alleen gered nie.

- (ii) *Sonder die besondere openbaring lei die algemene tot verdwasing en tot 'n verbasterde Godskennis.* Dit is die droewige beeld wat die apostel in Rom. 1 van die heidene van sy tyd teken. Die hele wetenskap van die heidendom het maar alte duidelik hierdie waarheid bevestig. Al het dit tot wonderlike hoogtes gestyg, soos by Grieke en Romeine, dit kon die ware Godsdienst nie bring nie, en daarom ook die innerlike behoeftes van die hart nie bevredig nie. Dr. Van Leeuwen druk hierdie waarheid kernagtig as volg uit: "De kennis der waarheid, die nog in hen is, ligt als geboeid, kan haar invloed niet laten gelden; want ongerechtigheid omspint haar als met een dicht net, versmoort haar stem en ommilt het licht, dat nog van haar zou kunnen uitstralen" (Kommentaar op Romeine, pag. 17).

Waarom is dit die geval? Omdat die middele waardeur die algemene openbaring tot ons kom, deur die sonde bedorwe is. Die kenvermoëns van die mens is versteur en die skepping self sug onder die diensbaarheid van die verganklikheid. Dit alles is oorsaak dat dit vir die mens so moeilik is om die spore van 'n alwyse en algoeie God te ontdek.

Juis hierom moes die besondere openbaring kom. Dit moes naamlik vir die geestesoog wees soos 'n bril, soos dit deur Calvyn uitgedruk is, sodat die letters in die boek van Gods skepping weer duidelik leesbaar word. Die natuur self word nog aanvanklik nie herstel nie, maar deur die besondere openbaring weet ons nou hoe die skepping sonder die gevolge van die sonde moet wees, ons herken dit weer as die werk van onse Vader wat in die hemele is.

## **7. OORSKATTING VAN DIE ALGEMENE OPENBARING.**

Die agtiende eeu was by uitstek die tydperk waarin die algemene openbaring oorskat is, veral deur die sg. deïsme en rasionalisme. Hierdie rigtinge was van oordeel dat die besondere openbaring nie nodig is nie — die verstand van die mens is nog ongerep en in staat om uit die skepping, geskiedenis en gewete 'n sogenaamde "natuurlike teologie" op te bou.

Dieselfde standpunt word vandag nog ingeneem deur almal wat die verstand van die mens bevoeg ag om te oordeel oor die betroubaarheid, al dan nie, van die besondere openbaring, soos dit opgeteken is in die heilige Skrif.

Die standpunt van die deïs en die rasionalis hou nie rekening met die sondeval nie. Hulle teologie sou wel deugdelik wees in die staat van regtheid. Verder vergeet hulle dat ons die algemene openbaring nergens meer as afgesonderde geheel vind nie. Die hele mensheid het tot op die roeping van Abraham deel gehad aan die besondere openbaring. Dink bv. aan die prediking van Henog en Noag. Hierdie tradisie, hoe vermink ook al, is van geslag tot geslag oorgedra. Die geleerdes van ons eeu *meen* miskien dat hulle 'n teologie opbou op 'n suiwer natuurlike basis, maar het tog, al is dit ook onbewus, invloed van die besondere openbaring ondergaan.

## **8. ONDERSKATTING VAN DIE ALGEMENE OPENBARING.**

Nadat die filosoof Kant aangetoon het dat die natuurlike verstand van die bonatuurlike dinge uit homself niks te wete kan kom nie, het sommige in 'n ander uiterste oorgeslaan. Die skool van die Duitse godgeleerde, Ritschl, het die algemene openbaring heeltemal uit hul stelsel verban en die hele openbaring gekonsentreer in die persoon van Christus.

In dieselfde rigting gaan die groot Duitse teoloog van ons eeu, Karl Barth. Hy is 'n heftige teenstander van die leer van die algemene openbaring en verklaar Rom. 1 so dat die apostel daar juis aantoon dat die heidene van nature God nie gevind het nie, maar die versinsels van hul eie hart nagevolg het. Vir die natuurlike oog is God verborge. Vir Barth bestaan alleen die besondere openbaring wat sy middelpunt het in die vleeswording van die Woord.

Ook met hierdie rigting kan ons nie saamgaan nie. Al is dit so dat die algemene

openbaring deur die heidene nie reg gewaardeer is nie en hulle daar 'n karikatuur van gemaak het, dit bly tog *openbaring van die ware God* en is genoegsaam om hulle alle onskuld te ontnem. Ons het reeds aangetoon dat die besondere openbaring sonder die algemene in die lug hang.

#### **9. SLOTSOM.**

Ook met betrekking tot hierdie leerstuk het ons vaders die suiwer Skriftuurlike weg gevolg en die gulde middeweg gehou tussen oorskatting en onderskatting van die leer van die algemene openbaring. Alleen die Gereformeerde leer sien hierdie openbaringswyse in die regte perspektief.

Ons vind naamlik in verband met hierdie saak in die Skrif twee gedagtes wat ewe sterk benadruk moet word. Aan die een kant die gedagte van die "saad van die godsdiens" (semen religionis) of "besef van die Godheid" (sensus divinitatis), soos Calvyn dit genoem het, en aan die ander kant die leer van die ontaarding en verdwasing by die heidendom. As die element van ontaarding en verdwasing nie erken word nie, is die mens geneig om die algemene openbaring te idealiseer en dan val die besondere betekenis van die Christendom weg. Dan verskil alle godsdienste slegs in graad.

As aan die ander kant weer al die nadruk gelê word op die ontaarding en verdwasing, dan word misken wat in die godsdienste van die volke nog aan algemene openbaring oorgebly het. Dan verloor die besondere openbaring alle moontlikheid van kontak en is vir die prediking van die evangelie aan die heidene geen enkele aanknopingspunt nie (vgl. Prof. Van Leeuwen in sy verklaring van Rom. 1).

Hierdie kosbare goud van ons belydenis mag dus nie verdonker word nie, maar moet weer in sy volle glans skitter, ook in die twintigste eeu!

# DIE BESONDERE OPENBARING

Ds. I. J. LESSING, M.A., B.D.

Die begrip "openbaring" en die verskil tussen algemene en besondere openbaring is in die vorige artikel behandel. Nou is dit net nodig om hier te sê wat ons verstaan onder die besondere openbaring.

## 1. WAT IS DIE BESONDERE OPENBARING?

Al manier waarop die mens kennis aangaande God verkry, is as Hy Homself bewus en vrywillig aan die mens bekend maak. Ons Geloofsbelydenis sê in artikel twee dat God Hom op twee maniere aan die mens bekend maak, nl.: "Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld (algemene openbaring) .... Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en goddelike Woord (besondere openbaring) . . . ."

Ná die sondeval het die openbaring van God aan die mens nie opgehou nie, maar voortgegaan. Die karakter van die openbaring het egter verander; dit het geword verlossings- of herskeppingsopenbaring. Dit is die openbaring van Gods genade aan die gevalle mens. Dan *soek* en *kom* God tot die gevalle mens en in hom tot die hele skepping. Die middelpunt en hoof-inhoud van hierdie openbaring is die vleeswording van Christus. Bavinck gee die volgende omskrywing van hierdie openbaring: "De bijzondere openbaring is ... . die bewuste en vrije daad Gods, waardoor Hij in den weg van een historisch geheel van bijzondere middelen (theofanie, profetie en wonder), die zich concentreeren in den persoon van Christus, zichzelf, bepaaldelijk in zijne deugden van gerechtigheid en genade, in de afkondiging van wet en evangelie, aan dien mensch bekend maakt . . . ." (Dogmatiek Deel I, p. 367.)

## 2. DIE BESONDERE OPENBARING EN DIE HEILIGE SKRIF.

Ons ken die besondere openbaring vandag net uit die Skrif. Dit bring ons vanself tot die vraag: Wat is die verhouding tussen die besondere openbaring en die Skrif?

Die besondere openbaring en die Skrif is *nie dieselfde nie*. Die openbaring is baie *ouer* as die optekening daarvan in die Skrif. Baie maal het eeue verloop voordat die gegewe openbaring beskrywe is, soos ons dit vandag in die Skrif besit.

Ons Geloofsbelydenis wys in artikel drie daarop dat God *eers* sy geopenbaarde Woord gegee het en dit *daarna* laat beskrywe het. Die hele openbaring voor die sondvloed is bv. *eers* lank daarna beskrywe, soos dit nou in die Bybel staan. Dit was egter noodsaaklik dat die openbaring beskrywe moes word om dit teen vervalsing te bewaar, duursaam te maak en oral te versprei.

Dit is egter ook seker dat *alle* openbaring wat God gegee het, *nie beskrywe is nie*. Die profete het bv. meer geprofeteer as wat in hul profetiese boeke in die Bybel staan; so ook het Christus baie meer gesê en gedoen as wat in die evangelies beskrywe is (Joh. 21:25). Wat beskrywe is, was net die kern wat vir alle tye en persone nodig was. Daar is ook openbaring wat direk beskrywe is en nie vantevore uitgespreek was nie, bv. "Die Openbaring van Johannes." Die skrywers was ook nie altyd dieselfde persone wat die openbaring ontvang het nie. God het Hom bv. aan Adam, Noag, Abraham, e.a. geopenbaar, maar hulle het dit nie beskrywe nie. Al die skrywers was nie profete en apostels nie en al die profete en apostels het ook nie geskrywe nie. Die inspirasie deur die Heilige Gees het die beskrywing gewaarborg. Wat die beskrywing van die openbaring betref, kan ons dus sê: Daar is openbaring wat beskrywe is deur die persone wat dit ontvang en uitgespreek het. Daar is persone wat geroep was om die openbaring uit te spreek, en soms was daar ander persone wat geroep was om die openbaring te skrywe. Wat hulle moes skrywe, kon hulle van God ontvang het of uit bronne geput het (Luk. 1:3).

Die openbaring wat in die Skrif opgeteken staan, is *God se openbaring*. Daarom sê ons *die Bybel is Gods Woord*. Hiermee verwerp ons die modernistiese opvatting wat sê: Die Bybel is nie Gods Woord nie, maar Gods Woord is in die Bybel. Dit beteken dat net die direkte woorde van God in die Bybel openbaring is; al die ander woorde wat in die Bybel staan, is geen openbaring van God nie. *Dis mensewerk*. In die Bybel word woorde en daade van mense vermeld, ook sondige woorde en daade, selfs woorde en daade van die duiwel. Maar ons sê: Dit is ook *openbaring van God*. Al het mense en duiwels dit ook gesê, God het dit in die Skrif laat opteken. Daardeur het dit onder die inspirasie 'n deel van God se openbaring geword. Ook die geestelike ervaring van mense soos in die Psalms, Spreuke, ens., verhaal, is deur die optekening daarvan in die Skrif deur die Heilige Gees tot openbaring geyk. Dit word vir ons gegee tot lering, waarskuwing of vertroosting.

Hierdie openbaring van God is *sonder foute*. Sy werk is volmaak. En die beskrywing van die openbaring was ook sonder foute. Die Heilige Gees het deur die inspirasie die foutloosheid van die openbaring en sy beskrywing gewaarborg. 'n Openbaring wat God suiwer gee, maar wat onsuiver ontvang en beskrywe word, sou nie aan Gods doel beantwoord nie. 'n Openbaring vol foute beteken vir ons niks. Die oorspronklike beskrywing van die openbaring was sonder foute. Maar ons besit vandag nie die oorspronklike geskrifte van die Bybelskrywers nie, en in die loop van die tye is die Bybel baie oorgeskrywe en ook vertaal deur feilbare mense. Nou kan die vraag met reg gestel word: Besit ons vandag nog 'n openbaring sonder foute? Dit is wel moontlik dat daar foute *kon* ingesluip het met die oorskrywe en vertaling; maar dit het materieel niks aan die inhoud van die openbaring verander nie. Die foute is o.a. by eiename en getalle. Ons besit vandag nog die onfeilbare Woord van God. Die Bybel is ook *duidelik*. Dit beteken egter nie dat daar geen verborgenhede of diepe geheime in die openbaring van God is nie. Die Bybel is die Woord van God wat vir die nietige menslike verstand onuitputlik bly. Maar die Bybel is tog duidelik in die sin dat "die kennis van verlossing" aan die volk van God in so 'n eenvoudige en bevatlike vorm aangebied word dat iemand vir wie dit om sy ewige saligheid gaan, maklik deur eie lesing en selfondersoek die openbaring kan leer ken. By die eie ondersoek van die Skrif moet daar ook gebruik gemaak word van die arbeid van die vorige geslagte wat met inspanning gearbei het om die duistere plekke en die diepe sin van die openbaring oop te lê. In die loop van die tyd is daar baie voortreflike verklarings van die Woord van God geskrywe.

### **3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE BESONDERE OPENBARING.**

Die geskiedenis van die godsdienste leer dat geen godsdienste aan 'n algemene openbaring genoeg het nie. Vandaar dat die valse godsdienste hulle ook beroep op 'n besondere openbaring, bv. die Mohammedane het die Koran. Die Christelike godsdienste het ook 'n besondere openbaring met die heilige Skrif as die boek van sy besondere openbaring.

Die besondere openbaring is noodsaaklik om die mens Gods *herskeppingsplan te leer*. Dit is só noodsaaklik dat die gevalle mens daarsonder vir ewig verlore sou gegaan het. Die kern daarvan is die vleeswording van Christus, die herskeppings-middelaar. Hy is die Verlosser van die ganse skepping. Dit is 'n waarheid wat die besondere openbaring in die Skrif ons alleen leer. Sonder hierdie openbaring sou die mens heeltemal onbewus en onbekend gebly het met die herskeppingsplan van God, want die algemene openbaring leer dit nie en die mens sou hierdie waarheid ook nooit self uitgedink of ontdek het nie. Net uit die besondere openbaring weet die mens dit.

### **4. DIE DOEL VAN DIE BESONDERE OPENBARING.**

Die doel van hierdie openbaring is ten eerste terwille van God die Here self. Hy openbaar Hom uit vrye welbehag. Hy is nie verplig om dit te doen nie. Waar die Here dit doen, is die eerste en hoogste doel altyd sy *eer*. Die sonde het Gods eer aangerand, want dit maak die mens onbekwaam *om* God te eer. As Gods eer gehandhaaf moet word, moet die sondaar eers gered word. Die redding van die sondaar is die *nuwe-doel* om die

hoofdoel te bereik.

In die tweede plek is die doel van die besondere openbaring om vir ons "kennis tot saligheid" te gee. Dit beteken egter nie dat ons godsdienstige lewe naas ons daelikse lewe staan nie. Ons geloof omvat ons hele lewe, niks uitgesonderd nie. "Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde" (Rom. 14:23). 'n Calvinis maak geen skeiding tussen sy godsdiens en sy lewe nie. Dit is nie so dat sy wetenskap, kuns, nywerheid, besigheid, boerdery, politiek, ontspanning of wat ook al, niks met sy godsdiens te doen het nie. Dit het álles daarmee te doen; dit is sy godsdiens self. Diens of amp, waar en hoe dit ook al tot regte uiting kom, is die aanduiding van godsdiens. In die paradys is sprake van 'n godsdiens in die ganse heelal-tempel, waartoe alles, niks uitgesonderd nie, sy bydrae moet lewer.

## **5. DIE AFSLUITING VAN DIE BESONDERE OPENBARING.**

Dit is 'n baie belangrike vraag of die besondere openbaring al afgesluit het en of dit nog voortduur. Vir die gereformeerde het die openbaring afgesluit met die apostels en die optekening daarvan in die laaste Bybelboek. Daar het die besondere openbaring opgehou.

Teenoor die gereformeerde beskouing staan ander beskouings wat aanneem dat die openbaring nog voortduur tot vandag toe. Vir die Roomse kerk duur dit vandag nog voort in die tradisie en die geskiedenis van die kerk en in die besluite van die vergaderings van die Roomse kerk. Vir die modernisme gaan die openbaring ook nog voort omdat "openbaring" vir hulle niks anders is as menslike kennis en ervaring nie.

Ons handhaaf die afsluiting van die besondere openbaring om die volgende redes:

- (a) Die Skrif self leer dit. Met die laaste profeet, Maleagi, sluit die openbaring in die Ou Testament af. Dit is 'n algemeen erkende feit dat die Ou Testamentiese openbaring afgesluit is met die koms van Christus. Van Maleagi tot Christus was daar geen nuwe openbaring nie. Wat die Nuwe Testamentiese openbaring betref, is dit moeilik om die afsluiting aan te wys. Ons gereformeerdes meen dat die boek van Openbaring daarop wys.
- (b) Dit lê in die aard van die saak self. Die openbaring is organies van karakter. Daarom *moes* dit afgesluit het. 'n Organisme groei altyd, maar is volgroeid as dit sy volheidspunt bereik het. Die Ou Testament het heengewys na Christus, en in die Nuwe Testament het die vervulling gekom.
- (c) Die doel van die openbaring was die vestiging van die ryk van God en sy kerk op aarde. Toe dit bereik is, kon dit afsluit. Wat verder volg, is uitbreiding en kerkgeskiedenis.
- (d) In die kerkgeskiedenis het selfs nie eens die grootste kerkvaders gewaag om hul ervaring met die openbaring gelyk te stel nie.
- (e) Die skepping het afgesluit toe dit voltooi was. Daarna het die skepping tot ontplooiing gekom. So moet die herskeppingsopenbaring ook afsluit as die herskepping in beginsel voltooi is, en dit was voltooi met die opstanding van Christus.

Wat ons kry ná die afsluiting van die openbaring, is die werking en toepassing daarvan deur die verligting van die Heilige Gees. Dit is wat voortgaan ná die afsluiting daarvan. Die gelowiges word nou verlig deur die Gees van God; maar dit mag nie gelyk gestel word met die openbaring nie. Die openbaring was eenmalig, onfeilbaar en objektief, omdat dit deur inspirasie geskied het. Verligting is relatief, subjektief en feilbaar omdat dit nie deur inspirasie geskied nie.

## **6. DIE GENOEGSAAMHEID VAN DIE BESONDERE OPENBARING.**

Is die openbaring wat God gegee het voldoende of nie? Dit volg vanself dat die openbaring nie kon afsluit as die doel daarvan nie bereik is nie; en as die doel bereik is,

is die openbaring voldoende. Almal wat 'n voortgaande openbaring aanvaar, soos die Roomse kerk en mense wat hulle vandag nog beroep op nuwe openbarings deur inwendige verligting of inwendige openbarings *in* die mens, moet noodwendig ontken dat die gegewe openbaring voldoende is. Daarmee onderskat hulle die openbaring wat God gegee het.

Hierteenoor handhaaf ons die *volkomenheid* en *genoegsaamheid* van die besondere openbaring. Die openbaring wat God vir ons gegee het, is voldoende en het geen aanvulling deur nuwe openbarings nodig nie. Ons Geloofsbelydenis druk dit in art. 7 as volg uit: "Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word . . . ." Hierdie openbaring leer ons die begin en die einde van Gods skepping en alles wat tussen die begin en die einde lê. Wat het ons meer nodig!

## **7. DIE SLOT.**

Hierdie besondere openbaring wat God ons gegee en in die Bybel laat opskrywe het, is die ewige en waaragtige, die heilige en onfeilbare Woord van God. Hierin staan vandag vir ons: "So sê die Here."

Hierdie openbaring is al baie aangeval en word vandag nog baie aangeval. Die Roomse is besig om mense-woorde gelyk te stel met die Woord van God. Die modernisme is besig om dele van die Woord van die Here te verwerp. Die Here het, so word verklaar, nie so baie gespreek as wat in die Bybel staan nie. Dit gaan alles net oor die een saak, nl. om die Woord van die Here weg te kry. Dit is die ou stryd van satan, wat van die paradys af besig is om te ontken dat die Here gespreek het. Hierteenoor staan die waarheid van God: Die Here het met die mens gespreek, en die Bybel bring vir ons: "So sê die Here." Hieraan moet ons vashou.

# DIE SKRIF — SKRIFINSPIRASIE

PROF. DR. S. DU TOIT, M.A.

## 1. BESONDERE OPENBARING EN HEILIGE SKRIF

Die algemene openbaring het nooit 'n einde nie, kom oral en altyd tot die mens op velerlei maniere. Met die besondere is dit anders gestel — as die volle herskeppingsplan geopenbaar is, word dit beëindig. Hoe sal dit nou vir toekomstige geslagte bewaar word?

Ook hiervoor het die Here God voorsiening gemaak in sy veelvuldige wysheid. Die inhoud van die openbaring kon ook mondeling van geslag tot geslag oorgedra gewees het. Maar watter mensebrein sou in staat wees om die ganse rykdom van die besondere openbaring op te neem, afgesien nog van die moontlikheid van feile van die geheue? Langs hierdie weg sou ons nooit met absolute sekerheid kon vasstel of die openbaring suiwer aan ons oorgelewer is nie.

Die suiwere oorlewering is langs die weg van die *Skrif*. Wat swart op wit staan, het bestand, duursaamheid, en kan van geslag tot geslag oorgedra word. Geen wonder dan ook dat die Here gedurig aan sy diensknegte, die profete en apostels, opdrag gegee het om te skrywe.

Ons ken dan die besondere openbaring vandag net deur die skriftelike optekening daarvan met name deur die boek wat ons "Bybel" noem. Dit wil egter nie sê dat Bybel en besondere openbaring gelyke groothede is nie. Die besondere openbaring het in baie gevalle voorafgegaan aan die teboekstelling daarvan. Die profete het dikwels eers *gespreek*, terwyl hul woorde later *opgeteken* is. Die besondere openbaring omvat ook veel meer as wat in die heilige Skrif opgeteken staan. Jesus het oneindig veel meer verkondig as wat die Evangelies verhaal (Joh. 21:25).

Deur hierdie wondere beskikking bring die heilige Skrif nog gedurig tot ons die besondere openbaring, insover dit nodig is vir die mensdom wat lewe na die afsluiting van die inspirasie. Dit is nie slegs 'n verhaal van wat eeue gelede gebeur het nie, *maar* die stem van 'n Vader wat *nog* gedurig tot sy kind spreek. Net soos in die tyd toe dit gegee is, verbrei dit vandag nog lig en lewe.

## 2. Die Inspirasie van die Skrif

Waarin onderskei die heilige Skrif hom van alle ander boeke? Daarin dat dit deur die Heilige Gees ingegee, geïnspireer (letterlik: ingeblaas) is. Ons gaan nou agtereenvolgens let op die volgende in verband met die inspirasie:

- (i) Die Skrifbewys daarvan.
- (ii) Die bevestiging van hierdie waarheid aan die siel van die gelowige.
- (iii) Verkeerde opvattinge oor die inspirasie.
- (iv) Aard en omvang daarvan.

### (i) Die Skrifbewys vir die inspirasie.

Die Skrif kom tot ons met die aanspraak dat dit die Woord van God is en verskil daarom van alle ander boeke op aarde. Hierdie stelling moet nader verduidelik word en dan gaan ons vanselfsprekend eerste na die Skrif om te beluister wat dit oor homself sê. Dit sal dan duidelik blyk dat die Bybel vir homself die inspirasie deur die Heilige Gees opeis.

#### (a) Uitsprake van die Ou Testament.

Dit val dadelik op dat baie plekke in die Ou Testament verwys na versameling van heilige geskrifte. In die Psalms (bv. Pss. 1, 19, 119) is sprake van die *wet* en die *woord* van die Here en die aard van die vermeldings toon duidelik dat die Goddelike oorsprong van die geskrifte gehandhaaf word. Die wet as geheel kom dan ook met Goddelike



outoriteit.

Die profete is oortuig dat hulle die *Woord van die Here* spreek; die geskiedkundige boeke bring *heilige geskiedenis* en is vir die grootste deel na alle waarskynlikheid deur profete geskryf.

Die digters van die Psalms en van die wysheidsboeke (Spreuke, Job, Prediker) weet dat hulle deur die Gees van God gedryf word. 'n Teks soos 2 Sam. 23:2 is kenmerkend vir die standpunt van die Psalmdigters in hierdie opsig. Dawid sê hier van homself: "Die Gees van die Here spreek in my en sy woord is op my tong." Gedeeltes soos Spreuke 1:20 v.v. en 8:1 v.v. getuig dat die wysheid van die spreukdigters van bonatuurlike oorsprong is. Dit is uitsprake van die ewige wysheid.

Hierdie getuienisse geld nie alleen die *gesproke* woord nie, maar ook die *optekening* daarvan. As God die Here dit noodsaaklik beskou het om die instrumente van sy gesproke openbaring te inspireer, nog te meer is dit die geval by die geskrewe woord wat moes bly vir alle geslagte en tye, Gedurig lees ons dan ook van 'die Goddelike bevel om te skrywe, vgl. bv. Ex. 17:14; Num. 33:2; Jes. 8: 1, 30:8; Jer. 36:2; Eseg. 24:1 v.v.; Dan. 12:4; Hab. 2:2.

#### (b) *Uitsprake van die Nuwe Testament.*

Hier gaan dit veral om die uitsprake van Jesus en die apostels. Wat Jesus betref, is dit bo alle twyfel verhewe dat die Ou Testament vir Hom met Goddelike gesag beklee was. In sy tyd moes die boeke van die ou verbond reeds 'n geslote geheel gevorm het. Hy spreek naamlik soms in die enkelvoud van "die Skrif" (vgl. Markus 12:10; Lukas 4:21). Die owerstes van die Jode het alles in die werk gestel om 'n beskuldiging teen Jesus te vind, en as Hy maar een keer geleer het dat die boeke van die Ou Testament bloot mensewerk is, sou dit sonder twyfel as aanklag teen Hom gedien het. Die nietigste sogenaamde "bewyse" is gesoek om aan te toon dat Hy godslasterlik gespreek het, maar nêrens is enige aanduiding dat hulle in hierdie opsig iets kon vind nie. Vir Christus was dit die einde van alle teëspraak as Hy kon sê: "Daar staan geskrywe."

Die Here Jesus getuig egter nie alleen vir die inspirasie van die Ou Testament nie, maar ook vir die van die apostels wat sou optree na sy hemelvaart. Hulle word selfs hoër as die profete van die O.T. gestel (Matt. 11:11). Aan hulle word Deloof dat die Gees van die Vader in hulle sal spreek (Joh. 10:20). Die apostelskap van Paulus het berus op 'n spesiale opdrag en roeping. Ook hy sou met die Heilige Gees vervul word (Hand. 9:17).

Die apostels op hul beurt gee weer getuienis vir die inspirasie van die deel van die Bybel wat reeds bestaan het toe hul briewe geskryf is. Die klassieke teks is 2 Tim. 3:16: "*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, ens.*" Deur die Skrifkritiek word pogings aangewend om die krag van hierdie getuienis te ontsenu deur te vertaal: "Elke van God ingegewe Skrif is nuttig, ens." Afgesien nog van die feit dat die eersgenoemde vertaling *minstens* net soveel reg van bestaan het as die tweede, beteken laasgenoemde ook niks as 'n argument nie. Elke van God ingegewe Skrif is nuttig — dit is volkome waar — maar uit soveel ander getuienisse blyk juis dat die hele Skrif deur God ingegee is.

Die briewe van die apostels getuig deurgaans dat die Goddelike gesag van die Ou Testament vir hulle onbetwisbaar vasstaan.

#### (c) *Die inspirasie van die Nuwe Testament.*

Reeds is aangetoon dat Christus verseker dat die Heilige Gees deur sy apostels sal spreek. Ook op 'n ander manier kan die inspirasie van die Nuwe Testament vasgestel word. Dit is nodig omdat die evangeliste Markus en Lukas nie apostels was nie en dit ook nie onbetwisbaar vasstaan dat die brief aan die Hebreërs deur 'n apostel geskryf is nie.

Die bewysgrond is hier dit: die Ou Testament het *geroep* om sy vervulling in die Nuwe. Op elke bladsy van die Ou Testament is duidelik dat dit nog nie die volle openbaring gee nie. Die *skaduwees* was daar wel, maar nog nie die *liggaam* wat die skaduwee werp nie.

Dink nou vir 'n oomblik met watter weersin die gemoed van die gelowige vervul sou

gewees het as by die Ou Testament, wat deur almal erken is as die Woord van God, 'n bundel geskifte gevoeg is wat blc'ot mensewerk was. Dat daar nie die minste beswaar was om O.T. en N.T. gelykelyk as Woord van God te erken nie, is 'n c'nomstootlike bewys dat die N.T. die volmaakte aanvulling van die O.T. is. Hierdie argument word nog versterk deurdat talryke geskifte in daardie tyd in omloop was. Waarom word juis die boeke van die Nuwe Testament as geïnspireerd beskou?

(ii) *Die bevestiging van hierdie waarheid aan die siel van die gelowige.*

In die voorafgaande het ons nou die uitsprake van die Skrif aangaande homself behandel. Die laaste reël van die vorige paragraaf het egter 'n vraag gestel wat nou beantwoord moet word. Die Skrif maak daarop aanspraak dat dit van God afkomstig is. Maar wie sê nou vir ons dat die Skrif waar is? Hierop het die Christelike kerk van alle eeue geantwoord: Ons kan baie bybring om hierdie selfgetuigenis van die Skrif te steun, maar ons kan geen wetenskaplike bewys lewer wat elkeen dwing om dit aan te neem nie. Nog minder egter kan iemand bewys dat die selfgetuigenis van die Skrif onwaar is. Ook die verwerping van die selfgetuigenis van die Skrif is 'n *saak van geloof*. In laaste instansie kom dit dus neer op die geloof. Tereg sê ons Geloofsbelydenis dan ook dat ons die selfgetuigenis van die Skrif glo "*omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle (die Bybelboeke) van God is*" (Art. 5). Die gelowige herken in die Skrif direk die stem van sy Vader — bewyse het hy nie nodig nie. 'n Kleurblinde kan ek nie oortuig dat daar verskil tussen kleure is nie. Vir iemand wat wel tussen kleure kan onderskei, is redenasie nie nodig nie. Hy sien dat gras groen en dat bloed rooi is.<sup>1</sup>

### **3. VERKEERDE OPVATTINGE OOR DIE INSPIRASIE**

(a) *Die teorie van die meganiese inspirasie.*

Hieronder verstaan ons die teorie wat eensydig nadruk lê op die nuwe, die bonatuurlike element in die inspirasie en die aansluiting daarvan by die oue en voorhandene oor die hoof sien. Die Bybelskrywers word dan van hul eie persoonlikheid losgemaak en uit hul tydsomstandighede gelig. Hulle is — volgens hierdie teorie — willose instrumente in die hand van die Gees (Bavinck, Dogmatiek<sup>4</sup>, I, 401).

(b) *Die dualistiese inspirasieteorie.*

Volgens hierdie opvatting is alleen die godsdienstig-sedelike waarhede in die Bybel geïnspireer, terwyl geskiedkundige, tydrekenkundige mededeling e.d.m. aan dwaling onderhewig is. Op hierdie gebiede het die Bybelskrywers net soveel of net so min as hul tydgenote gewet. So word beweer deur voorstanders van hierdie teorie.

(c) *Die dinamiese inspirasieteorie.*

Die belangrikste verteenwoordiger van hierdie rigting is die teoloog Schleiermacher. Hy het geleer dat wel die skrywers geïnspireer was, maar nie hul geskrewe woord nie. Die Bybelskrywers het geleef in die sfeer van die openbaring en dit het 'n heiligende invloed op hul lewens gehad. Die inspirasie is 'n soort geestelike insig of intuïsie en verskil slegs in graad van die verligting van die Heilige Gees waaraan elke gelowige deel het. Aan die een kant bevat die Bybel dus die hoogste waarheid — aan die ander kant is dit vol dwaling. Hierdie teorie beroof 'die Bybel van sy bonatuurlike karakter.

Uit die volgende paragrawe sal meer in besonder blyk waarom nie een van hierdie teorieë aanvaar kan word nie.

### **4. DIE WARE AARD EN OMVANG VAN DIE INSPIRASIE**

(a) *Die aard daarvan.*

Dadelik moet ons vasstel dat die inspirasie *enig* van aard is. Geen digter of skrywer ter wêreld, hoe geniaal ook al, kon nog ooit die: So sê die Here, uitspreek nie. Op die

---

<sup>1</sup> Die belangstellende leser word verder verwys na die onlangs verskene werk van dr. J. D. du Toit: Die Bybel is die Woord van God (Verkennerreeks No. 1).

getuigenis van geeneen van hulle is nog ooit 'n kerk gevestig nie. Die inspirasie dra 'n spesifieke karakter omdat dit optree in die werk van die *herskepping*. Gevolglik behoort dit tot die kategorie van die *wonder* en alle leringe omtrent die inspirasie is vals as met die wonder-element nie rekening gehou word nie.

Aan die ander kant moet ook rekening gehou word met die feit dat *mense* as instrumente gebruik word en dat hulle ook as sodanig en nie as blote werktuie in diens van die openbaring gestel word nie. Hierdie element is deur die teorie van die meganiese inspirasie verwaarloos.

Die suiwere opvatting is die wat gewoonlik die organiese genoem word. Hiermee word bedoel dat die Heilige Gees die Bybelskrywers neem soos hulle is, met hul karakter en temperament, hul gawes en talente, hul woordkeuse, styl en taal, terwyl tewens wat hulle neerskrywe nie hul eie woord is nie, maar Woord van God. Die bonatuurlike en natuurlike faktore word dus verbind in 'n heerlike harmonie.

Die Heilige Gees werk met die voorhande middele. In geskiedkundige sake kan bv. gebruik gemaak word van feite wat deur gewone kanale bekend is. Lukas sê van homself dat hy van voor af alles noukeurig ondersoek het (Lukas 1:1). Die geskiedskrywers van die Ou Testament verwys gedurig na die bronne wat hulle gebruik het (vgl. bv. 1 Kon. 14:19).

So kan ook *bestaande letterkundige vorme* in diens van die openbaring gestel word, terwyl die *persoonlikheid* van elke skrywer gehandhaaf bly. Hieraan het ons die oneindige ryke verskeidenheid en die onvolprese skoonheid van die Bybel te dank. Die inspirasie heilig naamlik die natuurlike gegewenhede en dra sorg dat die steurende werking van die sonde nie teenwoordig is nie. Danksy die inspirasie het die Bybelskrywers tegelykertyd woorde neergeskrywe wat uit hul natuurlike kapasiteite alleen nooit te voorskyn sou gekom het nie. Hul geskifte verskil hemelsbreed van die van hul tydgenote wat onder presies dieselfde uitwendige kondisies geleef het.

Net soos die inspirasie rekening hou met die verskillende persoonlikhede van die skrywers, so neem dit ook veelvuldige vorme aan, al na gelang van die aard van die verskillende Skrifgedeeltes. Die inspirasie van die geskiedskrywer is anders as die van die psalmdigter, en die van die profeet is anders as die van die wysheidsleraar. Almal saam spreid die *menigvuldige* wysheid van God ten toon.

#### (b) *Die omvang van die inspirasie.*

Reeds by die aanvang moet ons die 'dinamiese en dualistiese inspirasieteorieë verwerp. Die inspirasie is nie beperk tot die skrywers alleen nie, maar strek hom *ook uit oor die geskrewene en wel oor alles wat geskryf is, ook tot geskiedkundige, tydrekenskundige e.a. gegewens — ja, selfs tot die enkele woorde toe*. Ons spreek dus van *volle of volledige* inspirasie. Bewyse hiervoor kan ons uit die Skrif self put. Die Bybel kom na ons as 'n organiese geheel, bestaande ' uit verskillende dele wat op verskillende maniere aan mekaar verbonde is en hul eenheid vind in 'die sentrale en geleidelik ontplooiende gedagte dat God die hand van verlossing na die mens uitsteek. Ons mag derhalwe nie vra waar die Goddelike ophou en die menslike begin, of omgekeerd nie. Ons kan net sowel vra waar die liggaam ophou en die siel begin (Berkhoff, Reformed Dogmatics, Introductory Volume, pag. 163). As ons met ons menslike verstand moet uitmaak wat in die Skrif geïnspireer is en wat nie, stel ons onself aan as regters oor die Skrif en op daardie selfde oomblik het ons die beginsel van 'n besondere openbaring prysgegee en aangeneem dat algemene openbaring voldoende is.

In die Skrif is afdoende bewyse dat die inspirasie selfs betrekking het op *woorde*. Dikwels kom die uitdrukking voor: "Die Here het gespreek", en dit is tog duidelik dat die Here nie sonder woorde kon spreek nie. Hy het dan ook *sy woorde* in die mond van die profeet Jeremia gelê (Jer. 1:9). Die apostel Paulus het gespreek met *woorde* wat die Heilige Gees leer en nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie (1 Kor. 2:13). In sekere gevalle word 'n *hele argumentasie gebaseer op 'n enkele woord* (Matt. 22:43—45; Joh. 10:35; Gal. 3:16). As 'n ander woord of selfs 'n ander vorm van die woord in

die teks gestaan het, is die hele bewysvoering sonder sin.

Hiermee word nog nie beweer dat elke woord en elke letter gelyke betekenis het nie. Alles het sy sin en betekenis, maar dan in die verband waarin dit voorkom. Alles is nie ewe naby die middelpunt nie. In die menslike liggaam is niks toevallig nie, maar hoof en hart neem tog 'n baie belangriker plek in as hand en voet, alhoewel almal dieselfde lewe deelagtig is. 'n Geslagsregister of 'n opsomming van die helde van Dawid het nie dieselfde betekenis as 'n psalm nie, maar almal is ewe onmisbaar in die organisme van die Skrif.

## **5. AFSLUITING VAN DIE INSPIRASIE**

Hier het ons met 'n besonder belangrike saak te doen. Verskillende rigtinge hou vol dat die besondere openbaring en die inspirasie nog altyd deurgaen. Watter gronde het Gereformeerdes dan vir hul leer dat die inspirasie met die boek "Openbaring" afgesluit is?

Die eerste grond is dat die inspirasie tot die terrein van die herskepping, van die wonder behoort. As ons aanneem dat die inspirasie deurgaen, moet ons ook glo dat opwekking van dode, vermenigvuldiging van brode, ens., nog deurgaen, en waar vind ons dit in die praktyk?

Verder: die Skrif is 'n organisme, 'n lewende werklikheid. 'n Organisme hou alleen aan met groei totdat dit volgroeid is. 'n Boom bv. hou nie tot in die oneindige aan met groei nie. In die boeke van die heilige Skrif is die volle raad van God met betrekking tot ons verlossing geopenbaar. Niemand mag daar iets aan afdoen nie, maar ook nie byvoeg nie (Openb. 22:18, 19). Geen kerkvader het dan ook ooit die gedagte geopper dat sy woorde met die Skrif gelykgestel kan word nie.

Al het die openbaring en die inspirasie afgesluit, die Skrif bly vir ons altyd nuut en lewendig, omdat dit gedurig weer deur die Heilige Gees aan die harte van die gelowiges toegepas word. As ons die Skrif nie glo nie, sal ons ook nie glo nie, al sou iemand uit die dode opstaan (Lukas 16:31).

## **6. DIE EIENSKAPPE VAN DIE SKRIF**

(a) *Die gesag van die Skrif.*

Uit die voorgaande volg reeds dat die Skrif met 'n absolute outoriteit kom. Sy gesag berus daarin dat dit deur God self geïnspireer is ooreenkomstig sy selfgetuienis wat aan ons hart verseël word deur die getuienis van die Heilige Gees. Vir die gesag van die Skrif moet alle ander gesag wyk; dit is absoluut omdat dit Goddelik is.

Hierdie gesag is nie beperk nie, maar strek oor *alle terreine van die lewe*, niks uitgesonder nie, d.w.s. huisgesin, skool, staat, kerk, ens. Die Bybel het nie slegs betekenis vir die gemoedslewe nie (vgl. verder die artikel oor die gesag van die Skrif).

(b) *Die noodsaaklikheid van die Skrif.*

Ook dit volg uit wat reeds behandel is. Teenoor die Roomse en allerlei mistieke rigtinge moet ons egter op hierdie punt klem lê. Schleiermacher het (net soos die Roomse) die verhouding tussen die Skrif en die kerk omgekeer. Volgens hom is die kerk nie op die Skrif gebou nie, maar kom die Skrif uit die kerk op. Die kerk is derhalwe die belangrikste faktor en soos in die Skrif die ervarings van gelowiges opgeteken is, so het die gelowiges van ons tyd ook nog hul ervarings. Die Skrif is nie absoluut noodsaaklik nie.

Die Gereformeerdes draai die verhouding tussen Skrif en kerk net om. Sonder die heilige Skrif sou daar geen kerk gewees het nie. Dit het God behaag om sy besondere openbaring tot ons te laat kom juis in die vorm van 'n *geskrewe Woord*, en ons mag nie wysers wees as God deur iets daarvoor in die plek te wil stel nie.

(c) *Die duidelikheid van die Skrif.*

Rome leer dat die Skrif duister is en dat alleen die kerk 'n suiwer en onfeilbare

verklaring kan gee. Hierteenoor het die Hervormers die *duidelikheid* van die Skrif gestel. Hulle wou nie ontken dat die Bybel vol diep geheimenisse is nie, ook nie dat 'n wetenskaplike verklaring deur die teologie noodsaaklik is nie. Inteendeel, hulle het aan Skrifverklaring oneindig meer as Rome gedoen. Hul kontensie was dat die weg van die saligheid in die Bybel in so 'n eenvoudige en verstaanbare vorm geleer word, dat elke mens wat met 'n mate van verstand bedeel is, onder die leiding van die Heilige Gees, die nodige kennis kan opdoen, sodat die leiding van kerk en priester nie onmisbaar is nie.

(d) *Die genoegsaamheid van die Skrif.*

Ook hier het die stryd in die dae van die Hervorming teen Rome en sekere mistieke rigtinge gegaan. Rome leer dat die mondelinge tradisie noodsaaklik is as aanvulling van die geskrewe Woord en die Anabaptiste beskou die sg. "inwendige lig" as die vernaamste. As die Hervormers nou die genoegsaamheid van die Skrif leer, dan verklaar hulle daarmee dat naas die Skrif *geen ongeskrewe Woord van God meer* bestaan nie. Vir die kennis van die weg van die saligheid word ons net na die Skrif verwys (vgl. Joh. 17:20; 1 Joh. 1:3). Die tradisie mag nooit met die Skrif gelykgestel word nie, ook nie die sogenaamde "leiding" van die Oxfordgroep nie.

## **7. OPPOSISIE TEEN DIE SKRIF**

Die hart van die natuurlike, onwedergebore mens kan nie die dinge van die Gees van God begryp nie — dit is vir hom dwaasheid. Opposisie teen die Skrif is dan ook 'n gewone verskynsel reeds vanaf die tyd van die Ou Testament. Jojakim het al die rol van Barug verbrand (Jer. 36) en tot op die huidige dag word mense gevind wat hul uiterste kragte inspan om die gesag van die Skrif te ondermyn, deur Skrifkritiek, deur verbanning van dele van die Skrif uit die openbare lewe, ens.

Die besware teen die Skrif wat konstant deur die eeue voorkom, is die volgende: innerlike teenstrydighede, die verskille tussen die verhale van die Skrif en die van die ongewyde geskiedenis, die onmoontlikheid van wonders, die sondes van sommige Bybelfigure, die toestand van die oorspronklike teks wat allerlei variasies tussen verskillende handskrifte aantoon, ens.

Ons mag: hierdie besware *en moeilikhede* nie *eenvoudig* wegsyfer en handel asof hulle nie bestaan nie. Ons moet erken dat die Bybel ons voor menigvuldige vraagstukke stel en ons moet die teenstander 'n antwoord verstrek. Baie van die besware kan uit die weg geruim word, sonder dat egter die hoop bestaan dat almal daardeur van die waarheid van die Skrif oortuig sal word. Dit is volkome verklaarbaar dat daar opposisie kom teen die skrifgeworde Woord net soos die vyandskap ontbrand teen die vleesgeworde Woord, Christus. Eers moet dus die vyandskap van die natuurlike hart afgelê en die hals gebuig word onder die juk van Christus.

Selfs die gelowige sal erken dat in die Skrif baie moeilikhede bly, maar hy glo *ondanks* alles wat by hom twyfel wek, en mettertyd verval baie van die besware as grondiger ondersoek die newels laat opklaar. As 'n mens moet wag om te glo tot alle besware opgelos is, sal hy nooit tot geloof kom nie. In elke wetenskap is diepe geheimenisse en vraagstukke, en dit is plig van die ondersoeker om die moeilikhede te probeer oplos.

In antwoord op die besware wys ons in die eerste plek daarop dat die Skrif net soos Christus in *diensknegsgestalte* kom. Soos Christus 'n dienskneg geword het, sonder gedaante of heerlijkheid, het ook die Woord van God ingegaan in die geskape vorme, in die lewe en die geskiedenis van mense en volke, ja, selfs tot in die onedele en veragte (Bavinck, Dogmatiek<sup>4</sup>, I, 405). Die Woord het skrif geword en is mitsdien onderworpe aan al die lotgevalle van die geskrewe woord. Die Here het nie meteens die drukkuns laat uitvind nie — sy Woord moes ook op die gewone manier oorgeskryf word. So verklaar ons die verskille tussen die handskrifte. Aan die ander kant kan ook weer vasgestel word dat die Heilige Gees in 'n besondere mate gewaak het oor die oorlewering van die handskrifte van geslag tot geslag. Die verskille tussen handskrifte is heel gering en raak nie een enkele leerstuk nie. Al het ons die oorspronklike handskrifte nie, ons is so naby daaraan as wat nodig is.

Uit die dienskneggestalte volg egter nog nie dat in die Bybel foute voorkom nie, net so min as by Christus sonde aanwesig was. By nader bestudering verdwyn baie van die gewaande "teenstrydighede" en waar nog oorbly, hoop die gelowige ondersoeker van die Skrif dat nuwe ontdekkings en navorsings nog baie daarvan sal oplos, soos die opgrawing reeds in menige geval gedoen het.

As beswaar aangeteken word teen sondige dade van die Bybelfigure, antwoord ons dat hierdie dade nie as voorbeelde voorgehou word nie, maar juis tot afskrikking. Die droewige gevolg van die sonde word deurgaans realisties geskilder.

Deur al die eeue van kritiek het die Bybel daar ongedeerd van afgekom. Die Skrif kan nie gebreek word nie (Joh. 10:35). Altyd weer word die menslike dwaasheid aan die kaak gestel. Die een teorie volg die ander op, maar: Verbum Dei manet in aeternum — die Woord van God bly tot in ewigheid.

## **8. SLOT**

Ons sluit af met 'n woord van Bavinck: "In de Heilige Schrift komt God dagelijks tot zijn volk. In haar spreekt Hij tot zijne kinderen, niet uit de verte, maar van nabij. In haar openbaart Hij Zich van dag tot dag aan de geloovigen in de volheid van zijn genade en waarheid. Door haar werke Hij zijne wonderen van ontferming en trouw. De Schrift is het blijvend rapport tusschen hemel en aarde, tusschen Christus en zijne gemeente, tusschen God en zijne kinderen. Zij legt ons niet alleen vast aan het verleden, zij bindt ons aan den levenden Heer in de hemelen .... Als zijn en bewustzijn beide eens geheel zullen vernieuwd zijn, dan heeft de openbaring haar einde. De Schrift is dan niet noodig meer. De inspiratie (theopneustie) is dan het deel van alle kinderen Gods. Zij zullen allen door den Heere geleerd zijn en Hem dienen in zijnen tempel. Profetie en wonder zijn geworden tot natuur, want God woont onder zijn volk" (Dogmatiek<sup>4</sup>, I, 357).

# DIE GESAG VAN DIE HEILIGE SKRIF

PROF. DR. J. D. DU TOIT

As ons bewyse moet lewer vir die Christelike waarheid, word die Skrif aangehaal. Dit is dan die einde van alle teëspreking. Waarom? Wel omdat die gelowige die Skrif erken as die Woord van God en bygevolg as die absolute gesagsbron.

Nou kan egter die verdere vraag gestel word: "*Waaraan* ontleen die heilige Skrif sy aansien en gesag?" (vgl. die opskrif van die Belydenis by art 5). M.a.w. op *watter grond* steun die onfeilbare gesag van die Skrif?

Ons Belydenis spreek eers van die *kanonieke boeke* van die bybel. Daaronder word verstaan die boeke "*waar niks teen gesê kan word nie*" (art. 4). En dan word in art. 5 die vraag beantwoord: Waaraan ontleen die heilige Skrif sy aansien en gesag? Dit is die onderwerp waaroor nou gehandel moet word.

Ons begin met *die gronde waarop die gesag van die Skrif prinsipieel nie kan rus nie*.

## (1) Die Oorlewering.

Die oorlewering of tradisie aangaande die Skrif, wat uit die oudste kerk afkomstig is, kan as laaste grond vir die Skrifgesag nie aanvaar word nie.

Ten eerste is die oorlewering nie onfeilbaar nie. Allerlei dwaling in verband daarmee kon in die loop van tyd ingesluip het. Die oorlewering self moet, sover dit nog moontlik is, aan 'n strenge keur onderwerp word. Ten tweede is die ouderdom van 'n boek, gestel dat dit bewys kon word, *op sigself* nog geen maatstaf om dit in die kanon of bybelgeheel in te lyf nie (vgl. art. 7 van ons Belydenis). Ten derde sou ons, feilbare mense, moet bepaal *hoe lank* die oudste tyd moes geduur het. En ten vierde (dit is die hoofbeswaar), met dit alles gaan ons die feilbare mens aanstel om uit te maak wat die Woord van God is en wat nie, m.a.w. ons plaas die mens bo die Skrif!

Nee, die verdienste van die oorlewering lê in iets anders. Dit was die middel waardeur die Bybel van geslag tot geslag oorgedra is, en die kerk het van eeu tot eeu die bybelboeke ontvang met die mededeling dat dit die geïnspireerde boeke is. Daarom word die tradisie dan ook hoog geag. Maar as kengrond vir die Skrifgesag kan die oorlewering nie in aanmerking kom nie.

## (2) Die Apostolisiteit.

Die ander grond kan ook nie geld nie, naamlik dat 'n boek kanonies is, of tot die bybelboeke behoort, omdat dit *apostolies* is. (Hierdie kenmerk het natuurlik alleen betrekking op die Nuwe Testament.) Al weer dieselfde beswaar; ons feilbare ondersoek na apostolisiteit kan nie die werk van God aangaande die Skrif beoordeel nie. Daarby kom dat van sommige boeke van die Nuwe Testament die apostoliese herkoms nie bewysbaar is nie. Byvoorbeeld, van die Hebreërbrief weet ons nie wie die skrywer was nie.

## (3) Historiese Argumente.

Ons moet by die hoofvraag aangaande die Skrifgesag ook alle historiese, aan die geskiedenis ontleende argumente afwys. Nogmaals dieselfde beswaar: die werk van God kan van ons feilbare historiese ondersoek nie afhanklik gestel word nie. Bowendien: vir die bewering dat bv. die ontstaan van die Nuwe Testament geskiedkundig bewys kan word, is die gronde nie voorhande nie.

Ons weet ook van geen enkele kerkvergadering wat hom met die afsluiting van die kanon, d.w.s. van die bybelgeheel, as *vraagstuk* besiggehou het nie. Die sinodes van Hippo Regius 393 en Carthago 397, die eerstes waarop 'n boekelys van die Skrif saamgestel is, hou hulle nie met die kwessie van gesagsgronde besig nie, maar *registreer* net die name van die boeke wat *alreeds* as bybelboeke erkenning erlang het. Die sinodes *bewys* nie, hulle *bely* en *bewaar* net.

#### **(4) Die Outoriteit van die Kerk.**

Calvyn het al gesê: Dat die heilige Skrif die Woord van God is, *staan nie vas deur die kerk nie*, maar het vasgestaan voor die kerk se besluit; want die kerk is gegrond op die fondament van die apostels en profete (vgl. dr. H. Bavinck, Dogm.<sup>2</sup> I, bl. 626). Ons kan ons dus vir die vasstelling van die Skrifgesag nie op die outoriteit van die kerk beroep nie.

Natuurlik bly dit teenoor ongeloof en twyfel, wat menigvuldig in die wêreld is, 'n hartsterkende gedagte dat die kerk van alle eeue die Goddelikheid van die Skrif bely het. Ook In hierdie opsig is daar 'n "wolk van getuies" wat ons omring om ons te versterk. Ons staan nie alleen met ons Skrifgeloof nie.

Maar in laaste instansie kan ons belydenis aangaande die Skrifgesag nie steun op die kerk nie, omdat die kerk self gedra word deur die outoriteit van die Skrif.

Hierdie en dergelike bewysvoeringe en argumente het wel hul waarde, wat ons nie wil verkleineer nie. Maar hulle is alleen van waarde *vir die gelowiges*, d.w.s. vir diegene wat alreeds glo dat die Bybel die Woord van God is. Hulle kom nie om ons tot die geloof *te beweeg* nie (dit kán hulle nie), maar om ons in die alreeds voorhande geloof *te versterk*. Kom die teëstander met sy bewyse, ons het ons teëbewyse. Ons kan hom op gelyke platform ontmoet en met sukses weerstaan. Maar ons moet nie dink dat dáármee die teëstander oortuig en tot die geloof beweeg sal word nie. Ja, die gelowige self kom nie dáárdeur tot sy Skrifgeloof nie. Alles wat van die kant aangevoer kan word, is vir ons *getuienisse* vir die waarheid van ons geloof, maar geen *bewyse* nie.

Die posisie teenoor die teëstander word in hierdie woorde deur prof. Greydanus duidelik gestel:

"Ons kan aantoon waarvoor die heilige Skrif hom uitgee, wat hy van homself pretendeer (nl. dat hy die Woord van God is) ... . Ons kan ook allerlei bybring wat die waarheid van hierdie selfgetuienis kan steun. Maar wetenskaplik bewys dat hierdie selfgetuienis (van die Skrif) waar is, sodat elkeen met logiese noodwendigheid gedwing word om dit aan te neem, dit vermag ons nie . . . ."

"Maar," so gaan prof. Greydanus voort, "nog minder kan iemand wetenskaplik bewys dat die selfgetuienis van die heilige Skrif onwaar is. Ook die verwerping van die selfgetuienis van die heilige Skrif .... is 'n *saak van geloof*, nie van wetenskaplike bewys nie" (Schriftgeloof en Canoniek, bl. 11).

Dit is dus duidelik dat ook die teëstander hom in laaste instansie nie laat lei deur sy bewysvoeringe nie, maar deur *sy geloof*, d.w.s. sy onwilligheid om die duidelike getuienis van die heilige Skrif, van Genesis tot Openbaring, aan te neem dat die bybel die Woord van God is.

#### **Die Getuienis van die Heilige Gees.**

Hoe kom die gelowiges tot aanvaarding van die getuienis? Ons belydende vaders het in hul Belydenis (art. 5) die antwoord in enkele woorde neergeskrywe. Die Skrif is vir ons die Woord van God, sê hulle, *"omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle (die bybelboeke) van God is."*

Laat ons nou hierdie gekursiveerde woorde in hoofpunte oorweeg. Op die regte verstand daarvan kom dit nou aan.

- (1) Die eintlike getuienis vir die Goddelikheid van die Skrif is die getuienis *wat die Skrif self gee*, naamlik dat dit die Woord van God is. Dit *is* en *bly* die Woord van God al sou geen mens die getuienis aanneem nie. 'n Diamant *is* weens sy inwendige samestelling 'n diamant, en dit *bly* 'n diamant al lê dit ook duisende jare in die aarde verborge.
- (2) Van nature kan die mens die koninkryk van God nie sien nie (Joh. 3:3): hy kan die heilsfeite en heilswaarhede nie waarneem nie. Daarom verwerp hy die bybel as die



Woord van God.

- (3) In die wedergeboorte word in die gelowige die geestelike vermoens herstel en deur die Heilige Gees aktief gemaak. Dan is dit dat *die Gees met ons gees getuig dat ons kinders van God is* (Rom. 8:16).
- (4) Hierdie getuienis betref nie net die Goddelikheid van die Skrif nie. Dit sê ons dat ons *kinders van God* is en dus deel het aan *alles* wat God aan sy kinders kenbaar gemaak het, soos bv. dat God drieënig is, dat Christus as die Verlosser gekom het, dat die Heilige Gees uitgestort is in die gemeente, ens.
- (5) Die eintlike *grond* vir ons geloof aan die Skrifgesag is dus die selfgetuienis van die Skrif (vgl. punt 1), maar die getuienis van die Heilige Gees is die *middel* om ons tot die geloof te beweeg.
- (6) Hierdie getuienis is geen aparte stem wat tot ons kom buitekant die Woord om nie, maar dit kom uit en deur die Woord. Die Heilige Gees open ons oor sodat ons dadelik as God spreek sy stem herken. Watter kind is daar wat nie die stem van sy vader ken nie?
- (7) Hierdie getuienis gee onmiddellike sekerheid en gaan nie langs die omweg van bewysvoering nie. Daarom het ons al die argumente en redeneringe, wat in die begin van hierdie artikel opgesom is, nie nodig nie as dit op die laaste grond van ons Skrifgeloof aankom.

### **Die Goeie Reg van ons Uitgangspunt.**

Die teëstander sal aan ons sê dat ons uitgaan van 'n beginsel, nl. dat die Bybel die Woord van God is en 'dat die Heilige Gees daarvan in die harte van die gelowiges getuienis gee; maar, sal die teëstander daarvan toevoeg: julle moet ons éérs die deugdelikheid van die beginsel bewys wat julle as uitgangspunt gekies het.

Ons antwoord is: Nee. Elke wetenskap gaan uit van beginsels waaragter 'n mens nie kan teruggryp nie, wat nie bewys kan word nie. Sonder sulke beginsels, as punte van begin, is geen wetenskap moontlik nie. Waarom moet dan net vir die Gadskenis 'n uitsondering gemaak word?

As die teëstander ons bevooroordeelde noem vanweë ons uitgangspunt, dan sê ons dat dit net so bevooroordeelde is om die Bybel aan te sien as 'n boek wat gelykstaan met ander boeke, terwyl dit tog self sê dat dit die Woord van God is. Dit is hier nie 'n saak van wetenskap en *geloof* nie, maar van geloof en *ongeloof* wat teenoor mekaar staan.

Die outoriteit van die Skrif rus dan ook, soos alle beginsels, in sigself en is vir geen bewys vatbaar nie. Die Skrif moet geglo word om sigself.

Dit is nie onwetenskaplik nie. "Die band van die siel aan die Skrif as die Woord van God lê *agter* die bewussyn en *onder* die bewyse; dit is mistiek van aard *net soos die geloof aan die principia* (beginsels) *in die verskillende wetenskappe*" (Bavinck, Dogm.<sup>2</sup> I, 634).

As iemand die lig sien, soek hy daarvoor geen bewys nie. Hy sal u sê: Ek weet dat daar lig is, *want ek sien dit*. Hoe weet 'n lammetjie, al van die eerste dag af, dat sy ma sy ma is? Wel, *omdat dit sy ma is!*

So ook weet die gelowige dat die Bybel die Woord van God is, *want hy hoor daarin die stem van God*.

Die verskillende wetenskappe het wel, volgens hul verskillende aard, verskillende soorte beginpunte en verskillende metodes waarvolgens gewerk word, maar in die grond van die saak is dit, soos prof. Bavinck sê: die geloof aan die grondbeginsels is altyd mistiek van aard.

### **Die Getuienis van Christus.**

Die aanspraak wat die Skrif maak dat dit die Woord van God is, word ten volle deur die outoriteit van Christus gedek. Glo ons in Christus as ons hoogste Profeet, dan moet ons

ook sonder twyfelingsy woord aangaande die Skrif aanneem.

Van die Ou Testament het Hy gesê: "Dit is *die (die Skrif te)* wat van My getuig" (Joh. 5:39). "Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle (die Emmausgangers) uitgelê *in al die Skrifte* die dinge wat op Hom betrekking het" (Luk. 24:27). Die Ou Testament is die onfeilbare Woord van God aangaande die verlossing wat aan kom was, en daarom moes dit in Christus vervul word.

Ook die Nuwe Testamentiese Skrifte het Hy gewaarmerk deur aan sy apostels te sê: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, *en julle sal my getuies wees*" (Hand. 1:8). "Wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, *Hy sal julle in die hele waarheid lei*" (Joh. 16:13).

### **Waaroor gaan die Gesag van die Skrif?**

Die gesag gaan oor *alles*.

Die punt is deur die skrywer van hierdie stuk breër uitgewerk in sy brosjure "Die Bybel is die Woord van God" (No. 1 van die Verkennersreeks). Daarheen word die belangstellende leser verwys.

Ons sal hier alleen oorskrywe die woorde van ds. J. Verkuyl wat daar uit sy brosjure "Evangelisasie onder hoogere standen" (bl. 30, 31) aangehaal is. Hy sê dat die verkondiging van die Evangelie *totalitêr* moet wees, d.w.s. Jesus Christus roep ons in die bybel op tot geloofsgehoorsaamheid *op alle fronte van die lewe*.

En dan bestry hy 'n dwaling wat ook onder ons sy triomfe gevier het, wat in algemeen met die naam "metodisme" aangedui kan word. Hy sê: "Een van die bedenklikste verskynsels in die situasie van die hedendaagse Christendom is dat daar soveel 'Christene' is wat die konsekwensies van hul geloof nie sien *vir hul hele lewensopenbaring op alle gebiede waarin God hulle plaas nie*.

"So 'n Christendom moet op 'n vergissing berus. Die vergissing skyn my hierin te lê dat die Evangelie aan sulke mense *alleen as 'n gemoedsaak* gebring is en nie duidelik genoeg aangedring is op bekering oor die hele linie van die lewe nie. Die enigste moontlikheid om die gevaar te besweer, is 'n egte Calvinistiese, d.w.s. *totalitêre (allesomvattende) verkondiging van die Woord van God*, waarin opgeroep en saamgestry word *om die erkenning van Christus as die Here in alle situasies en funksies van die lewe*." (Die kursivering is van ons afkomstig.)

Dit is mooi gesê. Maar om Christus as Here oral en altyd te erken, moet ons buig onder die gesag van die Skrif wat oor ons hele lewe en oor alles gaan.

Helaas, baie van die ellende wat ons in ons volksbestaan belewe het, kom daaruit voort dat die Evangelie onder ons "alleen as 'n gemoedsaak" verkondig is. Dit het tot gevolg gehad dat die Bybel, die gesagdraer, van die publieke lewensterreine of geheel of gedeeltelik uitgesluit is. Dit is inderdaad 'n droewe toestand, gesien dat ons op die kwalifikasie "Calvinisties" graag ons aanspraak laat gelde. Mag dit nou eenmaal en eindelik onder ons anders word!

# DIE SKRIF DIE ENIGSTE REËL VAN ONS GELOOF

DR. J. P. JOOSTE, B.A., B.D.

Die groot onderskeid tussen mens en dier moet ook in die menslike lewe weerspieël word. Van die mens as redelike wese word verwag dat sy lewe volgens 'n sekere maatstaf sal wees, d.w.s. sy daad moet sodanig wees dat dit dadelik kan blyk dat daar vasgestelde reëls was waarvolgens hulle geplan en uitgevoer is. Van die mens verwag ons vaste lyne in sy lewe, en 'n willekeurige bontspringery strek hom as redelike wese nie tot eer nie. Daardie vasgestelde, dog meestal ongeskrewe, maatstaf wat ons by die mens verwag, kan ons 'n lewensreël noem, omdat dit die maatstok is waaraan die planne getoets word voordat hulle uitgevoer word.

Sodanige lewensreël het nodig geword as gevolg van die sonde. Voor die val was die wet van God die ingeskape lewensreël, maar as gevolg van die val het dit mens dit verloor. Die behoefte aan sodanige lewensmaatstaf het egter nie verdwyn nie. Vandaar dat alle mense, gelowig sowel as ongelowig, tog weer in hul lewe so 'n maatstaf vaslê. By die een net meer doelbewus as by die ander.

Die lewensreëls van die ongelowiges laat ons hier weens gebrek aan ruimte buite rekening, te meer aangesien daar so 'n groot mate van verskeidenheid is onder hulle. Ons skenk hier dus hoofsaaklik aandag aan die lewensreël by die gelowiges.

Vir die gelowige wat as begenadigde van God, hom- of haarself leer ken het as sondaar of sondares, onbekwaam om uit eie mensekrag goed te doen, moet die lewensreël gesoek word by die Skepper. Die weg hiertoe word deur God self gebaan, deurdat Hy die geloof weer in die hart laat plant deur die Heilige Gees. Deur die geloof word die geestelike wêreld wat onder die sonde verlore geraak het, weer 'n werklikheid. Daardeur word God weer erken as die Soewerein in die lewe van sy kind; Jesus Christus aanvaar as die groot Verlosser uit die mag van die sonde en ongeregtheid; en die Heilige Gees erken as die groot Trooster in die lewe.

Die geloof word dus die middel waardeur God weer die verlore wêreld onder die sonde, oopmaak vir sy kind. Die geloof word dus so die anker vir die hele lewe van die gelowige. As die gelowige dus 'n reël van die geloof kry, d.w.s. 'n maatstaf waarvolgens die geloofsdade gereël en getoets kan word, is sodanige geloofsreël inderdaad 'n lewensmaatstaf.

Die eise vir so 'n geloofsreël kan geskiktelik as volg saamgevat word: 'n maatstaf vir wat geglo en gedoen moet word (norma credendum et agendum). Die maatstaf moet erken word as gesaghebbend vir die hele lewe, aangesien dit die hele godsdienstige lewe dek (vir wat geglo moet word), maar ook die hele lewe van daad-aksie (handel en wandel, wat gedoen moet word). Dus nie een maatstaf vir die geloofsdade en weer 'n ander om die gewone lewe te reël nie, soos die leer van die dubbele moraal wil hê nie. Net een maatstaf waarvan die doel moet wees om die eer van God te soek onder alle lewensomstandighede, godsdienstig, kultureel, staatkundig, kommersieel, ens. Soos reeds gesê, het God die weg tot verkryging van so 'n geloofsreël self vir die gelowige gebaan, nl. by God die Skepper self.

As die ontwikkeling van die menslike lewe in die oorspronklik deur God vasgestelde gang voortgegaan het, sou elke mens 'n suiwer beeldraer van God gewees het, en só ook die ware maatstaf in hom omgedra het. As gevolg van die sonde egter is die ingeskape maatstaf vervals en die oordeelbepalings nie meer ooreenkomstig die skeppingsdoel nie. Om nou teenoor die onsuivere maatstaf weer die regte te stel, moes God as die opperste maatstaf, Homself weer openbaar om sodoende weer die regte lyn teenoor die skewe onder die sonde, daar te stel.

Die regte lyn het God laat trek in wat ons die heilige Skrif noem. In die Skrif kry ons 'n groot verskeidenheid van verskynsels met één sentrale gedagte, nl. Christus en sy versoeningswerk. Die maatstaf, wat by God is en in die persoon van Jesus Christus sy

hoogste openbaring vind, word in die heilige Skrif op Gods bevel vasgelê. Só word die Skrif aanvaar as die maatstaf vir wat geglo en gedoen moet word. As gevolg van die sonde kry ons in hoofsaak twee maatstawwe teenoor mekaar: aan die een kant die valse, verkeerde en deur die sonde verwronge (hoewel in die lewe gesplits in 'n groot aantal verskillende teorieë) wat in sy wese menslik is en bly, en aan die ander kant die ewige en onveranderlike wat by God was en deur Hom weer in sy Woord geopenbaar is. Wie dus deur die geloof die Heilige Skrif as die geskrewe Woord van God aanvaar, verkry daardeur die enig-ware en suiwere maatstaf vir die lewe. Die oorsprong van hierdie maatstaf, nl. God, verleen daaraan vanself die nodige gesag waardeur die gelowige gewilliglik sy lewe daarvolgens inrig.

Hierdie maatstaf moet beskou word as die enigste, want die Here sal nie twee suiwere maatstawwe gee nie, waar een geheel en al afdoende is.

Die vraag kan hier gestel word; hoe kan die Skrif wat so 'n groot verskeidenheid van gebeurtenisse beskrywe, diens doen as 'n lewensreël? Deur die Skrif te bestempel as 'n lewensreël wil ons nie beweer dat dit 'n handboek is vir geskiedenis, aardrykskunde, natuurkunde, biologie ens. wat slegs geraadpleeg moet word oor al die probleme wat op die verskillende terreine opduik nie.

Die Skrif is gegee as leidraad vir ons geloof; maar daardie geloof sluit eenvoudig alles in — nie net die sielelewe nie, maar ook die liggaamlike; nie net wat is en sal wees nie, maar ook wat was. Die gelowige kan dus nie die een oomblik met Gods Woord in die hand sê: "Ek glo in God die Vader, Skepper van hemel en aarde" en die ander oomblik met 'n handboek oor biologie saam sê dat alles maar vanself uit een oerbron ontwikkel het nie. Dit sou 'n innerlike verskeurdheid openbaar wat nie gedoog kan word nie. Die Skrif gee vir ons die oorsprong, die bestaansgrond en doel van die dinge en daarin gee dit vir ons die diepste beginsels van kennis; dit weer is op sy beurt nodig as agtergrond vir God se verlossingswerk.

Die heilige Skrif laat dus nie net die lig val op die verlossing van die siel nie, maar bepaal ook vir ons die verlossing van die liggaam. Die bewering dat die Skrif net kennis gee van die saligheid van die siel, moet weerspreek word. Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gee dan ook vir ons die doel van die heilige Skrif as volg: "Soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort."

So moet ook die bewering dat die Skrif nie genoegsaam is nie, maar van tyd tot tyd aanvulling nodig het, bestry word. In die verband wys ons hier op 'n paar strominge: Rome leer bv. dat die heilige Skrif deur die mondelinge oorlewering van woorde van Christus en die apostels aangevul moet word. Hieruit sou egter 'n groot verwarring gebore kan word, vandaar die bepaling dat die pous, na 'n voorafgaande ernstige ondersoek deur die kardinale, mag beslis wat tradisie is en wat nie. Opmerklik is dit dat die tradisie by Rome die Skrif altyd meer en meer verdring het. Rome rand dus die Skrif aan deur toevoeging.

'n Ander aanranding van die Skrif is egter die van die sgn. geesdrywers wat beweer dat hulle nog steeds direkte openbarings van God ontvang. Vir hulle is die Skrif nie die enigste reël van die geloof nie, want hulle word deur God self voorgelig hoe om te handel. Teenoor hierdie strominge stel ons die leer dat die Godsopenbaring, soos in die Heilige Skrif beliggaam, afgesluit is en grond dit hoofsaaklik op die volgende: Gods Woord leer dit, bv. Lukas 16:27-31; verder: as Gods Woord 'n geheel is niteenstaande sy veelheid, moet daar 'n moment van voltooiing aanbreek. 'n Organisme groei nie aanhoudend nie, maar dit bereik 'n staat van volgroeiheid. So ook Gods Woord: nadat God daarin sy raad bekendgemaak het, kon dit as afgesluit beskou word.

Ons Here Jesus sê self dat Hy gekom het om die koninkryk van die hemel te stig. Na die stigting volg die uitbreiding en voltooiing, wat sekerlik nie meer tot die stigtingsperiode gereken kan word nie, maar tot die geskiedenis van die ryk.

Opmerklik is dit dat nie een van die kerkvaders, reformatore, groot predikers ens. in die

kerk ooit daarop aanspraak gemaak het dat hul geskrifte die Bybel kan aanvul nie.

Alhoewel die heilige Skrif 'n ou boek is, bly dit tog altyd 'n splinternuwe middel, want die Heilige Gees is die leidsman van die kerk wat die Skrif weer na die eise van die tyd tot troos en bemoediging toepas in die harte en lewens van die gelowiges.

## DIE WESE VAN GOD

DR. B. J. DE KLERK, M.A.

Hy wat wil spreek of skrywe oor die wese van God, voel meer as ooit self die nood van sy siel en kan sulks alleen doen met 'n biddende hart, dat aan hom die Gees van wysheid gegee mag word, verligte oë van die verstand om God en sy volmaakthede op die regte wyse te ken en te bely. Ons bevind ons hier op heilige grond, want ons raak hier die allerverborgenste van die verborgenhede van God, daarom pas kinderlike eerbied ons en 'n hart vol van ontsag vir die hoë en verhewe God, wie se deugde ons moet verkondig. Soos Moses by die brandende doringbos mag ons nie nuuskierig nader gaan nie, maar moet ons ons skoene uittrek en met geboë hoof in aanbidding God met ons geloofsoog aanskou.

En sodra ons oor God wil spreek, kom die vraag op, hoe ons dit sal kan doen. Ons is mense en Hy is die Here onse God. Daar skyn tussen Hom en ons geen verwantskap en geen gemeenskap te bestaan, dat ons Hom na waarheid sou kan ken nie. Daar is tussen Hom en ons so 'n groot afstand, so 'n diep kloof.

Die Christelike teologie het dan ook van die vroegste tye af as uitgangspunt en grondgedagte vooropgestel die leer van die onbegryplikheid van God en die onkenbaarheid van sy wese. God gaan in sy openbaring nie op nie, ook nie in die skepping of herskepping nie. Hy kan Hom aan skepsele nie ten volle meedeel nie, want dan sal hulle self God moet wees. Daarom is daar geen volledige (adekwate) kennis van God nie. Daarom kan ons van God geen definisie gee nie, want dit sou beteken dat ons sy wese sal moet kan deurgrond. Daar is geen naam wat ons sy wese sal laat ken nie. Daar is geen begrip wat Hom ten volle omvat nie. Daar is geen beskrywing wat Hom volledig bepaal nie. Wat *agter* die openbaring lê, is ten enemale onkenbaar. Ons kan dit nie met ons gedagte of verbeelding of met ons taal benader nie. God gaan oneindig ver bo ons begrip, ons voorstelling en ons taal uit. Die kerkvader Augustinus druk hierdie gedagte baie mooi uit as hy sê; "As ons wil sê wat God is, sê ons net wat Hy in onderskeiding van alle eindige dinge nie is nie. Hy is onuitspreeklik. Hy is geen aarde, see, hemel, engel, ens., niks van al wat die skepsel is nie. Want Hy is bo al die liggaamlike, veranderlike, gewordene verhewe. Is dit 'n wonder dat u Hom nie begryp nie? Hy is die onbegryplike en moet dit wees, want as u Hom begryp, dan is Hy geen God meer nie. Die eindige is nie in staat om die oneindige te bevat nie. En as ons dan ten slotte wil sê wat ons van Hom dink, dan worstel ons met die taal. En as ons tog iets aangaande Hom wil uitspreek, dan is dit nie volledig nie, maar dien dit net om ons iets te laat sê en om ons te laat dink aan 'n wese wat alles oortref." God is weens sy oneindige volmaaktheid onbegryplik (in die sin van onbevatlik) vir ons verstand wat in alle dele eindig en gebrekkig is.

Hierdie opvatting is in volkome ooreenstemming met wat die Skrif deurgaans leer. Ons noem maar net 'n paar duidelike uitsprake: Job 11:7; 36:26; Jes. 40:18; Joh. 1:18; 1 Tim. 6:16; 1 Kor. 2:10, 11. Ook ons gereformeerde Belydenisskrifte leer dit: Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 1, en Heidelbergse Kategismus, vr. 48.

Wanneer ons die onbegryplikheid van God leer, wil dit egter nie sê dat ons ook die onkenbaarheid van God voorstaan nie. Daar is 'n hemelsbreë verskil tussen hierdie twee begrippe. Onbegryplikheid sê ons dat ons verstand met sy eindigheid 'n volledige openbaring van God nie kan omvat nie. Hieruit volg nie dat ons geen kennis van God kan hê nie. Ons het onvolledige kennis van God, kennis na die bevattingsvermoë van die mens. Dus geen absolute kennis nie, maar 'n beperkte en betreklike kennis.

Van God ken ons niks anders nie as net wat Hy van Homself aan ons bekend gemaak het en wat die eindige mens in hom kan opneem. Kennis van God kan dus waar en suiwer wees, maar is altyd beperk en betreklik. Die moontlikheid van ons kennis van God berus daarop dat God Hom openbaar, en dat die mens wat na Gods beeld geskape is, die openbaring kan verstaan.

Alle openbaring van God is openbaring aangaande Homself in verband met die skepsel.

Nêrens is daar 'n boek in die heilige Skrif wat uitsluitend iets oor God gee, maar die Skrif laat ons God ken soos Hy is in verband met die skepsel. Dit blyk veral uit die naam "Jehovah" (Jahweh), 'n naam wat van groot betekenis is vir die skepsel. Dit druk die verhouding uit tussen God en sy volk as 'n verbondsverhouding. So ook by die deugde van God, bv. soewereiniteit. 'n Soewerein moet onderdane hê.

Die heilige Skrif leer ons egter baie duidelik dat God onafhanklik van die skepsel is. Hy leef 'n bestaan in Homself en het reeds bestaan toe daar nog geen skepping was nie. Vgl. Ex. 3:15: "Ek is wat Ek is."

Daarmee bely ons dat die werkinge wat ons in en buite ons as bo-kreatuurlike werkinge opmerk, nie skynbaar of toevallig is nie, maar hul grond- en bewegende oorsaak vind in 'n wese wat ons God noem. En waar hierdie werkinge by die toeneming van die geloof al meer in *alles* openbaar word, daar openbaar en ontdek God Hom aan ons as die skepper en oorsprong van alle dinge.

Hieruit volg dat daar tweërlei wesenheid is. Een wat rus op en voortvloei uit 'n ander wese, en 'n wese wat *sy grond in homself besit*. Die eersgenoemde wesens het slegs 'n afgeleide en afhanklike bestaan, die laasgenoemde is oorspronklik, onafhanklik, deur niks buite hom bepaal nie en dus absoluut, 'n absolute karakter waartoe juis dit behoort dat dit geen gelyksoortige wesens naas hom het nie, maar alle ander wesenhede in afhanklikheid van sy eie wese skep, in stand hou en besit.

In ons gereformeerde teologie word hierdie gedagtes uitgedruk deur twee terme: immanensie en transendensie. Die immanensie (inblywing) dui aan dat God met sy wese in die wêreld aanwesig is, dat sy alomteenwoordige krag die ruspunt, die fondament is van die ganse heelal. Dit dui aan die voorsienigheid van God waardeur Hy alles onderhou en regeer. Die transendensie (van 'n Latynse woord wat beteken oorgaan, oorskry) dui aan dat God voor, bo en onafhanklik van al die geskapene is. God is die verhevene wat bo al die wêreldgebeure staan en oor die hele skepping regeer. Teen Gods wil kan selfs die magtigste hulle nie roer of beweeg nie. God is die Soewerein, wat met die geskapene doen alles wat Hom behaag. Hy is ook die onafhanklike. Hy is nie gebind aan iets of iemand in sy skepping nie. Hy het die skepping nie nodig, om enige gebrek of enige ledigheid in Homself te vervul nie. Hy word deur die mens nie gedien asof Hy iets van hom nodig het nie (Hand. 17:25). Dat dit alles so is blyk reeds hieruit, dat God deur die woord van sy almag die dinge wat nie is nie, geroep het, asof hulle daar was. Ook uit die almagtige en alomteenwoordige krag, waardeur Hy hemel en aarde só bewaar en regeer dat alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy hand die mense toekom.

Hierdie opperhoogheid laat ons ons kleinheid voor en ons afhanklikheid van God verstaan. Van die hemelse majesteit mag ons nie aards dink nie. Maar as ons aan Hom dink en sy Naam uitspreek, dan behoort ons dit te doen met diepe eerbied. Selfs as ons kinders van God mag wees, mag ons die grens tussen Hom en ons nie oorskry nie, en mag ons slegs met kinderlike vrees die "Abba, Vader," op die lippe neem.

Waar alle ander wesens skepsele is, daar is dit juis die kenmerk van God dat Hy ongeskape is, in Homself rus en so die ewige wese is. God is die volstrek-ewige, wat bestaan sonder begin, sonder voortgang of vervolg van tyd, en sonder einde, wat is en wat was en wat kom (Ps. 90:2; Openb. 1.-4).

Volgens die getuienis van die Skrif bestaan daar slegs een ewige wese, volsalig in Homself. Hy besit alleen onsterflikheid en bewoon 'n ontoeganklike lig. 1 Tim. 6:16; Ps. 97:2: "Wolke en donkerheid is rondom Hom," druk dieselfde gedagte uit. God, in Christus, tree met sy kinders in die allerinnigste gemeenskap, en tog word hulle sy wese nie deelagtig nie.

Gods wese is eenvoudig, d.w.s. dat God nie uit dele saamgestel is nie. God is absolute geheelheid. Hy is alles wat Hy kan wees, en kan deur niks buite Hom volmaakter word nie. Hy is volmaak. In Hom mag ons nooit iets onderskei wat minder of wat meer goddelik is nie (Ex. 3:15).

Net so is Hy die ewig-onveranderlike in sy wese, besluite en beloftes (Ex. 3:14, 15; Mal. 3:6; Jak. 1:17). God kan ook nie tot 'n beter of tot 'n minder staat oorgaan nie, maar is ewig dieselfde. In God is geen ontwikkeling nie. Hy is geen wordende God nie, in Hom is geen proses nie.

Die eenvoudigheid van God lei vanself tot 'n ander waarheid, nl. dat God 'n gees is, 'n geestelike natuur besit, want al wat liggaamlik is, is saamgestel. Wél spreek die Skrif van God steeds op menslike wyse en ken aan Hom allerlei liggaamlike organe en werksaamhede toe. Ons dink veral aan 'n uitspraak soos Ex. 33:23: "En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie." Hierdie verskyning bied 'n voorstelling van God in 'n menslike gestalte. Selfs is daar in die uitwendige vertoning van die mens bykans nie één deel wat in die heilige Skrif nie ook aan God toegereken word nie. Daar is sprake van sy voete, bene, ingewande, hart, oë, neus, mond, oor, hand, arm, skouer; in één woord, byna alles wat uitwendig en inwendig merkbaar is by die mens, vind ons ook by Hom.

Die vraag kom op: hoe moet ons hierdie mensvormige voorstelling van God verklaar? Die gewone opvatting is dat van dit alles in God die Here niks is nie, maar dat, eenvoudig omdat in ons menslike wese hierdie ledemate waargeneem word, dit in figuurlike sin op Hom oorgedra word. Die Skrif doen dit om ons swak bevattingsvermoë te hulp te kom.

Hierdie verklaring bevredig egter nie, omdat op hierdie wyse nie meer die mens na die beeld van God sou geskape wees nie, maar God voorgestel word na die beeld van die mens. Die oorspronklike vorme sou dan in die mens wees en die afgeleide vorm op God oorgedra word. Dit bring ons in botsing met ons hele opvatting oor die wese van God soos tot sover uiteengesit.

Waar die Skrif praat van Gods hand, oog, oor, hart, ens., dui dit aan daardie ongestoorde, volkome aksie wat direk van God uitgaan, sonder organe. Van hierdie ongestoorde, volmaakte aksie het ons 'n afskynsel (similitude) in die werkinge wat middellik uit die menslike persoonlikheid uitgaan deur die kanale van hand, oog, oor, hart, ens.

Die heilige Skrif leer ons dat God 'n persoon is. Die regverdiging van ons hele geloof en gebedslewe hang hiermee saam. Die persoonlikheid van God word ons dan ook deurgaans in die Skrif geopenbaar. Ons vra dan ook nie hier na afsonderlike Skriftuurplekke as bewysplekke nie, maar wel na die grondgedagte van die Skrif.

Wanneer het ons met 'n persoon te doen? As daar 'n "EK" is wat hom laat geld. Dwarsdeur die Skrif is dit die goddelike "EK" wat Hom openbaar.

God tree telkens as 'n "EK" op. "Ek sal vyandskap stel. Ek sal die aarde verdelg. Ek sal jou huis bestendig maak. Waar was jy toe Ek die aarde gegrondves het? Is Ek 'n Vader, waar is my eer? Is Ek die Here, waar is my vrees?" ens.

Word daar in die heilige Skrif oor God gespreek, dan word van Hom gespreek as oor 'n "Hy." "Hy gebied en dit staan daar. Hy sal nie altyd twis nie."

Vir ons geloofsbesef is dit tans ook nog so. Ons ervaar God as 'n "EK" wat op ons beslag lê. In ons hele Godsverering het ons te doen met 'n persoon. Ons kla nie die leed van ons hart teen 'n mag of 'n krag nie, maar teen 'n persoon. Vir 'n persoon bely ons ons skuld. As God geen persoon is nie, dan is daar ook geen genade en ook geen verlossing nie.

Dit is die indruk wat die Skrif by ons teweegbring: "Ek is God en niemand meer nie."

Lê God in sy openbaring alle nadruk op sy Ek, dan bring Hy ons daardeur onder die indruk van sy majesteit en aktiwiteit. "Ek is God en niemand meer nie, daarom sal Ek My ook laat geld. Ek sal my eer aan geen ander gee nie, en aan geen gesnede beeld nie." God is altyd op die hoogste aktief en hierdie aktiwiteit het sowel sy oorsaak as sy doel in die volmaakte Ek. Alle dinge is uit Hom en deur Hom en eindelijk tot Hom.



Die persoonlikheid van God onderstel sowel sy transendensie — Hy gaan ver bo die wêreld uit — as sy immanensie — Hy dra die wêreld nie alleen in sy geheel nie, maar ook alle dinge afsonderlik. Hy deurdring alle dinge, lewenslose en lewendige dinge. In Hom leef ons en beweeg ons en is ons. Aan Hom alleen kom toe die lof, die eer en die aanbidding.

Gelukkig is die kindertjies wat verstaan wat vir die wyse en verstandiges verborge is en met die digter kan sê: "HIERDIE GOD IS ONSE GOD, VIR EWIG EN ALTYD; HY SAL ONS LEI TOT DIE DOOD TOE."

## DIE DRIE-EENHEID VAN GOD

Ds. A. POSTMA, B.A.

"God is groot en onbegryplik vir ons" (Job 36:26). Laat ons dit besef voordat ons dit waag om te handel oor die drie-eenheid. Want hier het ons te doen met 'n geheimenis wat ons verstand laat duisel, 'n verborgenheid só diep en só heilig, dat ons nie anders as met groot huiwering daarvoor kan praat nie.

En tog mag ons nie swyg nie. Ons kennis van God is immers nie 'n afgetrokke kennis, wat buite die praktiese lewe staan nie. Dis van alle dinge die mees praktiese. Want, of ons dit weet of nie, tog bly dit 'n feit: ons kennis van God — of ons gebrek aan hierdie kennis — beheers ons ganse lewe.

God is groot en onbegryplik vir ons! Heilige skugterheid en ontsag betaam ons wanneer ons, nietige mensekinders, nadink oor die wese van die lewende God.

Ons kan God *ken*, maar nooit kan ons Hom begryp of deurgrond of verklaar nie. Hoe sal ons die oneindige, ewige wese, die skepper en onderhouer van alles wat bestaan, ooit deurgrond, as ons onself, sy maaksel, nie eers kan peil nie? Ons ken onself, maar ons deurgrond of begryp onself nie. Waar is die geleerdste mediese dokter, wat die ontstaan van 'n nuwe mens — die ontstaan en geboorte van 'n kind — kan verklaar? Waar is die geleerde wat kan sê wat die siel van 'n mens is, en waar die siel is, en hoe die siel en die liggaam met mekaar verbind is? Waar is die geleerde wat kan vertel hoe die siel die liggaam regeer en beheers? U sien dus, die mens ken homself en hy ken sy medemens, maar . . . deurgrond of begryp hy homself en sy medemens? Hoegenaamd nie!

Hoe sal ons dan, as ons die medemens en onself wat ons kan sien, nie kan verklaar nie — hoe sal ons dan ooit die aanbiddelike wese van Hom wat ons gemaak het, die wese van Hom wat 'n ontoeganklike lig bewoon, verklaar of begryp?

Ons kan onself en mekaar ken, omdat ons mékaar sien. Maar ons kan God nie sien en dus ook nie eens ken nie, tensy Hy Hom aan ons openbaar. Die heidene wat sy openbaring, nl. die Bybel, nie besit nie, voel wel dat daar iemand of iets moet wees wat groter en sterker is as almal, maar verder weet hulle niks. Indrukke van God se almag en liefde en geregtigheid e.d.m., skemer tot hulle deur, hoewel vaag en swak. Maar dat Hy drie-enig is .... so iets kan hulle selfs nie eens vermoed nie.

Hoewel ons die ewige wese nooit kan omvat of peil nie, tog kan ons, deurdat Hy uit liefde en genade ons sy openbaring gegee het, Hom ken.

Maar as ons God wil ken, mag ons nie ons eie voorstellings van Hom gaan vorm nie. Ons mag nie vir onself 'n god gaan uitdink nie. Ons moet Hom ken soos Hy is en soos Hy self sê dat Hy is. Daarom, as die Heid. Kategismus gevra het: "Aangesien daar maar 'n enige goddelike wese is, waarom noem jy die Vader, die Seun en die Heilige Gees?" dan is die antwoord: "Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het, dat hierdie drie onderskeie persone die enige, waaragtige en ewige God is." Se leer die heilige Skrif ons, en so moet ons dit aanvaar. Laat ons dan die Skrif kortliks nasien.

Die *Ou Testament* bevat nie 'n duidelike mededeling van die feit dat God 'n drie-enige bestaan het nie. As ons egter die Ou Testament beskou in die lig wat die Nuwe Testament ons gee, dan sien ons dat die Ou Testament verskillende tekste bevat wat aantoon dat God nie slegs een persoon is nie.

In Gen. 1: 26 lees ons: "God het gesê: Laat *Ons* mense maak, na ons beeld en na ons gelykenis." Hieruit blyk dat daar meer as een persoon in die goddelike wese is. In die volgende vers staan daar: "God het die mens geskape na sy beeld," wat weer duidelik aantoon dat God net een wese is. Dieselfde geld van Gen. 3:22: "Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons." Daar is een God wat spreek, maar tegelyk is daar 'n aanduiding van sy meervoudige bestaan. Toe die mense besig was om die

toring van Babel te bou, het die Here by Homself gesê: "Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar." Dink ook aan die woorde van Ps. 33:6: "Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leer." Hier word gespreek van die Heilige Gees, soos daar ook in Gen. 1:2 staan, dat die Gees van God oor die waters gesweef het. En die Here se Woord deur wie die hemele gemaak is, is sy ewige Seun, van wie ons in die Nuwe Testament lees dat Hy die vleesgeworde Woord is. So maak Ps. 33:6 dan gewag van die Here, van sy Woord (d.i. Christus) en van sy Heilige Gees.

En in Jes. 63:9-11 lees ons van die Here ("Hy" in vs. 9 sien op "Here" in vs. 7) en van "die Engel van sy aangesig" (d.w.s. die ewige Seun van God, dus Christus) en van die Heilige Gees. In vs. 10 word gemeld dat Israel die Heilige Gees "bedroef". Die Heilige Gees word hier dus voorgestel as persoon, onderskeie van die Here, en tog een met Hom. Ons

mag dus beweer dat die drie persone van die drie-enige God hier byeen genoem word.

Om hier bewys te lewer vir die stelling dat "die Engel van sy (t.w. Gods) aangesig" niemand minder is nie as die ewige Seun van God (dus Christus), sou ons te ver van ons bespreking aflei. Ons volstaan met daarop te wys dat die benaminge *die Engel van die Here* (letterlik: die Gesant van Jehowa) of *die Engel van God* of *die Engel van die verbond* of *die Engel van sy aangesig* nie 'n geskape engel aandui nie, maar die tweede persoon in die Goddelike drie-eenheid, soos wat Hy in die tyd van die Ou Testament enkele male tydelik en plaaslik aan mense verskyn het (bv. Gen. 16:7–16; Ex. 14:19; Rigt. 6:11–24; Mal. 3 :1). Besonder duidelik word hierdie ongeskape engel in Ex. 23: 20-23 vereenselwig met, en tog onderskeie van, Jehowa. Met die woorde: "my Naam (d.w.s. die wese van God) is in Hom" (vs. 21), vergelyk Kol. 2:9 "in Hom (nl. Christus) woon al die volheid van die Godheid liggaamlik."

Ook die messiaanse profesieë en die beloftes omtrent die Heilige Gees, wys in die Ou Testament duidelik heen na 'n persoonlike onderskeiding in die Goddelike wese.

Die Ou Testament stel, aan die een kant, so kragtig moontlik op die voorgrond die éénheid van Gods wese: "Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here," maar openbaar, aan die ander kant, dat daar in die goddelike wese onderskeie persone is, sonder om egter duidelik te meld dat dit juis *drie* persone is, of wat hulle name is.

Maar op dit alles werp die *Nuwe Testament* 'n helder lig.

Die engel Gabriël bring aan Maria die boodskap: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." Hier is sprake van die Allerhoogste, nl. die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. As die Heiland deur Johannes gedoop word, word die stem van die Vader gehoor: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het." Die stem van die Vader word gehoor, die Heilige Gees word gesien in die gedaante van 'n duif, en die Seun staan in die water van die Jordaan. Jesus self, wat getuig het dat Hy die Seun van God is, het verklaar: "Die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh. 14:26). En Paulus se seëngroet aan die gemeente van Korinthe is: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal" (2 Kor. 13:13).

Die Evangelies en die Briewe getuig eenparig van die Vader, die Seun of die (vleesgeworde) Woord, en die Heilige Gees of die Trooster, en laat duidelik sien, nie slegs dat daar meer as een persoon in die goddelike wese is nie, maar ook dat dit *drie* persone is, en dat hulle genoem word Vader, Seun en Heilige Gees. "Daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een" (1 Joh. 5:7).

Die duidelikste openbaring word gegee by die instelling van die doop: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun

en die Heilige Gees" (Matt. 28: 19). Hier word helder aan die lig gebring die éénheid van die goddelike wese en die drieheid van die goddelike persone. Daar is één Naam van God, maar daar is drie persone: Vader, Seun en Heilige Gees, maar also dat die éénheid van God wel drievoudig bestaan, sonder om in drie gedeel te wees.

So openbaar die Here, onse God, Hom in die heilige Skrif as die een enige God, egter met 'n drie-persoonlike bestaan. Omtrent die onderlinge verhoudinge van die drie persone binne die goddelike wese, word in die Skrif nie veel meegedeel nie. Die weinige wat meegedeel word, gaan ver bo ons bevattingsvermoë uit.

Die Skrif leer ons dat die Vader die Seun ewig genereer, en dat die Seun ewig gegenereer word deur die Vader ("vandag" in Ps. 2:7 en Heb. 1:5 is gelyk aan: die ewige hede). Die Seun is die afskynsel van die Vader se heerlikheid en die afdruksel van sy wese (Heb. 1:3). Hy is self God en Hy is by God (Joh. 1:1 en 2).

Van die Heilige Gees sê die Skrif, dat die Vader en die Seun Hom laat uitgaan. Die Vader stuur die Gees uit in die Naam van sy Seun (Joh. 14:26). Hy is onderskeie van die Vader en die Seun, tog is Hy een met hulle en is Hy self God. In Hand. 5 word verhaal van die bedrog wat Ananias en Saffira gepleeg het. Petrus sê vir Ananias: "Waarom het jy vir die Heilige Gees gelieg?" en verder: "Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God." Dus: die Heilige Gees is God.

Die Vader is God, die Seun is God, die Heilige Gees is God. Drie onderskeie persone, tog is hulle volkome een, nl. die enige goddelike wese. Hoe dit moontlik is, en wat en hoe die onderlinge verhoudinge binne die ewige wese is, is sake wat geen mens ooit sal verstaan nie. (Die mens verstaan nie eens die verhouding van siel en liggaam binne sy eie wese nie.) In ons belydenisskrifte is dan ook nie gepoog om te *verklaar* nie, maar is volstaan met 'n weergawe, in versigtige bewoording, van wat die Skrif openbaar. (Ons versoek u om met aandag te lees Nedl. Geloofsbelijdenis: artt. VIII en IX; Heid. Kategismus: Sond. VIII en antww. 33, 35, 47, 48, 53; Gel. bel. van Nicéa en van Athanasius.)

Laat ons met kinderlike liefde vir ons toeëien soveel as wat dit onse God behaag het om aan ons te openbaar, en laat ons die perke eerbiedig wat Hy aan ons kennis gestel het.

Die XII Geloofsartikels is in drie dele verdeel; die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede, oor God die Seun en ons verlossing; die derde, oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking (Kat. antw. 24). So is die heilige drie-eenheid die grondslag van ons belydenis, ja, die belydenis van die hele Christelike kerk.

Nou, waarom word ons skepping toegeskryf aan die Vader, ons verlossing aan die Seun en ons heiligmaking aan die Heilige Gees?

Dit is omdat uit die Skrif blyk, dat elke persoon in die goddelike wese sy eie besondere werking het met betrekking tot die heelal, tot alles wat buite God is. In alies werk die drie goddelike persone saam, maar die skepping en onderhouding is meer bepaaldelik die werk van die Vader; die verlossing is meer bepaaldelik 'die werk van die Seun; die heiligmaking is meer bepaaldelik die werk van die Heilige Gees. In die skepping en onderhouding is die Vader die hoofwerker, terwyl die Seun en die Heilige Gees sy medewerkers is; in die verlossing is die Seun die hoofwerker, terwyl die Vader en die Heilige Gees sy medewerkers is; in die heiligmaking is die Heilige Gees die hoofwerker, terwyl die Vader en die Seun sy medewerkers is.

In die skepping tree die Vader op die voorgrond, die skepping is die eintlike werk van die Vader. Maar die Vader het die skeppingsarbeid gedoen 'deur die Seun, want in Joh. 1:3 staan daar dat alle dinge deur die Woord ontstaan het, en sonder die Woord het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. (Die Woord is hier Christus, kyk vs. 14 en 1 Joh. 1:1–4.) En van die Heilige Gees lees ons, in verband met die skepping, dat Hy op die waters gesweef het (Gen. 1:2). So was dan die Seun en die Heilige Gees medewerkers by die skepping. Dieselfde geld van die voorsienige arbeid van onderhouding en regering van die geskapene. Want aan die Seun is gegee alle mag in hemel en op aarde (bv.

Matt. 28:18, 20): en, blykens tekste soos bv. Job 33:4 en Ps. 104:30 is die voortbestaan van die geskapene te danke ook aan die Heilige Gees.

Die Seun is die bewerker van die verlossing, die verlossing is die werk van Christus. Maar God die Vader het sy Seun gegee om die wêreld te verlos; en die Heilige Gees het oor Maria gekom, sodat die Saligmaker kon gebore word. So is dan die Vader en die Heilige Gees medewerkers by die verlossing.

Die Heilige Gees is die hoofwerker by die heiligmaking. Maar die Vader stuur, in die Naam van die Seun, die Heilige Gees tot heiligmaking en vertroosting van sy volk (Joh. 14:16, 26); en as iemand die Gees van *Christus* nie het nie, dan behoort hy nie aan Hom nie (Rom. 8:9). So is dan die Vader en die Seun medewerkers by die heiligmaking.

Hoewel die drie persone dus saamwerk in alles wat buite God is, tog het elkeen arbeid wat meer bepaaldelik sy besondere taak is. Wanneer ons dink aan ons skepping en onderhouding, wanneer ons dink aan wie ons in aansyn geroep het en van wie ons vir ons tydelike en ewige lewe volslae afhanklik is, dan dink elkeen tog in die eerste plek aan God die Vader. En as daar sprake is van ons verlossing, dan gaan ons gedagtes dadelik uit na die kruis van Christus, want deur die soenbloed van die mensgeworde Seun is ons gered. En as ons dink aan ons heiligmaking, aan ons afsterwing van die sonde en volharding in die goeie, dan dink ons dadelik aan God die Heilige Gees wat in ons harte woon; alleen as iemand deur die Heilige Gees wedergebore is, kan hy volhard op die weg van die heiligmaking.

In ons eie hart deurleef ons die band wat ons bind aan die drie-enige God. Ons Nedl. Geloofsbelydenis sê dit so mooi, in art. 9: "Dit alles weet ons uit die getuigenis van die Heilige Skrif sowel as uit hulle werkinge (nl. die werkinge van die drie goddelike persone), en veral uit die wat ons in ons gevoel."

God wil geken en geëer word, soos Hy *is*, soos Hy Hom geopenbaar het, as die drie-enige.

Daar is mense wat slegs met die *Vader* rekening hou, en die Seun en die Heilige Gees oor die hoof sien. Dan word dit 'n soort Natuur-god. Hierdie "God" word dan aangeroep in oomblikke van benoudheid in die persoonlike en die volkslewe. As 'n spreker op 'n publieke byeenkoms plegtig verklaar dat ons afhanklik is van die seën van "God", dan maak dit al dadelik op sy hoorders 'n diep indruk, asof hy 'n gelowige is. Daar word vergeet dat ook die heidene 'n "God" daarop nahou wat elke dag die *mens* van al die nodige moet voorsien en altyd gereed moet staan om reddend toe te snel as daar gevaar is.

Die beslissende vraag is: is hierdie "God" waarvan so vroom gepraat word, *die Here*? Is dit die drie-enige God van die Skrif? Daardie noodhulp "God" word ook dikwels beskryf as "Vader". Maar die enige ware God is allereers die Vader van sy Seun Jesus Christus, en is ons Vader alleen as ons, deur die Heilige Gees, ingelyf is in Christus. Anders het ons geen toegang tot Hom nie. .

Diegene wat op genoemde trant vaag en vroom van "God" en van die "Vader" praat, voel geen behoefte aan die Seun en die Heilige Gees, geen behoefte aan versoening van die sonde en aan heiligmaking nie. En vir die Seun en die Heilige Gees se medewerking in die skepping en die voorsienige onderhouding, het hulle geen oog nie. 'n Opperwese wat almagtig en gewillig is om te help in die tydelike nood, en wat die siel genadig is in die sterfuur, is vir hulle genoeg. Hulle "God" regeer dus byna uitsluitend op die gebied van die skepping, die tydelike, die natuurlike.

Sommige ken in hul godsdienstige lewe uitsluitend of byna uitsluitend die *Seun*, en vergeet die Vader en die Heilige Gees. Dit is van begin tot end Jesus en alleen Jesus. Hulle lê alle nadruk op Jesus; hulle misken die Vader, wat aan ons Christus geskenk het; en hulle misken die Heilige Gees, wat Christus se verlossing aan ons tuisbring en persoonlik toepas.

Andere weer, verhef in die werk van verlossing die *Heilige Gees*, met agterstelling van

die Vader en die Seun. "Om die genadewerk wat God *in* ons tot stand bring, vergeet hulle die werk wat God *buite* ons, *vir* ons, tot stand gebring het." (Dr. H. A. v. Andel; "De Eenige Troost.") Vir hulle is die innerlike bevinding, die geestelike ervaring, die een en al van die geestelike lewe. Om hierdie rede ook, leef hul nie by die lig van God se geopenbaarde Woord, nl. die heilige Skrif nie, maar by die lig van hul eie godsdienstige gevoel, hul eie geestelike bevinding; alle innerlike gemoedsaandoeninge beskou hulle as influisteringe van die Here. Hulle het die swaartepunt verlê vanuit God in die mens. Omdat hulle geen aandag het vir die Vader en die Seun nie, maar net vir die Gees; en omdat hulle hul eie gevoels- en gemoedsaandoeninge aansien vir influisteringe van die Here; daarom het hulle *Gods*-diens geword *mense*-diens, mens-verheerliking. "Hulle vereer die heilige gees van die *mens*, die heilige gees van die *gelowige*, meer as die Heilige Gees van God" (Van Andel).

Diegene wat eensydig òf Jesus òf *die Heilige Gees* op die voorgrond plaas, laat God en godsdiens opgaan in die redding van die siel. Vir die Vader se medewerking in die werk van verlossing, het hulle geen oog nie; en net so weinig vir die verband tussen skepping en herskepping. Hulle "God" regeer dus byna uitsluitend op 'die gebied van die hemelse, die ewige, die geestelike. Om politiek, skool, handel, boerdery, ens., in verband te bring met God en godsdiens is, volgens hulle beskouing, heiligskenis! Tussen die natuur en die genade maak hulle 'n skeiding, wat totaal onbybels is.

Die kennis van die drie-enige God is só hoog en diep, dat ons telkens gevaar loop om in een of ander eensydigheid te verval. In ons diagnose van afwykings in die leer, mag ons *dít* nooit vergeet nie: *'n Gebrekkige kennis van die drie-eenheid is, goed beskou, die oorsprong van alle dwalings en alle sektes.*

Ons nadenke oor die Here ons God moet met aanbidding gedoen word, ons moet ons onder sy leiding stel, sodat Hy self ons inlei in die geheimenis van sy aanbiddelike wese. Ons gods-kennis bepaal immers ons lewens- en wêreldbeskouing, en beheers dus van dag tot dag ons optrede in die praktiese lewe.

Veel en velerlei is ons geestelike, liggaamlike en stoflike behoeftes. Maar ons het in die eerste plek en boweal behoefte aan die Here self. Hoewel ons Hom nie kan peil of deurgrond nie — ons duisel as ons aan Hom dink! —tog kan ons Hom ken. Sy Woord en die gebed bring ons, deur die Heilige Gees, in persoonlike aanraking met die volheid en rykdom van die drie-enige God.

Ryk is ons dan in die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees.

Dan *bid* ons nie alleen nie .... ryk is dan ons hart en ons lewe ook in aanbidding.

# DIE NAME VAN GOD

Ds. T. T. SPOELSTRA

Die naam van 'n persoon het by ons eintlik nie meer betekenis om 'n persoon se karakter of geaardheid aan te dui nie. Ons name is gewoonlik nog maar net erfstukke, en anders is dit die s.g. "fancy" name. Verder kry ons enkele name wat in verband staan met besondere gebeurtenisse, bv. Liberta, Eeufesia, of name van volksleiers; maar in al hierdie gevalle gee die naam niks van die persoon se karakter of geaardheid nie.

Die werklike betekenis van 'n naam kom by ons. nog uit in die gesegde: "Jy moet nie my naam deur die modder sleep nie," waarmee dan te kenne gegee word: nie my karakter en eer skend nie. Soos Shakespeare sê: Hy wat my geld steel, steel niks .... maar hy wat my goeie naam steel, beroof my van iets wat hom nie ryk maak nie, en my inderdaad arm.

Byname het by ons meer waarde om die aanduiding te wees van iets besonders aan 'n persoon, bv. skeel Gert, kort Jan, wilde Koos, ens. By name wat aan diere gegee word, kan die naam meer beeldend wees, sodat die dier duideliker in die verbeelding gesien kan word, bv. Moffie, Roebie, Rooibloem, Janbloed, ens.

In die heilige Skrif staan dit egter heeltemal anders. Daar staan 'n naam in verband met 'die aard en karakter van 'n persoon, en is die naam dus van groot betekenis, vgl. die naam Jakob, Noag, ens. Verder word dit gesien in die naamsveranderinge in die Skrif soos van Josef, Daniël, Sara, Abraham, ens.

Die betekenis wat die Skrif aan 'n naam heg, kom nog beter uit waar die Here aan Adam sê dat hy die diere moet noem na hul aard. Dink ook aan die woorde van die engel aan Maria: Jy moet sy naam noem Jesus, want Hy sal sy volk salig maak van hulle sondes. Dan lees ons in die Openbaringe dat die geheiligdes 'n nuwe naam in die nuwe Jerusalem dra (Openb. 2:17). Hierin lê die gedagte dat die naam 'n weergawe sal wees van die wese en aard van die persoon. Ook in dieselfde betekenis sê die Here: Ek ken hulle by hulle naam.

Hierdie betekenis wat die Skrif in 'n naam stel, kom ooreen met die werklike betekenis van die woord "naam". In die oorspronklike beteken dit: nota inkrap, ingrapeer, merk, merkteken. Die stamwoord beteken ook wel 'n portret, of die ophang van 'n beeltenis. Naam is dus nie maar net 'n klank nie, maar het waarde, betekenis, dit is iets konkreet. Laat ons dit so stel: die naam van 'n persoon is sy portret. Deur die naam te noem word daar 'n beeltenis van die persoon opgehang. Dus, die naam roep die persoon in die gedagte. Dit is in hierdie sin wat die Skrif spreek van die Naam van die Here, waardeur aangedui word dat God die Here sy wese in sy heilige naam openbaar. Ook in hierdie sin en betekenis kom die gebod tot ons: Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie. Die naam van die Here is dus sy selfopenbaring, in soverre as wat Hy met ons in betrekking tree, en Hy openbaar Hom in so 'n vorm, 'dat die mens dit in sy bewussyn kan opneem (d.w.s. kan verstaan) en weer kan uitdruk sodat dit werklik (reël) is en tewens met die eer van God ooreenstem.

Die naam van God is dus nie maar 'n toevallige benoemings-naam nie, maar 'n openbaring van sy wese aan ons (vir soverre as Hy wil). Soos Coccejus sê: Die naam is die brug tussen syn en erken (wat God is en ons weet), tussen sy wese en ons geloof aan Hom en ons liefde vir Hom. In hierdie betekenis, dat die Here Hom in sy naam openbaar, sy wese laat ken, kom die uitdrukking van "Naam van die Here" in die Skrif voor. In Levitikus 24:11 kom dit verkort voor: Toe het die seun van die Israelitiese vrou die "NAAM" gelaster ....

Om God dus te ken, is nodig dat ons sy naam sal ken.

Waar die Here Hom nou in sy naam openbaar, gebruik Hy die taal wat Hy aan die mens gegee het, en die organe waarmee Hy die mens geskape het. As gevolg hiervan moet

ons in gedagte hou dat alles wat die Skrif ons van God meedeel, alles wat sy naam openbaar, tot ons kom in menslike vorm (antropomorfisties). Om dit nader te verduidelik: die Skrif sê aan ons dat God 'n gees is en tog word aan Hom menslike liggaamsdele toegeken, bv. oog, oor, hand, arm, ens.; menslike aandoeninge, bv. smart, blydschap, toorn, ens.; menslike handeling, bv. hoor, straf, ens. Hierdie menslike spreekwyse gebruik God, omdat die doel van die hele skepping is om die deugde van God te openbaar en omdat dit deur Hom geskape is om 'n afspieëling, 'n portret van Hom te wees. Die werklike herder is dan ook nie die herder hier op aarde nie, maar die Here in die hemel. Tereg sê Christus dan ook: Ek is die ware Herder.

"Uit bostaande, meen ons, blyk dit genoegsaam dat by God die oorspronklike is, terwyl by die mens die afgeleide is; bv. die werklike hoor is nie by die mens nie, maar by God (vgl. Ps. 94:9). Ons moet onthou dat alle geestesaktiwiteite, geesteswerkzaamhede uit God is. Hy gee dit aan ons (bv. om te kan hoor), en om dit by die mens te laat werk, skep God ook die organe by die mens wat daarby pas.

Ons kan dan die naam van God vereenselwig met God self, mits ons daarmee bedoel sy uitstraling (Joh. 17:6). Dog, hoewel ons God ken in soverre as wat Hy Hom aan ons geopenbaar het in sy naam, is die kennis eg, omdat dit God is wat Hom aan ons openbaar.

Die name van God kan ons onder drie hoofde indeel (Kuyper):

- (1) Name sonder nadere bepaling, en dan heet dit die Naam of sy Naam.
- (2) Die essensiële benoeming van die wese van God, en dan heet Hy Gees, Lig, Liefde, HERE en Vader in die hemele.
- (3) Die kwalitatiewe benoeming deur sy eienskappe, bv. Heilige, Regverdige, ens.

Honig maak in sy Dogmatiek die volgende indeling:

- (1) Die eiename van God (benoemingsname).
- (2) Die wesensname van God (deugde).
- (3) Die personele name van God (Vader, Seun en Heilige Gees).

Vir ons doel hier volg ons deels die indeling van Honig en deels die van Kuyper, en dan wys ons u maar dadelik daarop dat ons hier net punt (1) van Honig en (2) van Kuyper behandel, omdat in 'n ander artikel gehandel word oor die eienskappe of deugde of attribute, of volmaakthede van God en 'n ander artikel ook handel oor die drie-eenheid van God.

### **DIE EIENAME VAN GOD.**

Die eerste naam waarmee God Hom aan ons in die Bybel openbaar, is God (Elohim). Reeds in *Gen.* 1:1. Die woord beteken sterk, magtig. So leer ons God ken as skepper en onderhouer van die heelal.

'n Volgende naam is HERE (Jehovah, Jahweh). Onder hierdie naam openbaar die Here Hom as die Verbondsgod. Die oorspronklike uitspraak van die Hebreeus van die naam het verlore gegaan. Die eerste kry ons die naam in *Gen.* 2:4. Dan lees ons in *Gen.* 4:26: "Toe het hulle die Naam van die HERE begin aanroep." So ook in *Gen.* 15:7. Die verskil van die twee name kom duidelik uit in *Ps.* 19.

Verder kry ons in die Ou Testament nog die naam van "Here" (Adonai), wat in teenstelling met kneg voorkom, bv. *Deut.* 10:17.

Dan kry ons nog die naam "die Almagtige," bv. *Gen.* 17:1. Hy, die oorsprong van die natuurkragte, stel daardie natuurkragte in diens van sy volk. Daarom behoef hulle nie te vrees nie.

Ons noem nog: die Here van die leërske (die Here Sebaot).

Die naam "*Vader*" kry ons sowel in die Oue as in die Nuwe Testament. Reeds in *Deut.*



32:6 kry ons die naam. Verder in Ps. 103:17; Jes. 63:16; 64:8; Mal. 1:6. Deur hierdie naam word op die voorgrond gebring die vadergedagte. Hy skep ons (formeer) liggaamlik en geestelik. Ons geniet sy mag en sy liefde. Hierdie kindskap van die gelowige met God kom in die Nuwe Testament nog sterker op die voorgrond. Ons noem slegs 'n paar tekste: Matt. 5:16, 48 (hier die eis dat die kind soos sy vader moet wees), 10:20; 13:43; 23:9; Luk. 6:36; 2 Kor. 1:3; Rom. 8:15. Onder hierdie naam kry ons die hoogste openbaring van God, dat die koninkryk van Christus oorgaan in die koninkryk van die Vader in die hemele, wat alleen moontlik is deur Christus, deur wie ons die aanneming tot kinders het (Rom. 8:15).

### **DIE WESENSNAME.**

In Joh. 4:24 lees ons: God is Gees. So ook in 2 Kor. 3:17 en ander plekke. Om God as Gees aan ons te verduidelik, gebruik die Skrif die bekende beeld van die wind wat waai, maar ons sien nie die wind nie.

Deur hierdie naam moet dit vir ons duidelik wees dat ons God nie kan sien nie, nog minder kan afbeeld.

In 1 Joh. 4:8 word ons gesê: God is *Liefde*. Hierdie gedagte kry ons sowel in die Oue as in die Nuwe Testament. Ons noem slegs enkele tekste wat hier op wys: Jes. 63:9; Hos. 11:4; Jer. 31: 3; ens.

Die beeld wat gebruik word om die liefde aan te dui, is die van die huwelik, vgl. bv. Hooglied, Jer. 2, ens. Dan die beeld van die verhouding van die vader tot sy kind (Ps. 103; Jes. 64:8). Hierdie liefde kom ook tot openbaring in sy haat van die vyande. Liefde en haat kom uit dieselfde wortel. Let egter daarop dat die liefde van God nie 'n deel van sy wese is nie, ook nie die middelpunt, en die ander deugde bykomstig nie. Maar elke naam dui aan wat God is, en is gelyk (identies) met God self. God is Liefde, Lig, Lewe, *ens.*

In Joh. 1:4 en 5 word God *Lig* genoem. In Jak. 1:17 die bron van lig. Geheel die wese van God is lig. Hy sluit alle duisternis uit. Daar is dus niks in of om God wat Hy nie deursien nie. Niks onbekend of verborge nie.

In 1 Joh. 5:20 word God genoem *Lewe*, en wel die ewige lewe. In Ps. 36:10 word God die bron van lewe genoem.

Van Hom vloei dus alle lewe voort, en Hy gee dit deur sy skepping aan die lewende wesens soos Hy wil, in afnemende grade. Maar ons moet nie net aan die gewone lewe dink nie, maar veral aan die ewige lewe wat God deur Christus Jesus, wat ook die ewige lewe het, gee aan al sy uitverkorenes. En hierdie lewe kan nie afgesny word nie. Waar die dood afsny van God en die ewige lewe, daar beteken die ewige lewe vir die gelowige dat die lewe wat reeds hier in hom geplant word, nooit afgesny kan word nie. Op grond hiervan bely ons dan ook die volharding van die heiliges.

Hiermee het ons getrag om in 'n paar kort trekke die benoemingsname van God duidelik te maak.

Ten slotte wil ons nog net daarop wys dat ons moet waak om, waar God Hom in sy name aan ons openbaar en die name aan ons gee, nie te verval tot die gebruik van name wat die mens uitgedink het nie, bv. Opperwese, Goedheid, Voorsienigheid, ens.

Mag ons by vernuwing aangespoor word om God deur sy name beter te ken en lief te hê, waar Hy ons liefgehad het met 'n ewige liefde.

## **EIENSKAPPE VAN GOD**

Ds. M. POSTMA, B.A., B.D.

### **BEPERKTHEID VAN MENSLIKE VERSTAND.**

Waar Jesaja dink oor die wese en die heerlikheid van die ewige volmaakte God, roep hy uit: "By wie wil julle God vergelyk of watter gelykenis naas Hom stel . . . ? Hy sit bo die kring van die aarde." Paulus sê: "Ons sien in 'n spieël, in 'n raaisel .... nou ken ek ten dele." As ons wil handel oor die heerlike eienskappe van God, moet ons dit besef, nl. dat ons met ons beperkte, sondige verstand God in sy heerlikheid en volmaaktheid nooit kan begryp nie. God het Hom egter in die werke van die skepping en in sy heilige Skrif aan ons geopenbaar, en nou moet ons aan die hand van die heilige Skrif veral vir ons 'n beeld probeer vorm van sy eienskappe onder die oortuiging egter dat ons maar ten dele ken en in 'n spieël na 'n raaisel kyk.

### **BEGRIPSBEPALING.**

God openbaar Hom aan die mens deur middel van sy daade in die skepping, en veral deur sy heilige Skrif. In hierdie openbaringe leer ons God ken.

As ons handel oor die eienskappe van God, dan moet ons eers 'n duidelike begrip vorm van wat ons daaronder verstaan. Uit die bogemelde openbaringsmiddele kan ons die volmaaktheid van die wese van God van verskillende kante leer ken en beskou. Hierdie verskillende openbaringe van sy volmaakte wese noem ons die deugde, eienskappe, attribute van God. Onder teoloë bestaan daar nogal baie verskil watter van die verskillende woorde die mees paslike is om te gebruik. Vir die doel van hierdie verhandeling gee ons voorkeur aan "eienskappe", want die woord dui vanself aan iets wat eie is aan God alleen.

Die eienskappe kan nie van die wese van God geskei word nie. Sy hele wese word in elke eienskap op daardie oomblik, wanneer ons onder die indruk van daardie bepaalde eienskap verkeer, openbaar. As, ons onder die indruk verkeer van Gods ewigheid dan openbaar Hy op daardie oomblik sy hele wese as die Ewige. Die sondaar wat die oordeel van die Here ondergaan, verkeer weer onder die indruk van die geregtigheid van God, en op daardie oomblik is die hele wese van God vir hom 'n straffende wese. Die eienskappe en die wese kan nie geskei word nie.

Die eienskappe kan onderling ook nie van mekaar geskei word nie, ai dink ons daarvoor as aparte openbaringe van God se wese. Dit is omdat ons met ons begrensde, sondige verstand onmoontlik 'n oorsigtelike eenheidskouing van God kan hê; ons kan dit nie eens hê in verband met ons aardse omgewing nie. Die horison is een geheel, maar ons sien dit as oos, wes, suid en noord. Tog kan die horison nie in vier dele gesplits word nie. God is, wat sy wese en eienskappe en wat sy eienskappe onderling betref, 'n heerlike ongeskeie eenheid.

Daar is ook geen teenstrydigheid tussen die eienskappe nie, al kom dit vir ons soms so voor. So lyk dit vir ons of sy barmhartigheid stry met sy straffende geregtigheid. Dit lyk maar vir ons so, omdat ons nie God in sy eenheid kan omvat met ons menslike verstand nie.

### **INDELING VAN DIE EIENSKAPPE.**

As ons hier spreek van 'n indeling van die eienskappe van God, dan bedoel ons nie daarmee dat daar in die eienskappe self 'n indeling moontlik is nie, want die eienskappe kan nie geskei word nie. Ons deel dit egter in sodat ons in die behandeling daarvan dit beter kan verstaan. In die verlede is oor die eienskappe volgens verskillende indelings geskrywe, soos byvoorbeeld die rustende en die werkende, positiewe en negatiewe, afgetrokke en betreklike. Die Gereformeerdes het merendeels die indeling van onmededeelbare en mededeelbare eienskappe gevolg. Dr. A. Kuyper gee die indeling in

*virtutes per Antithesin* en *virtutes per Synthesin* (eienskappe volgens antitese en sintese). Vir hierdie behandeling sal ons die indeling van onmededeelbare en mededeelbare eienskappe volg. Om alle misverstand uit die weg te ruim, moet ons dadelik sê dat ons nie daaronder verstaan dat God sommige eienskappe vir Homself hou, terwyl Hy ander weer meedeel sodat Hy dit gemeenskaplik met skepsele sou besit nie. God en sy eienskappe kan nie geskei word nie. Ons aanvaar slegs hierdie indeling vir 'n duideliker behandeling van die onderwerp.

#### **A. ONMEDEDEELBARE EIENSKAPPE.**

Hieronder behandel ons sy onafhanklikheid of soewereiniteit, eenheid of enkelvoudigheid, ewigheid, alomteenwoordigheid en onveranderlikheid.

Die kenmerke van hierdie eienskappe is dat God Hom hierin vertoon as die "gans andere" in vergelyking met die skepping. Hierin is Hy heeltemal anders as iemand of iets in die skepping, en nooit kan hierdie eienskappe, of selfs ook 'n floue afskaduwing of weerkaatsing daarvan, elders gevind word nie. Hulle is in volstrekte sin onmededeelbaar. By die skepping vind ons die teenoorgestelde van hierdie eienskappe, nl. afhanklikheid, samegesteldheid, tydelikheid, plaaslikheid en veranderlikheid.

In ons behandeling sal ons soveel moontlik gebruik maak van uitsprake in Gods Woord wat die sake vir ons duidelik en onfeilbaar voorstel.

##### *(1) Gods Onafhanklikheid of Soewereiniteit.*

God is en bestaan uit en deur Homself. Hy het nie geword nie, is nie gemaak of geskape nie. Daar is geen oorsaak wat tot sy bestaan gelei het nie; Hy word nie bepaal deur iets of iemand buite Hom nie. Alle skepsele het hul ontstaan aan Hom te danke. In hierdie onafhanklike bestaan van sy wese onderskei Hy Hom van die skepping, want die skepping en skepsele bestaan nie op hulself nie maar uit en deur Hom. Joh. 5:26: "Die Vader het lewe in Homself."

Hy is nie net, wat sy bestaan betref, volkome onafhanklik nie, maar ook wat sy gedagtes, wil en daade betref, word Hy deur niemand buite Hom bepaal, geleer of voorgeskrywe nie. Hy doen wat Hom behaag en alles vloei uit Hom voort en hang aan sy wil. Jes. 40:13 en 14: "Wie het die Gees van die Here bestier en as sy raadsman Hom onderrig? Met wie het Hy raad gehou, dat die Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer, en Hom bekendmaak die weg van volledige insig?" Jes. 40:13 en 14: "By wie wil julle dan God vergelyk of watter gelykenis naas Hom stel?" Hand. 17:25: "Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hyself aan almal lewe en asem en alles gee."

God is dus geheel en al onafhanklik, soewerein, selfstandig. Die heelal en alles wat daarin is, hang aan sy wil; ja, daar is niks wat sonder sy mag kan bestaan nie en self word Hy nie deur iets of iemand buite Hom beheers, bepaal of bestier nie. Daarom moet ons in alles Hom eer, want alles bestaan tot sy eer, en moet ons ons afhanklikheid van Hom voel. Jak. 4:15: "As die Here wil en ons lewe, sal ons dit of dat doen." Hand. 9:6: "Here, wat wil U hê dat ek moet doen?"

##### *(2) Eenheid of Enkelvoudig (Simplicitas).*

God is 'n Gees, besit geen stoflikheid nie. Hy is nie 'n saamgestelde wese, soos die skepsele nie. Die mens bv. is 'n saamgestelde wese van liggaam en gees. Sy liggaam is ook nog weer saamgestel deur verskillende stowwe. God is één en enkel. Nie 'n samestelling van parte en dele, soos liggaamlike wesens nie, want Hy Is 'n Gees; nie van vorm en stof nie, want dit is ook liggaamlik; nie 'n samestelling van selfstandighede en toevallighede nie; nie van wese en eienskappe nie. Daar is by Hom geen skeiding nie. Selfs is die drie persone nie 'n skeiding van sy goddelike wese nie; geen samestelling van sake en besluite en planne nie; een groot besluit, plan en raad is daar by Hom. Deut. 6:4: "Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here."

##### *(3) Ewigheid.*

Die begrip tyd is nie op God van toepassing nie. Tyd het eers gekom met die skepping van die heelal. Die Here is sonder tyd, sonder *begin*, sonder *wisseling* en sonder *einde*.

SONDER BEGIN.

Voordat daar iets was, het Hy bestaan. Hy is die begin en die oorsaak van alle dinge. Voordat, wat ons verstaan onder tyd, daar gewees het, was God reeds.

SONDER WISSELING.

Ons wat aan tyd onderworpe is, ondervind wisseling, opeenvolging van dae, maande en jare; verlede, hede en toekoms met al die veranderings wat die tyd meebring. By God is geen opeenvolging van oomblikke, verlede, hede en toekoms nie. Hy sien alles in 'n altyddurende hede.

SONDER EINDE.

Ons wat aan tyd gebind is, ken 'n einde aan ons handelinge en ons lewe; by God is geen einde nie.

Dit is Hy wat was, wat is en wat sal wees. Hy is die grond van ons vertroue wat sy ewige bestaan betref, daarom kan ons met innerlike sielsoortuiging sê, Ps. 90:1: "Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag. Voordat die berge gebore was, en U die aarde en wêreld voortbring het, ja van ewigheid tot ewigheid is U God."

Dit is vir ons sondige, beperkte verstand moeilik, ja, bykans onmoontlik om maar enigsins 'n duidelike begrip te kry van die ewigheid van God. Ons moet alle tydelikheid by God wegdink. Hy is tydloos, staan bo die tyd, want Hy het die tyd gemaak, tog openbaar Hy Hom deur sy dae en woorde in die tyd, deur sy skepping en bestier van die menslike handel en denke. Die mens kan net die hede sien, hy dink aan die verlede en weet niks van die toekoms nie. God oorskou vanuit die ewigheid die ganse verlede, die hede en die verste toekoms. Hy is die alfa en die omega, die begin en die einde. Neem die voorbeeld van 'n rivier. As die mens op die wal staan, dan sien hy net die water wat hier by hom verbystroom. Die oorsprong kan hy nie sien nie en ook nie die uitmonding in die see nie. Hy sien net die hede. God besien die oorsprong, hede en toekoms ook waar die rivier van die tyd uitmond in die onbegrensde see van die ewigheid. Hy besien dit as 'n magtige hede, as 'n ewigheid. Ps. 90:4: "Want duisend jaar is in u oë soos die 'dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak."

#### (4) *Gods Alomteenwoordigheid.*

Die Skrif leer ons baie duidelik dat God bo die ruimte verhewe is en dat hierdie geskape heelal Hom nie kan insluit nie. 1 Kon. 8:27: "Want sou God werklik op die aarde woon? Die hemel ja, die hoogste hemel, sou U nie kan bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het?" Ps. 139:7—10: "Waar sou ek heengaan vir u Gees en waarheen vlug vir u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar. Maak ek die doderyk my bed, kyk U is daar! Neem ek die vleuels van die daeraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou."

Uit hierdie Skrifaaanhalinge lei ons af dat God nie gebind is aan ruimte nie. Die geskape dinge is liggaamlik, stoflik of selfs ook geestelik beperk; selfs die engele is ook beperkte wesens. God is onafhanklik, ewig en word deur geen piek of ruimte beperk of ingesluit nie.

Hoe is God nou alomteenwoordig? Nie deur verdeling van sy wese sodat daar gedeeltes van Hom oral is nie; nie deur vermenigvuldiging van sy wese nie; ook nie deurdat Hy alles omsluit en omgewe nie, maar die Skrif gee ons die aanwysing van hoe ons dit moet beskou. Jes. 23:23 en 24: "Is Ek 'n God van naby, spreek die Here, en nie 'n God van ver nie? Sou iemand Hom in 'n skuilplek kan wegsteek, dat Ek Hom nie sien nie? Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die Here." Hy *vervul* met sy wese alles. Hy is dus deur *vervulling* oral teenwoordig. 'n Baie flou beeld hiervan kry ons in die lug wat alles vervul (tog is daar dinge wat lug kan uitsluit). God *vervul* alles, die nietigste stofdeeltjie, die grootste berg. Oral is die Here teenwoordig.

Sommige rigtings beskou dit so, dat God ver verhewe is bo die kring van die aarde en niks van Hom in die dinge is nie (deïsme); ander weer verval in 'n ander dwaling deur te beskou dat God net in hierdie geskape wêreld is en niks van Hom daarbuite nie (panteïsme). Ons glo egter dat Hy wel bo alles verhewe is, maar tog op 'n onverklaarbare wyse in alles teenwoordig is. Elke ding en elke mens, ja, alles bestaan elke oomblik omdat God met sy krag daarin teenwoordig is. "Hy is nie ver van elkeen van ons nie, want in Hom beweeg ons en is ons."

Behalwe die alomteenwoordigheid moet ons ook die besondere teenwoordigheid van die Here noem. Hy is in Christus en in sy volk ook op besonder intieme manier teenwoordig.

In *Christus* deur persoonlike vereniging. Kol. 2:9: "Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik."

In sy *volk* is Hy teenwoordig deur sy genade en gawes, want hulle is die tempel van die lewende God. 2 Kor. 6:16: "Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees."

In *die verdoemenis* is Hy met sy straffende geregtigheid teenwoordig.

In *die hemel*, as setel van sy heerskappy. Jes. 66:1: "Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete."

Die alomteenwoordigheid van die Here is vir die gelowige oorsaak van groot *troos*, vir die neergeboëne oorsaak van bemoediging (Jes. 57:15; Ps. 23), vir die goddelose 'n oorsaak van verskrikking, want Hy nader hulle in sy straffende geregtigheid. "Al dring hulle deur in die doderyk, my hand sal hulle daar uithaal, en al klim hulle op na die hemel, Ek sal hulle vandaar laat neerdaal .... en Ek sal my oog op hulle rig ten kwade en nie ten goede nie" (Amos 9:2-4).

Ons lees soms dat die Here "kom" en "gaan" of "neerdaal". God is nie aan plek of ruimte gebind nie; daarom kom en gaan Hy nie, maar Hy is oral. Hierdie uitdrukkings wil aandui die verskillende werkinge van die Here. Hy kom met sy genade, Hy daal neer, Hy besoek die mens met sy ontferming en 'n besef van sy lieflike teenwoordigheid, Hy gaan weg, Hy verberg sy aangesig vir die verharde, onbekeerde sondaar.

#### (5) *Onveranderlikheid.*

Ook deur hierdie eienskap onderskei God Hom van sy skepsele wat gedurig verander en wissel omdat hulle aan tyd gebonde is. Verandering of wisseling is by God nie moontlik nie, omdat Hy ewig is, bo die wisseling van die tyd verhewe. Hy kan nie meer volmaak, meer alomteenwoordig, meer enkelvoudig word nie. Hy is en bly altyd dieselfde, want as daar verandering by Hom moontlik was, dan sou dit beteken dat Hy nie 'n volmaakte, ewige God is nie, maar 'n wordende God. Hy is onveranderlik wat (a) sy wese betref, Jak. 1 ; 17: "Hy is die Vader van die ligte by wie geen verandering of skaduwee van omkering is nie"; (b) wat sy *kennis* betref, Hand. 15:18: "By God is al sy werke van ewigheid af bekend," Hy doen nie meer of minder kennis op met verloop van tyd nie: Hy weet alles omdat Hy alles gemaak het; (c) wat sy *wil en raadsbesluit* betref, Mal. 3:6: "Ek, die Here, verander nie, daarom is julle, o kinders van Israel, nie verteer nie." Sommige dwaalleraars meen dat God sy raadsbesluit maak of verander volgens die handelwyse van die mens. Die Here wag af wat die mens gaan doen en dan verander Hy sy besluit daarvolgens. Ons beweer dat God voorkennis het van alles wat gaan gebeur, omdat Hy in sy besluit alles vooruit bepaal het.

Wat sy Woord betref, verander Hy ook nie. Sy woorde en beloftes en profesie volbring Hy net soos Hy dit gespreek het of laat spreek het.

Nou word daar egter 'n beswaar gemaak omdat die Skrif van "berou" by die Here spreek. Sluit dit nou in dat daar 'n verandering van denke en wilsbesluit by die Here plaasvind?

Hier is sprake van goddelike berou. Sy wil en raadsbesluit bly onveranderd; daar is net 'n verandering van werkmetode. Die verhouding van die mens word anders, daarom moet nou anders gewerk word met hom, maar nog altyd volgens die onveranderde

raadsbesluit van die Here, waarin vir alle gebeurtenisse voorsiening gemaak word. Dit doen die Here smart, goddelike smart aan, dat hy dan sy straffende geregtigheid in werking moet stel in plaas van verlossende geregtigheid. Daar verander egter niks aan sy raadsbesluit nie. Ons lees van "innerlik met ontferming bewoë word". Ons kan dankbaar wees dat ons nie 'n gevoellose, koue, harde God het nie, maar 'n liefdevolle Vader, wat, wanneer Hy straf en tug, dit doen as 'n Vader.

## **B. DIE MEDEDEELBARE EIENSKAPPE.**

Hieronder behandel ons die eienskappe van Gods verstand (alwetendheid en wysheid), sy wil (goedheid, heiligheid en regverdigheid) en sy mag (almag).

Ons noem dit mededeelbaar, nie omdat God dit aan ander meedeel nie, maar omdat ons tog by die mens 'n floue weerkaatsing in menslike sin van hierdie eienskappe vind. By God is hulle goddelik, oneindig en volmaak; by die mens menslik, beperk en onvolmaak. Onder die onmededeelbare eienskappe het ons probeer om aan te toon die eienskappe waarin God hoogverhewe *anders* teenoor die skepping staan, omdat geen skepsel ook selfs maar 'n floue afskaduwing van daardie eienskappe kan besit nie. Die mededeelbare eienskappe is die waarmee Hy verband hou met die skepping, en by uitstek optree as Skepper en Regeerder van die heelal en alles wat daarin is; daarom word Hy hierin meer kenbaar aan die mens in sy onuitspreklike heerlijkheid, majesteit en krag.

Ons behandel nou die eienskappe van (a) sy verstand, (b) sy wil en (c) sy mag.

(a) EIENSKAPPE VAN SY VERSTAND.

(1) *Alwetendheid.*

Elke redelike wese het verstand. By God, wat die oorspronklike hoogste redelike wese is, is die vermoë goddelik en volmaak, nl. dit is alwetendheid.

Die aard van kennis by God. Die mens kry kennis van die dinge in sy omgewing deur middel van sy sintuie (gehoor, gesig, reuk, tasvermoë en smaak). Hy is dus vir sy kennis gebind aan ruimte en tyd. God is ewig, alomteenwoordig, bo ruimte en tyd. Hy is 'n Gees, wat geen sintuie het nie, en is dus nie vir sy kennis afhanklik van sintuie, ruimte of tyd nie. Hy kry ook nie kennis nie; Hy het kennis. Die mens kry sy kennis deur sekere middele en dan redeneer hy, maak gevolgtrekkings en bou so sy kennis op. Hy het dus middellike kennis. God het oombliklik, as met een oogopslag, kennis, onmiddellik deur intuïtiewe skoue — dus onmiddellike kennis. Hy ken alles omdat Hy álles gemaak het en alles bestier. Ja, tot in die fynste besonderhede ken Hy. By Hom is alle kennis waar, allerduideliks en gewis, sonder twyfel, verwarring of dwaling. As ons daaroor dink moet ons saam met Dawid bely, Ps. 139:6: "Om dit te begryp, is vir my te wonderlik, te hoog; ek kan daar nie by nie." Wat ken God? Wat is die voorwerp van sy kennis of alwetendheid? Alles wat kenbaar is: Hy ken Homself en alle dinge buite Hom, werklike dinge, moontlike dinge, verlede, toekoms; ja, alles. Hy ken die sterre. Ps. 147:4: "Hy bepaal die getal van die sterre en gee almal hul name." Hy ken al die mense, diere, plante. Hy ken ons woorde, ons dae en selfs die gedagtes en die gevoelens van ons harte is aan Hom nie onbekend nie.

Die alwetendheid van God moet die gelowiges verbly, want nou weet ons: Hy ken ook al ons node en behoeftes. Matt. 6:8: "Want julle Vader weet wat julle nodig het nog voordat julle Hom vra."

Dit is opbeurend vir die wat onreg ly, want die regverdige Regter weet dit.

Die verdrukke mag sê, Ps. 10:14: "U het dit gesien, want U aanskou die moeite en verdriet, sodat die mens dit in u hand sal gee. Aan U gee die ongelukkige dit oor. U was 'n helper van die wees."

Vir die goddelose behoort dit 'n verskriklike saak te wees dat die Here alles weet. 1 Joh. 3:20: "Want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart en Hy weet alles." Ook Jer. 17:9 en 10: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit. Wie kan dit ken? Ek die Here deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë volgens

die vrug van sy handeling."

Sommige dwaalleraars het beweer dat daar toevallige dinge en vrywillige handeling van die mens is waarvan God dan nie kennis sou dra nie. Ons beweer dat dinge vir ons toevallig mag lyk, maar God ken alles en daar is niks toevallig nie. Wat lyk meer toevallig as die gaan sit of opstaan van die mens? En tog sê die Skrif aan ons, Ps. 139:2: "U ken my sit en my staan, U ken van ver my gedagtes, want daar is nog geen woord op my tong nie, of U, o Here, U ken dit geheel en al."

## (2) *Sy Wysheid.*

Gods alwetendheid sluit sy wysheid in. Die wysheid is die praktiese voortreflikheid en deug van sy verstand; dit is die besturende beginsel van sy handele. Dit bestaan daarin dat Hy in alles die beste middele weet en gebruik om die beste doel te bereik; daarin dat Hy weet op watter manier Hy sy raadsbesluit moet uitvoer om sy heerlikheid op die luisterrykste te vertoon.

Die wysheid van God word aan ons openbaar op verskillende maniere:

- (i) In die *skepping* van hemel en aarde. Ps. 104:24: "Hoe talryk is u werke, o Here, U het hulle almal met wysheid gemaak, die aardryk is vol van u skepsele."
- (ii) In die *onderhouding* en die doelmatige bestuur van die heelal.
- (iii) In die *werk van verlossing*: die uitwerk en uitvoering van die verlossingsplan: voorafskaduwing, belofte, profesie en vervulling van die profesie, die wederkoms van Christus, soos al hierdie sake in sy Woord aan ons openbaar word.
- (iv) In die *bewaring* en *instandhouding* van sy kerk en die bewaring, beskerming en bestuur van die lewe van elkeen van sy gelowiges.

As ons so *dink oor* die wysheid van God, dan moet ons getuig saam met Paulus, Rom. 11:33: "O diepte van die wysheid, en die kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!"

## (b) EIENSKAPPE VAN SY WIL.

### (1) *Gods Wil.*

Die vermoë om die een saak te kan kies en die ander te verwerp, om die een lief te hê en die ander te haat, om die een te doen en die ander na te laat en om so uit jouself volgens eie beweegredes jou tot die een of ander te bepaal, noem ons "wil". Dit is 'n besondere vermoë wat 'n redelike wese bo 'n dier besit. God besit dit op die allervolmaakste, goddelike wyse. God se wil is één, en al wat Hy wil, het Hy van ewigheid af so gewil.

Om vir ons 'n beter begrip van sy wil te gee, kan ons dit indeel in: (i) Die verborge wil of die wil van Gods besluit. (ii) Die geopenbaarde wil of die wil van die bevel.

#### (i) *Die verborge wil of wil van Gods besluit.*

Dit is God se ewige voorneme waarvolgens Hy alles in die tyd laat geskied; dit is die oorsaak van alles wat bestaan. Aan hierdie wil of raad kan nie weerstand gebied word nie, en God verander dit ook nie. Jes. 46:10: "My raad sal bestaan en al wat My behaag sal Ek doen." Van hierdie wil of raad weet ons niks nie, totdat dit God behaag om dit aan ons te openbaar. Hy openbaar dit dan aan ons, of ten minste soveel daarvan as wat vir ons nodig is deur:

#### (ii) *die raad van sy bevel of geopenbaarde wil.*

Hy openbaar sy wil aan ons deur die heilige Skrif. Dit is die wil waarvan Jesus Christus spreek. Matt. 7:21: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader, wat in die hemele is." Paulus getuig ook van hierdie geopenbaarde wil as volg, Rom. 12:2: "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God

is."

Volgens hierdie geopenbaarde wil, wat in die Skrif vir ons vasgelê is, moet ons ons gedrag rig. Die verborge wil ken ons nie, en dit gaan ons ook nie aan wat daarin besluit is oor *ons* nie. *Ons moet handel volgens* wat die Here *ons* van sy wil in sy dierbare Woord openbaar. Deut. 29:29: "Die verborge dinge is vir die Here ons God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid om te doen al die woorde van hierdie wet." Die geopenbaarde wil moet ons dus uitvoer, en aan wat oor ons besluit is in die verborge wil, moet ons ons onderwerp of dit ondergaan.

Van die wil van die bevel moet ons bely, Jes. 8:20: "Na die wet en die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie Woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie."

Van die verborge wil moet ons bely: "Hy is die Here. Hy doen wat goed is in sy oë," 1 Sam. 3:1, of: "Nie my wil nie, Vader, maar laat u wil geskied."

## (2) *Gods Goedheid.*

Onder goedheid van God moet ons twee sake verstaan: (a) Goed in volstrekke, absolute sin. Christus sê: "Niemand is goed nie, behalwe God." Hieronder moet ons verstaan: Hy beantwoord ten volle as God, Hy deug, as ons dit so mag uitdruk, as God. Hy beantwoord aan sy doel as God. In hierdie sin word die woord ook gebruik in verband met die skepping, as ons lees: Hy het dit goed gemaak. Dit beantwoord aan die doel waarvoor dit geskape is. God is dus goed in volstrekke sin. (b) Goed het egter ook etiese betekenis: "Dit wat geluk bring." God is die hoogste goed wat nagestrewes moet word; in Hom is alles wat die mens nodig het om hom gelukkig te maak. God is ook die fontein, waaruit alle goeie gifte op ons neerdaal. Hierdie goedheid neem ook ander name in die Skrif aan.

God se *liefde*, die hoogste openbaring van sy liefde is in die Seun van sy liefde, wat Hy in die wêreld gestuur het "sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê," Joh. 3:16.

*Genade*: As die eienskap van sy goedheid waardeur Hy die sonde van sy volk vergewe op grond van die verdienste van die Seun van sy liefde.

*Barmhartigheid*: As die eienskap van sy goedheid, waardeur Hy uit erbarming die ellendige hulp, beskerming en vrede betoon.

*Lankmoedigheid*: As die eienskap van sy goedheid, waardeur Hy nie dadelik sy straf en oordeel op die sondes van die mens laat neerdaal nie.

## (3) *Sy Heiligheid.*

In Hebreeus, Latyn, Grieks en in ons taal is die grondbetekenis van die woord "afgesonderd". Dit dui aan "die weergalose, innerlike voortreflikheid van die Goddelike wese, sy verhewe afgesonderdheid van alle eindige, beperkte, kreatuurlike en in besonder sy afgesonderdheid van alle sondige en onreine."

Heiligheid is dan ook die hoogste lof van die Here. So sê Jesaja in hoofstuk 6:3: "Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskaars; die hele aarde is vol van sy heerlikheid." So sing die deurlugtige wesens wat sy troon omgewe, Hom 'n driewerf "heilig" toe.

*Heerlikheid* is dan die ontdekte uitstraling van sy heiligheid. As heilige haat Hy die kwaad, onreine en sondige, want lig het tog geen gemeenskap met duisternis nie.

Hierdie eienskap "heiligheid" word oorgedra in sy Woord en sy Gees en alles wat Hy doen. As die mens wedergebore is in Christus, dan moet hy op die weg van heiligmaking wandel, om so, al is dit dan maar 'n floue weerkaatsing, van die goddelike heiligheid te gee.

## (4) *Sy Geregtigheid.*

Die openbaring van die heiligheid van die Here in breëre sin noem ons sy heerlikheid, terwyl dit in engere sin openbaar word in sy geregtigheid, waaronder ons verstaan sy



waaragtige reinheid en suiwerheid soos wat dit ooreenstem met die wet wat Hy self gegee het. (Die begrip "geregtigheid" beteken in die Skrif "ooreenstemming met die wet.)

Ons kan nou praat van die Here: (a) As die hoogste geregtigheid. Die reg lê in Homself en word deur sy wil bepaal. Hy is dus die wetgewer (wetgewende geregtigheid). (b) Hy is die bron van alle reg. Hy gee die ordonnansies waarvolgens gehandel moet word. (c) Hy is ook die handhawer van die geregtigheid. Hieronder kan ons die onderskeiding maak tussen vergeldende of straffende geregtigheid en verlossende geregtigheid. Deur die straffende geregtigheid bestraf Hy alle oortrederS van sy wet. Deur sy verlossende geregtigheid spreek Hy die gelowige vry omdat Christus reeds die straf gedra het. Die gelowige aanbid dus met heilige blydschap die geregtigheid van die Here, omdat hy weet dat hy in Christus vrygespreek is van alle ongeregtighede. Die goddelose moet vrees hê vir die geregtigheid van die Here, omdat daarin vir hom opgesluit lê sy ewige veroordeling.

(c) EIENSKAPPE VAN SY MAG.

*Almag.*

Die almag van God blyk uit die volgende sake: Die skepping van hemel en aarde (Openb. 14:7); die oorwinning van al sy vyande (Ps. 68:22); die redding van sy volk (Ps. 69:36); die opstanding van Christus (Efes. 1:19); die wonders, natuurlike en geestelike.

Onder die almag van die Here verstaan ons dat niks by Hom onmoontlik is nie. Daar is nie by Hom die onderskeiding tussen vermoë, die wil en die daad nie. Die mens wil baie keer iets doen, maar dan het hy nie die vermoë om dit te doen nie. God wil, en wat Hy wil, dit kan Hy doen. Luk. 1: 37: "Niks is by God onmoontlik nie."

Hy is almagtig ten opsigte van sy raadsbesluit. Alles wat in sy raadsbesluit is, kan Hy uitvoer. Jes. 46:10: "My raad sal bestaan en alles wat My behaag, sal Ek doen!"

Hy is die oorsprong van alle mag wat mense en diere besit. Hulle besit mag omdat die Here hulle met mag bekleed, maar daardeur staan Hy tog nie sy mag al nie. Hy bly almagtig.

Hy is almagtig wat die natuurwette betref. Hy hef hulle dan ook op om 'n wonder te verrig.

Wat 'n ontsaglik lieflike troos vir die kind van die Here dat hy weet hy het 'n almagtige God. Daarom roem ons Hom, ja, nie net om sy almag nie, maar *om* al sy luisterryke, heerlike eienskappe met die slotwoorde van die "Onse Vader": "Aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid." "Waarlik. By wie wil julle God vergelyk, of watter gelykenis naas Hom stel .... Hy sit bo die kring van die aarde."

# DIE RAAD VAN DIE WELBEHAE EN DIE VREDERAAD

DE. P. J. S. DE KLERK, B.A.

## A. DIE RAAD VAN DIE WELBEHAE

### 1. *Die raad van God in die algemeen.*

Die heilige Skrif leer ons duidelik dat die ewige raad van God voorafgaan aan al sy dae. Die Here doen nooit iets of dit is reeds voor die grondlegging van die wêreld in sy aanbiddelike raad besluit. Die raad van die Here omvat dus sy besluit oor alles wat in die tyd sal geskied. Dit betref die verhouding waarin God staan tot sy skepsele. Die Skrif leer ons hierdie verhouding ken as 'n aktiewe houding. God is teenoor die wêreld buite Hom nie lydelik nie, nie 'n niksdoende toeskouer nie, maar 'n werkende God.

In Hand. 15:18 lees ons: "Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend." Hier word uitgespreek die ewige vastheid van alles wat in die tyd geskied. Let daarop, die Skrif sê hier nie dat die dae van die mense aan God bekend is, en dat Hy tevore sien alles wat ons doen nie; nee, hier staan dit duidelik dat God van ewigheid af weet wat Hy doen. Dis nie nodig dat Hy vooruitsien wat ons doen nie, want God is omtrent sy eie dae uit Homself seker. Hy weet alles omdat alles vaslê in sy gedagtes. Gods werke is van ewigheid af, en aan alles wat in die tyd geskied, gaan sy raad vooraf. Alles wat God in die tyd doen, is deur Hom van ewigheid af also besluit. Daar is dus 'n raad van God. Sy goddelike gedagtes lê ten grondslag aan al sy werke. Sy werke is in absolute sin die verwerkliking van sy gedagtes. By ons mense is ons dae meermale gedagteloo. Dit kom in ons lewe telkens voor dat ons handel sonder dat ons eers deeglik beraadslaag het, dog so is dit nie by die Here nie. Hy wat volmaak in al sy werke is, is ook volmaak in al sy gedagtes, en aan elke werk van Hom lê 'n gedagte of voorneme ten grondslag. Al sy werke is van ewigheid af aan Hom bekend. Geen plan is vir Hom onuitvoerbaar nie, sê Job (42: 2). Die raad van God is dus die ewige, werksame wil van God, die willende en besluitende God self. Dis die ewige, werksame wil van God, wat één is met sy wese. In God is nie alleen sy besluit en sy raad nie, maar in sy wese self is daar 'n ewige werksaamheid (aktiwiteit).

Daar is tussen die drie persone in die goddelike wese 'n goddelike gemeenskap en 'n lewe van liefde. Dis 'n werksaamheid van God in sy raad, wat betrekking het op iets wat nie in die tyd verwerklik word nie. Maar daarnaas is daar werke van God wat as uitvloeisel van sy gedagtes betrekking het op die skepsele en in die tyd verwerklik word. God is dus die werkende God in sy ewige raad, en God is die werkende God in die verwerkliking van sy gedagtes in die tyd. Dis veral hierdie verwerkliking van Gods gedagtes ten opsigte van die skepsele in die tyd waaroor ons hier handel.

### 2. *Verskillende benaminge.*

Die heilige Skrif het verskillende name vir die begrip van die raad van God. Dit word allereers genoem *raad* van God. In Jes. 46:10 lees ons: "My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen." En in Ps. 33:11 lees ons: "Die raad van die Here bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag." In hierdie tekste is daar sprake van die gedagtes van God, wat bestemd is om in die tyd verwerklik te word, en van hierdie gedagtes vorm sy raad die eenheid. Die raad van God is also die plan van God, wat Hy in dae omsit en in sy werke uitvoer. Daarom sê Asaf: "U sal my lei deur u raad" (Ps. 73:24). Dit sien op Gods verborge plan met die mens.

In Hand. 2:23 spreek Petrus van "die bepaalde raad en voorkennis van God." En in Hand. 4:28 spreek hy van "alles wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind. Petrus gee dus te kenne dat God nie werk na willekeur nie, maar dat Hy Homself gebind het deur sy raad, wat deur sy wil bepaal is.

Die raad van God word ook *besluit* genoem. Die woord "besluit" gee te kenne dat iets onveranderliks beskrywe of vasgelê is. Wat God beskrywe het as uitvloeisel van sy raad, kan nooit uitgewis word nie. So lê daar in die woord "besluit" die gedagte dat God tevore

onveranderlik in sy boek geskrywe het alles wat in die tyd sal geskied. In Ps. 2:7 sê die Psalmis: "Ek wil vertel van die besluit." By die mens is daar onderskeid tussen raad en besluit. Hy kan iets uitdink en daarvoor beraadslaag sonder om juis 'n besluit te neem. Dog by die Here is raad en besluit één, omdat Hy die alwyse is in wie se raadsag nooit iets is wat vir sy besluit nie deugdelik is nie. En omdat Hy die almagtige is, is alles altyd vir uitvoering vatbaar. Wat God beraadslaag, besluit Hy tegelyk. Die besluit van God en die besluitende God is één, en daar is tussen hierdie beide nie die minste gedeeldheid nie. In Sef. 2:2 sê die profeet dat Israel hulle moet versamel voordat die besluit baar. Hy vergelyk die besluit van God met 'n moeder wat wil baar. So word uit die swangere besluit van God die dag van Gods toorn gebore. God bepaal die grense en trek die lyne, en Hy baken die weg af waarlangs elke volk en persoon gelei word.

Die raad van God word ook *welbehae* genoem, daarom word dit ook die raad van die welbehae genoem. Ons het reeds gesien wat die Here sê in Jes. 46:10: "Al wat My behaag, sal Ek doen." En Jesus spreek van die Vader se welbehae om aan ons die koninkryk te gee. Sien verder Jes. 49:8; 53:10. En Paulus spreek van "die welbehae van sy wil", waar God ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus.

God ken sy welbehae en selfverlustiging. Welbehae sluit in die werking van liefde, 'n liefde nie in die skepsele nie, maar 'n liefde wat hom eers uitstrek tot God self. God het Homself volkome lief en Hy het 'n volmaakte welbehae in Homself. Die welbehae van God word dus opgewek deur die goddelike wese self. Die Vader het 'n ewige welbehae in die Seun. Die liefde van God word dus deur Homself bepaal. Hy doen alles terwille van Homself. Sy liefde het geen grond in ons nie en word deur ons nie opgewek nie. Daarop wys Jesus ons as Hy sê: "Ja, Vader, want so was dit u welbehae" (Matt. 11:26). God verlustig Hom in die beskouing van sy besluit met ewige, heilige en volmaakte vreugde. Die diepste motief van Gods liefde lê in sy eie wese. Alles wat God in sy welbehae besluit het, kom voort uit die liefdesbeweging van God in Homself en vind sy hoogste motief in God self. Hierdie welbehae van God is geen willekeur nie. Nee, wat God behaag, is volkome heilig en goed. Daarom kan ons met Jesus berus in die welbehae van die Here. Dit hang nie af van wat ons is of doen nie, maar vind sy grond in die onveranderlike God alleen.

Die raad van God word ook *voorneme* genoem. In Rom. 8:28 spreek die apostel van "hulle wat na sy voorneme geroep is." Ons liefde is vrug van die roeping deur die Heilige Gees, sê die apostel, en hierdie innerlike roeping geskied na wat God in sy ewige voorneme bepaal het. In Efes. 1:9 spreek die apostel van die "welbehae wat Hy by Homself voorgeneem het." En in Efes. 1:11 spreek hy van "die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil." God bepaal alles en Hy verordineer wie tot die ewige lewe uitverkies is. Dit alles geskied dus nie na willekeur of by toeval nie, maar na 'n vaste plan wat die Here voor homself gestel het (voorgeneem het).

'n Ander benaming vir raad is *verordining* of voorverordining. Dit wil sê, God het alles tevore (voor die tyd) bepaal wat in die tyd sal plaasvind. Sien ook Rom. 8:29, 30. God het ook alles bepaal na sy *wil*. Dis nog 'n ander benaming vir sy raad. Die wil van God beheers nie alleen die ryk van die natuur nie, maar ook die van die genade. In Efes. 1 spreek die apostel selfs van die raad van sy wil. Hierdie wil van God is geen willekeur nie, maar dit steun op oorleg en beraad, op wysheid en heilige raadsag.

### 3. *Eienskappe van Gods raad.*

Onder die raadsplan van die Here verstaan ons die ewige voorstelling in sy verstand en die ewige bepaling in sy wil van alles wat in die tyd geskied. Gods raad is dus 'n daad van sy verstand en wil. Verwaarloos ons die eerste, dan maak ons sy besluite tot willekeur, en verwaarloos ons die tweede dan word Gods plan tot 'n onsekere denkbeeld. Wat God dink, is geen idee waarvan die uitvoering verydel kan word nie. Sy raad is kragdadig en Hy doen al wat Hom behaag. God ontleen vir sy raad sy gedagtes nie aan die skepsel nie. Nee, uit sy raad put God alleen uit die volheid van sy kennis en uit die diepte van die wysheid wat in Hom aanwesig is. Sy raad bevat nie al sy gedagtes nie.

Nee, wat in Gods raad opgeneem is, is maar 'n weinig van die diepte van die rykdom van wysheid en kennis wat daar in God is. Tog het God ons in die Skrif baie duidelik geopenbaar dat sy raad oor alles gaan in die skepping en herskepping. Die oomblik van ons geboorte, die uur van ons dood, die omstandighede waarin ons lewe, die plek waar ons lewe, is reeds in die boek van Gods raad opgeteken, voordat daar nog iets van ons begin het om te lewe. En verder: God het hierdie wêreld in sy welbehae volkome wys en goed gewil. Hierdie belydenis gee rus aan ons onstuimige hart. Ons erken dan dat op die bodem van alle vrae die sondeskuld van die wêreld lê. Die lyding en ellende vind sy oorsaak nie in die werk van God nie, want wat God doen is goed, maar dit vind sy oorsaak in ons ongehoorsaamheid.

Tot ons troos is dit daarom nodig om verder te let op die eienskappe van die raad van God. Dan bemerk ons allereers dat Gods besluit *ewig* is. In Efes. 1:4 sê Paulus: "God het ons in Hom (Christus) uitverkies voor die grondlegging van die wêreld." En in Hand. 15:18 lees ons: "Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend." Die Bybel gaan hier terug tot agter die begin van die wêreld, tot agter die tyd. In God is daar 'n ewige werksaamheid, wat aan die tyd voorafgaan, wat buite die tyd staan en bo die tyd verhewe is. Die raad van God is 'n ewige daad wat ewig voltooid is en ewig voortgaande, dis buite en bo die tyd. Dis geen vrug van allerlei redenering en oorweging nie, sodat God eers 'n tydlank sonder besluit sou gewees het; nee, die raad van God is die ewige werksame wil van God, dis die willende, besluitende God self. Dis nie iets toevalligs in God nie, maar as ewige werksame wil is dit één met sy wese. God neem dus nie elke oomblik nuwe besluite nie. Opeenvolgende besluite, die een ná die ander, kan daar in 'n ewige en onveranderlike God nie wees nie. Die raad van God kan nie ingedeel word in honderde besluite nie; nee, dis één, en wie hierdie eenheid loslaat, trek die ewige neer in die stroom van die tyd. Voor die grondlegging van die wêreld het God reeds *alles* in sy raad bepaal wat in die tyd eenmaal sal gebeur. As die skepping daargestel is deur God, dan is die ganse wêreldplan deur God reeds vasgestel. God neem nie later nog weer besluite nie. Ons menslike besluite is gebind aan die tyd, en daarom kan ons nooit één, enkelvoudige lewensbesluit neem wat alle verdere beslissinge oorbodig sou maak nie.

Verder is God *vrymagtig* in sy besluite, want Hy is van niemand afhanklik en staan onder niemand se invloed nie. God is absoluut vry in sy wilsbepaling. Onder die vryheid van die raad van die Here verstaan ons dit, dat Hy in sy ewige besluit nie deur enige oorsaak buite Hom nie, maar alleen deur Homself, deur sy eie redene bepaal word. Jesaja sê dat Hy doen wat Hom behaag (46:10). Hy is barmhartig oor wie Hy wil, en Hy verhard wie Hy wil (Rom. 9:18). En in Ps. 115:3 lees ons: "Onse God tog is in die hemel, Hy doen alles wat Hom behaag." En in Efes. 1:9 praat die apostel van "sy welbehae wat Hy by Homself voorgeneem het." Sien ook Rom. 11:34, 35. Hierdie vryheid van Gods besluit mag ons nie so opvat dat die Here ten opsigte van enige saak ook sonder besluit sou kan wees nie. Dis onmoontlik, want dan sou daar dinge kan bestaan wat buite die bepaling van Gods wil sou kon omgaan. Dit is in stryd met die wese van God. So 'n opvatting handhaaf nie Gods vryheid nie, maar stel Hom afhanklik van die skepsel. Daar is in God geen dwang nie. Geen enkele oorsaak buite Hom bepaal sy wil nie. Maar hierdie vryheid van God mag weer nie as willekeur opgevat word nie. God is nie vry om die sonde te straf of nie te straf nie. Nee, Hy wil alleen wat met sy wese ooreenkom. Dis 'n troos om te weet dat daar in sy wil geen willekeur, geen toeval en geen onsekerheid is nie. Naas sy vryheid om te besluit soos Hy wil, kry ons nog sy deugde, soos sy wysheid, goedheid, geregtigheid, ens. God is nie alleen vry om te besluit nie, maar Hy is ook die *alwyse* God, wie se besluit met sy goddelike wysheid in ooreenstemming is. Hy het alles met goddelike wysheid uitgedink in sy raad voordat iets nog geskape is. Daar is dus geen willekeur by God nie. Sy besluit beoog die glorie van sy naam, en om dit te bereik het God volmaakte weë in sy raad daarvoor gekies.

Maar Gods raad is ook *onvoorwaardelik*. Dit wil sê dat God geen enkele ding besluit onder 'n voorwaarde wat van ons sou afhang nie. In die skepsel lê daar geen enkele voorwaarde wat Gods besluit kan beïnvloed nie. Volgens die Pelagiane is Gods besluit voorwaardelik. God sien vooruit wat die mens sal doen en neem 'dienooreenkomstig' dan

sy besluit. Hulle meen dat also die sedelike vryheid van die mens gehandhaaf word. Op hierdie standpunt word die sedelike lewe van die mens hoër gestel as die eer van God. Ons mag Gods besluit, so leer die gereformeerdes, nie afhanklik stel van 'die vooruitgesiene houding van die mens nie. Dan is God tog weer afhanklik van wat die mens wil en wat hy doen.

Dis waar, die Skrif spreek van 'n *berou* van God, soos bv. in Jer. 18:8; Jona 3:9. Maar hier moet ons goed onderskei. Wanneer die heilige Skrif spreek van Gods oordeel by verharding en van berou by bekering, dan is die bedoeling nie dat God eers afweg wat die mens doen en dan sy besluit neem nie. In hierdie tekste is daar geen sprake van Gods besluit nie. Dit gaan hier oor die *geopenbaarde wil* van God. Daarom kom die Here telkens tot die mens met sy bedreiging en belofte. Hy bedien Hom van hierdie middels, omdat Hy die mens handhaaf as 'n sedelike wese. As God dus berou het en sy oordeel nie uitvoer nie, dan het Hy nie in sy besluit verander nie; maar die mens het verander en staan in 'n ander betrekking tot Hom. Daar is nie, soos die Pelagiane leer, 'n dubbele besluit in God nie, nl. 'n voorafgaande en 'n daaropvolgende besluit. Dit beteken dat God eers afweg om te sien wat ons doen en daarna besluit Hy dan. Hierdie voorstelling rand sy wese aan. Dit maak van God 'n onsekere God, wat afhanklik is van die skepsel. Die hele leer van die vooruitgesiene geloof is vals. Die geloof tog is 'n gawe van God en Hy gee dit aan wie Hy wil. Daarmee verval die leer van die Pelagianisme.

Maar God is ook *onveranderlik* in sy raad. Sy besluit is aan geen wysiging onderhewig nie. Waar Hy self onveranderlik is, daar is sy raad ook onveranderlik. Tye en omstandighede mag verander, maar Hy staan onbewoë bo alles. "God is geen mensekind, dat dit Hom sou berou nie" (Num. 23:19; 1 Sam. 15:29). "Die genadegawes en die roeping van God is onberoulik" (Rom. 11:29). En Jakobus sê dat daar by God geen verandering of skaduwee van omkering is nie (Jak. 1:17). In Hebr. 6:17 spreek die apostel van die "onveranderlikheid van sy raad." In hierdie onveranderlikheid van die raad van God vind ons siel rus. Dis 'n anker van die siel wat veilig en vas is. As ons in die Skrif lees dat God berou het en sy toorn aflê (Gen. 6:6; Ex. 32:10—14; Jona 3:10), dan spreek die Skrif op menslike wyse. Daar is verandering buite Hom, maar geen verandering in Homself nie. God besluit eers dat Isak geoffer moet word en dan dat dit nie sal gebeur nie. Is hier dan geen verandering in Hom nie? Nee, want sy raad is dat Isak nie geoffer moet word nie. Daarom is dit 'n bevel wat Hy aan Abraham gee en geen besluit nie. Daar is onderskeid tussen die wil van bevel en die wil van besluit. In die bevel sê die Here nie wat Hy sal doen nie, maar Hy sê 'daarin wat ons moet doen. Hy voer sy besluit juis uit in die weg van vermanings en bedreigings.

#### 4. Die doel van Gods raad.

Die doel van Gods raad is sy eer. Dit lê dus in Homself. Omdat Hy die volsalige is, eis sy glorie dat alles wat Hy verordineer het, ook Hom moet verheerlik. Daarom doen die Here alles wat Hom behaag, en daarom kan geen sonde en geen 'dood sy besluit ooit keer nie. In Spr. 16:4 lees ons: "Alles het die Here gemaak vir sy doel; ja, ook die goddelose vir die dag van onheil." Hier staan dit so duidelik dat die doel van alles wat God werk in Homself lê. Alles moet met Hom en sy deugde ooreenstem. En dit geld nie alleen van die goeie nie, maar ook van die bose. Hy gee sy eer aan geen ander nie (Jes. 48:11). In Rom. 11:33-36 wys Paulus daarop dat die doel van Gods raad nie in die mens lê of in enige skepsel buite Hom nie. Alles het sy doel in Hom en uit alles moet aan Hom die eer toegebring word. Dit moet duidelik verstaan word. Hy soek nooit die skepsel asof die skepsel Hom iets kon gee wat Hy mis nie; nee, Hy soek Homself. Hy is en bly altyd sy eie doel.

'n Kunswerk is op homself reeds 'n eer vir die kunstenaar, voordat dit nog as produkteur iemand geprys word. In die heelal is daar soveel wat deur niemand aanskou word nie, en tog roep dit die grootheid van die Here uit. God het die wêreld nie nodig om volsalig te wees nie. Nee, Hy het Hom van ewigheid af verlustig in sy besluit, omdat dit Hom behaag het om sy gedagtes te verwerklik. Sy welbehag, sy wil, is die laaste grond. Die saligheid van die uitverkorenes is op homself 'n einde van die groot werk van

verlossing, maar dis tog nie die hoogste doel van Gods raad nie. Dit bly 'n middel tot 'n doel. Dis weliswaar vir ons menslike gevoel hard om aan te neem dat God ook verheerlik word in die rampsaligheid van die ongelowiges, maar ons moet berus in Gods Woord, ook al verstaan ons nie. Lees Rom. 9:21, 22. Hy het ons nie nodig nie. Ons bring Hom niks toe nie. Wat ons Hom toebring, is slegs vrug van sy genade en daarvoor moet ons Hom dank.

#### 5. Die voorwerpe van Gods raad.

Gods raad gaan oor *alle dinge*, want niks kan aan sy raad onttrek word nie (Dan. 4:35). As daar maar een ding was wat sy grond nie gevind het in die besluit van die Here nie, dan sou die eenheid van sy goddelike plan en die eenheid van sy regering gebreek wees; en dan was Hy nie die almagtige God nie.

Ons kry sy besluit, wat meer oor die stoflike wêreld gaan, en sy besluit wat aan die sedelike wêreld ten grondslag lê. Hierdie besluit oor die lot van die mense en hul verlossing in Christus is die *besondere raad* van God, wat ons as *vrederaad* in die volgende paragraaf nader sal uitwerk.

Gods besluit oor die stoflike wêreld het betrekking op die tydelike staat en die natuurlike lewe. Dit beheers die terrein van Gods onderhouding en regering. Dit word gewoonlik met die naam *voorsienigheid* genoem. Die besluit van God oor die stoflike wêreld is in vroeër tye algemeen met die naam van voorsienigheid aangedui. Die voorsienigheid is dus vroeër gereken tot Gods besluit en dis also ter sprake gebring by die wil van God. Maar hierin het daar verandering gekom. Die naam van voorsienigheid is later nie meer gebruik vir die besluit of die raad van God nie, maar vir die daad van onderhouding en regering. Dis volgens ons Kategismus die almagtige en alomteenwoordige krag waardeur God hemel en aarde en alle skepsele soos met sy hand nog onderhou en regeer (Sondag 10). Die voorsienigheid gaan oor alle dinge. Aan alle dinge lê sy ordinansies ten grondslag. Geen haar van ons hoof kan teen die wil van God verlore gaan nie. Niks val buite sy wil en sy raad nie. Soos Hy alles in sy raad van ewigheid af bepaal het, so lei en regeer Hy alles ook. Alles rus in die ewige welbehag van God. Volgens Pelagiaanse standpunt is die wil van die mens of die natuur of kultuur die laaste grond van alle dinge. Maar dan word God onttroon en die mens op die troon gesit. En dan word alle wêreldgebeurtenisse een groot raaisel. Dan is daar geen lig en geen troos meer nie. Nee, alles is in die boek van God opgeskrywe, sê Dawid in Ps. 139:16. Daarom roep Dawid uit: "Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes, o God!" (vs. 17). Dit gee stuur en rigting aan ons lewe. Dit gee moed om te stry en krag om te sterwe.

### B. DIE VREDERAAD

Die hele terrein van die sedelike lewe staan onder die raad van God. Dit wil nie sê dat daar 'n skeiding is tussen die natuurlike en die sedelike wêreld nie. Nee, Gods raad gaan oor alle dinge, ook oor die sedelike en ook oor die ewige. Die mens is met sy sedelike vryheid en verantwoordelikheid opgeneem in die raad van God. Hy het selfs die sonde in sy raad opgeneem, maar Hy is nie die outeur of werkende oorsaak van die sonde nie. Hy maak selfs die sonde diensbaar aan sy glorie.

Nadat ons nou oor die raad van God in die algemeen gehandel het, kom ons tot die beskouing van sy raad in enger sin. Ons het gesien dat die algemene raad van God, waarin alles beslote lê, hom verwerklik in die tyd deur die voorsienigheid. Die naam *predestinasie* egter is ook gebruik vir al die besluite van God omtrent alles wat in die tyd sal geskied. Hier val predestinasie saam met die raad van God. Tog dink ons by predestinasie gewoonlik aan daardie deel van sy raad wat betrekking het op die ewige staat van sy redelik-sedelike skepsele. Die predestinasie is dus die ewige besluit, wat tot voorwerp het die ewige wel en wee van sy redelike skepsele, van mense en engele. Hierdie predestinasie val dan in twee dele uiteen: die *uitverkiesing* tot die lewe en die verwerping tot die verderf. Op die uitverkiesing gaan ons hier nie verder in nie, omdat daaroor in 'n afsonderlike verhandeling gehandel word. Hier wil ons net daarop wys dat die uitverkiesing die spesiale toepassing van die raad van die Here is, wat betrekking het

op ons ewige staat en op die middels wat daartoe lei. Onder uitverkiesing verstaan ons die besluit van God, waarin Hy 'n sekere menigte mense van ewigheid af tot die ewige lewe bestem het. Hierdie raad, waarin die barmhartige God sy uitverkorenes aanwys, die Borg en Saligmaker bestel en alle middels van die genade bepaal, word genoem die *raad van versoening*, die *vrederaad*, die *heilsraad* of die *raad van behoudenis*. "God het ons in Jesus Christus uitverkies voor die grondlegging van die wêreld" (Efes. 1:4). "God het ons van die begin af verkies tot verlossing deur heiligmaking van die Gees en deur geloof in die waarheid" (2 Thess. 2:13). En die apostel getuig in 2 Tim. 1:9 dat God ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade, wat ons geskenk is in Christus Jesus van ewigheid af. Duideliker kan dit seker nie gestel word nie. Wil u dit nog duideliker hê, luister dan verder na die apostel. Hy sê in Efes. 1:5, 6 dat God ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Hom aan te neem. Hy het ons begenadig in die Geliefde, in wie ons die verlossing deur sy bloed het. Hierdie raad (besondere raad), waarin die ewige verkiesing van die uitverkorenes vaslê en waarin die verordining van die Middelaar en alle middels van die genade vasgestel is, is die vrede raad. Hierdie vrede raad is also die raad waarin die drie persone van die drie-eenheid in die ewigheid besluit tot die werk van die verlossing.

Soos die algemene raad van God hom deur die voorsienigheid verwerklik in die tyd, so verwerklik die vrede raad hom ná die sondeval in die *genade verbond*. Die geheim van die ewige verkiesing word ontsluit deur die toebrenging tot die saligmakende geloof, tot kragdadige bekering in die hede van die genade: slegs hulle kom tot die saligmakende geloof wat in die raad van God verordineer is tot die ewige lewe. In die heils- of vrede raad is besluit tot hul saligheid, en in die genade verbond word die saligheid in die praktyk van die godsaligheid uitgewerk. Uit die vrede raad vloei die waters van die lewe op die bedding van die genade verbond.

Hoe heerlik is die vrede raad! Dis 'n peilloos-diepe gedagte dat ons in Christus uitverkies is voor die grondlegging van die wêreld. En daarom is daar alleen op hierdie fondament vaste hoop op 'n ongestoorde vreugde in die ewige saligheid. Deur die goddelike eenheid van die raad van die welbehag en die vrede raad is dit die evangelie: "My raad sal bestaan en al wat My behaag, sal Ek doen."

Nog net een gedagte. Sommige noem die vrede raad die *vrede verbond* van God drie-enig met die Middelaar, in onderskeiding van die genade verbond van God met die uitverkorenes. Ons verkies liever om te spreek van een genade verbond, waarin ons daai onderskei tussen die *verwerping* van die heilsweldade deur Jesus Christus, wat Hoof en Middelaar van die verbond is, en die *toepassing* van daardie heilsweldade deur die Heilige Gees. Die verwerping van die saligheid begin in die ewigheid, en die toepassing neem 'n aanvang in die tyd en het onderskeie bedelinge. In die genade verbond mag die gelowiges nooit een enkele oomblik buite Christus beskou word nie. In die vrede raad stel die Vader die eis van voldoening vir die bedrewe kwaad van die uitverkorenes, die Seun bied Hom gewillig aan as Borg en Middelaar vir hulle wat die Vader aan Hom gee, en die Heilige Gees sal die genadewerk toepas en verwerklik in die verlore uitverkorenes. Die drie persone besluit elkeen na sy goddelike werk. Dit vind sy oorsaak in die verbondsverhouding waarin die drie persone lewe.

Ten slotte wil ons net daarop wys dat ons hier in verband met die raad van die welbehag en die vrede raad verborge dieptes het, waarop ons nie verder kan ingaan nie. Ons het net te doen met dinge wat God aan ons aangaande sy raad geopenbaar het. En al verstaan ons sy gedagtes nie, tog wil ons met Dawid uitroep: "Hoe kosbaar is vir my u gedagtes, o God!"

## DIE SKEPPING

Ds. J. J. H. BOOYSEN, B.A., B.D.

Die God van die Bybel is nie alleen 'n lewende, persoonlike God nie, maar ook 'n *werkende God*; 'n God in wie daar nie alleen alwyse gedagtes en planne is nie (raad van God), maar wie se alwyse gedagtes en planne gedurig oorgaan in daad en werke. En so het die heelal, die hemel en die aarde met alles wat daartoe behoort, ook tot stand gekom. Dit was openbarings, uitgaande werke van goddelike alwyse gedagtes en planne.

Hierdie waarheid, dat God 'n *werkende* God is, is deur niemand anders bevestig nie, as deur God die Seun self in Joh. 5:17 waar hy die Jode geantwoord het: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook."

Maar as die God van die Skrifte die werker is van alle dinge, dan is Hy ook die werker van die "*begin*" van alle dinge — dan is Hy, m.a.w., ook die *werker* van die *skepping* wat die begin is van die dinge in die hemel en op die aarde.

En dit is ook die korte en heerlike waarheid waarmee die Boek van die boeke — wat niks anders is nie as die lofsang oor die werke van die ewigwerkende God — Hom by ons aanmeld: "In die begin het *God* die hemel en die aarde geskape." Maar hiermee beantwoord die Skrif dan ook die eeue-oue vraag na die *oorsprong* van alle dinge, en só afdoende is hierdie kort antwoord, dat iemand hieroor gesê het: "Al het ons van die Bybel niks anders oorgehou as net hierdie één woord nie, dan het ons stof genoeg gehad om daarvoor tot in die verste ewigheid te peins. Al het ons ons ganse Bybel verloor of vergeet en slegs daardie één aanvangsvers oorgehou, dan het ons meer as wat die hele wysheid van die oudheid van die ganse mensewêreld ons kan bring. Ons het 'n openbaring van God, ons weet dan van die skepping van die wêreld uit niks" (vertaald).

Die Bybel sê vir ons dus dat God die *skepper* en *werker* van alle dinge is. Alles het hulle ontstaan uit Hom. (Joh. 1:3, Openb. 4:11, 2 Pet. 1:3.)

Teenoor hierdie uitspraak van die Skrif staan die opvattinge van die filosofie en die wetenskap. Hier word met die *rede* van die mens gewerk en word met geen *openbaring* van God rekening gehou nie. Dit is dus te verstaan dat die rede moet werk met wat voorhande is om te kom tot 'n oplossing van die probleem van die oorsprong van alle dinge; dit moet dus van die produk, d.w.s., van die bestaande skepping gaan tot die oorsprong. Op hierdie manier kan die natuurwetenskap (eksakte wetenskap) wel die bestaande dinge ondersoek, en op grond van die ondersoek sekere teorieë opbou wat nooit met absolute sekerheid vasgestel kan word nie. Maar daarmee kan hulle *nooit die ontstaan* van die dinge verklaar nie. Sodra hulle die ontstaan wil verklaar is dit geen eksakte wetenskap meer nie, maar filosofie, wat die dinge nie meer weeg en meet nie, maar daarvoor filosofeer (bv. die ewolusie). Bly die wetenskap egter by die weeg en meet en ondersoek van dinge, dan kan van die resultate van die natuurwetenskap dankbaar gebruik gemaak word, in soverre dit die Bybel aanvul en bevestig, soos dit dan ook oor en oor die geval al was.

Ook die *filosofie* kan nie en het ook nog nooit 'n bevredigende antwoord gegee op die vraag na die oorsprong van die dinge nie. Die antwoorde van die filosofie is velerlei, maar kan eintlik in *twee groot stelsels* saamgevat word, nl. die van die *panteïsme* en die van die *materialisme*. Die panteïsme neem bv. 'n *ewige krag* aan as 'n oerbeginsel waaruit alle dinge, ook die stoflike, ontstaan het. Of dit neem wel 'n onbepaalde goddelike wese aan, maar die goddelike wese is dan nie die skepper van die dinge nie, maar die dinge het deur *emanasie* (uitvloeiing) uit die goddelike wese gevloei, sodat hulle — die dinge — deel is van die goddelike wese en dus ook goddelik is; vandaar die naam panteïsme (alles-God).

Die materialisme gaan uit van die gedagte dat *die stof* (materie) *ewig is*, en dat alle dinge dan uit so 'n ewige oerstof gemaak is (nie geskep is nie), of ook ontwikkel het.

Maar, nou vra ons: gee hierdie filosofiese verklarings ons enige sekerheid van die *ontstaan* van die dinge, van hemel en aarde? Nee, dit gee geen sekerheid nie; dit is niks



anders as bespiegeling van die menslike gees, sodat die sekerheid van die filosofie en wetenskap, tog ook maar gegrond is daarop dat hulle *glo* dat die dinge só ontstaan het. En wat het hulle dan eintlik meer en beter as *die kerk* wat bely in sy eerste artikel: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde"? Wat gee dit meer as die Skrif vir ons, wat in Hebr. 11: 3 sê: "Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is...."?

Daarom moet ons konstateer dat daar *buite die openbaring geen sekerheid* omtrent die skepping kan bestaan nie. Die oorblyfsels van die oorspronklike kennis, aan sigself oorgelaat, lei hy die volke nou tot allerhande sages (stories oor die skepping), en voorstellings of mites ('n versinning oor die skepping), en in die wysbegeerte tot panteïsme, wat geen sekerheid kan gee nie. En dit kan ook nie anders nie, want by alle ander dinge kan 'n mens terug gaan op die getuienis van mense wat daar by was, maar die skepping sluit alle teenwoordigheid van mense uit. Die skepping is, wat dit betref, uniek, enig.

Ons konkludeer hieruit dat die *skepping òf deur God geopenbaar is òf ons weet niks daarvan nie*. En die enigste openbaring wat God omtrent die skepping aan die mens gegee het, is vervat in die Skrifverhaal van Genesis 1 — 'n "Groszartiges Portal am Eingang des Bibels".

En nou sal die vraag gestel word: *wat het God beweeg om die skepping tot stand te bring?* Of wat was die bewegende oorsaak by God gewees vir die skepping? Op hierdie vraag kan daar ook verskillende antwoorde gegee word as die mens die menslike rede daarvoor raadpleeg en nie die Bybel nie.

So word byvoorbeeld beweer dat die *skepping noodsaaklik* was; die skepping kon nie uitbly nie en God was eintlik om een of ander rede genoodsaak om te skep. Die rede vir hierdie noodsaaklikheid sou dan wees dat God innerlik gebind is om te skep. Hierdie innerlike gebondenheid plaas God onder verpligting en dus onder 'n wet wat Hy moet gehoorsaam. Maar dan het hierdie redenasie God vernietig, want 'n God wat onder 'n sodanige wet staan, sou in die ware sin van die woord geen God wees nie.

Daar word ook wel anders geredeneer. God sou *te oorvol* wees en die skepping sou dan 'n resultaat wees van hierdie oorvolheid van God, wat Hy nie kan beheers nie. Of dit kan ook andersom wees: dat God *te arm* is en dus die skepping nodig het.

Maar al hierdie buite-die-Skrif-staande redenasies oor die noodsaaklikheid al dan nie van 'die skepping, kom tog daarop neer dat God in Homself nie genoegsaam en salig is nie. Hierteenoor leer die Skrif egter baie duidelik dat God nie die skepping nodig gehad het nie, want God is algenoegsaam en volsalig soos Hand. 17:25 dit beslis leer. Nêrens praat die Skrif van 'n dwang of 'n noodsaaklikheid by God nie, asof God onder 'n ewige wet sou staan wat determinerend op Hom sou inwerk. En nog minder is daar in die Skrif, in verband met die skepping, van enige *toeval* of *willekeur* by God sprake, asof daar nog op baie ander maniere geskep kon gewees het en nog baie wêrelde ook geskep kon gewees het.

*Die Skrif* leer ons dat *die skepping 'n absolute vrye daad* van God was, wat voortgevloei het uit sy raad van welbehae. Die skepping wys ons op God se vrymag, sy ewige welbehae, sy volstreekte soewereiniteit. Maar dit wil nie sê dat God nie sy redes gehad het nie. Hy het sy wyse en heilige redes gehad, sodat van geen willekeur sprake kan wees nie — maar wie mag Hom nou na daardie redes vra? Ons mag hier maar net verwys na Psalm 104:24 waar God drie-enig eers met Homself geraadpleeg het: "Hoe talryk is u werke, o Here! U het hulle almal met wysheid gemaak." Vgl. verder Gen. 1:26, Jota 28:20, Spreuke 8:22. So 'n God en Skepper bied die heilige Skrif vir ons aan. Is Hy dan nie al die aanbidding van ons hart werd nie?

Die mens kan baie woorde en uitleggings gee aan die vraag wat die doel van die skepping dan was, of, m.a.w., wat God voor oë gehad het met die skepping. In die meeste gevalle word *die skepsel*, die geluk van die skepsel, of die saligheid van die uitverkorenes die doel van die skepping.

Gaan ons egter na wat die Skrif sê, dan vind ons dat die Skrif baie duidelik op die punt is, nl., dat die hele skepping *tot God is* en wel tot *grootmaking en verheerliking* van God Almagtig. In en deur sy skepsele moet God verheerlik word en word Hy verheerlik. Wie dan ook Psalm 19:1–7 aandagtig lees, kan nie anders as onder die geweldige indruk van hierdie waarheid kom nie: "Die hemele vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande . . . ."

Ons het tot dusver slegs in die algemeen gespreek oor die skepping en algemene vraagstukke daaroor behandel. Nou moet ons ook een en ander *direk en besonder* oor die skepping self sê, en wel soos dit vir ons in die Skrif in Gen. 1 verhaal word. Hiermee het ons eintlik tot die vraag gekom "*hoe*" die skepping plaasgevind het. Voor ons nou daaroor gaan spreek, wil ons eers nader aandui wat onder die begrip "*skep*" verstaan word. Gewoonlik word daaronder verstaan dat God alles "*uit niks*" (ex nihilo) geskape het. Dr. Kuyper merk hierop egter aan dat hierdie uitdrukking baie toweragtig klink en dus glad nie by die werk van die Almagtige God pas nie. God is geen towenaar wat die dinge daar getower het nie. Dit is wel waar dat God met die skepping *gespreek* het, maar hierdie *spreek* van God het *met krag* geskied, sodat die dinge eintlik uit die krag van God ontstaan het, en nie uit niks nie. Word egter uit hierdie uitdrukking verstaan dat daar tot op die skepping niks buite en behalwe God bestaan het nie, dan kan wel van die uitdrukking "uit niks" godvrugtig gebruik gemaak word, soos die kategismus dit ook in Sondag 9 doen: ". . . wat hemel en aarde en alles wat daarin is, uit niks geskape het nie." Die woord wat in die Skrif, bv. in Jes. 43:7 en 45:18 gebruik word, is eensluidend of sinoniem in sy betekenis met formeer, d.i. vorm gee aan. Die woord "skep" kom in elk geval in sy wortelbetekenis ook ooreen met die Engelse woord "shape". Wat die afleiding van die woord betref, sê dit ons egter nog nie veel van die "*hoe*" van die skepping nie. Ons moet dus maar weer terugkeer na die opvatting van die Skrif self. En die antwoord van die Skrif is dat die skepping plaasgevind het deur die krag van die woord en die mag van die wil van God, vgl. Joh. 1:3 en Openb. 4:11, Hebr. 11:3, 2 Petr. 1:3.

As God dinge skep, maak of formeer, is dit heel iets anders as wanneer ons die woorde in verband bring met wat *mense* doen, bv. op die gebied van kuns waar ons ook van "skep" by die mens spreek. As die Skrif sê dat God skep, dan bring hy ons onder die magtige indruk dat God *spreek*. Hierop val al die nadruk. Oral waar God skeppend optree, staan daar: "En God het gesê." Deur hierdie "sê" het God die dinge *in aansyn geroep*. Hy het roepend die dinge wat nie bestaan nie, laat ontstaan asof hulle bestaan. Rom. 4:17.

Wie kan ooit verstaan wat dit beteken dat God skeppend roep uit die ewigheid?

Daarom het ons ook die moed om te sê dat geen ander verhaal of verklaring van die ontstaan van die dinge die enige ware God as Skepper so verheerlik en ons so aangryp as die verhaal van die Skrif in Gen. 1 nie. Nêrens, tot op die jongste ontwikkeling van die wetenskap, is daar 'n skets van die ontstaan van die dinge wat maar in die verste verte te vergelyke is met Gen. 1, en wat nogtans met die wetenskap so goed ooreenkom. (Vgl. die Noorse, Sjinese, Indiese, Persiese, Babiloniese en Romeinse mitologieë). Selfs die goddelose Haeckel erken dat die verhaal van Genesis oor die skepping vir ons die skoonste bied buite die wetenskap om. Die opvolging van die soorte (*successio rerum*) is deur niemand so gedink as wat dit in Gen. 1 verhaal word nie.

Wat 'n heerlike getuigenis is dit nie van die Woord waarin ons glo as die waarheid nie, en veral van die gedeelte van die Woord wat al soveel harde aanvalle moes verduur. Na eeue en eeue se peins en studie oor die ontstaan van die dinge, het daar tot op datum nog niks gekom wat die verhaal van die Skrif oor die skepping kan omverwerp nie. Selfs die hooggeroemde ewolusieteorie van Darwin oor die ontstaan van die mens byvoorbeeld, het reeds al in die tyd waarin ons vandag lewe uitgediend geraak en die bybelverhaal van Gen. 1 en 2 staan nog onaangetas in sy waarheid.

Ongelukkig sou dit te veel ruimte opneem om op al die besonderhede wat in Gen. 1 oor die ontstaan van die dinge verhaal word, in te gaan. Die aandag word slegs op 'n paar hoofgedagtes gevestig.

### 1. Die Skepping "in die Begin" (Gen. 1:1-2).

Hierdie skepping moet baie duidelik *onderskei* word van die *sesdaagse* skepping wat vanaf vers 3 'n aanvang neem. In Gen. 1:1 word die verhaal van die skepping van hemel en aarde slegs in 'n paar woorde, wat nie meer as één kort sin uitmaak nie, meegedeel. In die sesdaagse skepping word vir ons tog nog enigsins nader aangedui *hoe* die dinge ontstaan het, nl. deur die roepende magwoord van God; maar hier is geen nadere aanduiding nie. Ons weet dus nie of God ook hier maar net gespreek het nie; waarskynlik moet ons dit so opneem. In vers 2 word wel iets naders aangedui van die skepping "in die begin", nl. hoe die skepping "in die begin" daar uitgesien het toe God met die sesdaagse skepping begin het. Van die hemel word hier niks meer gesê nie, waarskynlik omdat die hierop volgende net betrekking het op die aarde. Maar ons het tog reg om aan te neem dat die engelemagte en die hemele ook val onder die skepping — "in die begin" toe die hemel geskape is. Van die aarde, egter, word in vers 2 verder gesê dat dit "*woes en leeg*" was. Sommige meen dat hierdie woord aandui dat daar 'n sedelike val plaasgevind het en dat ons hier die oorsprong van die kwaad en die val van die engele moet plaas. Die Skrif gee egter hiertoe geen aanleiding nie. Die algemene opvatting van die twee woorde onder die gereformeerdes is, dat die aarde wat "in die begin" geskep is, nog nie gespesifiseerd of georden was nie. "Woes" sou dan beteken "ongevormd", daarom kry ons later ook die skeiding tussen water en water, en water en die droë grond. "Ledig" sou dan beteken dat die aarde nog onversierd en onbewoon of onbevolk was en daarom kry ons in die sesdaagse skepping, na die skeidings, die bome en plante (versiering) en dan die visse en voëls (bevolking in die see en in die lug) en eindelijk die diere en die mens (die bevolking op die droë aarde).

### 2. Die Sesdaagse Skepping (Hexahemeron).

Vers 3 e.v. bring dus *skeiding* en *onder skeiding*, *versiering* en *bevolking* van wat God reeds geskep het "in die begin". By die sesdaagse skepping sou ons dus minder kan spreek van "maak uit niks" as by die skepping "in die begin", want hier is reeds al iets voorhande waarmee God werk. Maar tog is dit nie 'n minder "goddelike maak" nie. Om die skeiding en onderskeiding, die versiering en bevolking daar te bring, moes God *skeppend* te werk gaan. Hy het hierdie dinge ook *skeppend* daar geroep, al was dit uit dinge wat reeds daar was (soos die waters, die aarde, die uitspansel). God moes eers *sê*, voordat alles uit daardie dinge voortgekom het. Dit was dus geen ewolusie (ontwikkeling) nie, maar dit was oral God wat skeppend gewerk het deur die krag van sy Woord. Eers ná die skepping kan dus in 'n sekere sin van ewolusie (ontwikkeling en ontplooiing) gepraat word — 'n ewolusie wat nie buite die voorsienige werking van God kan plaasvind nie.

Daar is wel deeglik volgens Gen. 1 'n rangverhouding en 'n opeenvolging van soorte: die vormlose gaan die gevormde vooraf, die plant die dier, en die dier die mens (ook 'n soort opklimming), sodat die toebereiding van die aarde *op die mens* as hoogste en heerlikste skeppingsproduk *uitloop*, maar nooit is dit ewolusie soos sekere teorieë dit in hul ewolusieleer wil leer nie. God het die dinge, diere en mense, elkeen deur 'n afsonderlike daad van sy Woord *geskep*, maar tog só dat daar 'n *verband* is tussen alles, en wat so *solidêr* gelê is dat die sonde wat by die mens as hoogste wese in die skepping begin het, deur die hele skepping deurgegaan het (vgl. Rom. 8:19-22). Daar is dus volgens die Skrif verband maar ook wesensverskil bv. tussen mens en dier—'n groot verskeidenheid maar tog ook 'n eenheid!

3. Dr. Kuyper meen dat die voorstelling asof daar ses maal agtermekaar 'n skeppende daad van God uitgegaan het, onjuis is. "Want," sê hy, "die uitspansel was geen nuwe skepping nie, maar skeiding." Die Skrif leer dus vyf skeppingsdade, en nie ses nie. Ons kan wel van 'n sesdaagse skepping praat as ons sê dat Gods werk ses dae geduur het. *Tog skyn dit ons* dat die uitspansel wel 'n skepping van God was, in weerwil van wat dr. Kuyper sê. Gen. 1:6 verhaal: "En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees," en Gen. 1:7 sê verder: "God het toe die uitspansel *gemaak*." Die uitspansel was dus hiervolgens wel 'n nuwe skeppingsdaad van God wat te staan gekom het tussen waters en waters

om skeiding te bring. Ons wil daarom met alle beskeidenheid beweer dat daar wel op elke dag 'n skeppings daad plaasgevind het.

4. Die skepping op die vierde dag laat die vraag ontstaan hoe ons *die dae* van die skepping moet opneem. Is dit dae van 24 uur soos ons gewone dae, of kan ons die dae ook opneem as *periodes* sodat dit aan die stelling van die geologie (aardkunde) en paleontologie (oudheidkunde) sal beantwoord, of is die dae maar 'n *sekere vorm* om die hoofsaake van die skepping te beskrywe? Al hierdie opvattinge het hul aanhangers en verdedigers. Wat die Skrif egter in verband met hierdie saak baie duidelik wil te kenne gee, is dat die eerste drie dae nie was soos die dae wat daarop gevolg het nie. Die eerste drie dae was bepaal deur die lig wat God op die eerste dag gemaak het en wat geheel en al onafhanklik van die son bestaan het. Die lig, en daarmee die dag, kan dan ontstaan het deur *ontvlamming* uit voorhande ligstowwe, en die nag sou dan ingetree het deur 'n uitdowing van die ontvlamming. Of as ons die draai van die aarde hier al veronderstel, dan kan die dag aangebreek het deur die toekeer na die voortgaande lig en die nag deur afkerig van die lig as gevolg van die rotasie. Dr. Kuyper meen dat die eerste die mees waarskynlike is. Maar hoe dit egter ook al toegegaan het, oor die *tydsduur* van die eerste drie dae gee hierdie opvattinge geen bepaling nie. Dit kon dieselfde as die volgende dae gewees het, of dit kon korter en ook langer gewees het. Vanaf die vierde dag word die dag en die nag bepaal deur die rotasie van die aarde om die son, wat op die vierde dag saam met die maan en sterre geskep is as die ligdraer. Waarom hierdie dae nie as ons gewone dae opgeneem kan word nie sien ons geen rede toe nie.

Ons weet vandag dat die tydsduur van die dag en die nag tog nie oral dieselfde is nie. Die dag breek nie oral oor die hele aarde op dieselfde tydstop aan nie, en die nag tree dus ook nie op dieselfde tydstop oral in nie. Waarom sou ons dan die tydsduur van die skeppingsdae presies wil bepaal? As die laaste drie dae van die skepping nie werklike dae was nie, en ook nie ons gewone dae wat ons nou het nie, dan kan met reg gevra word wanneer ons werklike en gewone dae dan begin het. En as God volgens die openbaring van Gen. 1:5 die tydsduur tussen lig en duisternis "dag" en tussen duisternis en lig "nag" genoem het, en dieselfde benaminge vir dieselfde tydsruimte vandag nog gebruik word, waarom sou al die ses dae dan nie ons gewone en ook werklike dae kan wees nie? Gen. 1 gee met sy eenvoudige en nugtere verhaal ook geen aanleiding tot die opvatting van die "vermittlungstheologie" nie, wat die hele Gen. 1 nie as 'n werklike geskiedenis wil opneem nie, maar as 'n mitiese inkleding of 'n allegoriese verhaal of as visioene bestempel. Die dae was dus ook nie werklike dae nie. Nee, Gen. 1 is òf *werklik* òf anders weet ons tot vandag toe nog niks van die ontstaan van die dinge af nie.

5. Die moeilike vraag na *die ouderdom van die aarde* het aanleiding gegee tot die opvatting dat die dae van die skepping as *tydperke* geneem moet word. Die geologie (aardkunde) en paleontologie (oudheidkunde) beweer dat die aarde *miljoene* jare oud is. Hierdie ouderdom van die aarde word dan bepaal deur die verskillende lae gesteentes wat ons in ons aardkors aantref en die verskillende versteende oorblyfsels van wesens daarin. Met die kennis wat ons vandag van die aardkors besit, sou dit miljoene jare moes geneem het om die *aardlae* die verskillende vorme te laat aanneem. Volgens die berekenings van die Skrif egter sou die aarde vandag nie ouer as omtrent 6,000 jaar wees nie. Maar om nou nie met die wetenskap te bots en te verskil nie, word die dae van Gen. 1 dan opgeneem as tydperke wat die ouderdom van die aarde dan hiervolgens ook op 'n paar miljoen jare kan stel (konkordistiese teorie).

Aangesien dit maar 'n wetenskaplike teorie is en baie van hul stellings op gissings en vermoedens berus, wil ons nie graag die gegewens van die Skrif sodanig prysgee, om dan by so 'n teorie aan te pas nie.

Daar het geweldige veranderings in die aardkors plaasgevind as gevolg van die sondvloed, groot aardbewings en grondverskuiwings. En dit is dinge wat die verskillende aardlae in die aardkors vir ons genoegsaam kan verklaar, sonder om die dae van Gen. 1

op te neem as tydperke.

Maar genoeg oor die handewerk van God. Kan ons al die antwoorde gee op die vrae oor die wonderlike skepping? Kan ons die vrae van God beantwoord wat hy aan Job in hoofstuk 38:4-38 gestel het? Ons kan maar net stamel dat God wonderlik is van raad en daarom is Hy ook wonderlik in sy magtige daad van die skepping, wat Hy daargestel het deur die mag van sy Woord. Wonderlik is Hy ook in die volvoering van sy raad deur die sonde heen. Hy gee ons in sy Woord die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Wonderlik is Hy ook in sy werke van herskepping in Jesus Christus!

## DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

Ds. J. J. H. BOOYSEN, B.A., B.D.

Uit die skepping van God vloei nou verder ook voort sy voorsienigheid, waaronder verstaan word God se almagtige en alomteenwoordige krag waardeur Hy alles wat Hy so skeppend tot aansyn geroep het, ook nog verder onderhou en regeer. Dieselfde goddelike krag wat die dinge geskep het, dra en regeer hulle ook verder tot die bestemming wat God daarvoor in sy raad bepaal het. Die skrif leer ons dat, wat die skepping betref, alle dinge *uit* en *deur* God is, en wat die voorsienigheid betref, dat alle dinge *deur* en tot Hom is.

Die woord "voorsienigheid" kry ons nêrens in die Skrif nie, maar al kom die woord nie daarin voor nie, is die saak daarin tog baie duidelik op baie plekke aangegee. As die Skrif sê dat God vir sy skepping sorg, dit dra, behou, regeer, lei, bewaar, die dinge by hul name roep, hulle tel, dat nie 'n mossie op die aarde sal val sonder sy wil nie, dat die hare van ons hoof almal getel is, dat al die baie beeste op die berge syne is, dat Hy die gras en die lelies beklee met kleur en skoonheid, wat is dit dan anders as 'n getuienis dat God nie alleen geskep het nie, maar die skepping ook met sy goddelike krag onderhou en regeer? Die voorsienigheid van God staan dus in die nouste verband met die skepping. Die woord "voorsienigheid" is eintlik aan die wysbegeerte ontleen waar dit gebruik word, nie bedoelende dat God alles vooruit gesien het nie, maar veral in die sin as 'n werk van God waardeur Hy die wêreld van oomblik tot oomblik dra en lei tot die einddoel wat Hy van ewigheid af daarvoor bepaal het. So neem ons Kategismus ook die woord op, nl. 'n positiewe daad van Hom in en oor sy skepping (versorging). Maar hoe die skepping en die voorsienigheid ook met mekaar verbind mag wees, tog moet daar êrens 'n *oorgang* wees tussen die twee, 'n grens waar God eindelijk opgehou het om te skep, soos ons "skep" in die vorige hoofstuk verklaar het, en waar Hy begin het om sy skepping verder te dra en te regeer. Hierdie grens lê in Gen. 2:1-3, waar meegedeel word dat God op die sewende dag gerus het van sy skeppingswerk. Opmerklik is dit dan ook dat daar nie gemeld word, soos by die ander dae, dat die sewende dag 'n aand het nie. Die rusdag van God loop dus deur totdat God sy hoë en heilige doel met die skepping bereik het. Dit is dan ook die diepere sin en betekenis van woorde van Christus: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook."

Rus beteken dus hier nie werkloosheid nie, maar dat God nie meer gedoen het wat hy in die ses dae gedoen het nie, en daarom staan daar ook in vers 2: "En op die sewende dag het God *gerus* van al sy *werk* wat hy gemaak het."

As die Skrif sê dat God rus, beteken dit "anders werk", en hierdie "anders werk" bestaan daarin dat God Hom nou *verlustig in sy werk* wat Hy voltooi het. "Toe sien God al wat Hy gemaak het en dit was baie goed" (vers 31). Hy het dus 'n *welgevalle* in sy skeppingswerk gehad en hierdie welgevalle was sodanig dat daarvan 'n *krag* uitgegaan het in en oor die hele skepping. Hierdie krag was God se seën wat Hy uitgespreek het oor die hele skepping.

Maar ons moet nog meer van die rus sê. Die rus van God wil nou nie sê dat Hy die skepping net geseën het nie. Hierdie seën is wel die krag waaruit die voorsienigheid vloei, maar dan leer ons nog geen voorsienigheid van God nie. Om dit te doen, moet ons ook nog byvoeg dat God hierdie skepping van Hom wat Hy geseën het, op die sewende dag *in gebruik geneem het vir Hom*, want daarom word daar ook nog bygevoeg: "En Hy het dit *geheilig*," d.w.s. afgesonder vir Hom.

As God nou deur die sewende dag te heilig, daarmee sy skeppingswerk vir Hom in gebruik neem, dan is dit net Hy wat daarvoor kan en sal sorg dat die skepping aan hierdie heerlike doel sal beantwoord.

God kan daarom nie van die verdere voortbestaan en voortgang van sy skepping uitgesluit word, soos *die deïsme* leer nie, nl. dat God *in* verhouding tot sy skepping staan

soos 'n horlosiemaker tot sy horlosie, wat die horlosie maar net opwen en die horlosie loop dan self af en hy gryp alleen dan weer in as die horlosie afgeloop is. Die deïsme verloën dus in die gewone gang van die skepping die voorsienigheid van God,

Met dieselfde krag waarmee God skeppend gewerk het, werk Hy ook na die skepping tot die voleinding. Ons kry daarom volgens die Skrif 'n ketting aaneengeskakel deur die skakels skepping, voorsienigheid en voleinding—die begin, die voortgang en die einde of doelpunt. Die skepping gaan oor in die voorsienigheid (*providentia*) en die voorsienigheid loop uit op die voleinding (*eschatologie*). En in al drie is dit God drie-enig wat werk, sy wil doen en sy raad uitvoer.

Die gevaar van die deïsme en daarmee die verloëning van God se voorsienigheid is nie so groot in die teorie as wel *in die praktyk* nie. In die praktyk is ons baie maal deïste omdat ons, as gevolg van die sonde, so baie lewe en strewe asof God nie met elke ding in ons lewe gemoeid is nie. (Dit word baie maal in ons gebedslewe geopenbaar, wanneer ons God inroep net op die oomblikke as ons in groot gevaar verkeer en selfs magteloos staan. Dan moet God help en dan moet Hy Hom met die skepping bemoei, anders is dit nie nodig nie.) In ons lewenspraktyk sit dus die giftige angel van die deïsme, waarteen gewaarsku moet word.

Die Skrif leer geen deïsme nie maar teïsme, d.i. God werk gedurig en oral in en deur die skepping. Vir geen enkele oomblik kan Hy sy skepping aan homself oorlaat nie of alles sou op daardie oomblik vir ewig wegsink en verlore gaan. Deur sy skepping bring Hy tot stand, deur sy voorsienigheid onderhou Hy wat tot stand gebring is. Die voorsienigheid kom dus nie met iets nuuts nie, dit is geen nuwe skeppingsdaad nie. Die voorsienigheid sorg dus dat die geskapene bly voortbestaan, maar dit voeg niks by die bestaande nie. (*Wondere* is geen nuwe skeppinge nie, dit is net verwydering van storige wat deur die sonde en vloek in die lewensproses ontstaan het.) *Die skepping* het te doen met die *ontstaan* van dinge, *die voorsienigheid* het te doen met die *ontploffing* en *ontwikkeling* van die kragte en potense wat met die skepping in beginsel daarin gelê is.

Dit is ook ewolusie, maar nie soos dit deur sommige wetenskaplikes geleer word nie. Dit is ewolusie in die sin van ontwikkeling en ontploffing van die dinge *onder God* se *voorsienige bestuur*, die *leiding van sy skepping* tot sy doel, d.w.s. tot sy volheid en heerlikheid volgens God se raad.

Hieruit het dit duidelik geword dat die voorsienigheid in *drie dele* bestaan, nl. die *onderhouding*, *medewerking* en *regering*.

Deur die *onderhouding* dra God alles wat Hy geskep het as 't ware met sy onsigbare hand, d.w.s. Hy hou sy hand gedurig onder die geskapene sodat alles van oomblik tot oomblik in volslae afhanklikheid bestaan en werk. In Psalm 104:27 sing die Psalmis hiervan: "Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd ...." In Hebr. 1:3 getuig die apostel hiervan waar hy sê: "Hy wat alle dinge dra deur die Woord van sy krag," en in Psalm 36:7 roep die digter dit uit: "Here, U behou mense en diere." Hierdie onderhouding geld vir alles: die klein dinge sowel as die grote, gewone sowel as buitengewone dinge. Daarom verloën elkeen die voorsienigheid van God, wat aanneem dat God wel in die groot gebeurtenisse van die lewe werk maar nie in die klein en ongewigtige dinge nie. Dit doen ons ook in ons natuurbeskouing as ons die verskynsels van die natuur in twee dele deel, nl. (1) *die gewone*, soos die wisseling tussen dag en nag, somer en winter, reën en mooiweer; en (2) *die buitengewone*, soos storms, aardbewings, pestilensies en ander rampe en plaë. Met die eerste sou die geloof dan niks te make hê nie; dit sou hier bloot 'n saak wees van natuurwet, terwyl ons geloof in God dan net met die tweede te doen sou hê, nl. die buitengewone.

As ons nou die Kategismus hieroor naslaan, dan vind ons dat dit juis God se voorsienigheid wil laat sien en ken in die *gewoon-alledaagse* dinge van die lewe, en daarom kry ons hier die volgende voorwerpe van God se voorsienigheid: lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank - almal die gewoon-alledaagse dinge in die lewe. Niks staan daarom buite die almagtige en

alomteenwoordige werking van God se onderhoudende krag nie, ook nie die natuur met al sy kragte en wette nie, hoe reëlmatig en gewoon dit ook al mag gaan.

Maar in die laaste plek is hierdie onderhouding van God wel soms *onmiddellik*, bv. waar Hy die kinders van Israel vir 40 jaar met brood uit die hemel onderhou het. In die reël werk God hierdie onderhouding van alles *middellik*, d.w.s. deur middels en daarom staan daar ook in Psalm 119:91: "Want alle dinge is u knegte."

Dit bring ons dan tot die tweede deel van die voorsienigheid, nl. *die medewerking*. Die deel van die onderhouding sien op *die wese* van die dinge en die medewerking sien op *die arbeid* wat die skepsele van God moet verrig. God die Here het vir al die skepsele 'n eie arbeid, 'n eie aard en 'n eie plek in die skepping gegee (vgl. *Soewereiniteit in Eie Kring*). Deur die leer van die medewerking word nou net daarop gewys dat God elke skepsel in sy eie arbeid, na sy eie aard en op sy eie plek handhaaf. Daarom is die mens nie 'n stok en blok in die hand van die Here nie, maar handhaaf God die mens as 'n redelik-sedelike wese wat vir sy dade verantwoordelik gehou word. Daarom bewerk God die onbewuste skepsel nie meganies (soos 'n masjien) nie, maar organies. Volgens hierdie opvatting tree God altyd op as *eerste oorsaak*, maar al sy skepsele mag onder Hom en in Hom as *tweede oorsake* selfwerkend optree en hul roeping vervul. Op hierdie wyse is die natuurorde en natuurwette nie in stryd met die leer van die voorsienigheid nie, maar werk as tweede oorsake aan en in God se skeppingsplan.

Die laaste deel van die voorsienigheid handel oor *die regering*. God is as Skepper ook ewig Koning oor sy skepping en regeer dus hierdie skepping van Hom deur sy goddelike wil, wat altyd wys en goed is. Hoe wonderlik en ondeurgrondelik hierdie regering van God ook mag wees, sy Woord leer ons dat dit wys en goed is, en daarom kan die digter in Psalm 145:9 ook sê: "Die Here is vir almal goed." Sy hoë gedagtes en sy grootse planne met die skepping kan ons nooit reg begryp en verstaan nie, omdat ons menslike insig so beperk en nietig is, en daarom praat ons in verband met die goddelike regering dikwels van die *noodlot* of die *fortuin* of *toeval*. In dae van voorspoed is dit dan gewoonlik die *fortuin* en in dae van teëspoed weer die *noodlot*. Die *noodlot*, so word geleer, is 'n *blinde mag* wat onverbiddelik en onafwendbaar die loop van ons lewe en lot bepaal, 'n mag waarteen God self ook niks kan doen nie, 'n mag bo en buite God. Hierteenoor leer die Skrif ons dat daar 'n persoonlike, lewendige, almagtige God is wat regverdig, wys en goed beskik en bepaal oor alles en ook oor ons lewe en lot.

Net so skerp is die Skrif ook teen die gedagte dat alles of baie dinge in die lewe op goeie geluk en toevallig gebeur. Wie die bestaan van 'n almagtige, alwyse en algoeie God erken as Koning in en oor die skepping, mag nie van geluk en toeval in die lewe praat nie. Wie dit egter doen, verloën met woord en daad God se regering in en oor die skepping. Konsekwent skriftuurlik en konsekwent volgens hul leer in verband met die voorsienigheid het ons vaders van die begin af streng opgetree teen alle spele waarin *die kans* 'n rol speel; en veral teen *kaartspel* waarin die speler hom afhanklik stel van hoe die geskommelde kaarte per toeval hom in die hand kom. Teen spele waarin skerpsinnigheid, spierkrag, vlugheid en behendigheid beoefen word, soos in skaak-, dam- en biljartspel, het hulle geen besware in beginsel gehad nie. Hiermee het hulle nie die regte gebruik van die lot veroordeel nie, maar wel die misbruik daarvan *soos dit vandag ook voorkom in die sogenaamde lotery-praktyke*. Ons leer dat ook hierin 'n bedekte verloëning van God se voorsienigheid skuil en dat God se straf daarvoor vir 'n gemeenskap en volk nie sal uitbly nie.

Nog meer onderwerpe kan hier in verband met God se voorsienigheid behandel word, omdat ons ganse lewenspraktyk met die voorsienigheid van God te doen het. So is daar die voorsienigheid en assuransie, die voorsienigheid en die weer-afleiding, die voorsienigheid en die sonde, die voorsienigheid en ons gebed, die voorsienigheid en die wonder. Hierby wil ons graag net 'n algemene opmerking maak, nl. dat die geloof in die voorsienigheid van God wel van ons eis om in die alwyse bestel van God *te berus*, maar tog is daar aan die ander kant niks wat ons sou verbied om van ons kant af aktief werkend die gevolge van die vloek te bestry met alle geoorloofde middels wat die Here



ons gee nie.

Ons mag egter hierdie artikel nie afsluit sonder om eers die plek aan te toon wat *Christus* ook in hierdie leerstuk moet inneem nie. Deur hom wat aan die regterhand van die Vader verhoog is, regeer die Vader alle dinge (Matt. 28:18; vgl. 1 Kor. 8:6, Kol. 1). Dit kan ook nie anders nie, want dit is juis 'n punt in die leer van die voorsienigheid dat *die geestelike en natuurlike* lewe nie van mekaar geskei word nie maar organies met mekaar in verband staan. Christus toon dit self aan in Matt. 6:25–34. Dr. Kuyper beweer dan ook dat die gereformeerde belydenis en kerk onder al die Christelike belydenisse die enigste is wat dit beslis uitgespreek het dat die voorsienigheid nie naas die weg van die saligheid staan nie, maar daarmee een geheel vorm. Vandaar ook dat die egte Calvinis nie politiek wil en kan skei van sy godsdiens nie, en ook nie sy teologie van die wetenskap nie.

Ten slotte wil ons daarop wys dat die voorsienigheid nooit van die voleinding of esgatologie kan losgemaak word nie. Dit lê daarin opgesluit dat in die regering van God geen willekeur of toeval is nie, maar dat dit die skepping rig tot 'n doel wat ewig in sy raad bepaal is. Hierdie doel wys daarop dat daar nie net onderhouding is nie, sodat die bestaande nie verlore sal gaan nie, maar dat daarna ook 'n *regerende aksie* is, waardeur God die bestaande tot die doel (telos) bring. Die hele Skrif, sê dr. Kuyper, rig hom deur die openbaring van die werke van God altyd na die Apokalips. Providentia (voorsienigheid) en esgatologie (leer van die laaste dinge) mag dus nie geskei word nie. Die providentia is die stuur van die dinge uit die uitgangspunt tot die eindpunt (die telos) — die ryk van die heerlikheid.

Wie dus by Génesis begin en dit gelowig aanneem, kan nie rus voordat hy nie by Openbaring aanland nie.

En so eindig ons hierdie twee onderwerpe, naamlik die skepping en die voorsienigheid, met die woorde van Paulus: "Uit Hom (God), deur Hom en tot Hom is alle dinge" (Rom. 11:36) —'n kerngedagte in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

# DIE ENGELE

DR. S. P. VAN DER WALT, M.A., B.D.

## I. KENNIS VAN DIE ENGELE

Dienende geeste! Hemelse leërskaars! Hulle staan voor God dag en nag, gereed om uitgestuur te word in diens van hul Sender. Hulle loof en prys die Here en voer die stryd teen die bese geeste. Hulle word gestuur na ons, wat die saligheid beërf.

Wonderlik moet sulke woorde in ons ore klink. Want, het ons nie al byna 'vergeet van 'n magtige engelwêreld nie? Is die engel vir ons so werklik soos ons eie lewe? Hoor ons nog die gebed wat Jesus Christus aan ons geleer het: „Laat u wil geskied, soos in die hemel so ook op die aarde"? En die Heidelbergse Kategismus verklaar dit so treffend: "Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak, om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teësprak gehoorzaam te wees; sodat iedereen sy amp of beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer as die engel in die hemel dit doen."

Gods Woord is vol van die Engle en hul werk. Hulle verskyn aan gelowiges en deel Gods raad mee. Hulle worstel met gelowiges en seën Gods kinders. Hulle versterk Jesus in sy bange lydensworsteling en dien Hom in die woestyn. Migaël voer die stryd teen die draak en oorwin. Engle staan in so 'n nuwe verband met die middelarswerk van Christus: hulle jubel by sy geboorte en waak by sy graf. Hulle wentel die steen af van die mond van die graf en verkondig sy opstanding aan die vroue. Hulle vaar op saam met Hom ten hemel en sal weer saam met Hom verskyn.

Waarom hoor ons dan so selde van die bestaan en die diens van die engel? Waarom word daar so weinig oor gepraak, as hul bestaan vir gelowiges so 'n groot troos is?

Die antwoord op hierdie vrae kan ons verdeel in twee:

(1) Dit is omdat die Roomse kerk *te veel* van die engel gemaak het. Die Roomse kerk het die engel aanbid en dus goddelike eer aan hulle betoon. Dit mag natuurlik nie. Want die engel is skepsels van die Here en nie gode nie. Hulle neem nooit die plek van God in nie, maar is slegs troongeeste wat Gods wil uitvoer. Hulle is nie middelars tussen God en die mense nie. Dit is Jesus Christus alleen. Hulle pas ook nie Christus se verdienste toe nie en verseker ook nie gelowiges van hul deelgenootskap aan die ewige lewe nie. Dit doen die Heilige Gees alleen. Ons mag hulle dus nie aanbid of godsdienstig vereer nie. Aanbidding en verering kom alleen God toe.

(2) Die een sonde is dat te veel van die engel gemaak word. Die ander sonde is dat ons *te min* van hulle maak. Dit was ook die verkeerde in die leer van die Sadduseërs, volgens Hand. 23:8. Ons lees daar: "Want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie, ook geen engel of gees nie." Hulle was wat ons noem materialiste, d.w.s. mense wat glo dat alleen die stof, die materie bestaan. Alles gaan in stof op. Die mens het ook geen siel nie. Die siel is ook stof. Dan kan daar ook geen sprake wees van opstanding uit die dode nie. Want as die mens sterf, vergaan sy liggaam tot stof. So hang die leer van die engel baie nou saam met die gedagte van opstanding uit die dode.

Ons tyd moet oppas dat ons nie die Sadduseërweg opgaan nie. Daar word te veel gedweep met die werking van natuurkragte wat die mens kan sien, kan ondersoek en kan vasstel. Ons wil byna alles toeskryf aan die werking van sulke kragte. Werklikheid is vir ons alleen die tasbare dinge buite ons, terwyl ons vergeet dat die geestesdinge net so werklik is, en miskien meer werklik. Die mens het ook gees, siel, sedelikheid, godsdien. Wie hierdie dinge ontken as werklike dinge, kan ook nie glo in die bestaan van geesteswesens nie. En dan word ons net aards, uit die aarde. En dan bestaan God ook nie vir ons nie, want God is Gees. Ja, die sonde van goddeloosheid hang hiermee saam en Israel se hunkering na goue kalwers en sigbare gode het 'n wortel wat gelyksoortig is aan die wat ons lewe vandag beheers.

Daarom is dit bepaald nodig dat meer aandag gegee moet word aan die leer oor die engel, daardie heerlike geesteswesens, met so 'n belangrike taak, en wat in verband

met ons staan deurdat hulle daar is om ons lewe te verryk.

(a) SKEPPING VAN DIE ENGELE.

Buite die Skrif om sou ons niks van die bestaan van die engele geweet het nie. Hoe sou ons anders van hulle weet? Hulle openbaar hulself nie sodat ons hulle kan sien nie. Ons weet alleen uit Gods Woord dat hulle verskeie kere aan gelowiges verskyn het as gesante van God. Ons weet alleen uit die Skrif dat God engele geskep het om voor sy troon te wees. Ons glo dat toe God die hemel en die aarde gemaak het, Hy tegelykertyd ook die bewoners van die hemel geskep het, net soos God die bewoners van die aarde daarna in aansyn geroep het.

(b) GETAL.

Oor die getal kan ons nie veel sê nie. Gods Woord gee geen getal nie, maar laat duidelik verstaan dat daar 'n magtige leërskaars is. Dawid sing van hulle in Ps. 68:18: "Die waens van God is tienduise, duisendmaal duisende." Die profeet Daniël sien in 'n gesig "duisendmaal duisende het Hom gedien, en tienduiseendmaal tienduiseende het voor Hom gestaan" (Dan. 7:10). Met die aankondiging van Jesus se geboorte lees ons dat op Efrata se velde die engelkoor bestaan het uit "'n menigte van hemelse leërskaars" (Luk. 2:13), en in Getsémané sê Jesus: "Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid, en Hy sal vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar stel nie?" (Matt. 26:53).

Hierdie magtige getal is egter nie deurmekaargewerp soos sand nie. Dit is nie 'n wilde hoop wat deureengevleg is, sonder orde of plan nie. Hulle word voorgestel as 'n leërmag, as legioene wat onder die bevel van 'n aanvoerder staan. Die mooiste orde bestaan juis hier, die suiwerste harmonie, loutere gehoorsaamheid. In hierdie leërkorps bestaan daar volgens die Skrif range van hoër en laer, wat nooit tiranniseer oor die korps as sodanig nie, maar wat meerdere heerlikheid het en die hemelse orde daarstel.

(c) NAME VAN ENGELE.

Die engelename wat die meeste in die Skrif voorkom, is die van die Gerubs en Serafs. Daar is wel verskil tussen hulle, maar daar is ook verband. Die ooreenstemming tussen hulle word gevind in hul sigbare gestalte. Hulle is met vleuels voorsien. Opmerklik is dit dat die gerubs deur die hele Skrif aan ons voorgehou word, terwyl die serafs slegs een keer voorkom, nl. by die roeping van Jesaja as profeet.

Dat hierdie engele in sekere gestalte aan ons voorgestel word, gee ons nie die minste reg om die gestalte van die engel aan sy wese te verbind nie. Engele is geestelike wesens en kan dus nie met die oog gesien word nie. Dit is seer seker verkeerd om alle engele ons voor te stel met vleuels, soos kunstenaars graag doen. Dat Gods Woord hierdie engele aan ons met 'n sekere gestalte teken, is alleen omdat God die Here ons menslike natuur ken en weet dat ons hulle nie anders sou kan sien nie. God het sy heilige doel daarmee, en die doel is dat ons die taak wat God aan die engel opgedra het, kan verstaan. Die vleuels van die engel laat ons verstaan dat die engel nie gebind is aan die ruimte, soos ons mense nie. Ons beweeg stadig, maar die engel vinnig. Hulle wend hulle herwaarts en derwaarts, net waarheen dit God behaag om sy boodskappers te stuur. As die engel geteken word met duisend oë, dan wil dit ook glad nie sê dat hy werklik duisend oë het nie, maar dat sy blik haas onbeperk is, dat hy veel meer kan sien as ons mense. In elke beeld waarin 'n engel verskyn, wil God aan ons gee 'n beeld van die werk van die engel en van die vaardigheid tot diens wat God aan hom toevertrou het.

(i) *Die Gerubs.*

Hulle is die engele wat die hoogste staan. Hierdie orde kom in hul werk duidelik na vore. Ons lees van hulle die eerste in Gods Woord. God het gerubs gestel aan die oostekant van Eden met die swaard wat vlam en flikker om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak. Dit was die plig van die mens gewees om Gods tuin te bewaak teen satan, maar toe die mens satan binnegelaat het, is sy taak aan die gerubs oorgedra.

Dit is 'n heerlike taak wat die gerubs moet vervul. Die Skrif teken hulle as magtig en met hul mag moet hulle die heiligheid van die Here verdedig op aarde. Hulle staan daar voor die ingang van die paradys. Hulle staan weer in die tabernakel en in die tempel. Hul taak is steeds dieselfde. Want dit is tog maar die paradys wat later gesimboliseer word in die tabernakel en tempel. In die paradys het God met Adam saamgewoon voor die val, en toe die gemeenskap deur die sonde verbreek is, het God weer tussen sy volk gewoon in die allerheiligste van die tabernakel en tempel. Ook hier tree die gerubs op om die heiligheid van die Here te beskerm met hul groot uitgestrekte vleuels bo-oor die versoendeksel. Die hoëpriester nader een keer per jaar om, nadat hy self onsondig is, die bloed op die versoendeksel te sprinkel. Maar dan nader daar tog 'n sondige mens voor die heilige God, en die gerubs vrywaar Gods majesteit teen besoedeling deur 'n onheilige mens.

Maar hiermee hou die werk van die gerubs nie op nie. Gods Woord teken die werk as voortgaande. In Ps. 18 lees ons (vs. 11): "En Hy het op 'n gerub gery en gevlieg." Hier word die verband tussen God en hierdie aarde daargestel, en ook hier het die gerubs hul beskermende taak in diens van Gods heiligheid. Ons mag ons dit nie voorstel asof God afhanklik is van sy geskape engele om sy heiligheid te beskerm nie, maar God het hulle die taak opgedra. Sodra God tot die sondige aarde nader, lees ons van die gerubs wat tussen die heilige en onheilige staan om Gods heiligheid te bewaak.

In die uitvoering van hul amp neem die gerubs verskillende gestaltes aan. Ons lees van hulle soms dat hulle 'n voorkoms gehad het van 'n leeu, 'n bees, 'n arend en 'n mens (Eseg. 1 en 10), waarmee aangedui word die majesteit van die leeu, die krag van die bees, die deurdringende blik van die arend en die verstand van die mens, Esegïël teken die gerubs ook met wiele wat alkante-toe beweeg, waardeur die heil uit die tempel van die Here aan alle volke, in watter rigting hulle ook al woon, gesimboliseer word.

Geen wonder dat Gods Woord altyd van God spreek as die God wat tussen die gerubs woon nie! Gods majesteit straal deur die hele lewe op hulle af, en hulle bewaak daardie majesteit as getroue hemelwagters.

#### (ii) *Die Serafs.*

Die naam beteken 'n engel wat uitbrand. So 'n funksie verrig die serafs by die roeping van Jesaja. 'n Vuurkool van die altaar word geneem om die sonde van die lippe van die profeet uit te brand en hom so te reinig vir sy taak.

Die seraf verskyn ook in 'n mensegestalte oordek met ses vleuels (Jes. 6) en besing die lof van Gods heerlikheid.

Die taak van die serafs is om die altaar van die versoening te bedien. Hulle neem daadwerklik aandeel in die werk van die versoening. Hul stryd teen die sonde is nie afwerend, soos die gerubs nie, maar uitdelgend, uitbrandend.

'n Vergelyking met die gerubs bring die verskil en verband tussen die twee engelesoorte duidelik uit. Die gerubs staan op die versoendeksel; die serafs staan in diens van die versoening. Die gerub verdryf die sondaar uit die paradys — die seraf soek hom op om hom te reinig. Die gerub beskut Gods heiligheid en weer die sonde wat dit mag aantast, af — die seraf bedien Gods heiligheid wat die sonde verteer en verbrand. Die gerubs simboliseer meer die wet — die serafs meer die genade.

#### (d) NAME VAN SPESIALE ENGELE.

(i) *Gabriël*: Sy naam beteken "man van God", en sy posisie in die engelewêreld word aangedui deurdat hy self aankondig dat hy voor God staan. Dit is Gabriël wat die geboorte van Johannes aankondig en die geboorte van Christus aan Maria voorspel. In die Skrif kom hy dikwels voor en meestal as die *sprekende* engel, wat aankondig.

(ii) *Migael*: Sy naam beteken "Wie is soos God", en sy posisie word in Daniël 10:13 bepaal as "een van die vernaamste vorste." Hy is die strydvoerende engel wat in Openb. 12:7 voorkom as die aanvoerder van die hemelse engele-leër teen die draak.

(iii) *Die Engel van die Here*: Hy word ook genoem die Engel van die Verbond. Hy verskyn aan die vluggende Hagar (Gen. 21:14 v.). Hy worstel met Jakob aan die Jabbok en seën hom. Hy sê aan Jakob (Gen. 21:11 vv.): "Ek is die God van Bet-el," en verskyn aan Moses by die brandende doringbos (Ex. 3) en in Rigters 2:1 verstaan ons duidelik dat die engel homself vereenselwig met God. Dit is maar 'n paar Skriftuurplekke wat ons laat begryp dat ons hier te doen het, nie met 'n geskape engel nie, maar met 'n engeleverskyning van God. Nader kan ons dit aandui as 'n engeleverskyning van Christus wat die beloftes van verlossing en seën aan hopende gelowiges aangekondig het.

## **II. NATUUR VAN ENGELE**

Gewoonlik word die aard van die engele in afbeeldings aangedui asof hulle 'n vroulike aard en meer nog, 'n kinderlike en dus altyd sagmoedige en speelsieke aard het. Hierdie opvatting is onskriftuurlik. Die Skrif spreek van hulle as "kragtige helde" wat optrek in leër-orde, en Migaël is 'n magtige oorlogvoerder wat uiteindelik die krag van die draak verbreek.

Wie nadink oor die engele, gaan na die Skrif en put daaruit. Dit leer die engele ken as geskape wesens wat die hemel bevolk en wat reeds volkome in aansyn geroep was, voordat die aarde , toeberei is. As sodanig is die engele ook eindige skepsels, gebonde aan ruimte, soos die mens. Die engele is nie alomteenwoordig nie, maar is ook nie soos die mens aan sy plek gebonde nie. Hulle kan in duisendtalle op één plek teenwoordig wees, en kan, omdat hulle geeste is, gou verdwyn en verskyn. Tyd is dus nie nodig om van een plek na die ander te gaan nie. Hulle is as geestelike wesens onsigbaar, tensy God hulle laat verskyn in 'n sekere gestalte. So 'n gestalte is dan slegs tydelik 'n genadedaad van die Here aan die mens, want die mens kan alleen sien wat in 'n sekere gedaante aan hom verskyn.

Die engele is ryk begiftig met geestesgawes, wat voortvloei uit hul persoonlikheid. Alle bewerings dat hulle onpersoonlike kragte is, loënstraf die Skrif. Telkens tree hulle op en sê: "Ek is Gabriël" [Luk. 1:19] en Christus spreek ook satan aan as persoon. Wat meer is, die engele is bewuste persone, wat hulself rekenskap gee van wat hulle doen en kennis het van die omstandighede op aarde waarin hulle optree. Hulle is nie alwetend, soos God nie, maar verkry op Gods besondere wyse kennis van aardse verbande.

Hieruit volg verder dat die geestesgawes aan elkeen by sy skepping toebedeel is, dat die engele nie soos die diere of voëls slegs aan 'n sekere soort behoort nie, maar dat hulle elkeen 'n eie persoon is, met besondere gawes, te onderskei van ander en tog met hulle almal weer in 'n sekere betrekking.

Hierdie betrekking tussen die engele is moontlik, omdat die verhouding tussen mense al veronderstel dat ons mekaar kan ken en met mekaar 'n bepaalde sedelike betrekking kan hê. Die engele het ook verstandsvermoëns, wilsvermoëns, gevoel, toorn, haat, blydschap. So kan die engele onderskei tussen goed en kwaad en is dus verantwoordelik vir hul daade. Die sonde van satan is sy sonde en hy doen daarvoor verantwoording. Slegs hierdie verskil is daar, dat die engele vir eens en vir altyd kies, vir ewig voor of teen God is. Daarom is daar ook nie van verlossing sprake by die engele nie. Satan bly satan en kan nooit weer in 'n engel van die lig verander word nie.

Wie so oor die natuur van die engele nadink, kom tot die konklusie dat die engele in 'n besondere verband staan tot die skepping en ook in 'n besondere verband tot die Skepper. Hulle is saam met die ganse skepping één, in die sin dat "in Hom (die Seun van God) is alle dinge geskape wat in die hemele en op aarde is" (Kol. 1:16). Die mens as hoogste skepping staan ook in 'n besondere betrekking tot die engele, aangesien hy 'n weinig minder is as die engele. Die mens het 'n liggaam, is deur sy liggaam stoflik. Maar die mens het ook gees, en is dus daardeur verwant aan die engele en aan God. Dit is die wonderlike van die beeld Gods. En God het die mens nou begenadig, dat hy Jesus Christus gestuur het in 'n sekere gestalte, en daardie gestalte is nie die van 'n engel nie, maar die van 'n mens, waardeur die mens weer in sy oorspronklike staat herstel word,

en saam met die hemelse leërskaars onder één Hoof versamel word. Ja, meer nog: die engele se hoogste taak is om *dienende* geeste te wees, terwyl die van die mens is dat hy sal *heers* oor alles. Hierin lê die grondverskil tussen die mens en die engele. Geestelik staan die engele hoër as die mense, maar hulle besit nie die volle beeld van God nie. Daarom sê dr. Kuyper: "De engelen staan niet *boven* ons en ze staan niet *naast* ons, maar als wezenssoort zeer beslist *onder* ons. Immers niet *zij* zullen *ons*, maar wij zullen *hen* oordeelen . . . ." (1 Kor. 6:3).

### III. TAAK VAN DIE ENGELE

Hoogs belangrik is die taak wat Gods engele moet vervul. Daarom herhaal ons weer: wonderlik is dit dat gelowiges vandag so weinig spreek van die diens van die engele. Die Skrif laat ons uitgaan van die gedagte dat die engele Gods diensknegte is en nie die van die mense nie. Hieraan moet ons vashou indien ons baie moeilike probleme wil verstaan. Die Roomse kerk stel die engele as 'n soort tussenpersoon tussen mens en God, en aanbid die engele en smee om hul voorbidding. Hierdie standpunt is duidelik: die engele staan in diens van die mense, weet wat hul node is, kan gemeenskap oefen met die mens. Dit tog is onmoontlik, omdat ons as mense nie met die geestesryk van engele gemeenskap kan oefen nie.

Indien ons die taak van die engele saamvat onder 'n paar groot kenmerke, sou ons dit kan doen deur te sê dat hulle *loof*, *stry* en *dien*. Onder hierdie hoofde kan ons alles saamvat.

#### (a) LOOF.

Die lofstem van die engele word altyd uitgesing. In Jes. 6 sing die serafs: "Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskaars! Die hele aarde is van sy heerlikheid vol." By die geboorte van Jesus Christus sing die engeleskaars: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehag!" In die hemele hoor ons gedurig die lofstemme van engele en in Ps. 103 lees ons: "Loof die Here al sy engele." Dikwels word dit selfs so voorgestel asof die diens van die engele in loof opgaan.

Die lowende engele laat dadelik vra: maar hoe kan ons dit indink? Hulle het tog geen liggame nie, en kan geeste spraak hê en 'n stem?

Dit is bykans onmoontlik vir 'n mens om hierdie vrae te beantwoord, want ons ken alleen ons eie natuur. Die engele het spraak in engeletaal en 'n engelestem, maar dit is anders as die van ons. Wat ons ook al opper as besware teen die moontlikheid dat engele kan sing, tog bly dit 'n feit wat ons nie kan en ook nie wil wegdink nie. Wie sou die engelesang by Betlehem wou mis uit Gods Woord? Wie verlang nie na die hemele om as gesaligdes met die engele in te val in beurtsang en te sing nie: "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape" (Open. 4:11).

#### (b) STRY.

Die engele is ook magtig en sodra die vyand hom vertoon, is hulle magtig in die stryd. Dit volg dus dat stryd nie tot die durende taak van die engele behoort nie. Voor die val en in die ryk van heerlikheid kan daar van stryd nie sprake wees nie. Gedurende die tydperk van sonde is egter die stryd hulle opgelê, deur God, in diens van sy gesaligdes teen alle bose magte. Engele met swaarde, engele wat gerig oefen, Migael wat stryd voer teen die draak, die stryd teen die bose geeste in - die lug - en ons sou dit kon vermeerder — dit is die taak van die engele op 'n sondige aarde. Ja, in daardie stryd word hulle genoem kragtige helde, besiel met die eer van God en om die vyande van God te verdoem. In hierdie stryd kan daar *geen* pouse kom nie, geen wapenstilstand kan gesluit word nie. "Het is tusschen deze vrienden en vijanden van God een krijg op leven en dood, waarin nooit kwartier wordt gegeven, en die rusteloos doorgaat. Een worsteling van geesten alzoo, die voor een geestelijk doel met geestelijke wapenen gestreden wordt . . ." sê Kuyper.

#### (c) DIEN.

Onder die diens van die engele val al hul werksaamhede. Loof en stryd te voer is ook diens. Ons onderskei dit egter, omdat loof en stryd besondere dienste is, terwyl ons diens hier in die algemeen opneem.

Kuyper onderskei tussen die gewone en buitengewone diens van die engele. Die buitengewone diens van engele is die meeste bekend, omdat dit aan ons in die Skrif meegedeel word. Hier verskyn die engele in sekere gestalte en spreek of verrig 'n daad. Hulle openbaar telkens Gods genade en Gods gerig. Hulle voer sy raad uit. So staan die engel met die vlamme swaard by die ingang van die paradys; so word die eersgeborenes van die Egiptenare besoek en die oordeel oor Sodom en Gomorra voltrek. So trek die verderfengel uit oor Israel as God Dawid besoek met 'n driedaagse pes en so trek Gods engel met Israel mee deur die woestyn. Dit is engele wat aan Abraham en Jakob verskyn, wat die geboorte van Simson aankondig en verskyn aan Sagaria en Maria. Engele dien Christus in die woestyn en versterk Hom in Getsémané. En wie dink nie aan Lot se redding uit Sodom, die jongelinge in die vuuroond, Petrus se verlossing uit die gevangenis nie?

God het dus van middels, instrumente gebruik gemaak om op besondere wyse in te gryp en sy raad bekend te maak. Dit moet duidelik wees dat God ook anders van instrumente gebruik maak, d.w.s. in die gewone sake. Hieronder verstaan ons Gods voorsienigheid, sy sorg vir sy kerk en sy volk, sowel gesamentlik as besonderlik, sy boodskappers wat uitgaan na diegene wat die saligheid beërf. Ons moet aanneem dat die engele in die alledaagse lewe 'n veel groter diens het om te verrig as wat ons ooit vandag dink. "Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe nie?" (Heb. 1:14). Die betekenis van hierdie apostoliese woord is seker nie net van terugwysende krag nie, asof daardie engelewerk voltooi is deurdat hulle klaar verskyn het aan gelowiges in die Skrif nie. Inteendeel moet ons aanneem dat aan elke uitverkorene die engele hul werk verrig.

In verband hiermee moet ons net kortliks spreek oor die leer van beskermengele. Hierdie leer is gegrond op Matt. 18:10: "Pasop dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is."

Hieronder mag ons egter nie verstaan dat elke gelowige 'n besondere engel het wat hom beskerm, hom ontferming bewys, ens., nie. Dit sou beteken dat die engele in mensediens staan — of dat die engele hulle oor ons ontferm en daarom vir ons by die Vader pleit. Dan is hulle weer middelaars.

Nee, die engele staan in God se diens. Die ontferming is goddelike ontferming. God begenadig ons *deur* sy engele. Dan aanbid ons God omdat Hy goed is, dat Hy selfs deur engele, wat altyd sy aangesig sien, ook ons wil ondersteun.

Ons sluit hierdie gedeelte oor die hemelse leërske af met 'n laaste verwysing na die diens van die engele, waaraan ons as gelowiges so min dink. Dit is engel-gejuig wat daar opgaan voor Gods troon oor een enkele sondaar wat hom bekeer. Verder: die gelykenis van die ryk man en die arme Lasarus leer ons 'n diens van die engele teenoor een enkele wat na die hemel begelei word. Die taak van die engele is so troosryk juis vir die sterwende en vir die wat daar treurende staan. In daardie sterfkamer is die engele teenwoordig om ná afsterwe die siel triomfantelik na die hemel te bring.

Dit mag wel skyn asof ons hier die teorie van beskermengele huldig. Maar dit is nie so nie. Immers dit is nie een bepaalde engel wat in diens staan van een bepaalde gelowige nie. "Niet één engel haalt u bij uw sterven af, maar vele engelen. Niet één engel heeft gejuicht, toen ge u eindelijk bekeerd hebt, maar meerdere engelen" (Kuyper). En dan, wanneer die smart ons hart oorval, is die hemelse leërske by ons en juig oor God Almagtig se genadewerk wat Hy aan 'n sondaar betoon. Ons sien hulle nie, maar dat hulle daar is, mag ons nie aan twyfel nie.

#### IV. SATAN EN DIE GEVALLE ENGELE

Die naam "satan" beteken weerstaan, weerstand bied. Uit hierdie naam kan afgelei word dat satan van sy val af 'n teëpartyder geword het, wat stry en in sy stryd enige middel aanwend om sy doel te bereik. Daarom word hy ook genoem 'n leuenaar, 'n verklaer, 'n lasteraar, ens.

##### (a) POSISIE VAN SATAN VOOR SY VAL.

Die Skrif laat ons sien dat satan 'n engel was wat voor Gods troon gestaan het, 'n magtige engel. Toe was sy naam egter nie "satan" nie. Ons weet van sy naam niks voor sy val nie. Maar dit is duidelik dat hy een van die engelehoofde was. Sy heerlike posisie word ook aangedui deur die groot getal engele wat hom in sy val gevolg het.

##### (b) SY VAL.

Wie die val van satan enigins wil begryp, moet oordink dat die engele aan die begin voltallig geskape was. Die mens was so nietig en klein, slegs maar twee in getal. In teenstelling daarmee was die engele tienduisende, want hul getal vermeerder nie deur geboortes en verminder nie deur sterfgevallen nie. Dit volg dus dat die mensegetal hulle tot ootmoed gedwing het, maar dat die engelemenigte 'n gevoel van mag meebring. Verder: engele neem nie toe in kennis nie, maar is volwaardig geskape. Dit verhoog hul magsgevoel en is die gegewe op grond waarvan ons die val ook verder kan verklaar.

Die wese van satan se sonde is nou dat hy deur God in 'n hoogheerlike posisie gestel is as Gods dienskneg, onderworpe aan God, afhanklik van Gods wil. Hierdie posisie bring hom in opstand. Hy begeer 'n onafhanklike posisie. Hy moes sy afhanklikheid in die geloof aanvaar het, maar hy kom juis in opstand 'daarteen. En dit geld nie alleen satan nie, maar dit was die keuse vir al die engele. Satan het met sy val dit verwerp. Sy keuse was ewiglik teen God. Hy verwerp sy skeppingsposisie en kies 'n *selfstandige posisie, nie onder nie*, maar teen God.

Deur sy keuse word hy tog nie onafhanklik nie. Inteendeel hy val laer tot die laagste posisie. Die waarheid is en bly net soos God dit gewil het, maar satan leef nou in 'n denkbeeldige hemel en 'n wêreld wat blote versinsel was. Hy bly onderworpe aan God en staan onder Gods toelating. Sy posisie is 'n leuenposisie en sy verleiding het daardie kenmerk dat hy ander laat glo aan sy denkbeeldige wêreld en aan sy denkbeeldige beloftes. Daarom is hy die vader van die leuen en sy hele werk *is* leuenwerksaamheid.

Wat die aard van satan se oorspronklike sonde was, daarvan verkry ons 'n beeld uit sy gesprek deur die slang met Eva in die paradys. Hy gebruik hierdie kenmerkende woorde as hy Eva verlei (Gen. 3:5): "God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken." Uit hierdie woorde begryp ons dat dit satan se doel was: hy wou soos God wees en as dit kon, die enigste God wees, God aan hom onderwerp, sodat God in 'n afhanklike posisie teenoor hom sou staan. In hierdie mening word ons versterk deur wat hierbo gesê is, dat satan as heerlike engel en bewus van sy heerlikheid, sy heerlikheid wou vermeerder.

En dan kan ons ook begryp waarom satan so kragdadig verlei en in die volke-wêreld sy aanslae verskerp. Immers, God het gesê in sy wet: geen ander gode naas My nie. Dit is ook onmoontlik. God kan geen ander God naas Hom duld nie. En nou, as satan hom inbeeld dat hy God is, dan duld ook hy geen ander gode naas hom nie. Daarom die geweldige aksie wat van hom uitgaan. In daardie aksie kan ons kortliks aanstip dat hy ook sy eie woord verbrei, die leuenwoord; dat hy ook poog om in vleeslike gestalte te verskyn in die antichris, net soos Christus die vlees aangeneem het; dat hy sy eie merkteken het: die merk van die bees; dat hy sy eie praktyk het vir sy volgelingen: laat ons eet en drink en vrolik wees. Daarom is satan ook genoem die na-aper van Christus.

##### (c) SATAN EN SY GEVALLE ENGELE.

Die sonde het sy oorsprong in die val van satan wat verantwoordelik is vir die prinsipiële sonde. Maar 'n ganse leërmag van engele het saam geval en soos satan in hul wese duiwels geword.



Wie uitgaan van die organiese verband wat daar bestaan in die ryk van die engele, kan ook verklaar hoe dit denkbaar is dat hierdie engele saam geval het. Immers ons het uitgegaan van die standpunt dat die engele ordelik is, dat daar 'n rangorde bestaan, dat daar hoofde van die engele-leër is. Satan moet nie afsonderlik gedink word nie, maar in samehang met sy leër. As die leër staande gebly het, sou satan nie geval het nie en as satan staande gebly het, sou sy leër nie geval het nie. Hy het hulle nie verlei nie, maar die sonde van satan en sy leër was één sonde, één gewilde daad van die ganse gevalle leërmag. Kuyper sê: "Het ging tegelyk. Satan viel met de zijnen, en de zijnen vielen, en wilden vallen met hem."

Hierdie gevalle engele-leër moet groot wees. Gods Woord leer ons dat die stryd van Migael en sy engele teen satan en sy trawante 'n bloedige stryd was, wat tog immers nie moontlik was indien sy mag maar swak was nie.

Vir die gelowiges word hierdie stryd van die goeie engele teen die bose engele voortgesit en die bittere stryd sal eers voltooi wees as Christus kom. Wie weet van daardie stryd? Ons leef dikwels asof dit ons nie aangaan nie. Gelowig moet ons egter bedink dat indien satan en sy engele nog teen ons in die stryd moes kom, met ons in ons sondigheid en swakheid, ons nie sou kon bestaan nie.

Maar God sal sy werk nie oorgee nie. Niks wat aan God behoort, sal aan Hom ontruk word nie.

# DIE OORSPRONG, WESE EN BESTEMMING VAN DIE MENS

Ds. L. S. VAN DER WALT, B.A., B.D.

## A. DIE OORSPRONG VAN DIE MENS.

Die skeppingswerk van God bereik sy hoogtepunt in die skepping van die mens. Die mens is die belangrikste van al die skepsels van God. Die skepping van hemel en aarde, son, maan en sterre, plante en diere word in weinig woorde meegedeel. By die skepping van die mens egter word langer stilgestaan, en nie alleen die feit van die skepping van die mens nie, maar ook die wyse daarvan word beskryf en in Génesis 2 word dit nog nader verduidelik en op sekere punte uitgebrei. Dit is verstaanbaar as ons onthou dat die mens die sluitsteen en kroon van Gods skeppingswerk is. Die besondere betekenis van die mens as skepsel van God word ook gesien in die feit dat God eers met Homself beraadslaag voordat Hy oorgaan tot die skepping van die mens. By die ander skeppingsdade lees ons net van 'n goddelike bevel, maar by die skepping van die mens beraadslaag God eers met Homself: "En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis . . . ." (Gen. 1:26). So beraadslaag die mens ook met homself wanneer hy iets belangriks onderneem.

In Gen. 2 word die verhaal van die skepping van die mens nader toegelig en aangevul. Gen. 1 en 2 vorm 'n eenheid. In Gen. 1 is die mens die doel waarop die natuur uitloop; in Gen. 2 is die mens die aanvang van die geskiedenis. In Gen. 1:1—2:3 gee die skrywer 'n afgeronde beskrywing van die skeppingswerk van God. Vanaf Gen. 2:4 begin hy met die geskiedenis van die geskape wêreld onder Gods voorsienigheid. Maar omdat die mens in die geskiedenis die hoofrol sal speel, gee die gewyde skrywer nog enkele besonderhede wat op die skepping van die mens betrekking het, soos die woonplek van die mens, die proefgebod, die skepping van die vrou en die instelling van die heilige huwelik.

So verhaal die heilige Skrif die oorsprong van die mens. God het die mens geskape. Laat ons nou let op die wyse waarop God die mens geskape het. In Gen. 2:7 word aan ons iets meegedeel omtrent die wyse waarop God die mens geskape het: "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus geblaas die asem van die lewe. So het dan die mens 'n lewende siel geword."

In die eerste plek word hier lig gewerp op die skepping van die mens wat die *stoflike kant* van sy bestaan betref. Volgens dr. G. Ch. Aalders beteken dit nie noodsaaklik dat God 'n sekere hoeveelheid stof van die aarde geneem het en daaruit die menslike liggaam soos 'n kleipop gevorm het nie. Meer waarskynlik is dit dat die menslike liggaam heeltemal opgebou is uit soortgelyke skeikundige elemente as wat ons in die aarde aantref. Die menslike liggaam word deur God voorberei uit die stof van die aarde en is die hoogste, heerlikste en kunstigste skepping van God uit die stof van die aarde.

Maar die mens het behalwe sy liggaamlike, stoflike bestaan ook 'n *geestelike bestaan*. Gen. 2:7 wys ons ook op die geestelike sy van die mens se bestaan waar ons lees: "En in sy neus geblaas die asem van die lewe." Hier word van God op mensvormige wyse gespreek en die bedoeling is seker nie om hier 'n voorstelling te gee asof God 'n leweloze liggaam neem en deur die neusgate iets van sy eie asem inblaas nie. Die uitdrukking beteken dat die lewensasem van die mens aan 'n regstreekse inwerking van God te danke is. Hier by die mens word dus afsonderlik vermeld hoedat God die lewe aan die mens gegee het. In verband met die skepping van die diere lees ons in Gen. 1:25: "En God het die wilde diere van die aarde gemaak." Gen. 2:7 is dus ook bedoel om duidelik te laat uitkom die onderskeid tussen die mens en die dier. Die lewe van die mens staan hoër as die lewe van die dier en is die vrug van sy verwantskap aan God. Die mens is die beeld van God, en daarom het God hom op 'n ander wyse geskape as die diere.

Die mens het dus 'n stoflike en 'n geestelike bestaan, 'n liggaam wat uit voorhande stof geformeer is en 'n siel wat regstreeks deur God in aansyn geroep is. Die mens bestaan uit liggaam en siel of ook: stof en gees. "Want ziel en geest zijn geen namen voor twee

substanties, maar een tweevoudige benoeming voor een en hetzelfde wezen. Ons geestelijk bestaan heet in die heilige Schrift *geest*, wanneer het gaat om het *wezen* der ziel en om haar goddelijken oorsprong, en het word *ziel* genoemd, insoover het gemeenschap heeft met de stoffelijke wêreld, en op het lichaam is aangelegd. De *ziel* is dus de tot een lichamelijk leven georganiseerde geest. De *ziel* ziet op de inwoning van onzen geest in het lichaam en op het verband met de stof, en daarom lezen wij ook, dat de mens, die uit het stof der aarde geformeerd, en in wiens neusgaten de adem des levens geblazen is, geworden is tot een *levende ziel*. Hij is niet enkel *geest*. Hij *is* niet alleen aan den hemel verwant. Hij zit met tal van banden aan den stof vast."—Dr. K. Dyk: "Voor Hart en Leven" (179-180).

Die verband tussen die mens se siel en liggaam is baie nou, en dit word treffend gesien na die sondeval wanneer die sondige, bedorwe siel 'n verswakte liggaam veroorsaak.

*Die skepping van die vrou.* In verband met die skepping van die mens lees ons ook van die verskeidenheid van geslag. In Gen. 1:27 lees ons: "Man en vrou het Hy hulle geskape." Die geslagsonderskeid word nie by die skepping van die diere uitdruklik vermeld nie, by die mens wel, omdat dit in verband staan met die instelling van die huwelik.

Die mens word eerste geskape, en in Gen. 2:21 en 22 word meegedeel dat God die vrou uit die uit stof gevormde mens voortbring het. Ook hier weer blyk duidelik die besondere karakter van die mens as skepsel van God. Die diere het God in pare geskape. By die mens egter word die vrou geskape uit die man. Dit beklemtoon die eenheid van man en vrou. God sê dan ook: "En hulle sal één vlees wees," en met hierdie woorde stel God die ordonnansie van die heilige huwelik in.

Ook die skepping van die vrou is 'n hoogs belangrike daad. Net soos by die man, word ook hier eers die goddelike voorneme vermeld. Die hoë waarde van die vrou naas die man word hiermee aangedui.

Hoe moet ons die skepping van die vrou vir ons voorstel? Ons lees hiervan in Gen. 2:21: "Toe het die Here God 'n diepe slaap op die mens laat val en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens." By die diepe slaap kan ons volgens dr. G. Ch. Aalders dink aan die narkotiese bewusteloosheid van 'n persoon wat 'n operasie ondergaan. Van die wegneem van een van die ribbebene van Adam sê hy: "Het was ook inderdaad een bewerking die met een ernstige operatie te vergelyken is." Die betekenis van hierdie saak moet ons volgens dr. Aalders vir ons as volg voorstel: Eva se liggaam word nie opgebou uit die stof van die aarde nie, maar uit Adam se been en vlees. Deur skeppingskrag bou God daaruit 'n volkome liggaam. Adam sê self: "Dit is nou eindelijk been van my bene en vlees van my vlees" (Gen. 2:23).

Die skepping van die vrou is van grondleggende betekenis vir die ontwikkeling van die menslike lewe. Dit bring mee die instelling van die huwelik, wat as goddelike instelling onontbindbaar is, behalwe op die grond van oorspel. Hier sien ons ook dat God die monogamiese huwelik ingestel het (één man en één vrou). Verder blyk hier duidelik die sosiale gelykheid van man en vrou soos neergelê in die name: man en manin. Die vrou is uit Adam deur God geskape na Gods beeld as 'n hulp vir die man; nie as sy meesteres nie, en nog minder as sy slavin. Die vrou ontvang 'n ereposisie langs die man van haar Skepper. Adam is die hoof en die vrou is onderdanigheid aan hom verskuldig, want sy is na hom en uit hom geskape. Tog is die vrou ook 'n vry en selfstandige wese onder Adam, die hoof van die menslike geslag.

Voor ons afstap van die oorsprong van die mens, moet ons kortliks let op die afstammingsleer van die ewolusie-teorie. As hierdie leer op die mens toegepas word, beteken dit dat die mens van die diere afstam. Dit is 'n feitlike loëning van die skepping van die mens as beeld van God. God, die Skepper van alles, word in hierdie teorie uitgeskakel, want alles sou dan langs natuurlike weg uit die laere tot die hoë ontwikkel

het. Volgens die afstammingsleer sou die mens uit die dier ontwikkel het, die dier weer uit die plantewêreld en alles ten laaste uit 'n oerstof.

In plaas van 'n wesenlike onderskeid tussen mens en dier waarop die heilige Skrif soveel nadruk lê, kry ons dan volgens die ewolusie-teorie wesensgelykheid van mens en dier. Die mens is dan net 'n hoër ontwikkelde dier. Dit is egter duidelik dat die gelowige wat die gesag van Gods Woord aanvaar, die ewolusie-teorie moet verwerp, want dit is 'n direkte loëning van die skepping van die mens na die beeld van God. Die ewolusie-teorie berus nie op feite nie. Ons kan hier nie die argumente behandel en weerlê wat aangevoer word nie. Dit is egter niks meer as 'n hipotese wat nog op 'n bewys wag nie. Sover het die wetenskap geen feite gevind wat met die skeppingsverhaal nie kan gerym word nie. Die ewolusie-teorie is ook nie in staat om 'n aanneemlike verklaring te gee van die oorsprong van die lewe, die verstand, die wil, die godsdiens en sedelikheid nie. Hierdie dinge laat hulle nie verklaar uit bloot natuurlike faktore nie.

## **B. DIE WESE VAN DIE MENS.**

Aan die oorsprong van die mens beantwoord sy wese, en sy wese bestaan daarin dat hy geskape is na die beeld van God. "En God het gesê: Laat ons mense maak na ons *beeld* en na ons *gelykenis*" (Gen. 1:26). In vers 27 word daaraan toegevoeg: "En God het die mens geskape na sy beeld."

Tussen "beeld" en "gelykenis" is geen beduidende verskil nie. Die twee woorde vul mekaar aan. Daarom word partykeer altwee woorde gebruik en dan weer net die een of die ander. (Sien Gen. 1:26 en 27 en Gen. 5:1.) Dr. Aalders sê: "Deur die woord 'beeld' word uitgedruk dat daar in die mens so 'n ooreenkoms met die goddelike wese aangetref word as wat daar bestaan tussen 'n persoon en die afbeelding wat van die (selfde) persoon gemaak word. Die woord 'gelykenis' versterk dit deur daar nadruk op te lê dat die ooreenkoms tussen die afbeelding en die oorspronklike noukeurig is." Die mens lyk dus na God insover as wat dit moontlik is. God het by die skepping van die mens Homself as model geneem en in die mens sy mededeelbare eienskappe weerspieël. Die mens is nie net *beelddraer* van God nie, maar hy *is* die beeld van God, en die beeld van God word deur die hele mens na siel en liggaam vertoon. In alle vermoëns, gawes en kragte van die siel word die beeld van God gesien, anders kon van God in die heilige Skrif nie op mensvormige wyse gespreek word en alle eienskappe en aandoenings van die menslike siel op God oorgedra word nie. Ook die liggaam van die mens kan nie uitgesonder word nie. As die liggaam 'n wesenlike bestanddeel van die mens is, moet ook in die liggaam die beeld van God gesien word. Die heilige Skrif sou nie van Gods arm, oog, oor, ens., kon spreek nie as die liggaam nie ook die beeld van God vertoon het nie. Die liggaam vertoon die beeld van God hierin dat dit die gepaste woonplek en geskikte werktuig van die siel is. Calvyn sê: "Derhalwe was die primêre setel van die beeld van God in die verstand en in die hart waarin dit die meeste uitgeblink het; ewenwel was daar nie één deel waarin enige vonkies daarvan nie geskitter het nie."

As die Bybel leer dat die mens geskape is na die beeld van God, beteken dit nie dat daar geen diepgaande wesensonderskeid tussen God en mens is nie. Die verskil tussen Skepper en skepsel mag nie uitgewis word nie. Al is die mens geskape na die beeld van God, bly hy nogtans 'n eindige skepsel.

Die besondere betekenis van die mens kom veral hierin uit dat hy geskape is na die beeld van God. Hierdeur is die mens te onderskei sowel van die diere as van die engele. Al vertoon die mens trekke van ooreenkoms met die diere aan die een kant en met die engele aan die ander kant, tog het hy sy eie aard en wese omdat hy geskape is na die beeld van God. Die diere het geen verstand en wil, geen selfstandige gees en dus ook geen godsdiens en sedelike lewe nie. Die mens is ook wesensverskillend van die engele. Die engele is ook deur God geskape met 'n redelike en sedelike natuur en oortref die mens in kennis en mag; tog is hulle geeste sonder liggame. Hulle lewe as losstaande enkelinge. God is hul Heer, maar nie hul Vader nie, Christus is hul Hoof maar nie hul Saligmaker nie; die Heilige Gees is hul sender maar Hy getuig nie saam met hul gees dat hulle kinders van God is nie.

*Die beeld van God in ruimer en in enger sin.* Al is die hele mens 'n welgelykende beeld van God, is dit tog wenslik om te onderskei tussen die beeld van God in ruimer en in enger sin.

Onder die beeld van God in *ruimer sin* word verstaan die redelik-sedelike persoonlikheid van die mens, begiftig met verstand, wil en gevoel. Ook die onsterflikheid van die mens val onder die beeld van God in ruimer sin. God alleen het absolute onsterflikheid, maar Hy het ook aan die mens onsterflikheid meegedeel. Verder val onder die beeld van God in ruimer sin ook die heerskappy oor die diere en oor die werk van Gods hande. In Gen. 1:26 word die heerskappy in een asem genoem met die beeld van God. Ook in die heerlijkheid sal die gesaligdes weer konings wees (Openb. 5:10; sien ook Ps. 8).

Wat word verstaan onder die beeld van God in *enger sin*? Die antwoord vind ons in Efes. 4:24, waar ons lees: "En julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware *geregtigheid* en *heiligheid*," en verder in Kol. 3:10, waar ons lees: "En julle met die nuwe mens julle beklee het wat vernuwe word tot *kennis* na die beeld van sy Skepper." Hieruit kan ons aflei dat die beeld van God in enger sin bestaan in kennis, geregtigheid en heiligheid. Hier handel die apostel oor die wedergebore mens wat vernuwe word na die beeld van God, wat hom geskape het. Die vernuwing bestaan in die reiniging van die sonde en in die mededeling van die suiwere kennis van God, ware geregtigheid en heiligheid. Hieruit kan ons met reg aflei dat die mens by sy skepping ook hierdie drie gawes ontvang het as beeld van God. God kan tog nie twee beelde hê nie: een waarvolgens die mens oorspronklik geskape is, en een waarvolgens die vernude mens herskape word nie. Gods beeld bly dieselfde. Die herstelde beeld Gods in die gelowiges sal wel heerliker wees as die beeld Gods in die eerste mens, maar tog kan daar geen wesenlike verskil wees tussen wat deur die sonde verloor is en wat deur die genade herstel word nie.

Die beeld Gods in enger sin bestaan dus uit kennis, geregtigheid en heiligheid. Onder *kennis* moet ons verstaan dat alle onwaarheid, duisternis en dwaling ontbreek het. Maar positief het Adam wysheid besit. Hy het suiwere kennis besit van God, homself en die skepping. Daarom kon hy aan die diere name gee volgens hul aard. Adam was egter nie alwetend nie; sy kennis kon uitgebrei word. Deur ervaring, ondersoek en nadenke kon hy sy kennis vermeerder.

Onder *geregtigheid* verstaan ons dat Adam se lewe in volkome harmonie was met Gods wet. Alles wat Adam voor die sondeval gewil, gespreek en gedoen het, was in volkome ooreenstemming met Gods wil.

Adam het ook *heiligheid* besit en hieronder verstaan ons innerlike reinheid van hart en algehele toewyding aan God. Net soos sy kennis vir toeneming vatbaar was, moes ook sy geregtigheid en heiligheid deur hom bewaar en metterdaad betoon word. Regverdigheid en heiligheid sluit op sigself nie in dat die mens nie kan sonde doen nie. As Adam in sy staat van oorspronklike geregtigheid volhard het, sou hy dit eindelik sover gebring het dat hy nie meer in sonde sou kon val nie. Hiertoë het Gods gebod hom aangespoor.

*Die uitwerking van die sonde op die beeld van God in die mens.* Deur die sonde het die mens die beeld van God in enger sin verloor. Art. XIV van "Die Nederlandse Geloofsbelijdenis" sê: "Die mens het deur die sonde al die uitnemende gawes verloor wat hy van God ontvang het, en niks anders daarvan oorgehou nie as net klein oorblyfsels wat genoegsaam is om die mens alle verontskuldiging te ontnem . . . ."

Die beeld van God in enger sin is deur die sonde verwoes, en hoewel die sonde ook die beeld van God in ruimer sin aangetas en geskend het, het die mens nogtans die beeld in ruimer sin behou. Die heilige Skrif beskou die mens ook ná die val nog as beeld van God, soos blyk uit Gen. 9:6 en Jak. 3:9. Ook ná die val het die mens sy liggaam behou en 'n denkende en willende wese gebly; by het nog mens gebly en selfs die gevalle mens het nog 'n heerlike betekenis. Selfs in die verdoemenis sal die mens die beeld van God in ruimer sin nie heeltemal verloor nie.

### C. DIE BESTEMMING VAN DIE MENS.

Wanneer die skepping voltooi is, begin die geskiedenis. Al die geskape van God moet nou volgens die bestel van God hul heerlike bestemming verwesenlik. In die geskiedenis speel die mens die belangrikste rol. Hy het 'n heerlike bestemming van God ontvang.

Omdat die mens van Gods geslag is, geskape na die beeld van God, is sy bestemming ook enig. Hy is deur God bestem om as profeet tot klare insig van die geskape dinge te kom, as koning is hy bestem om onder God oor die skepping te regeer, die aarde te bewerk en te bewaak en tot volle ontplooiing te bring om dan priesterlik die skatte van die skepping aan God te wy tot verheerliking van God en tot heil van die mens. Langs die weg sou die mens God verheerlik en die ewige lewe verwerf as sy hoogste bestemming.

Om sy bestemming te verwesenlik, gee God aan die mens 'n geskikte woonplek. In Gen. 2:8 lees ons: "Ook het die Here God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar die mens wat Hy geformeer het 'n plek gegee." Eden (Vreugdeland) was geleë in Asië, waarskynlik in Mesopotamië. Prof. dr. J. D. du Toit skryf oor Eden en die paradys as volg: "Wat moet dit 'n sentrale heerlijkheid gewees het, die paradys! Eers, in wydste omtrek, die onbedorwe aarde. Dan daar binne-in, in kleiner omvang, Eden, die oord van lieflikheid. Vervolgens in nog nouer omsikeling, die paradys, wat eindelik as binneste heerlijkheid die boom van die lewe en die boom van die kennis van goed en kwaad geherberg het" ("Die Kerkblad," 10 April 1942).

In hierdie tuin stel of plaas God Adam met die doel om vanuit hierdie middelpunt die hele aarde te regeer. In die tuin is die sentrum van die volle lewe, liggaamlik en geestelik, en dit word afgebeeld deur die boom van die lewe.

Nou kan die mens, ten volle toegerus deur God, voortgaan om sy bestemming te bereik. God plaas die mens in 'n amp en roep hom *om* sy lewenstaak te vervul. Hierdie taak het drie kante: 'n *godsdienslike*, *sedelike* en *stoflike*. Maar dit is één groot taak wat vervul moet word in gehoorsaamheid aan God. Die godsdienslike beheers alles en sluit die sedelike en stoflike in.

#### (1) *Die godsdienslike kant van die mens se taak.*

As God die mens in die paradys gestel het, kom God tot die mens met die *proefgebod*: "En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe" (Gen. 2:16,17).

Wat is die betekenis van die proefgebod? Adam staan aan die begin van die weg om sy heerlike bestemming te bereik. Sy gehoorsaamheid aan God moet getoets word. Gehoorsaamheid sal die lewe bring, ongehoorsaamheid die dood. Voor die mens die proefgebod ontvang het, het hy die goeie gedoen as 'n vanselfsprekende iets, want die wet van God was geskryf in sy hart. Hy het die goeie gedoen sonder om dit te beskou in teenstelling met die kwaad. By die boom van die kennis van goed en kwaad wil God die mens bring tot 'n *bewuste, onderskeidende* kennis tussen goed en kwaad. Hierdie kennis sou die mens kry deur *nie* van die boom te eet nie; 'n misleidende onderskeidende kennis deur *wel* van die boom te eet. God het bedoel dat die boom moes dien om aan die mens in die weg van gehoorsaamheid 'n duidelike onderskeidende kennis tussen goed en kwaad te gee, met die bedoeling dat die mens die goeie sou kies. Die proefgebod was 'n verbod van iets wat alleen kwaad en sondig was omdat God dit verbied het. So stel God die mens se gehoorsaamheid op die proef aan die begin van die weg van sy bestemming.

Adam se toestand in die paradys was 'n voorlopige en tydelike wat moes oorgaan of tot hoër heerlijkheid of tot 'n val in sonde. Die heilige Skrif ken net één hoogste ideaal vir die mens, nl. die ewige lewe. Adam het die ewige lewe nog nie verwerf nie; hy het die hoogste nog nie bereik nie; hy kon nog sonde doen, val en sterf. Daar is 'n groot verskil tussen die staat van die regtheid van die eerste mens en die staat van heerlijkheid.

*Die werkverbond.* Die proefgebod was in die wese van die saak 'n verbond (Hoséa 6:7). Hierdie verbond word genoem die werkverbond, omdat God aan die mens goedgunstiglik die ewige lewe beloof as hy volhard in die weg van gehoorsaamheid. In hierdie verbond kon die ewige lewe alleen verkry word in die weg van die werke. Wat Adam nog nie besit het nie, kon hy in die werkverbond na vrye keuse deur gehoorsaamheid aan God verwerf het. Die werkverbond is dus die weg vir die na Gods beeld geskape en nog nie gevalle mens om sy hoogste bestemming te bereik. Adam het die hoogste nog nie besit nie, want hy was nie verhewe bo die moontlikheid om in sonde te kan val nie. Hy kon wat hy besit het, nog elke oomblik verloor. Die hoogste is die nie-meer-kan-sonde-doen en nie-meer-kan-sterf nie wat die gelowiges deur Christus ontvang (1 Joh. 3:9 en Joh. 11:26). Adam moes dus in die weg van gehoorsaamheid die werkverbond vervul en so die moontlikheid om in sonde te val en te sterwe volkome oorwin en uitskakel. Dan sou die beeld van God in die mens skitter in onverganklike glorie.

## *(2) Die sedelike kant van die mens se taak.*

In Gen. 1:28 lees ons: "En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde ...." Hierdie woorde teken vir ons die sedelike kant van die menslike taak om sy bestemming te bereik. Ons het reeds gelet op die skepping van die vrou en die instelling van die huwelik as skeppings-ordonnansie van God. Die mens het 'n sedelike taak om te vervul in die samelewing van mense, wat as grondslag het die huwelik en die huisgesin.

Die skepping van die mens na die beeld van God word op die sesde dag eers dan voltooi as God man en vrou in vereniging met mekaar na sy beeld skep. Tog is ook die skepping van man en vrou saam na die beeld van God nie die einde nie, maar die begin van Gods weg met die mens. Dit is nie goed dat die mens alleen is nie; ook nie goed dat man en vrou alleen is nie. Hulle moet vermeerder en die aarde vul. Die hele mensheid is eers die ten volle ontplooiende beeld van God. Die mensheid as uit één bloed geskape, as één groot familie, vertoon die volle beeld van God. Tot die mensheid behoort ook sy ontwikkeling, sy geskiedenis, sy vooruitgang in kennis en kuns. Dit alles is ontvouing van die beeld van God waarvolgens die mens geskape is. Dit is dan ook die bestemming van die mens om in sy sedelike kultuur die beeld van God te vertoon. Eers die mensheid in sy geheel as 'n organiese geheel saamgevat onder één hoof, verbrei oor die hele aarde, wat as profeet die waarheid van God verkondig, as priester hom aan God toewy en as koning die aarde beheers, is die volle afgewerkte beeld van God, die sprekendste en treffendste gelykenis van God. Die bestemming van die mens in hierdie opsig is 'n heilige mensheid vir wie God alles is in alle opsigte.

Onder die werkverbond was Adam die hoof van die hele menslike geslag. In die weg van gehoorsaamheid moes hy hierdie goddelike opdrag uitvoer. Die lot van die mensheid is gelê in Adam se hande.

## *(3) Die stoflike kant van die mens se taak.*

Die opdrag aan die mens tot hierdie kant van sy taak word vermeld in Gen. 2:15: „Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak." In die eerste plek moet die mens die tuin *bewerk*. Adam is die landman. Van die akker het hy sy naam en uit die stof van die aarde is hy geformeer en die bewerking van die land is sy taak. Adam is dus ook landbouer. Hy is nie geskape om sy dae in ydelheid en niksdoen deur te bring nie. Hy het ook 'n aardse taak, en die aarde word aan hom toevertrou om dit tot verdere ontwikkeling te bring.

Hoe Adam gewerk het, weet ons nie, maar dit is seker dat sy werk geen worsteling met 'n vervloekte aarde was nie. Hy het nie geswoeg in die sweet van sy aangesig nie. Hy het geen vermoeidheid of uitputting van liggaamskragte ondervind nie. Die arbeid is die middel waardeur die mens sy opdrag tot stoflike kultuur moet uitvoer. Vir hierdie arbeid sou hy ook die diere gebruik. Daarom moes hy oor die diere heerskappy voer en vir hul instandhouding sorg deur veeteelt.

Adam moes die tuin ook *bewaak* en beskerm teen 'n dreigende vyand, satan, wat ook

sou probeer om die tuin en sy bewoners van God afvallig te maak. Gee die mens aan satan toe, kom die skepping onder die vloek van die sonde en Eden verander in 'n woestyn.

Tussen die bewerking en bewaking is daar ook 'n innige verband. As Adam Gods skepping sou bly bewaak en satan sou uitsluit uit sy hart, sou sy arbeid, sy stoflike kultuurtaak 'n vreugdevolle arbeid wees wat die skepping tot altyd groter skoonheid sou voer. Maar ook omgekeerd: in die vreugdevolle arbeid sou die menslike lewe hom ontwikkel en sou die mens sy heerlike bestemming bereik. Die stoflike kultuurtaak is 'n goddelike roeping.

So bereik die mens sy heerlike bestemming. Eers dan staan die beeld van God in sy volle rykdom voor ons as ons daarin ook opneem die bestemming van die mens sowel vir hierdie as vir die toekomstige lewe.



## SONDE EN DOOD

Ds. A, S. E. YSSEL.

Sonde .... en dood! Wat 'n vloed van wêreldwee en menslike ellende is daar nie saamgevat in hierdie paar woorde nie! Al die weedom en ellende het die mens oor homself gebring deur die sonde .... die mens, wat deur sy skepping na die beeld van God, bestem was vir sulke hoë heerlijkheid, soos in die vorige hoofstuk aangetoon is.

*Die sonde!* Watter vernieling en sedelike ontwrigting het die sonde nie teweeggebring in die oorspronklike 'toestand van gaafheid, waarin mens en wêreld verkeer het nie! Sy vernielende en vernietigende krag het van die menslike geskiedenis 'n klaagsang gemaak.

Soos 'n magtige stroom het dit oor die wêreldlewe voortgewoed en die gebruik van sy golwe was die aankondiging van ellende en onheil. Ook hier is van toepassing wat die digter van Ps. 42:8 so treffend sê: "Die vloed roep na die vloed by die gedruis van u watervalle; al u bare en u golwe het oor my heengegaan."

So het die sonde soos 'n vloed oor ons wêreldlewe gegaan en sy golwe het *alles oorspoel*. *Ons Konfessie, Art. 15*, sê: "Die sonde spring gedurig op soos opborrelende water uit 'n onsalige fontein." Die sonde openbaar hom in die werklikheid soos 'n rower wat die lewe altyddeur soek te beroof van wat heerlijk, hoog, heilig en goed is. Dit soek gedurig om die skone harmonie, wat God gestel het tussen God en mens, tussen mens en mens, tussen man en vrou, tussen vlees en gees, tussen mens en dier en in die natuur, te vernietig.

As Dawid in Ps. 51, die mees roerende boetesang wat die wêreld ooit gehoor het, sy berou betuig en sy sonde in weeklag uit, dan is dit nie net 'n persoonlike lied nie, maar dan uit hy daar die weeklag van die mensdom van alle eeue:

*Ontferm, o God, ontferm U tog oor my!  
Ontsluit die bron van u barmhartighede,  
Wis uit die smet, wat kleef aan al my lede,  
En maak my siel van sondeskuld weer vry ....*

*Was weg tog, Heer, die skandvlek van die sonde,  
Die kwaad, wat my altyd voor oë is.  
Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!*

.....

*Dis nie die sonde alleen wat roep om straf;  
Ek is in ongeregtigheid gebore,  
En lê voor U in doemskuld gans verlore  
Al van die uur van my ontvangnis af . . .*

En as gevolg van die sonde is daar die dood, die afgryslieke werklikheid wat ons laat kerm (Ps. 89:17):

*Gedenk, o Heer, hoe swak ek is; hoe kort van duur,  
Hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.  
Wie leef daar, wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?  
Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie ....*

Die sonde en die dood is twee treurige maar magtige werklikhede, wat elkeen hier op aarde ken.

En tog, ondanks die vreeslike sonde-werklikheid, heers daar in uitgebreide kringe in ons Christen-wêreld, die opvatting dat daar geen sonde is nie. Hoe dwaas die opvatting ook mag klink, hy oefen geweldige invloed uit op die godsdienstige en sedelike lewe van die mensdom. Die opvatting laat ons bepaald dink aan die man wat vir die eerste keer 'n kameelperd gesien het. Hy het die gevaarte van 'n dier met sy lang nek, van bo tot onder bekyk en sê toe vir sy vrou: "Kom ons loop. Dis nie waar nie. So 'n dier bestaan

nie!"

Só leer daar baie mense ook oor die sonde: dit bestaan nie! Maar daardeur is ons nog nie van die magtige werklikheid bevry nie. Die man kon wegstap van die werklikheid van die kameelperd, maar die sonde is 'n werklikheid wat 'n mens nie kan afskud nie. Dit het die mens en die hele natuur in 'n doodsgreep.

Die opvatting dat daar geen sonde is nie, word veral verkondig deur die mense van die ewolusie-leer. Volgens hulle is die lewe één proses van ontwikkeling van 'n laere na 'n hoëre toestand. Wat ons sonde noem, is vir die ewolusionis niks anders as onvolmaaktheid in die ontwikkelingsproses nie. Dit is nog onvoltooide ontwikkeling. Daar kan van geen sondeval sprake wees nie, die mens het nie geval nie, hy klim nog steeds hoër totdat hy die volmaakte sal bereik. Hierdie sondebegrip van die ewolusionis hang saam met sy gedagte oor God. Daar is vir hom geen God nie.

En hoewel daar verskillende vertolkings is van die ewolusie-gedagte en hy in sy oorspronklike vorm byna nie meer bestaan nie, het hy by 'n groot deel van ons geslag die godsbesef en ook die sondebesef vernietig en by 'n nog groter deel dit heeltemal verflou.

Godsbesef en sondebesef word hier in een asem genoem. Die twee gaan saam.

'n Regte godsbegrip bring ook mee 'n ware begrip van wat sonde is. As ons die Ou Testament nagaan, sal ons opmerk dat oral waar van die sonde van Israel gespreek word, die sonde aangedui word as 'n vorm van goddeloosheid, 'n wyse van handeling in die lewe van die volk wat sy oorsprong het in 'n valse begrip van wie Jehowa, die Here, is.

Die profeet Hoséa noem dit die oorsaak van al Israel se sonde: "Daar is geen kennis van God in die land nie."

Jesaja, wat die majesteit en heerlikheid, die heiligheid en regverdigheid van God in die lig stel as die groot alregeerder, noem as oorsaak van Israel se ellende sy gebrek aan kennis van God: "'n Os ken. sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie."

Amos, wat God voorstel as 'n groot, regverdige heerser, laat die sonde voel as ongeregtigheid en onregdoenery. So kan ons voortgaan om uit die Skrif aan te toon hoe 'n suiwer godsbegrip nodig is om reg te verstaan wat sonde is.

Om te verstaan wat die wese van sonde is, moet ons God ken soos die heilige Skrif Hom voorstel as die almagtige Skepper van hemel en aarde, die begin en end van alles, die eerste en die laaste en die absolute alregeerder oor alles, en sonde is verset daarteen, 'n ontkenning van die goddelike gesag en heerskappy en 'n verwerping van sy gebooie en bepalings.

So stel die Skrif die sonde deurgaans voor en nêrens word daar 'n verhandeling gegee oor wat sonde is nie. Die Bybel begin deur vas te stel dat God self sy skepping gekenmerk het as "baie goed." In Gen. 1: 31 staan: "Toe sien God alles wat Hy gemaak het en.... dit was baie goed." "Goed" staan hier in die betekenis van "aan sy doel beantwoord." Hierteenoor staan sonde as iets wat nie aan sy doel beantwoord nie.

In Gen. 3:5 sê satan vir die vrou: "Julle sal soos God wees deur goed en kwaad te ken." Die sonde is hier dat satan en die mens hulle in die plek van God wil stel, Hom wil vervang en die skepping wil aanwend tot die doel waaraan hulle meen dat hy moet beantwoord. Hier word goed en kwaad teenoor mekaar gestel as twee teenstrydige dinge. Hulle is in absolute stryd met mekaar en hulle sou die twee teenoorgestelde pole wees waartussen die menslike lewe en ervaring hom sou ontwikkel. En, volgens die profeet Jesaja, is die grootste openbaring van sonde wanneer goed kwaad genoem word en kwaad goed.

Waar in die Ou Testament sonde bepaal word, geskied dit gewoonlik deur konkrete gevalle voor te hou waar die mens in botsing gekom het met God en sy bepalinge, en so

ontstaan dan die sonde. Na die aard van die geval word die sonde dan ook genoem. Dit is dan dat, soos reeds gesê, iets of iemand nie aan sy doel beantwoord nie. Of dit is afkerigheid of onreinheid of onregverdigheid of ongehoorsaamheid of gebrek aan liefde tot God, en meer ander benamings.

Uit al die benamings, in hul verband toegelig, kom ons tot die gevolgtrekking: *sonde* is dat die mens in 'n verkeerde verhouding te staan gekom het teenoor God wat hom geskape het, en dat hy daardeur nie aan sy roeping beantwoord waartoe hy bestem was nie. Deur die verbreking van die band met God is 'n ontbindingsproses hier in die lewe geroep, wat sonder meer, uitloop op 'n verwoesting van alles wat hoog en heilig is.

God is die alregeerder en sonde is *om* Hom ongehoorsaam te wees *en* teë te staan.

Dit verklaar ook die betekenis van die eet van die boom van kennis van goed en kwaad in die paradys. Dit dui aan dat die mens hom onttrek het aan die beheersing deur God, self wou bepaal wat vir hom goed is en aan sy doel sal beantwoord met verwerping van die goddelike gesag.

Maar daarby het dit nie gebly nie. Deur die verbreking met die band met God, die bron van die lewe, het in die ontbindingsproses wat daardeur ontstaan het, die sonde self 'n aksie geword om die skone harmonieë, wat God daargestel het, te ontbind, soos die skone harmonie tussen God en mens, man en vrou, mens en mens en die mens en die natuur. En so erg is die ontbindingsaksie wat die sonde bewerkstellig het, dat baie mense gemeen het dat die sonde iets voorwerpliks is, iets substansiëls, 'n element wat in homself bestaan en aan die stof verbind is en wat met die skepping van die mens uit die stof in die wêreld gekom het. Sommige beroep hulle vir die valse idee nogal op die Skrif en wel op wat Paulus sê in sy brief aan die Romeine. Daarin spreek hy van die "geestelike" en "vleeslike" mens en het selfs die uitdrukking: "Ek weet dat in my vlees niks goed woon nie."

Die mense wat die opvatting van die sonde het, het geen grond daarvoor nie. Paulus verstaan onder die vleeslike mens die natuurlike mens wat in sonde ontvang en gebore is en die "geestelike" mens is die mens deur die Heilige Gees wederbaar en onder beheersing van die Gees.

Hierdie idee dat die sonde iets eie is en aan die stof behoort, is baie oud en die mening is dat waar die mens se liggaam stoflik is, vleeslik, hy onderworpe is aan allerhande dierlike drifte. Veral geslagsdrif sou dan die sonde by uitnemendheid wees en die sonde van Adam en Eva in die Paradys sou dan geslagsonde gewees het.

Hierdie opvatting van die sonde is in direkte stryd met die Skrif. Die opvatting bepaal die sonde as iets *materieels* terwyl die Skrif uitdruklik die sonde as *geestelik* bepaal, nl. die mens wou soos God wees.

Waar ons dus die sonde in sy wese bepaal het as 'n aanranding van God in sy eer as skepper, alregeerder en as onderhouer van al wat geskape is, bring dit ons voor 'n baie moeilike vraagstuk: "Waar kom die sonde vandaan?" Wat is die oorsprong van die sonde?

Dit is seker 'n baie moeilike vraag om te beantwoord.

Denkers en godgeleerdes het hulle al sat gedink oor die vraag en niemand kon daarop nog 'n bevredigende antwoord gee nie.

In God self kan ons nie die oorsprong van die sonde soek nie. Dis al heiligskenis om net daaraan te dink. God is die allerheiligste, smetteloos, sonder vlek en sonder rimpel. Hy is die lig en in Hom is geen duisternis nie. As ons die oorsprong van die sonde in Hom moet soek, hou Hy op om God te wees.

Waarom het God as die ewige en almagtige dan nie die sonde voorkom nie?

Daar is mense wat beweer dat sonde 'n noodsaaklike vereiste was om ontwikkeling in die geskapene te bewerkstellig en God se deugde te laat skitter. Hulle meen dat, deur

die teëstelling wat die sonde vorm met die goddelik-skone en heilige, die goddelike dinge des te glansryker skyn en die ontwikkelingsaksie gaande gemaak word.

Maar hierdie teorie het geen grond nie behalwe in die mens se verbeeldingskrag. Watter bewys is daar dat die goeie en heilige in eie heiligheidskring nie volmaak kan skitter nie? Hoe is dit dan in die hemel? Hoe moet dit dan tot in alle ewigheid uitstraal op die nuwe aarde?

Dié idee bring ons nie verder nie.

Hoe God die sonde in sy ewige raadsplan opgeneem het sonder om Hom daarmee te vereenselwig, kan ons nie verklaar nie. Ons weet dit uit sy Woord dat Hy nie die outeur van die sonde is nie en dat ten slotte alles sy heiligheid en heerlikheid en roem en ere sal verkondig.

Natuurlik baie verklarings word gegee maar dit gaan met hulle ook soos Totius sê in "Passieblomme" in die gedig: "Ek graaf met my gedagtes."

*Ek graaf nes in 'n sandhoop  
Met my: "Waarom?" en "Hoe?"  
By elke nuwe poging  
Dan val die plek weer toe.*

Daarom is die beste raad ook hier:

*Net één ding te gelowe  
en dit is: God is goed.*

Eers as die sluiers van die ewigheid eenmaal weggeskuiwe word, dan sal ons ten volle verstaan en sal die volheid van God se *heiligheid des te skitterender wees*.

In God kan ons nie die oorsprong van die sonde soek nie, ook nie in die mens nie, maar die heilige Skrif self gee vir ons die aanduiding waar om dit te soek. In die sondeverhaal in Genesis word meegedeel dat dit satan was wat met influisteringe tot sonde en opstand teen God tot die vrou gekom het. Voor die mens bewus was van sonde, het satan met verleiding tot sonde na hom gekom; daarom kan die oorsprong van die sonde nie by die mens gesoek word nie.

Volgens die aanduiding wat die heilige Skrif gee, moet die oorsprong van die sonde in die engelewêreld gesoek word, want satan is 'n gevalle engel. Ons gee miskien nie genoeg aandag aan die belangrike rol wat die heilige Skrif toeskryf aan die engele en die bose geeste in die lotgevalle van die mensdom hier op aarde nie. Ongelukkig ontbreek die geleentheid ons nou ook om verder daarop in te gaan, behalwe om dit te noem. Die vraag kom: hoe sou sulke heilige wesens, soos die engele, tot 'n val kon kom? Die antwoord is kortliks dat hulle onderhewig was aan veranderlikheid en dat die moontlikheid tot val juis sterk was in die posisie en onder die toestande waarin hulle gestel was.

Ons sal verduidelik.

Volgens die aanduidings in die Skrif was satan een van die hoogste engele in die hemel, as hy nie die hoogste was nie. Hy het seker 'n insig gehad in die hoogheid en heerlikheid van God soos geen ander nie en hy het dit God beny dat al die hulde van hemel en aarde alleen aan die heerlike God gebring was. Bowendien moes hy en al die engele eer aan die Seun toebring. Daarby kom dat hulle ook die mens moes dien tot verheerliking van God. Dit alles was moontlikhede om satan se naywer en verbolgenheid op te wek en om sy volgelingen tot verset teen God op te sweep en die dood van die mens te soek. En die gevolg van die nyd was, wat die mens betref, dat satan hom daarop toegelê het om onheil oor die mens te bring en so God ook in sy eer te tref. Vondel laat dan ook, in sy gedig oor die engele-val die volgelingen van satan tereg as kreet aanhef:

*Helpt den hemel voor Adam nu sluiten  
En zijn bloed.*

En, o wee, die mens het hom laat verlei. So het die sonde in die wêreld gekom met sy namelose leed en ontsaglike lyding en wêreldontwrigting.

Afgrypslik droef is die gevolge van die sonde.

"Julle sal die dood sterf," het God gesê. En die apostel bely dit ook later: "Die loon van die sonde is die dood."

En van daardie oomblik van sonde af het mens en wêreld die dood gesterf en die gevalle engele het 'n droewe lot getref en 'n nog droewer lot wag hulle ná die groot dag van oordeel.

Die mens het vanaf die eerste oomblik van sonde die dood gesterf.

Adam het byna 1000 jaar oud geword voordat hy dood is. Die antwoord op die vraag sal in die lig stel wat dood is. Adam het dadelik gesterf. Die vonnis tot die dood is dadelik op hom toegepas en op die wêreld waaroor hy as heerser aangestel was.

Dood is ontbinding van die band wat ons aan die God van lewe bind. Dood is ontbinding van alles wat deur God saamgestel is in heilige harmonieë om die lewe te vorm. Dood is dekomposisie, 'n ontbinding van samestellings.

Dadelik het 'n ontbindingsproses by Adam plaasgevind, al het hy 930 jaar oud geword voordat die skeiding van liggaam en siel, die liggaamlike dood, ingetree het. Miskien het Adam nie die ewige dood gesterwe nie, omdat die algemene gevoel is dat hy, as 'n uitverkorene, gesterf het deur die geloof in Jesus, wat sou kom as Verlosser en aan hulle daar belof is. Toe eenmaal die band met God verbreek is, het die dood in die menselewe en wêreldlewe ingetree, met al die ellende en weedom wat dit meebring. Die mens is toe afgesny van die bron van die lewe — en alles wat lewe hier op aarde, het gesterf, d.w.s., het 'n ontbindingsproses ondergaan.

Ontbinding van die band met God het dadelik veroorsaak 'n dekomposisie van die band van al die geskikthede en hebbelikhede van die menslike siel en lewe, en van die wisselwerkinge tussen siel en liggaam: sy verstand is verduister, sy wilsvermoë tot die goeie is vernietig, so seer dat hy totaal onmagtig geword het om die goeie te wil. Sy wil werk nou net van nature in die teenoorgestelde rigting. Dit wil net wat kwaad is. Sy gevoelslewe baar vir hom ellende. Sy sedelikheidslewe het geword 'n bron van kwaad, ellende en dood. In een woord, al die funksies van sy siel het begin meewerk tot sy ellende en verderf in plaas van sy geluk en heerlikheid te bevorder soos God dit bedoel het.

Ook het ingetree die ontbinding van siel en liggaam met al die pyn, smart en lyding wat dit meebring, totdat dan die liggaamlike dood intree soos die mensdom dit vandag nog ervaar. Daarmee gaan ook gepaard die ontbinding van al die bande wat die mens aan hierdie lewe bind. Daarby kom die verwoesting van die mensheidslewe self in sy eenheid as organisme. Adam het, as verbondshoof van die menslike geslag, die ganse mensheid tot val gebring, sodat alle mense in sonde ontvang en gebore word en met erfskuld en erfsmet behep is, onderworpe aan die dood. Die ontbindingsaksie van die dood hier het as gevolg 'n oplossing van die mensheid as eenheids-organisme en 'n opbrokkeling in individue of groepe wat mekaar haat en seek te vernietig. Wie met God skeur, sterf, en daar tree 'n doodswerking op alles wat hier op aarde leef en deur God geskape is.

Watter droewe gevolge het die sonde en dood nie gebaar nie, soos ons enigsins hierbo aangedui het. As ontbindingsaksie is die sonde self straf. Sy gevolge is straf.

Maar behalwe dat die sonde homself straf in die natuurlike dood hier op aarde en ook in die ewige dood, is die dood, as sodanig, ook 'n daad van strafgerig van die God van geregtigheid en waarheid oor die gevalle mens en wêreld.

Die heiligheid, reg en waarheid van God eis dat Hy moes straf. En die straf is die dood. Die straf vind sy finaliteit in die ewige dood. Dit is nie vernietiging nie, maar dit beteken die dood sterwe tot in der ewigheid sonder om vernietig te word. En daar is ook 'n bepaalde strafplek, die hel, waaroor in die volgende hoofstuk gehandel sal word.

Van die sonde en dood bevry net Christus. Hy herstel die bande in hulle veelvuldige vorme en samestellinge deur die sonde en dood ontbind, en bind die mens en die gevalle wêreld weer aan God. So ontstaan die herbore wêreld en die nuwe mensheid in Christus Jesus. Op die manier handhaaf God sy eer as God en satan se bose aanslae teen God en die mens word vernietig. So voer God al die mense wat in Christus glo, en die ganse skepping, tot hulle volmaakte eindbestemming.

Dit val egter buite ons bestek om hieroor uit te wei en dit sal in volgende hoofstukke behandel word.

Wat 'n sombere beeld vertoon die mensdom nie wat 'n prooi geword het van die sonde en die dood!

Gelukkig dat daarteenoor voor ons verrys die heerlike gestalte van ons Verlosser, onse Here Jesus Christus, wat ons in sy geregtigheid voor God stel "asof ons nooit sonde gehad of geken het nie" en ons so ook van die dood bevry sodat ons nie sal sterwe nie maar leef tot in ewigheid.

## DIE HEL

PROF. DR. J. D. DU TOIT

By die behandeling van so 'n huiweringwekkende onderwerp moet soberheid betrag word: ons moet nie wyser wil wees as die Woord van God nie. Baie vraagpunte sal onbeantwoord of in newels gehuld moet bly.

Vereers is daar die oorsprong van die kwaad, wat vir ons 'n verborgenheid bly. Die sonde wat 'n verklaring bied van die rampe wat die mensdom tref, bly self onverklaard. Alleen kan ons vasstel dat die begin van die sonde nie saamval met die "begin" van Gen. 1:1 nie; want alles wat God geskape het, was goed, baie goed (Gen. 1:31). Ook voor Gen. 1:1 kan hierdie sondebegin nie gestel word nie, want dan sou die sonde ewig moet wees, wat nie aangeneem mag word nie. God alleen is ewig. In hierdie verband verwerp ons dan ook met ons Belydenis die dwaling van die Manicheërs "wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en uit hul eie natuur boos is sonder dat hulle verdorwe geraak het" (art. 12). Aangaande die tyd wanneer die duivel en die bose geeste geval het, kan ons alleen sê dat dit plaasgevind het voor die val van die mens.

### DIE VAL VAN SATAN EN SY ENGELE.

Net soos in die mensewêreld, so was daar ook 'n val in die engelewêreld. In 2 Petr. 2:4 staan dit nadruklik dat "God die engele *wat gesondig het*, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en oorgegee het aan kettings van die duisternis, om vir die oordeel in bewaring gehou te word." Ongeveer dieselfde uitspraak vind ons ook in Judas vs. 6. Vandaar dat ons bely: "Van die engele het sommige uit die uitnemendheid waarin God hulle geskape het, in die ewige verderf verval" (art. 12 van ons Belydenis).

Waarin die sonde van die duiwels, spesiaal van satan, bestaan het, meld die Skrif nie met direkte woorde nie. Uit verskillende gegewens kan ons egter aflei dat dit hoogswaarskynlik *hoogmoed* moet gewees het: (1) Openbaar die duivel nie wat in sy hart is nie as hy aan die mens sê: Jy sal *net soos God wees* as jy van die verbode boom eet? (2) As die duivel kom om Christus te versoek, spreek hy nie die laaste en hoogste woord nie as hy vra dat Christus *hom sal aanbid*? (3) Vermaan Paulus nie dat 'n dienaar in die gemeente geen nuweling moet wees nie, "sodat hy nie *verwaand* word en in dieselfde oordeel as die duivel val nie"? (1 Tim. 3:6).

Dit was nie somaar so 'n sonde wat die duivel begaan het nie. Hy het God almagtig na sy troon en kroon gestee. Daarom is daar as straf vir hom ook geen diepte diep genoeg nie. Soos daar 'n hemel is vir wie hom voor die troon van God neerwerp, so is daar 'n hel vir wie daarteen in opstand kom.

### OU TESTAMENTIESE GEGEWENS.

In die eerste twee hoofstukke van die Bybel is satan nog nie op aarde werksaam nie. In die twee laaste hoofstukke is hy weer uitgeban. Daartussen lê die eeue van sy werksaamheid.

Die eerste keer tref ons hom aan in die gestalte van 'n slang as die paradys nog blink in die eerste lentebloei, as die diere nog huppel in hul vreugdebedryf tot eer van God, as die mens nog wandel in die veerkrag van sy onbeswaarde liggaam en ongeboë siel.

En watter ellende en onheil het die duivel en sy engele sedertdien in hierdie wêreld aangerig! Dit is soos ons Belydenis sê: "Die duiwels en die bose geeste het só verdorwe geraak dat hulle vyande van God is en van alle goeie dinge" (art. 12).

In die Ou Testament word die satan net drie keer met name genoem, nl. by die volkstelling van Dawid (1 Kron. 21:1), by die beproewing van Job (hoofst. 1) en in die naggesis van Sagaria (hoofst. 3).

Uit hierdie feite moet egter nie afgelei word dat die satan sedert die voorval in die paradys teruggetree het of dat die mond van die afgrond net nou en dan oopgegaan het nie. Let op hierdie verskynsels:

(1) In Deut. 18:10 word die (bygelowige) *towery* genoem wat volgens Voetius en die kanttekenaars as 'n gevaarlike werking van die duiwel gewraak moet word. Voorts is sprake van waarsêery, goëlery, besweringe, ondervraging van die gees van 'n afgestorwene, raadpleging van dooies, ens., waarvan Moses sê dat die Here om hierdie gruwels ontwil die Kanaäniete uit hul land verdryf (vs. 12). Groot moes die gruwels gewees het wat die verskriklike banvloek oor die nasies gebring het. (2) Dan vind ons nog in die Ou Testament veelvuldig die verskynsel van die *afgodery*, 'n vername middel van sataniese verleiding, want Paulus sê dat die heidene wat hul offers bring, aan duiwels offer en nie aan God nie (1 Kor. 10:20). (3) Eindelik noem ons nog die optrede van die *heidense koninkryke* teenoor Israel. Die baie oorloë word teen Israel in Kanaän gevoer nie omdat Kanaän in sigself so 'n vername land is nie of dat Israel in hulle oog so 'n vername volk is nie, maar ten slotte gaan dit om die feit dat God sy *koning* op Sion, sy heilige berg, gesalf het (Ps. 2). Die duiwel wou self die "owerste van die wêreld" wees. Daarom het hy met sy afgrondsmagte die heidene tot die voortdurende aanval aangepor.

### **DIE BEGRIP "HEL" IN DIE OU TESTAMENT.**

Die begrip "hel" het in die Godsopenbaring 'n wordingsproses deurloop. Die Ou Testament lei ons na 'n diep bergkloof: die dal van die seuns van Hinnom ten suide van Jerusalem. Daar het Agas en Manasse die afskuwelike Mologdiens ingestel (2 Kon. 16:3 en 21:6). Hulle het hul seuns "deur die vuur laat deurgaan." Hierdie plek, spesiaal Tofet in die dal, het die vrome koning Josia laat verontreinig, sodat niemand sy seun of sy dogter deur die vuur sou laat deurgaan nie (2 Kon. 23:10). Die Joodse oorlewering meld dat later die vuilgoed van Jerusalem daar weggegooi is sowel as die dooie liggame van diere, om te verrot of verbrand te word.

Verder moet ons opslaan Jes. 30:27—33, waar die profeet in skitterende beeldspraak die koms van die Here beskrywe om gerig oor sy vyande, die Assiriërs, te oefen. Opmerklik dat die onreine plek naby Jerusalem, Tofet, genoem word as die oord waar die Here se toorn soos 'n swawelstroom teen sy vyande ontvlam.

Later het dan ook meer en meer die gedagte posgevat dat "ge-hinnom" (die dal van Hinnom) die tydelike openbaring en simbool is van die strafplek van die goddelose mense. Die woord "ge-hinnom" het in die Griekse taal van die Nuwe Testament "gehenna" geword as aanduiding van die eintlike plek waar tot die ewige pyn ingegaan word, die "hel."

Hiernaas moet gelê word die woord waarmee Jesaja sy profesie besluit: "Hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My (die Here) opgestaan het; want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryslik wees vir alle vlees" (66:24). Wie dink hier nie aan die dal van Hinnom waar die vuilgoed van Jerusalem smeul en die wurms in die dooie liggame rondkruip nie?

Hierdie wurm wat nie sterf en hierdie vuur wat nie uitgeblus word nie, is die ontsettende woord wat Jesus self tot drie maal toe van toepassing maak op die ewige verderf (Mark. 9:44, 46, 48).

### **"SJEOL" OF DIE DODERYK.**

In verband met ons onderwerp moet ons nog handel oor die ingewikkelde vraagstuk van die doderyk, veral omdat dienaangaande allerlei dwaalleer versprei word. Natuurlik sal ons vanweë die gestelde perke net hoofsaaklik kan aanroer, en dan nog in baie beknopte vorm.

Die leser moet in gedagte hou dat die Godsopenbaring 'n *proses* deurloop het. Dit was nie ineens kant-en-klaar nie.



Israel het in die môreskemering gelewe, en die volle dag het eers later deurgebreek. Dit gaan in die Bybel van stap tot stap, totdat die hoogtepunt in die vleesgeworde Seun van God bereik word.

Tegelyk moet vasgehou word dat, wat die wese van die Godsopenbaring betref, daar geen verskil is nie. Die oud-vaders in die Ou Testament het in kiem, sterk saamgedronge, alles besit. Alreeds in Gen. 3:15 word die Oorwinnaar aangekondig. Abraham bly die eretitel dra: "*vader* van die gelowiges." En Jakob kon op sy sterfbed uitroep: "Op u verlossing wag ek. Here!" (Gen. 49:18).

Weggedaan moet dus word met die dwaalgedagte dat die Ou Testamentiese gelowiges in 'n halfdonker rondgetas het of, net soos die Grieke en Romeine, aan 'n "hades," 'n onderwêreld of skimmeryk, geglo het. As ons dit aanneem, sou ons meteens die onderskeid tussen die openbaringsvolk (Israel) en die heidene loën en die Godsopenbaring in sy wese aantas.

Die geloofstryders voor die koms van Christus wys op die Messias wat *sal* kom; diegene wat ná Christus lewe, op die Messias wat *gekom* het. In altwee is daar maar een Naam waardeur die redding hul deel word.

In 'n artikelreeks in die "Heraut" het dr. H. H. Kuyper aangetoon dat die bedoelde verandering van toestand nie die *wese* van die genade raak nie, maar die *toepassing* alleen.

Maar laat dr. Kuyper liever self spreek: Die arme Lasarus," sê hy, gaan na *Abraham se skoot*, terwyl vir die Christen sy heerlikste verwagting is dat hy *by* Christus sal wees .... Aan die moordenaar aan die kruis word gesê: 'Vandag sal jy *met My* in die paradys wees.' Die woord kon nie gesê word aan die gelowige van die Oue Verbond nie. Hulle het ná hul sterwe nog nie na die paradys gegaan nie, maar na Abraham se skoot: *hulle het nog nie geniet die gemeenskap met die mens geworde Middelaar nie* .... Eers deur Christus se sterwe en opstanding het daardie verskil weggeval en geniet die aartsvaders tans dieselfde voorreg wat ook aan ons dooie geskenk word." Let veral op die woorde van dr. Kuyper wat ons gekursiveer het.

### **WAT BETEKEN "SJEOL" (DODERYK)?**

Volgens die kanttekenaars van die statebybel kan "sjeol" vier betekenis hê: (1) *graf* (Gen. 37:35), (2) *allerhande dieptes* (Job 26: 6), (3) *hel* (Job 11:8), en (4) *uiterste benoudhede* (1 Sam. 2:6). In die Afrikaanse Bybel is "sjeol" deurgaans met "doderyk" vertaal. Dit het ook ons godgeleerdes in Nederland in hul nuwe vertalings gedoen. 'n Verklaring van die term is dus nodig.

Die vertaling met "graf" is nie verkeerd nie indien ons die term maar nie opvat as siende op 'n *afsonderlike* graf nie, maar as die groot verblyfplek van die afgestorwenes (vgl. Spr. 1:12). In Jes. 14:11 is in verband met "sjeol" sprake van "wurms." Aan 'n skimmeryk in die heidense sin van die woord kan dus nie gedink word nie. Prof. Ridderbos wat hier met "doderyk" vertaal, voeg daaraan by wyse van verklaring toe: "Ons sien dat die voorstelling van die doderyk en die van die graf nie streng uit mekaar gehou word nie."

In die sin van "grafwêreld" opgevat gaan alle mense na "sjeol" (Ps. 89:49). Ook die vrome Hiskia sien in sy siekte al die "poorte van sjeol" oprys (Jes. 38:10).

Hieruit mag egter volstrek nie afgelei word dat Israel ook, net soos die heidene, uit die "hades"-gedagte gelewe het nie. Nee, Israel se "sjeol" was 'n plek van smaad en vrees waar 'n mens kragtens sy bestemming nie tuis hoort nie (Jes. 38, Job 10:21, 22, Ps. 88:4-7). Die dood was vir die ou bondsvolk 'n straf op die sonde. Daarom is hul verwagting gans anders as die *van* die heidene. Die *digter van Ps. 49 bely sy geloof* aldus: "God *sal* my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my *opneem*" (vs. 16), en dit in teëstelling met diegene wat hierdie geloof nie deelagtig is nie (vs. 15). Dieselfde belydenis beluister ons in Ps. 73:24: "U sal my in heerlijkheid *opneem*." Dan sal die kind van God versadig word met die Goddelike beeld (Ps. 17:15).

Namate egter die strale van die opstanding ten lewe helderder geword het, na die mate het ook die insig aangaande 'n hel as plek van pyniging vermeerder. Asaf kon geen vrede hê voordat hy eers op die *einde* van die goddelose gelet het nie. In Ps. 73:20 sê hy: "As U opwaak, o Here, dan sal U hulle beeld (die van die sondaars) verag." Die gelowige klim uit "sjeool" op (Ps. 49:16), terwyl die wat die wet van God verlaat, daarin versink (Ps. 49:15). Die versinking is hul straf (Ps. 5:9; 55:16). In Spr. 15:24 vind ons dan ook \*n verdieping van die begrip "sjeool". "Die pad van die lewe gaan vir die verstandige na bowe, sodat hy die doderyk daaronder ontwyk." Vgl. ook Spr. 5:5; 7:27; 9:18; 23:14. Opmerklik dat Delitzsch wat "sjeool" ook met "doderyk" vertaal, hierby opmerk dat dit hier die betekenis van die Nuwe Testamentiese "gehenna" of "hel" kry. Ons kanttekenaars het gelyk as hulle by Eseg. 31:15 sê dat "sjeool" daar staan vir "graf," "met die aanklewende ellendige en smadelike toestand van die verstorwe goddelose in die hel."

### **DIE GETUIENIS VAN CHRISTUS.**

Christus, wat alreeds in die Ou Testament deur middel van sy profete getuig het, sluit Hom as vleesgeworde Woord in die Nuwe Testament by die getuienis van sy heraute aan. Sy bevestiging van die woord van Jesaja deur ons uit Mark. 9 aangehaal, is hiervan al 'n bewys.

As Jesus al predikende deur die heilige land trek, kom Hy ook met duiwelbesetenes in aanraking. Hierdie geestessiekte, hoe geheimsinnig ook, het Hy as 'n werk van die duiwel beskou. Lees veral na wat Matthéüs ons in hoofst. 12:22—32 verhaal aangaande die genesing van so 'n duiwelbesetene. Jesus sê daar nadruklik: "As Ek deur die Gees van God *die duiwels* uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom" (vs. 28). Wie dan ook die bestaan van satan (vgl. vs. 26) loën, kan Christus nie as die onfeilbare Waarheidsgetuie en magtige Verlosser huldig nie. Waar Christus se *weg* op aarde omring was deur donker magte, moes ook sy *woorde* nadruklik daarvan melding maak. Vir Christus was satan en hel geen droombeelde nie.

'n Reeks uitsprake uit sy mond handel met sidderende erns oor die "buitenste duisternis" (Matt. 22:13; 25:30; 8:12). Daarnaas rys voor ons gees die "onuitblusbare vuur" en die "vurige oond" op (Mark. 9:43,45,47; Matt. 13:42,50). Hier voel ons die "skrik van die Here," omdat die woorde afkomstig is van Hom wat die openbaring is van die ewige liefde van God.

Ja, daar is 'n singende hemel, omdat deur die gelowiges besef word tot watter prys hulle verlos is. Maar daar is ook 'n wenende hel, omdat die liefde van God deur die ongelowiges met voete vertrap is.

### **DIE GETUIENIS VAN DIE APOSTELS.**

Die apostels het hierdie selfde getuienis van Christus in die wêreld uitgedra. Enersyds is daar 'n "ewige lewe" vir die wat die Woord van God gelowig aanneem; maar andersyds ook 'n "ewige verderf" vir hulle wat volhard in ongeregtigheid. Die leser kan self hierdie plekke naslaan: Rom. 2:5-9; Gal. 6:8; Fil. 1:28; 3:19; 1 Thess. 1:10; 5:3; 2 Thess. 1:9; Hebr. 10:31; 2 Petr. 3:7.

Hier moet ons intussen aanstip dat die strafplek voor die wederkoms van Christus die naam dra van *afgrond* (Luk 8:31; Openb. 9:2, 11; 17:8; 20:1, 3), of *gevangenis* (1 Petr. 3:19; Openb. 20:7); maar ná die wederkoms word die plek *gehenna* genoem (Matt. 18:8, 9; Mark. 9:43), of *vuurpoel* (Openb. 19:20; 20:10, 14, 15; 21:8), of *vurige oond* (Matt. 13:42). Hierdie naamsverandering dui daarop dat die toestand van wie verlore gaan, nou 'n voorlopige is en dat dit eers sy ewige beslag deur die verskyning van Christus kry.

In Openb. 19, 20 en 21 het die Here aan Johannes laat sien "die vuurpoel wat met swawel brand" (Openb. 19: 20; 20:10, 14; 21:8). Tot vier keer toe kom dieselfde uitdrukking voor. Aan ons word gesê vir wie dit bestemd is: (1) vir die dier of Antichris, (2) vir die valse profeet, die raadgewer van die Antichris, (3) vir die duiwel, by wie al die

duiwels gereken moet word, (4) vir die dood en die doderyk en (5) vir almal wat nie geskrywe is in die boek van die lewe nie.

Wat 'n poel! En wat 'n versameling van lewende wesens daarin! Dit huiwer deur ons siel as ons dink aan die hoogste, d.i. ewige straf (Heid. Kat., vr. 11), te meer as ons indagtig word dat dit God, die regverdige Regter, is wat die vonnis stryk.

### **VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE MENS.**

Die Skrifleer, soos ons dit sketsmatig aan die leser voorgehou het, is 'n harde, ontsettende werklikheid. Maar nou moet ons skerp daarop let dat die ewige straf nie 'n soort noodlot is wat die mens by die einde van sy lewe skielik, sonder verband met wat voorafgaan, oorval nie; en dat dus die leerstuk dienaangaande nie maar 'n soort aanhangsel is wat geen geloof verdien nie.

Die Skrif handhaaf deurgaans die verantwoordelikheid van die mens en lê die verband tussen sonde, skuld en straf. Ook vir die engele wat gesondig het, geld dit in gelyke mate.

Laat ons die Skrifleer in hierdie opsig kortliks verduidelik met die woord van Jesaja in hoofst. 50: 11: "Ky, julle wat 'n vuur aansteek, wat julle met vuurpyle omgord."

Sonde-doen is vuur aan die brand steek. Soos vir die reisiger, as die aandskaduwees val, is die lewe so eensaam en donker. Vir die sondaar lyk dit die beste middel om 'n sonde-vuurtjie aan te steek ter verkryging van lig, warmte en vrolikheid. Maar nou staan daar verder in Jesaja: "Wandel in die vlam van julle vuur en onder die vuurpyle wat julle aangesteek het!" Die volgende dag trek die reisiger verder, in die mening dat hy net 'n houpie as agterlaat. Maar hy bedrieg hom: daar het vonke agtergebly! Die vonke word wakker as die wind opkom en kruip in die hoë gras. Vlamme spring op en jaag die reisiger agterna. Dan skrik hy, maar hy moet dit uitkerm: Dit is die vuur wat ek self aan die brand gestee het! Ek wandel in die vlam van my eie vuur!

En dan sê die profeet, as eers hierdie waarheid erken is: "Van my hand (die hand van die Here) het dit julle oorkom; in smart sal julle neerlê." Sonde is sonde *teen die allerhoogste God*. Daarom is straf ook in laaste instansie straf *uit die hand van God*. Smartlik is hierdie einde, want die mens voel dat hy sy sonde nie kan uitsluit uit sy straflyde nie en geen oomblik die skuld op God kan werp nie. "Sal die Regter van die ganse aarde geen reg doen nie?" (Gen. 18: 25).

### **DIE DUUR VAN DIE HELLESTRAF.**

Wat betref die plek waar die hel in die heelal gesoek moet word — daaromtrent sê ons met Bavinck dat "ondersoekinge oor die ligging en grootte van die hel .... tot geen resultaat lei nie, omdat die Skrif daarvoor die swye bewaar" (Dogm.<sup>2</sup> IV, 796).

Wat die Skrif vasstel is die *ewigheid* van die straf. Ons herinner aan die woorde van Jesus uit die slot van Mark. 9 wat as 'n oordeelsklok lui. In die hel brand 'n ewige vuur (Matt. 18:8); daar is 'n ewige pyn (Matt. 25:46), 'n ewige verderf van die aangesig van die Here af weg (2 Thess. 1:9), en daarvandaan gaan die rook van pyniging op in alle ewigheid (Openb. 14: 11).

Hoe kan dit anders, of op grond van hierdie en ander Skrifuitsprake moes die Christelike kerk die ewigheid van die straf leer?

Tog was daar manne wat in skerper of milder vorm hierdie waarheid geloën het.

### **GEEN BEKERING NA DIE DOOD.**

Eers noem ons die dwaalgevoele dat daar 'n moontlikheid van bekering in die ewigheid sou bly bestaan. Of daar dus 'n ewige straf is, hang (volgens hierdie teoloë) heeltemal van die mens en sy vrye wil af, naamlik of hy hom dáár sal wil bekeer of nie.

Laat ons as voorbeeld neem wat Thomas Newton (1702—1783) skrywe<sup>2</sup>: "Die ewige straf het betrekking op die goddelose, en die goddelose kan berou hê en verander .... Om te dink dat 'n mens se geluk of rampsaligheid tot in ewigheid toe absluut en onveranderlik vasgestel en bepaal word deur die onsekere afloop van 'n paar jaar in hierdie lewe, is 'n onderstelling wat selfs meer ongerymd is as dat 'n mens se verstand en gedrag gevorm sou word in sy wieg, en dat sy hele toekomstige .lot en toestand sou afhang van sy kindsheid. Berou is nie onmoontlik selfs in die hel nie. Uiteindelik moet almal onderwerp word, sodat hul straf liever onbepaald as oneindig genoem kan word .... Tyd en kwellinge, hoeveel te meer dan 'n ewigheid van kwellinge, moet die hoogmoedigste gees oorwin, en die duiwel self moet oplaas onderwerp word en ingee." Tot sover Newton.

Ons vra: (1) Waar lees die biskop in die Skrif dat diegene wat verlore gegaan het, berou sal hê? (2) Waar kry ons in die Skrif die reg om "ongerymd" te noem wat *ons* met ons verstand nie kan rym nie? (3) Waar haal die skrywer dit vandaan dat tyd en kwellinge, sonder die genade van die Here. 'n mens onderworpe maak? (4) Waar sê die Skrif dat die duiwel onderwerp sal word?

Nêrens leer die Bybel dat daar ná die dood nog plek is vir bekering en vergewing. Dat Jesus in Matt. 12:32 spreek van 'n nie-vergewing "in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige nie," bedoel nie om die vergewing van sonde tot ná die graf uit te strek nie, maar om die volstrekke onvergeeflikheid van die sonde teen die Heilige Gees aan te dui, soos duidelik blyk uit Mark. 3:29.

#### **"KONDISIONELE ONSTERFLIKHEID."**

Die voorstanders van hierdie dwaling beweer dat die menslike siel nie van nature onsterflik *is* nie, maar dit eers *word* deur die geloof in Christus. Die geloof is dus die kondisie of voorwaarde om ewig te bly lewe.

Ons merk op dat dit in die hoogste mate inkonsekwent is om by die woord "lewe" te dink aan 'n bestaan *sonder einde*, maar by "pyn" of "verderf" dit te wil verstaan as 'n voortduur *met 'n einde*. M.a.w. dat die goddelose mense eenmaal vernietig sal word.

Die Nuwe Testamentiese woord vir "verderwe" het sy ontstaan te danke aan die Hebreeuse woord *abád*. Nou kan dit beteken: (1) *ronddwaal* (Deut. 29:5), (2) *verlore wees* (Deut. 22:3) en (3) *te gronde gaan of omkom* (Ex. 10:7; Amos 3:15; Ps. 37:10) — woorde wat in hul verband gelees nooit absolute of totale vernietiging beteken nie. As 'n skaap ronddwaal en verlore is, bestaan dit darem nog; daarom gaan die herder dit soek. As Egipte te gronde gerig word, word die land nie vernietig nie, ens.

"Dood" is geen vernietiging in volstrekke sin nie. Die liggaam wat dood is, vergaan, d.w.s. word ontbind en in gasse opgelos, en die bene word tot stof. Maar daarmee is die liggaam nie vernietig nie. Die bestanddele daarvan bly in die skepping voortbestaan. Waar dit alreeds die geval met die liggaam is, hoeveel te meer geld dit van die onstoflike deel wat ons *siel* noem?

"Ewige verderf" wil niks anders sê nie as dat die mens sal bly voortbestaan, maar nou *buitekant* die gemeenskap van God en *dwarsteen* die skeppingsbestemming van die mens in. "Ewige lewe" daarenteen is die voortbestaan *in* die gemeenskap van God en in volkome *ooreenstemming* met die oorsprong van die mens. In die kort bestek aan ons gestel, kan ons nie verder op hierdie en dergelike punte ingaan nie.

#### **DIE WOORD "EWIG."**

Ten slotte 'n woord oor die begrip "ewig" in die Skrif.

Dwaalleraars sê dat "ewig" in die Skrif nie *eindeloos* beteken nie, maar wel 'n *tydduur wat ons deur menslike berekening nie duideliker kan bepaal nie*.

Ons antwoord hierop dat "ewig," op *sienlike, geskape* dinge toegepas, wel beteken 'n

---

<sup>2</sup> Vgl. Prothero, *Spirits in Prison*

tydduur wat deur ons nie oorsien kan word nie (vgl. Ex. 21:6; 1 Kon. 1:31; 2 Sam. 7:16, ens.). Die dinge het 'n lang voortbestaan, maar hulle bereik 'n einde. Maar die *onsigbare* dinge is ewig, d.w.s. hulle het *geen einde nie*. In die eerste Bybelboek word "ewig" ook gebruik om die bestaanswyse van God aan te dui (Gen. 21:33).

Die hele saak kom hierop neer. Die woord "ewig" word in die Skrif gebruik van sienlike aardse dinge wat 'n lang bestaan het, maar waar tog 'n einde aan kom. Dan kan die grondwoorde met *altyd* of *vir altyd* vertaal word. Maar "ewig" dien ook om die bestaanswyse van die onsienlike geestelike dinge uit te druk, dinge wat geen einde het nie. Dan moet die grondwoorde met *ewig* of *vir ewig* vertaal word. Geen onpartydige Skrifondersoeker kan tot 'n ander gevolgtrekking kom nie.

Wat spesiaal die Nuwe Testamentiese grondwoord betref, sê dr. Bavinck: "Dikwels word die woord *aionios* (ewig) ook in die Nuwe Testament nog gebruik van die hele *wêreldtyd* wat tot op die verskyning van Christus toe verbygegaan het — soos in Luk. 1:70, Hand. 3:21, Rom. 16:25. Maar," so gaan Bavinck voort, "die woord *aionios* dien in die Nuwe Testament veral om die onverganklike, bo alle bederf en verderf verhewe natuur van die weldade wat deur Christus verwerf is, aan te dui, en word dan insonderheid dikwels met *lewe* verbind: die *ewige lewe* wat Christus skenk aan elkeen wat geloof, het sy begin alreeds hier op aarde, maar word tog eers in die toekoms volkome openbaar; dit behoort by die toekomende eeu (Luk. 18:30), is onverderflik (Joh. 11:25, 26) en heet *ewig*, net soos die woonstede wat uit God is (2 Kor. 5:1), die saligheid (Hebr. 5:9), die verlossing (9: 12), die erfenis (9: 15), die heerlijkheid (2 Tim. 2:10), die koninkryk (2 Petr. 1:11); net soos ook God, Christus en die Heilige Gees ewig genoem word (Rom. 16:25; Hebr. 9:14; 13:8, ens.). [Dogm.2 IV, 790]

Sonder om verder in te gaan op vrae uit nuuskierigheid gebore, het ons hiermee in hoofsaak meegedeel wat die Skrif ons leer aangaande die hel.

# DIE UITVERKIESING

DR. J. M. DE WET, M.A., B.D.

## INLEIDENDE OPMERKINGS.

Die uitverkiesing vorm die spesiale toepassing van God se raad, en het alleen betrekking op ons ewige staat en op die middels wat daartoe lei. Dit staan daarom ook bekend as die heilsraad, die raad van versoening of ook wel van behoudenis. Die raad van God gaan oor *alle* dinge en verwerklik homself in die voorsienigheid van God in die loop van die eeue. Die uitverkiesing verwerklik homself ná die sondeval in die genadeverbond. Die geheim van die ewige verkiesing word ontsluit deur die toebrenging tot die saligheid, langs die weg van die verbond.

Die uitverkiesing vorm die sentrale dogma van die gereformeerde leer, die hart van die kerk en van ons gereformeerde belydenis. Wie dan ook die Skrif opneem en aandagtig lees, ook in sy breëre verband, vind die uitverkiesing die omvattende leerstuk, wat die hele gedagtegang van die heilige Skrif beheers. Wanneer ons dus in ons verhandeling van die leerstuk enkele Skriftuurplekke aanhaal, moet dit nie die indruk skep asof hulle die enigste sou wees, wat die uitverkiesingsleer leer nie. Inteendeel weet ons dat die hele Skrif die ontvouing is van God se raad, waarvan die uitverkiesing die toepassing vorm tesame met die genadeverbond. Die rykdom van God se verkiesing lees ons op elke bladsy van die Bybel.

In al drie die Belydenisskrifte van die kerk word oor die leer van die uitverkiesing gehandel. In die geval van die Dordtse Leerreëls, in die besonder, besit die kerk 'n dierbare pand, wat onder die genadige bestel van God deur ons vaders aan ons oorgelewer is as die samevatting van hul bevinding oor die leer ná eeuelange stryd op grond van Gods Woord. Ons kan dit nie nalaat om hier die omskrywing van die uitverkiesing volgens die Dordtse Leerreëls te gee nie, terwyl ons onself verplig ag om by elke leser aan te dring om die reëls in hul geheel grondig deur te lees: "Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God. Daardeur het Hy voor die grondlegging van die wêreld 'n sekere menigte mense uit die hele menslike geslag uitverkies — alhoewel hulle nie beter of waardiger is as die ander nie, maar in die gemeenskaplike ellende saam met die ander lê. Hulle wat deur hul eie skuld van die eerste regtheid verval het in die sonde en die verderf, het Hy na die vrye welbehag van sy wil, uit loutere genade, tot die saligheid uitverkies in Christus, wat Hy ook van ewigheid af tot 'n Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot 'n fondament van die saligheid gestel het. Om hulle deur Hom salig te maak, het Hy ook besluit om hulle aan Hom te gee en kragdadig tot sy gemeenskap deur sy V/oord en Gees te roep en te trek, of met die ware geloof in Hom te begiftig, te regverdig, te heilig en, deurdat hulle in die gemeenskap van sy Seun kragtiglik bewaar word, uiteindelik te verheerlik as bewys van sy barmhartigheid en tot roem van die rykdomme van sy heerlike genade."

Wil ons daarom die uitverkiesing verstaan, moet ons twee gedagtes dwarsdeur die verhandeling vashou, nl. die vrymag van God se genade en die doemskuldigheid van die mens. Wie hierdie onderskeiding nie maak nie, struikel oor die leerstuk heen en vind dit 'n steen van aanstoot. Wie daarenteen in die geloof bely dat God vrymagtig is en dat die mens deur sy sonde, en diensgevolge sy ellende, doemskuldig staan voor God, vind in die leer van die verkiesing die vaste wortel en fondament van sy lewe en godsdiens.

Ons wys kortliks op die volgende gedagtes:

- (1) Die grond van die verkiesing.
- (2) Die wyse van die verkiesing'.
- (3) Die doel van die verkiesing.
- (4) Verkiesing en verwerping.
- (5) Verkiesing en verantwoordelikheid.

## **(1) DIE GROND VAN DIE VERKIESING.**

Die diepste grond van die uitverkiesing is God se soewereine vrymag, God se ewige welbehae. Die mens met sy sondige en vleeslike oordenkings kan homself met hierdie grond van die uitverkiesing nie versoen nie, omdat die bedenking van die vlees vyandskap is teen God. Die natuurlike mens wil nie buig voor God nie. In sy selfverheffing betwis hy die soewereine vrymag van God en pleit hy homself vry van doemskuldigheid. Want vooraf moet dit vir ons duidelik wees dat, as ons die leerstuk van die uitverkiesing wil verstaan, ons onvoorwaardelik God se soewereine vrymag en ons eie doemskuldigheid moet bely. Ons vaders het dit kinderlik op grond van die gesag van God se Woord geglo. Met diepe godsvrug en gewek deur die Heilige Gees bely ons gelowig en kinderlik dat die Here vrymagtig en onself doemskuldig is. In God alleen en in die gehoorsaamheid aan sy Woord sal ons salig wees en sal die ewige lewe in ons gebore word.

Die grond van die uitverkiesing rus in die ewige welbehae van die Here. God drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees, is die outeur van ons verkiesing. "Want die wat Hy vantevore geken het, die het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy vantevore verordineer het, die het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, die het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, die het Hy ook verheerlik" (Rom. 8:29, 30). Hier spreek God se Woord ondubbelsinnig. Duidelik en ook so heerlik val die lig op die saak van die uitverkiesing. God die Here is die outeur van die uitverkiesing; ja, Hy is die verkieser by uitnemendheid.

Die grond van die uitverkiesing, wat in die ewige welbehae van die Here rus, wortel in die ewigheid. In die "ewige hede," voor tyd en ruimte, voor skepping en val. Voor ons geloofsoog doem daar op God se ewigheidswerke. God het "tevore geken" — "tevore verordineer" — "uitverkore voor die grondlegging van die wêreld." Die uitverkiesing vind nie sy grond in die een of ander deug of vooruitgesiene goeie werk van die mens nie. Nee, dit vind sy grond in die krag van God se ewige liefde, soos die apostel dit ook uitdruk: "Na die welbehae van sy wil" (Efes. 1:5). En wil ons dit verstaan, dan moet ons onvoorwaardelik die belydenis uitspreek: God, alles - die mens, niks! Gode die dank dat Hy ons na die welbehae van sy wil uit ons nietigheid ophef dat ons dit kan uitjubel: die eer nie aan die mens nie! "Nie aan ons nie, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil" (Psalm 115:1).

Eindelik word die diepste grond van die uitverkiesing duidelik uit die woord "uitverkiesing." Eerstens beteken die woord "welgevalle hê in," en tweedens om as gevolg van "die welgevalle in" te verkies. Dis waar volgens die heilige Skrif, dat die welgevalle in God rus en dat Hy enkel en alleen op grond van sy welgevalle verkies. God verkies nie omdat die sondaar Hom aantrek deur sy (die sondaar se) welgevalligheid nie. Die sondaar het geen welgevalligheid voor God nie. God se welbehae, sy welgevalle is die enigste en die onvoorwaardelike, maar ook die heerlike grond van die uitverkiesing. "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies . . ." (Joh. 15:16).

## **(2) DIE WYSE VAN DIE VERKIESING.**

God die Vader het van ewigheid af sy goddelike welbehae in die Seun van sy liefde, onse Here Jesus Christus. Christus is die groot uitverkorene, "die Eersgeborene onder vele broeders."

Christus is die verbondshoof van die nuwe mensheid, wat die Vader in Christus uitverkies het van voor die grondlegging van die wêreld. Dis duidelik. Adam is die verbondshoof van die mensheid wat in sy val voor God in sy doemskuldigheid staan, en wat in homself verlore is en in sy ellende sterf. Christus is die tweede Adam, op wie God se welbehae rus en in wie God die nuwe mensheid verkies het. "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlijkheid van sy

genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade . . . ." So roem die apostel in die verdienste van Christus deur wie en in wie die verkiesing verseker is (Efes. 1:3—7). En lees ons nie ook nog op ander plekke nie dat ons "opgewek word in Christus," dat "ons lewe met Christus verborge is in God," en dat ons "in Hom (Christus) uitverkies is voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees"?

Uit hierdie wyse van verkiesing van God blyk dan nou dat God nie so te werk gaan nie asof Hy nou hier een, dan daar 'n tweede en later weer 'n derde, dáár, uitkies nie en dan al hierdie los eenlinge tot 'n eenheid saambind nie. So doen die Here nie. So sou ons mense doen. God verkies in die verbondshoof Christus, die wat Hy in Christus begenadig het na die vrye welbehae van sy wil. God verkies diegene wat kragtens sy goddelike welbehae van ewigheid in die Christus-wortel beslote was en wat op die bepaalde tyd ook na God se ewige welgevalle uit die wortel Christus opskiet en uitgroeï as lede van sy liggaam.

Die enigste en uitsluitlike antwoord wat die Skrif ons gee op die vraag waarom alleen hulle wat lede is van die Liggaam van Christus, die hoof, verkies is, is: God se vrymagtige welbehae. En wil die mens in sy vleeslike oordenkings nie swig voor die heilige en goddelike waarheid wat die Skrif die mens leer, dan val daar nie verder oor die saak te spreek nie. Want die Bybel ken ook geen ander wyse van verkiesing nie. "So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil" (Rom. 9:18).

So bestaan God se heilige wyse van verkiesing. Daaraan kan geen mens afdoen nie en daaraan kan ook geen satan of mag van die hel skade berokken nie. Die mens is as uitverkorene in Christus behoue; buite Christus is die mens verlore. Maar ons moet duidelik onderskei: geen mens gaan verlore omdat hy nie 'n uitverkorene is nie. Die mens gaan regverdiglik verlore op grond van sy erfsmet en sy sondeskuld. God verkies sy uitverkorenes in Christus Jesus, die ander laat Hy in hul ellende lê waartoe hulle deur hul eie skuld van die eerste regtheid verval het (Dordtse Leerreëls, hs. I, par. 7). Die sondaar gaan verlore omdat hy sondaar is, en dit deur die oortreding van Adam, in wie se lende die mens beslote was by die val en uit wie die mens as 'n onreine en doemskuldige gebore word.

Christus is die hoof van die nuwe mensheid. In Christus as die hoof is die hele liggaam verkies en ook die afsonderlike lede van die liggaam. Al die afsonderlike lede, wat uit, deur en tot Christus lewe, ken God by name — en nie een sal gemis word nie. "Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer" (Jes. 49:16).

### **(3) DIE DOEL VAN DIE VERKIESING.**

Toe ons handel het oor die grond van die verkiesing, het ons gevra: waarom? Wanneer ons handel oor die doel van die verkiesing, dan vra ons: waartoe? Wat is die doel en strekking van die verkiesing?

Eerstens dien die verkiesing die doel van die verheerliking van God. Die natuurlike mens met sy vleeslike oorwegings kan dit nie verstaan nie. Nee, die natuurlike mens is van nature geneig om homself te dien en te verheerlik. Hier vind ons weer die fundamentele onderskeid ten opsigte van die opvattinge van die gelowige en die ongelowige. Die ongelowige kan geen ander doel in die hele lewe en skepping sien nie as die verheerliking van die mens self. Wie dan ook met hierdie gesindheid die doel van die verkiesing wil begryp, sal dadelik aankom met sy beskuldigings, omdat die uitverkiesing nie die mens as sodanig in die eerste plek voorop stel nie, soos die ongelowige met sy vleeslike oorwegings graag sou begeer. Die gelowige, daarenteen, aanvaar beskeie met ootmoed en in kinderlike gehoorsaamheid die gesag van Gods Woord en glo dan op grond van die heilige Skrif aan die twee onomstootbare feite, wat ook onder die vorige hoofde van hierdie verhandeling so pertinent op die voorgrond staan en waarsonder niemand ook die doel van die verkiesing sal verstaan nie, nl. God se vrymagtige welgevalle, welbehae en genade en die doemskuldigheid en ellende van die sondige mens. Weereens die welbehae van God, waardeur en waardeur ons alleen die groot en



heerlike en heilige doel van die verkiesing, soos dit ontplooi in sy begin, voortgang en einddoel, verstaan. Want alle dinge rus in God se ewige raad, en ook die saligheid van die uitverkorene. "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid in der ewigheid" (Rom. 11:36). Of soos die apostel ook so skoon in sy Efesiërsbrief dit uitdruk: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus" (Efes. 1:3). Die apostel spreek ook van die rykdom van God se genade. En so is dit: rykdom van genade. Daarenteen ons armoede, ellende en doemskuldigheid. God begenadig ons, Hy behou ons, ter ere van sy Naam en, tweedens, tot ons saligheid.

Die apostel stel ook hierdie tweede doel van die verkiesing duidelik. "Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees" (Efes. 1:4). God het dus 'n welgevalle in sy volk, ook opdat daar vrug in ons gebore sou word, o.a. heiligheid en onberispelikeid. Die lewe van heiligheld en onberispelikeid is vrug van God se genade. Van nature is ons onheilig, onregverdig en sonder kennis. Die ware kennis, regverdigmaking en heiligheid, waardeur ons voor God as onberispelik gestel word, vloei voort uit die doel ook van die verkiesing, nl. dat ons vernuut en gelykvormig gemaak word aan die beeld van sy Seun, Jesus Christus, die Here. Onuitspreeklik heerlijk is ook vir die gevalle mens, wat deur God in genade aangesien word (vgl. die Doopsformulier), om ook as doel van die verkiesing te ken die begenadiging van die gevalle mens en die herskepping van die mens wat sy beeldskap verloor het deur die sonde, tot beelddraer van die Seun van Gods liefde.

#### **(4) VERKIESING EN VERWERPING.**

Verkiesing en verwerping vorm nie in gelyke sin en op gelyke wyse die inhoud van God se raad nie. Ten opsigte van die uitverkiesing vind ons die volgorde só: uit die verkiesing vloei die geloof voort, sodat die geloof en al die weldade wat aan die geloof verbind is, die vrug vorm van die verkiesing of verordining tot die ewige lewe. Dit kom nie uit die mens voort nie. Dis Gods gawe (Efes. 2:8). In die geval van die verwerping vind ons dat die sonde, en met die sonde die straf en oordeel wat daarop volg, geen gawe van God is nie. God het die mens goed gescape. God is nie die outeur van die sonde nie. En hoewel ons beslis aan die soewereiniteit van God moet vashou en verder ook nie die feit uit die oog mag verloor dat die verwerping ook middel is tot verheerliking van God nie, moet die verwerping geheel en al aan die verkiesing ondergeskik gestel word. Ons kan die verkiesing en die verwerping nie op dieselfde voet sonder meer plaas nie. Bavinck noem dit die donkere keersy, waarteenoor die verkiesing in sy heerlikste lig na vore tree.

Ook ten opsigte van die verwerping moet ons duidelik onderskei dat die Here nie die uitverkorenes, op grond van sy voorkennis van hul goeie werke, waarin hulle hulself dan sou onderskei, aangeneem het nie, want as die verkiesing moes rus op ons vooruitgesiene geloof, sou God tog weer afhanklik word van die mens. Die diepste grond van die verkiesing is die Here se vrye genade. En dit geld ook vir die verwerping: die diepste oorsaak rus in God se vrymagtige wil: "So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil .... en, o mens, wie is jy wat teen God antwoord" (Rom. 9:18 en 20).

Ons verwerp daarom ook die beskouing wat leer dat nie alle verkiesing tot saligheid onveranderlik is nie, asof sommige uitverkorenes, niesteenstaande enige besluit van God verlore kan gaan en ook ewig verlore gaan. Hierdie beskouing behels ook 'n growwe dwaling en maak God in sy raad veranderlik en ontnem aan die uitverkorenes die vastigheid van hul geloof. Jesus sê: "Dit is die wil van die Vader . . . dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie . . . ." (Joh. 6:39). Dit wat die verkiesing betref. En wat die verwerping betref: Hy verwerp wie Hy wil. So is die Here dan barmhartig en regverdig. Barmhartig: deurdat Hy uit hierdie verderf trek en verlos diegene wat Hy in sy ewige en onveranderlike raad uit louter goedertierenheid uitverkies het in Jesus Christus onse Here, sonder om enigsins hul werke in aanmerking te neem. Regverdig: deurdat Hy die ander in hul val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het. (Art. 16 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis.)

## **(5) DIE UITVERKIESING EN DIE MENSE SE VERANTWOORDELIKHEID.**

Een van die ernstigste besware wat teen die belydenis van God se vrymag ingebring word, is nl. dat hierdie leer die vryheid en die verantwoordelikheid van die mens geheel en al uitsluit. Want, word geredeneer, as God met sy soewereine wil in die ewigheid alles vooruit bepaal het, ook die toekoms van sy redelike skepsele en voor die grondlegging van die wêreld verkore het wie salig sal word, wat, so word gevra, bly daar dan van die mens se verantwoordelikheid oor?

'n Oplossing van die probleem word gesoek in die bewerings dat die mens òf geen verantwoordelikheid besit nie en gevolglik soos 'n stok en blok is, waardeur hy sy mens-wees met verantwoordelikheid verloor en God in sy strawwe as onbillik en onregverdig beskou word, òf wel vryheid en verantwoordelikheid besit soos die Pelagiane .en die Remonstrante in die loop van die kerkgeskiedenis geleer het, as gevolg waarvan weer die mens ten opsigte van sy saligheid afhanklik is van sy eie goeie werke en vryheid van wil, en God in sy soewereine vrymag aangetas word. Hierdie oplossing van die vraag na die verhouding van die vrymag van God se genade en die verantwoordelikheid van die mens laat dus buite rekening òf die mens en verval tot fatalisme òf God, al is dit dan in betreklike sin, en verval tot humanisme (Pelagianisme of Remonstrantisme).

Wat leer die Skrif ons? Die Skrif aanvaar en God se raad en die mens se verantwoordelikheid. Ons aanvaar dit so in die geloof. Ons kan nie anders glo as wat die Skrif ons leer nie. Vir die verstand is dit onbegryplik. Dis die twee magtige feite wat die Skrif neerlê. Dit bestaan as 'n tweeheid in die Skrif: enersyds sê die Skrif: "So hang dit dan nie af van die een wat wil nie" (Rom. 9:16), en andersyds, waarsku die Skrif: "Julle wou nie luister nie" (Psalm 81); of ook, enersyds: "Niemand kan na My toe kom as die Vader .... hom nie trek nie" (Joh. 6:44), en andersyds: "Kom na My toe" (Matt. 11:28).

Ons moet dan eindelik tog die probleem se oplossing soek in God. Ons bely immers dat die Here so groot en so magtig is dat sy almag ook die mens se verantwoordelikheid insluit. En ons moet duidelik onderskei dat ons nie die twee feite (soos miskien uit die plasing van die verskillende Skriftuurplekke langs mekaar hierbo afgelei kan word nie) naas mekaar moet stel nie asof en God se almag en die mens se verantwoordelikheid ewe gewigtig is en asof daar tussen beide gekies moet word. Dis hoegenaamd nie die geval nie. God se vrymag is meer en is iets anders as ons verantwoordelikheid. Dis ook groter, maar daarom kan dit ook ons verantwoordelikheid omspan sonder om dit tog ook weer op te hef. Volgens die Skrif *is* en *bly* God, God met sy vrymag; *is* en *bly* die mens, mens met sy verantwoordelikheid. Dis heel duidelik: wil ons die saak van die verhouding van God se vrymag en die mens se verantwoordelikheid uitsluitlik benader van die mens se kant, moet ons die mens òf gelyk aan God òf bo God plaas en daarmee is geen oplossing van die vraag na die verhouding gegee nie. Benader ons dit van God se kant soos Hy Homself in sy Woord geopenbaar het, dan eerbiedig ons deur die geloof die vrymag van God en aanvaar terselfdertyd die doemskuldigheid van die mens en mitsdien ook sy verantwoordelikheid. En weereens — die feit bly dat die soewereiniteit van God en ons verantwoordelikheid wel met mekaar in harmonie bestaan in die raad van God, maar hoe? Dit weet ons nie. Dit bly die groot geheim waarin ons moet berus. En laat niemand nou sê dat ons dan maar òf die almag van God òf die verantwoordelikheid van die mens kan verwerp nie, want dan sou die probleme vermenigvuldig en sou ons God in sy soewereiniteit en almag aantas en die mens van sy mens-wees ontbloot.

En as ons dan die groot gedagte vashou dat ons die verkiesing en verwerping moet sien by die lig van die onderskeiding van die vrymag van God se genade en die doemskuldigheid van die mens, dan verval die beswaar dat God onregverdig is as Hy sommige mense verkies en ander in hul ellende laat bly. Die mens is self oorsaak dat hy in die ellende lê, nie God nie.

Ook die beswaar dat die leer van die verkiesing sorgelose mense kweek, hou nie steek nie, asof die uitverkorene nou maar sal lewe en kan lewe soos hy wil as hy deur God verkies is. As die wortel van die boom goed is, dan sal die boom ook goeie vrugte dra. Die verkiesing is die wortel van ons geloof en kragtens die verkiesing sal die gelowige

ook goeie geloofsvrugte dra. Met al die gebreke en tekortkominge wat die uitverkorene nog aankleef, het hy tog in beginsel met die sonde gebreek en het hy berou daaroor.

SLOTOPMERKINGS.

Ons mag die leer van die uitverkiesing nie bloot as 'n dogma sonder meer beskou nie. Dis geen onpraktiese, louter verstandelike kerkformule nie. Inteendeel. Die uitverkiesing is deur en deur prakties. Dis die rykdom, die volheid, die wortel van ons geestelike lewe en in breëre sin, as insluitende die beskikking van God oor alle dinge, omvat dit vir die gelowige sy hele lewe. Tewens, dis alleen by die gedagte aan God se beskikking oor ons lewe dat die gelowige berusting kan vind. Die gelowige bely kinderlik: Ek weet dat geen haar van my hoof sal val sonder die wil van my hemelse Vader nie; en tegelyk aanbid hy in die verkiesing God se grootheid: O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! (Rom. 11:33).

## **DIE GENADEVERBOND**

Ds. J. A. SCHUTTE, B.A., B.D.

### **DIE MENS NOG REDBAAR.**

Die mens het ná sy val geen duiwel geword nie, maar mens gebly en dus redbaar. Die gevalle engele daarenteen het ineens neergedaal na die hel (Jud. vs. 6, 7). Hulle is terstond verstok geword en onredbaar, onverlosbaar. Maar die mens is so geskape dat hy ten spyte van sy val tog weer opgerig kon word. God hou die volle deurwerking van die beginsel en mag van die sonde in die mens teë. Meer nog, God trek Hom ná die val nie terug nie en laat dan ook die mens geen oomblik los nie. As dadelik ná sy oortreding skuldgevoel, skaamte en vrees in die mens ontwaak, dan is dit alles reeds 'n werking van God se Gees in die mens, wel 'n openbaring van sy toorn, maar ook van sy genade, 'n openbaring wat die grondslag vorm en die moontlikheid skep van 'n godsdienstige en sedelike lewe nieteenstaande sy val. Maar God openbaar Hom nog op 'n ander manier. As die mens hom voor Hom verberg, soek Hy hom en roep hom. Dis waar, God kom uit die verte tot die mens, en die mens wil hom uit vrees verberg voor God. En tog, God kom en soek die mens op. Hy laat hom nie oor aan sy eie dwaasheid en angs, wat in verberging voor God heil soek nie. Hy roep hom terug en daarby oorval en verskrik Hy die mens nie. Hy kom nie in storm en onweer nie, maar in die aandkoelte, by die plegtige geruis van die bome in die aand. God het die mens genader. Hierdie nadering was genade. Met die bese mag het die mens 'n verbond aangegaan, en die verbond met God verbreek. God vernietig in sy genade hierdie aangegane verbond met die bese, stel vyandskap tussen vrouesaad en slangsaad en bring die vrouesaad, d.i. die mensheid, weer aan sy kant oor. Hy verklaar verder dat daar uit Eva nog 'n mensheid sal voortkom en dat die mensheid in die stryd teen die bese mag wel veel sal moet ly, maar tog ten slotte sal oorwin. Die weg van die menslike geslag sal voortaan deur lyde tot heerlikheid gaan, deur stryd tot oorwinning, deur die kruis na die kroon, deur die staat van vernedering tot die van verhoging. Dit is die aanvang van die genadeverbond, wat reeds terstond ná die val in werking tree al word dit in Gen. 3 nie genoem nie. Daarom tree daar dadelik ná die val 'n ander beginsel in werking, wat die sonde betuël, bestry en oorwin. Dit is die genade van God aan die mens. Al wat daar by die eerste ontmoeting van God met die gevalle mens plaasvind, is wel bewys van sy toorn maar tewens openbaring van sy genade.

### **EWIGE GRONDSLAG VAN DIE GENADE VERBOND (VREDERAAD).**

Vir die genadeverbond in die tyd lê daar 'n vaste, ewige grondslag in die raad van God. Hierdie raad van God, wat van ewigheid die behoud van die menslike geslag bedoel, moet as 'n verbond opgevat word tussen die drie persone van die goddelike wese (vrederaad of verbond van verlossing). Trouens, verbonde by mense, en selfs die genadeverbond in sekere mate, is maar die skadubeeld van die ware, die eerste verbondsverhouding soos dit bestaan tussen die drie persone van die ewige God. Hier is Christus Borg en Hoof van die nuwe mensheid wat herskep word en bestem is om gered te word. Van Hom word geëis dat Hy i.p.v. die uitverkorenes die straf sal dra en die wet sal volbring. Dat daar van ewigheid reeds besluit is oor die middelaarskap van die tweede persoon is duidelik. As Middelaar tog is die Seun aan die Vader ondergeskik en noem Hy Hom sy God (Ps. 22:3; Joh. 20:17). Hy is sy kneg (Jes. 49), aan wie 'n werk opgedra is om te doen (Jes. 53:10; Joh. 6:38—40; ens.) en wat deur die volbragte gehoorsaamheid (Matt. 26:42; Joh. 4:34) loon ontvang (Ps. 2:8; Jes. 53:10). Hierdie verhouding tussen Vader en Seun het nie begin met die moment van die vleeswording nie; maar dit val in die ewigheid en het reeds ten tyde van die Ou Testament bestaan. Die Skrif leer dit ook duidelik as dit die leiding van Israel aan die engel van die Here toeskryf (Ex. 3:2) en Christus ook in die dae van die Ou Testament reeds amptelik werksaam laat ween (Joh. 8:58; 1 Kor. 10:4, 9). Daar is trouens ook maar een Middelaar tussen God en die mense (Joh. 14:6; Hand. 4:12), wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is (Hebr. 13:8). wat van ewigheid tot Middelaar verkies is (Jes. 42:1; Matt. 12:18; Openb. 13:8) en wat as woord Gods 'n ewige bestaan het (Joh. 1:1).

Die vrederaad laat ons dus die lewe van die drie Persone ken as 'n verbondslawe, as 'n lewe van die hoogste selfbewustheid en vryheid. Hier binne die goddelike wese het die verbond sy hoogste werklikheid; terwyl die verbond tussen God en die mens, weens die oneindige afstand van die partye, nie soseer die karakter van 'n verbond dra nie, maar meer van 'n beskikking. Die werk van die saligheid is die werk van die drie Persone, waartoe almal in die *mees volkome* ooreenstemming meewerk en waar elkeen sy besondere taak verrig. Soos by die skepping van die mens God vooraf met Homself te rade gegaan het (Gen. 1:26), so tree by die herskepping elkeen van die drie Persone nog duideliker op. Ook dit is Gods werk alleen; uit, deur en tot Hom is alle dinge.

In die verbond van genade, waarin die salige herskepping opgesluit lê, is dus nie die mens nie maar God die handelende. Dit is dus nie so dat God eers sy verbond met Adam en Noag, met Abraham en Israel opgerig het en eindelik met Christus nie. Maar die genadeverbond lê van ewigheid af gereed in die vrederaad van die drie Persone en word terstond ná die val verwerklik. Christus begin nie eers sy werk ná die vleeswording nie en die Heilige Gees vang sy arbeid nie aan ná die Pinksterdag nie. Maar soos die skepping 'n werk van die drie-enige God is, so is ook die herskepping van die eerste oomblik die werk van die drie Persone. Alle genade, wat ná die val die mens toevloei, kom hom toe uit die Vader, deur die Seun in die Heilige Gees. Die Seun het dadelik ná die val opgetree as middelaar, as die tweede en laaste Adam, wat die plek van die eerste een ingeneem het, herstel en volbring het wat die eerste, nl. Adam, bederwe en nagelaat het. En die Heilige Gees het onmiddellik opgetree as Trooster, as toepasser van die heil, deur Christus verwerf. Die gelowiges van die Ou Testament het op geen ander manier salig geword as ons nie. Daar is één geloof, één middelaar, één heilsweg, één genadeverbond. Christus is van ewigheid tot vandag toe dieselfde, ook vir sy volk.

**WESE VAN GENADEVERBOND.** Die genadeverbond het as middel in die vrederaad sy doel. Waar Christus in die vrederaad borg en hoof is, tree Hy in die genadeverbond op as middelaar — ook as middel om Gods doel te bewerkstellig. Die eerste (nl. die vrederaad) bly tot Christus beperk; die tweede (nl. die genadeverbond), brei hom oor Christus uit tot die menslike geslag en eis van hulle geloof en bekering. Die eerste gaan oor die verwerping van saligheid, is ewig en ken geen geskiedenis nie; die tweede handel oor die toepassing van die saligheid en neem sy aanvang in die tyd en het verskillende bedelings. Hierdie skenking en toepassing van die saligheid geskied verbondsmatig. Kragtens God se ewige besluit het Hy ook die mens geskape, sodat God en mens in 'n bepaalde betrekking tot mekaar sou staan. Hierdie betrekking of verhouding, vir sover dit strek om die geskape mens nie van sy Skepper te verwyder nie, maar tot die gemeenskap met die ewige wese te lei, dra die vorm van 'n verbond — met die ongevalle mens, buite die sonde, die verbond van die werke (werkverbond); met die gevalle mens in die sonde, die verbond van genade (genadeverbond). Om die wese van laasgenoemde beter te verstaan, moet ons die volgende punt eers behandel:

#### **WERKVERBOND EN GENADEVERBOND.**

Die genadeverbond, merk ons op, het nie in die plek van die werkverbond gekom soos wel dikwels beweerd word nie. Nee, die werkverbond is ewig, is 'n ewige verhouding tussen God en sy skepsel, deur God in sy neerbuigende goedheid daargestel, wat nooit verander kan word nie. God ken geen verandering nie. God het, soos baie dit opvat, ook nie 'n proef gemaak nie om, as dit dan nie sou slaag nie, iets anders in die plek te skuif. So gaan Gods majesteit te niet. Die werkverbond is dus nie iets toevallig nie, maar moet daar ewig wees omdat God 'n skepsel naas Hom geskape het met wie daar 'n verhouding moet bestaan. Was die mens 'n klip, was daar alleen afhanklikheid, maar aangesien die mens 'n redelike, sedelike wese is, soos die engele, moes daar 'n verbond met 'n sedelike karakter kom. Die karakter daarvan sou God bepaal, want Hy doen dit as Soewerein, na sy welbehag. Die verhouding is dus so, dat die skepsel alles van God moet hê, en ten tweede, dat die skepsel alles tot die eer van God moet doen. Hierin het die saligheid van die mens opgesluit gelê. Van Gods kant kan dit nie verander nie, want Hy bly God en Skepper. Die mens kon dit nie verander nie. Hy moes gehoorsaam. Dit het die mens graag gedoen en God geloof. Deur sy gehoorsaamheid in die volbrenging

van die opgelegde werk, lê die saligheid (werkverbond). Hierdie verhouding is 'n ewige ordinansie, onveranderlik soos God self. "Doen dit en jy sal lewe," bly die bevel met die belofte van 'n ewige lewe. Nou kom die genadeverbond. Is dit iets anders as die werkverbond? In sy grond nie. Die genoemde punte bly met die voorwaarde: van die een kant, skenking van saligheid; aan die ander kant, volbrenging van die wet van God. Wat is die verskil? As Adam, die hoof van die menslike geslag— want die is één — sou oorwin, was daar geen moontlikheid van 'n val nie en het hy heil en saligheid gebring vir die ganse geslag, van wie hy hoof was. Nou kom hy tot 'n val en bring ellende oor die hele menslike geslag. By die genadeverbond beskik God in sy vrymagtige genade 'n nuwe hoof. Hierdie nuwe hoof word in die menslike geslag ingedra by die vleeswording. Dit is Christus. Hy en Hy alleen is die hoof, wat Adam, die eerste hoof, vervang en dus ook die mensheid verteenwoordig. Hierdie nuwe hoof, Christus, moes twee dinge doen: (a) die sonde van die gevalle geslag goedmaak; (b) wat Adam nagelaat het, nl. om, in gehoorsaamheid aan God, die opgelegde taak te volbring tot Gods eer, weer opneem en volbring. Die mens kom nie los van sy verpligtings nie. Jesus het, soos Hy dit self uitspreek, gekom om die wet te vervul. Hy moes dus die straf op die sonde dra en vir die menslike geslag in die hoedanigheid as hoof die oorspronklike taak, Adam opgelê, uitvoer. Die werkverbond het dus van krag gebly en Christus het die kondisie van die mens se kant uitgevoer, nl. die eis tot volmaakte gehoorsaamheid as weg tot die ewige lewe (Lev. 18:5; Matt. 19:7). Vgl. Kategismus, vr. 61 — nie alleen die versoening deur Christus (dra van die straf), maar ook sy gehoorsaamheid (asof ek dit self alles volbring het) word die mens toegereken. Die genadeverbond is dus die herstelling, vervulling van die werkverbond. Die wese van die genadeverbond is dat God alles in en vir die sondaarmens begin, deursit en voleindig en dat vir die mens niks anders oorbly as om God in hom te laat werk, d.w.s. in Hom glo en wat daaruit voortvloei. En die genade- en die werkverbond is dus in die grond één: beide ontsluit vir die mens die weg, waardeur hy uit sy eensaamheid tot die gemeenskap met God en tot saligheid kan kom. Die verskil lê slegs hierin, dat die werkverbond met 'n mens te doen het sonder vyandskap teen God en met ingeskape vermoëns wat na God geleidelik sou voer, terwyl die genadeverbond in die mens niks vind waaruit iets kan word nie, maar stuit op 'n drywende krag wat hom steeds verder van God wegvoer.

#### **VASTHEID VAN DIE GENADEVERBOND.**

Die werkverbond het met die vrye wil van die mens gereken. Dit het ten dele in die mens gerus en daarom was dit wankel en onvas. Nie God nie, maar die mens het in gebreke gebly om uitvoering te gee aan die opgelegde verpligting, nl. gehoorsaamheid aan sy Skepper. God bly Hom aan die reël hou dat wie die wet onderhou, die ewige lewe sal ontvang. Die mens kan nou nie meer deur wetsonderhouding die lewe verwerf nie. Hy is daartoe onbekwaam, hoewel God dit van hom bly eis. Daarom bestaan daar 'n evangeliese verbond, opgerig met Christus, wat waaragtig mens en waaragtig God is. Hy voer die strenge wetseis as die nuwe mensheidshoof, namens die mensheid uit. Omdat hierdie hoof God is, staan hierdie verbond onwankelbaar vas. Dit kan nie meer verbreek word nie, want dit is 'n ewige verbond. Dit rus gelukkig nie in enige werk van die mens nie, maar alleen in die welbehag van God. Daarom word dit 'n ewige verbond genoem (Gen. 17:7). Dit is nie langer van 'n menslike voorwaarde afhanklik nie. God self is die ewige, enige getroue en waaragtige, in wie dit rus, wat dit oprig, handhaaf, uitvoer en voltooi. As in die Skrif gesê word dat die verbond met Adam, Noag, Abraham of Dawid opgerig word, dan is nie hulle die eintlike hoofde van die verbond nie. Nee, Christus was toe en nou, in Ou en Nuwe Testament, die hoof in die genadeverbond en deur sy bediening het dit tot die aartsvaders, tot Israel gekom. God, wat alles weet en bepaal van ewigheid, het ook die verbreking van die werkverbond in sy raad opgeneem en reeds met Christus en die genadeverbond gereken. Christus, wat van ewigheid bestaan het en Hom as borg gestel het, tree dan ook dadelik ná die val op as profeet, priester en koning, as tweede Adam, as hoof en verteenwoordiger van die gevalle mensheid. Hy verwesenlik die verbond deur sy Gees in die harte. Hy bedien dit aan sondare en skenk hulle die weldade daarvan. Hy neem sy volk in die verbond op. Die hele verbond is van die begin tot die einde aan Hom toevertrou, wat dan ook die weldade, deur Hom verwerf

as 'n erfenis, uitdeel. Dit is neerbuigende goedheid en genade van die Here dat Hy die mens wil opneem as 'n party in die verbond met Hom. Hierin lê die vastheid van die verbond, dat die Here die handelende is, waarom die verbond eensydig genoem word. Daarom sê God in Gen. 17:7 nie: "Laat ons 'n verbond oprig," maar: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou . . . ." God neem die inisiatief. Hy hoef nie te wag om te sien of die mens gaan glo of hom gaan bekeer, soos dit wel deur Metodistiese kringe beweer word nie, maar van ewigheid staan sy verbond vas met sy uitverkorenes. Daarom moet die klein kindertjies gedoop word, want hulle, as uit die geslag van gelowige ouers (Gen. 17:7), staan net soos die volwassenes tot die Here in verbondsbetrekking (Kategismus, vr. en antw. 74). Meer nog: daar sou geen verwagting en hoop wees vir die verkiesing en saligheid van die vroeggestorwe kindertjies van gelowige ouers, soos die Dordtse Leerreëls (I, 17) leer, as God, die Here, as Soewerein, ook nie hier sou genadig optree en die saligheid verbondsmatig aan die nageslag toeken nie. God se verbond staan vas met die mens, wat daarom die saligheid nie kan verloor nie.

Tog word daar telkens in die heilige Skrif van bondsbreuk gepraat (Gen. 17:14; Hos. C:7; Matt. 12:8). Dit geld egter net die kaf tussen die koring (Matt. 3:12), die voorwerpe van hout onder die van hemelse goud vervaardigde voorwerpe, soos Paulus dit uitdruk (2 Tim. 2:20). Dit geld dus net die soort van mense, wat slegs in uitwendige verhouding tot die genadeverbond staan. Met die ware verbondskinders, die uitverkore volk van die Here, bly die verbond onverbreeklik. Anders sou ons nie kon praat van die volharding van die heiliges nie. Dit bring ons vanselfsprekend by 'n ander vraag, nl.: Aan wie word die heilsgoedere uitgedeel? Aan die mensheid. Die omvang van hierdie mensheid is egter kleiner as die waarmee die eerste verbond (werkverbond) onder die bondshoof, Adam, rekening gehou het. By laasgenoemde, opgerig met die mens buite die sonde, het dit die onbesnoeide stam van ons hele geslag gegeld; by die verbond met die mens in die sonde geld dit die besnoeide stam van ons geslag onder die ingeënte hoof, Christus. Die boom van die mensheid bly dus staan, maar die dor blare moet ai en die droë takke word weggesnoei. Hier dink ons ook aan hulle wat net in uitwendige verhouding tot die genadeverbond staan, nl. kaf en onkruid tussen die koring, die hipokriete (huigelaars) wat in hul wese as droë takke, as afval beskou moet word. Nieteenstaande dus die verwydering van die dooie takke en droë blare, word die mensheid as organisme onder sy hoof, die mens Jesus Christus, gered. God triomfeer oor satan — Hy behou die mensheid. Wat verlore gaan, is los individue. Die mensheid word dus nie in die hel gevind nie, maar 'n chaos van los verloregegane individue. Daarom het hulle daar ook geen mens as hoof nie maar 'n gevalle engel, die satan. In die wete dat die gelowiges Iede is van 'n organiese geheel, onder Christus as bondshoof, lê die heerlike vastheid van ons godsdien, waarvan ons as Christene belydenis doen.

### **DIE WOORD "VERBOND."**

Die Hebreeuse woord wat met verbond vertaal word, is "berit" van "bara," wat "sny," d.w.s. stukkend sny, slag beteken. By die sluiting van 'n verbond vas dit nl. die gewoonte om 'n offerdier te slag. Dan gaan die partye in die middel van die geslagte stukke deur as teken dat soortgelyke lot as van die dier, die verbondsbreker sal tref. Uit Gen. 21: 22 vv.; 26 vv.; 31:44 vv. blyk dit duidelik dat daar by *berit* drie dinge behoort; te wete: 'n eed of belofte, 'n vloek wat die goddelike straf uitroep oor die verbreker van die verbond en 'n kultiese seremonie, nl. die slag van 'n dier wat die vloek sinnebeeldig moes voorstel. Die sluiting van die *berit* was altyd 'n godsdienstige handeling. Dat die verbond nog nie in Gen. 3:15 genoem word nie, kom daarvandaan dat verbonde eers later in 'n leuenagtige, sondige maatskappy 'n noodsaaklikheid geword het. Toentertyd was verbonde nog onbekend, hoewel die saak reeds daar was. Namate een van die partye aan die ander ondergeskik is en dus minder te sê het, kry *berit* die karakter van beskikking, wat deur die een party aan die ander opgelê word, bv. die verbond van die oorwinnaar met 'n oorwonnene, 'n koning met sy onderdane (Jos. 9; 1 Sam. 11, ens.). Sterker word die betekenis van beskikking en insetting as daar oordragtelik gepraat word van verbond met die dood (Jes. 28:15), met die klippe en diere (Job

5:23), van God met die natuur (Gen. 8:22). Daar God die Soewerein is, wat aan die skepsele sy ordinansies oplê, is dit duidelik dat die mens aan die Here as party in die verbond ondergeskik is. Daarom gee God ook die belofte en nie die mens nie. Die Here, en nie Abraham nie, gaan tussen die stukke deur (Gen. 15:8 vv.). Hy sweer by Homself (Gen. 22:16), by sy lewe (Deut. 32:40), by sy siel (Amos 6:8) om die mens die onveranderlikheid van sy raad te bewys. Al sou Israel die verbond verbreek om dit telkens by vernuwing weer aan te neem (Ex. 19:18; Deut. 29:10—13; Jos. 24:16; ens.), steeds kragtiger en luider het die openbaring bewys, ook namate die afval toegeneem het, dat God sy belofte nie vergeet nie. Hierdie eensydige goddelike oorsprong en karakter van die verbond is dan ook die rede dat verbond (*berit*) in die Grieks vertaal word met "diathêkê" (Luk. 1:72; Hand 3:25). In hierdie woord kom die ondergeskiktheid van die tweede party van die verbond, die mens, sterk na vore, want dit onderstel die skepping van 'n nuwe posisie, die reëling van 'n wedersydse verhouding, in hierdie geval deur die soewereine God.

In Hebr. 9:15 v. word "diathêkê" met "testament" vertaal, en heeltemal tereg ook, want 'n testament is die onveranderlike beskikkingsreg van die dode, waarby 'n skenking of erfenis oorgedra word. Daaraan kan niks meer verander word nie. Dit bind die erfgename en moet op alle punte gehoorsaam word. Dat verbond dus ook testament genoem word, is duidelik want God is, net soos die testamentmaker, vry en soewerein om die heilsgoedere te gee aan wie Hy wil, sonder inagneming van die erfgename. Sy verbondswil is onveranderlik en die saligheid en heerlikheid kom die mens toe as 'n onverdiende erfenis. Die analogie gaan selfs verder. Christus het deur sy dood die testament laat uitvoer, van krag gemaak. Die testament word van krag by die dood van die groot testamentmaker, Jesus Christus.

#### **GRONDSLAG EN VOORBEREIDING VAN DIE GENADEVERBOND.**

Oor die ewige grondslag het ons reeds in 'n vorige paragraaf gehandel. Ons let nou op die grondslag en voorbereiding in die tyd. Die genadeverbond van God met die Israel van die Ou verbond en met die geestelike Israel van die Nuwe, rus op die breë grondslag van die algemene genade van God, bewys aan die skepping en die skepsel in die algemeen. As Abraham en Israel uitverkies word, bly die band met die mensheid nog. Israel dryf nie soos 'n oliedruppel op die water nie, maar bly in allerlei verband met die ander volkere staan en hou tot die end toe die verlossingsverwachting van die volkere vas. In die volheid van die tyd word en Jood en heiden in één mens versoen. Natuur en genade, skepping en herskepping staan nie teenoor mekaar nie. Die genade aan Adam toegesê, brei hom uit oor die ganse mensheid. Algemene en besondere genade stroom nog in een bedding. Daarin lê die waarborg vir die mensheid en sy voortbestaan, uitbreiding, ontwikkeling en die seëpraal in sy stryd. Die buitengewone kragte en gawes word egter misbruik in die sonde. Ná die geweldige sondvloed, waarin die ganse menslike geslag ondergegaan het, tree die genade, met die val geopenbaar, steeds kragtiger op in die betueling van die kwaad. God sluit 'n verbond met Noag — eintlik met alle skepsels (Gen. 8:21,22; 9:1—17). Hierdie genadige daad van God dra en berei die genadeverbond voor. En die natuur en die mens word betuel, die lewe word gewaarborg met hierdie verbond. Die Here het Hom dus nie onbetuig gelaat nie. Die *Logos* het ook toe elke mens verlig, wat in die wêreld kom. Ook nou reeds is die Heilige Gees die outeur van alle lewe, krag en deug, ook onder die heidene (Gen. 6:17; 7:13; Ps. 33:6). In goeie sin kan mens openbaring van die goddelike genade ook buite die genadeverbond omskryf as die opvoeding van die mensdom tot God. Die vatbaarheid vir en behoefte aan verlossing word steeds lewendig gehou by die mensheid en also word die genadeverbond voorberei.

Van 'n wesenlik ander karakter was die voorbereiding van die heil by Israel self. Israel is uit die volkere geroep, hoewel dit niks anders en niks beter was as die ander nie. Ook lê die eienaardigheid en die besondere van Israel se godsdiens nie daarin dat allerlei elemente hulle hier voordoen, wat by die ander omringende volkere vreemd was nie. Inteendeel, daar is niks by Israel wat mens nie ook elders vind nie: besnydenis, offer, priesterskap, gebed, tempel, altaar, seremonies, feesdae, sedes, gewoontes,



maatskaplike en staatkundige wette. Tog moet by die samehang en verwantskap die wesenlike onderskeid nie oor die hoof gesien word nie. En dit lê aan die besondere genade, by die omringende heidenvolkere onbekend, maar in Israel heerlik geopenbaar. By die heidendom is bogenoemde verskynsels verbasterings en nawerkings van die verbroke werkverbond. Hier vind ons die ydel pogings van die mens om sy verlossing self te bewerk deur reiniging, boete, askese (onthouding), offerande, ens. By Israel neem God, die soewereine Skepper, die inisiatief en tree vrywillig en genadig tot Israel in besondere verhouding. In Israel se godsdienst is dit nie die mens wat God soek nie, maar omgekeerd: God soek die mens in sy neerbuigende goedheid (genadeverbond).

Hierdie verbond met die vaders bly, al neem dit later ook ander gedaantes aan (Ex. 2:24). Die belofte is deur die wet (Sinai) wat later gekom het, nie tot niet gedaan nie (Gal. 3:17). Die verbond met Israel is wesenlik niks anders as die met Abraham nie. Soos God Homself aan Abraham gee as skild, loon (Gen. 15:1), tot 'n God vir hom en sy saad en op grond daarvan Abraham en sy geslag roep om opreg te wandel voor sy aangesig, so doen die Here ook hier by Sinai. Die Here kies en red Israel, maar die word deur die wetgewing opgeroep om opreg en heilig te lewe. Hierdie verbond is in wese die genadeverbond. Die aanhef van die wetgewing (Ex. 20), wat die genadige redding Gods uit die Egiptiese diensbaarheid in herinnering roep, is dieselfde genadebetoon wat Abraham te beurt geval het. Dit word hier net nader uitgewerk. Israel ontvang nie net tydelike seëninge nie (die land Kanaän, 'n lang lewe, voorspoed, ens.), maar ook geestelike en ewige beloftes: Gods verblyf by hulle (Ex. 29: 45), vergiffenis van sondes (Ex. 20:6), heiliging (Ex. 19:6). Al hierdie weldade word egter in die Ou Testament nie so duidelik voor oë gestel nie as in die Nuwe Testament. Die volk van die Ou Verbond kan nog nie die geestelike sake so duidelik begryp en deursien nie. Hulle het geleef in die staat van onmondigheid. Die geestelike en ewige weldade was onder Israel nog gekleed in sinlike vorms. Die vergiffenis van sondes was gebonde aan die offerande van diere. Die verblyf van God onder sy volk word gesimboliseer deur die tempel op Sion, die heiligmaking in etiese sin deur die Levitiese reinheid, ens. Hierdie weldade is reeds in die dae van ou Israel geskenk—daarby het hulle geleef en gesterf. Dit was net anders afgebeeld. Die geestelike en ewige het hom gehul in die gewaad van die natuurlike en tydelike. God, die Skepper, daal neer tot die skepsel, maak gebruik van menslike taal en vorms om so sy seëninge uit te deel. Die wet is aan Israel gegee, nie net om die weg van die verbond te bewandel nie, maar ook om by onmoontlikheid van wetsvervulling die behoefte aan verlossing te verskerp. Tereg merk Paulus op dat Israel as onmondige kind onder die versorging van die wet gestel is om so tot Christus gelei te word (Rom. 10:4; Gal. 2:23). Die verbond op Sinai was voorbereidend en opvoedend. Die wet is die tugmeester tot Christus. Dat daar verskil is by die mens van die Ou en Nuwe Testament, moet nie gesoek word by God nie maar by die onmondige staat van die mens, wat voorberei moes word vir die heerlikheid in Christus. Die gelowiges in Israel het wel geweet dat die Sinaïtiese bedeling tydelik was en het daarom verlangend uitgesien na die dag van Christus. Daarom is die Ou en Nuwe Testament één; daar is sprake van één verbond (Luk. 1:68—79; Hand. 2:39), één evangelie (Rom. 1:2), één middelaar (Joh. 1:1, 14; 8:53; Rom. 8:3; 2 Kor. 8: 9; ens.), dieselfde beloftes van Gods gemeenskap (2 Kor. 6:16). Die Ou en Nuwe Testament staan as verskillende bedelings van dieselfde genadeverbond teenoor mekaar as belofte en vervulling (Hand. 13:32; Rom. 1:2), as skadu en liggaam (Kol. 2: 17). Dit is dieselfde wingerd, aan verskillende landbouers gegee (Matt. 21). Die nuwe in die Nuwe Testament is die wegval van die nie-willekeurige maar tog tydelike, sinlike, nasionale vorms, waaronder een en dieselfde genade in die ou dag geopenbaar is. Niks gaan van die Ou in die Nuwe Testament verlore nie, maar alles word vervul, voldra, bereik sy groei en bring uit die tydelike omhulsel die ewige kern te voorskyn.

#### **DIE MENS IN DIE GENADEVERBOND AS REDELIK-SEDELIKE WESE GEHANDHAAF.**

Die genadeverbond maak die mens nie dood nie en behandel hom nie as stok en blok nie, maar dit neem die mens geheel en al op met sy vermoëns en kragte na siel en liggaam vir tyd en ewigheid. Daarom word die mens ook onder verpligtings geplaas en

neem die genadeverbond 'n eisende vorm aan — nie as voorwaarde vir heerlikheid nie, want die genadeverbond word onvoorwaardelik met die swak sondaarmens opgerig. Christus tog het alles volbring. Hy werk selfs die wedergeboorte, bekering en geloof. Tog neem die genadeverbond in sy bediening deur Christus die eisende vorm aan om die mens te erken in sy redelik-sedelike natuur, om ook as gevallene hom nog te behandel as na die beeld van God geskape, om op hierdie hoogste terrein, waar dit gaan om die ewige saligheid en die ewige verderf, hom verantwoordelik en onontskuldigbaar te stel, om hom met bewustheid en vryheid te doen intree in die verbond. In hierdie verband, moet ons opmerk dat ten spyte van die eensydige goddelike oorsprong daarvan, dit ook bestem word om tweesydig te ontwikkel by die wedergeborene, nl. om in die krag van God deur die mens bewus en vrywillig aanvaar te word. Daarom word die heil toegeëien — geskenk en deelagtig gemaak deur die Heilige Gees, soos die Doopsformulier dit uitdruk: "Wat (nl. die Heilige Gees) by ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig." Hierin behandel die Heilige Gees die mens as redelike wese. Hy pas die heil toe en bewerk die heilssekerheid. Die sakramente is ingestel om "ons deur die gebruik daarvan die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël" (Kategismus, vr. 66). Die heil word verbondmatig gegee om alle twyfel, teëspraak en kleinmoedigheid uit te sluit deur God se verbondseed. Dit moet dien tot bemoediging en versterking van ons geloof. Daarna word verwys deur Hebr. 6:17 en 18. God wil die onveranderlikheid van sy raad toon (vs. 17). Dis dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg (vs. 18).

Die genadeverbond hou dus rekening met die mens as 'n oordelende, verstandelike wese. Dit omvat hom geheel, vernietig sy geesteskragte nie, maar ontnem hom sy onmag — maak sy wil nie dood nie, maar maak dit vry van die sonde — dit verdoof die bewussyn nie, maar verlos dit van sonde. Dit herskep die ganse mens, en laat hom dan deur die genade van God vernuut, vry en selfstandig met sy hele siel, gees en liggaam God liefhê en homself aan Hom toewy vir tyd en vir ewigheid.

## DIE MIDDELAAR VAN DIE VERBOND

DR. E. L. J. VENTER

Die woord middelaar of bemiddelaar word in die algemeen gebruik van iemand wat versoening bewerkstellig tussen twee persone of partye wat 'n geskil met mekaar het of wat in oorlog met mekaar verkeer. Dit gebeur dikwels dat twee persone wat in twis met mekaar lewe, mekaar maar nie kan vind nie. Dan tree 'n derde persoon bemiddelend tussen hulle op en versoen hulle met mekaar. Of twee lande verkeer in oorlog en die staatshoof van 'n derde land word ingeroep en hy herstel die vrede. So 'n persoon word 'n middelaar of bemiddelaar genoem.

Moses was die skaduagtige middelaar van die Ou Testament. Hy sê in Deut. 5:5: "Ek het in die tyd tussen die Here en julle gestaan om aan julle die woorde van die Here bekend te maak, want julle was bevrees vir die vuur en het nie op die berg geklim nie." Toe die volk van Israel by Horeb gesondig het, het God vir Moses gesê: "Laat My nou begaan, dat my toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer" (Ex. 32: 10). Moses as middelaar het vir die sondige volk gepleit in die gebed en die toorn van die Here is afgewend en die volk is nie verteer nie. God en sy volk was weer met mekaar versoen.

Christus is die werklike middelaar van die nuwe testament of verbond (Hebr. 12:24). In 1 Tim. 2:5 en 6 lees ons: "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal." Christus is dus 'n middelaar in die volle sin van die woord. Hy het die vertoornde God versoen met die skuldige mens deur Homself te gee as 'n losprys en is so die middelaar van versoening tussen God en mens (Dr. A. Kuyper, Jr.: "De Middelaar Gods en der Menschen", blss. 10 en 11).

In sy ewige vrederaad het God sy Seun gestel as middelaar en die Seun het Homself as middelaar gegee. Van alle ewigheid af het God in sy raad die skepping en die val van die mens geken en voorsien en het in sy vrederaad 'n sekere menigte van mense uit die hele menslike geslag uitverkies tot saligheid en het Christus "van ewigheid af gestel tot 'n *Middelaar* en *Hoof* van al die uitverkorenes en tot 'n fondament van die saligheid" (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk I, Art. 7). Hierdie middelaar is in die vrederaad deur God gegee as *borg* vir die uitverkorenes. Wat is 'n borg? In die gewone maatskaplike lewe kom borgskap baie voor. 'n Borg word gevra as die gedagte bestaan, dat 'n skuldenaar nie aan sy finansiële verpligtings sal kan voldoen nie. So 'n borg verbind hom wettiglik as die verantwoordelike persoon. Hy staan daarvoor in dat hy die skuld aan die skuldeiser sal betaal as die skuldenaar in gebreke bly. In die vrederaad is Christus as borg gestel. As Adam val en daarmee al die mense, dan sou Christus die skuld van al die uitverkorenes betaal en vir hulle die ewige lewe verwerf. As Adam die verbond met die Here verbreek, dan sou Christus die verbond met God vervul (T. Bos: "De Dordtsche Leerreken", blss. 101 en 102).

Wat God besluit het in sy ewige vrederaad, voer Hy uit in die tyd deur sy genadeverbond. Dr. H. H. Kuyper skryf in "Hamabdil", bls. 23: "Beide genadeverbond en uitverkiezing staan niet los naast elkaar, maar staan met elkaar in verband als oorzaak en gevolg, als doel en middel. Het genadeverbond heeft geen ander doel dan de uitverkiezing te verwerklijken."

Van die genadeverbond is Christus die middelaar en sy middelaarswerk het 'n tweërlei bestaan, nl. 'n *skuldversoening* en *wetsvolbrenging*. Met Adam het God die werkverbond opgerig en in hom as die verbondshoof met die hele menslike geslag. In daardie verbond het God van Adam 'n volkome gehoorsaamheid geëis en by volstandige gehoorsaamheid aan die Goddelike gebod, sou God hom en sy nakomelinge die ewige lewe gee as loon. Adam het geleef in die aardse paradys, maar hy het nog nie die reg gehad op die ewige lewe in die hemelse paradys nie. Hy kon die ewige saligheid vir homself en sy nakomelinge *verdien* deur absolute gehoorsaamheid aan die gebod van God. Aan hierdie eis van die werkverbond het Adam nie voldoen nie. Hy het die verbond met God

verbreek. Ons lees in Hos. 6:7: "Maar hulle het soos Adam die verbond oortree." In Adam as verbondshoof het alle mense die verbond met God verbreek. Hulle het almal in Adam gesondig. Deur sy oortreding van die gebod van God en deur sy bondsbreuk het Adam skuld oor homself en sy nakomelinge gebring. Die skuld wil God straf met tydelike en ewige strawwe. Adam het dus deur sy sonde nie alleen die beloofde reg op die ewige lewe verbeur nie, maar hy het ook skuld en straf oor homself en sy nageslag gebring.

Na die val van Adam tree Christus op as borg en middelaar. Hy gaan in die plek van Adam staan as die tweede Adam. Hy word die hoof van die nuwe mensheid, van die uitverkorenes. Hy word die hoof van die nuwe verbond, die genadeverbond, en as sodanig neem Hy die skuld van die uitverkorenes oor en vervul die wet van God vir hulle en *verdien* vir hulle die ewige lewe.

Om die skuld van die mens te kan oorneem en te versoen, het Christus 'n waaragtige mens geword, want die geregtigheid van God het geëis, dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. God wil die skuld wat die mens gemaak het, aan geen ander skepsel straf nie, maar aan die mens self (Heidelbergse Kategismus, Sondag 5). Daarom het Christus die Seun van die mens geword deur 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aan te neem, sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees, aan sy broeders in alle opsigte gelyk, uitgesonderd die sonde (Heidelbergse Kategismus, Sondag 14).

Maar hierdie middelaar moet ook God wees, sodat Hy uit krag van sy Godheid die las van die ewige toorn van God aan sy mensheid kan dra. Geen skepsel kan hierdie las dra nie. Hy sal daaronder ewig versink. Die oneindige krag van sy Godheid het sy mensheid so versterk dat Hy die ewige las van die toorn van God kon dra.

Hierdie middelaar, wat God en mens is, het dan die toorn van God en die sonde van die mens op Hom geneem by sy vleeswording in Bethlehem. Ons Nagmaalsformulier sê dat Christus die las van ons sondes en van die toorn van God van die begin van sy menswording af tot aan die einde van sy lewe op aarde vir ons gedra het. Christus het hierdie twee allerswaarste gewigte gedra van Bethlehem tot op Golgota. Daardeur was sy hele lewe een lyding. Dit het Hom die kruisdraer op aarde gemaak. Dit het Hom die bitterste lydensbeker laat drink en dit het Hom die vloekdood aan die kruis laat sterwe.

Deur sy lyde en sterwe het Christus aan die geregtigheid van God voldoen en het daardeur die sonde en skuld van die uitverkorenes versoen. Die voldoening is vir God en die versoening is vir die volk van God. Die voldoening was die middelaarswerk en die versoening is die vrug van die middelaarswerk. Die borg het volkomelik betaal toe Hy aan die kruis uitgeroep het: Dit is volbring.

Hierdie genoegdoening, hierdie voldoening deur die lyde en sterwe van Christus is van oneindige krag en waarde. Dit is oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk II, Art. 2). Waarom is die voldoening van oneindige krag en waarde? In Art. 4, Hoofstuk II van die Dordtse Leerreëls word gesê: "Hierdie dood het daarom so 'n grote krag en waarde, omdat die persoon, wat dit ondergaan het, nie alleen 'n waaragtige en volkome heilige mens is nie, maar ook die eniggebore Seun van God, van eenselfde ewige en oneindige wese met die Vader en die Heilige Gees, soos ons Saligmaker dan ook moes gewees het. Bowendien, omdat sy dood verbonde was met die gevoel van die toorn van God en van die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het." Die heiligheid van Christus as mens en die oneindige krag van sy Godheid het aan sy voldoening 'n oneindige krag en waarde gegee. Die krag en waarde is nog verhoog deurdat Christus in sy lyde maar veral in sy sterwe die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, gevoel het. Hierdie voldoening is oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. In antwoord 37 van die Heidelbergse Kategismus lees ons dat Christus "aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op die aarde maar veral aan die einde van sy lewe, die toorn van God teen *die sonde van die ganse menslike geslag* gedra het." Hierdie uitdrukking word soms verkeerd gelees en verkeerd opgevat. Christus het nie die toorn van God *vir* die sonde van die ganse menslike geslag gedra nie maar die toorn van God *teen* die sonde van die

ganse menslike geslag. Hy het gedra die *allerswaarste* toorn van God, wat teen die sonde van die ganse menslike geslag ontsteek is. Hierdie woorde van die Heidelbergse Kategismus verklaar nie die *uitgestrektheid* van die verdienstes van Christus tot die mense nie, maar hierdie woorde wys aan die sware *gewig* van die Goddelike toorn wat Hy gedra het. (Dr. A. Kuyper: „De Middelaar Gods en der Menschen”, blss. 94 en 95). Hier is dus nie sprake van 'n algemene versoening nie, 'n versoening, wat hom uitstrek na alle mense nie. Hoewel die krag en die waarde van die voldoening genoeg is om die sondes van alle mense te versoen, strek die krag hom egter net uit tot die uitverkorenes, "want dit was die geheel vrye raad, die genadige wil en voorneme van God die Vader, dat die lewendmakende en saligmakende krag van die kosbare dood van sy Seun hom sou uitstrek tot al die uitverkorenes om hulle alleen met die regverdigmakende geloof te begiftig en daardeur hulle onfeilbaar tot die saligheid te bring; dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van sy kruis — waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het — uit alle volke, stamme, geslagte en tale, die almal en die alleen kragdadig sou verlos, wat van ewigheid af tot saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is" (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk II, Art. 8). Hier word ons geleer dat die wil van God bepaal het na wie die versoeningskrag van Christus sou uitgaan. As dit die wil van God was dat alle mense sou gered word, dan sou dit geskied het. Dit was egter nie die wil van God nie, en daarom het Hy reeds van ewigheid af bepaal dat die krag van die soendood van Christus nie verder sou gaan as die uitverkorenes nie, tot hulle almal en tot hulle alleen. Die diepste grond van die saligheid van die uitverkorenes lê dus in die welbehag van God, wat hulle uitverkies het en vir hulle 'n borg en middelaar gestel het.

Die tweede deel van die middelaarswerk van Christus het bestaan in *wetsonderhouding*. In Adam het God met die mens 'n werkverbond opgerig en in daardie verbond het God tot die mens gekom met die eis van gehoorsaamheid en het hom beloof dat hy na volbragte gehoorsaamheid, die saligheid van die hemel, die ewige lewe, sou ontvang. Die werkverbond het dus gereken met die vrye wil van die mens, het ten dele gerus in die mens en daarom was dit wankel en onvas. Feitlik is dit dan ook verbreek, nie deur God nie, maar deur die mens. God hou Hom aan die reël, dat wie die wet onderhou, die ewige lewe sal ontvang. Hy sê dit in sy wet, Hy getuig dit in die gewete van almal *en By het dit in Christus gestand gedoen*. Maar die mens het die werkverbond verbreek. Hy kan deur wetsonderhouding die ewige lewe nie meer verwerf nie; uit die werke van die wet kan geen vlees geregverdig word nie. (Dr. H. Bavinck, "Gereformeerde Dogmatiek", Deel III, bls. 236.) God hou Hom dus aan die eis dat alleen in die weg van volmaakte gehoorsaamheid die ewige saligheid te verkry is. Daarom het Christus as middelaar en hoof van die genadeverbond die wet van God vervul. Wat Adam moes gedoen het, maar nie gedoen het nie, het Christus gedoen. Hy het die wet van God volbring sy ganse lewe op die aarde. Dit was sy spyse om die wil van God te doen. "Laat u wil geskied" was die leuse van sy hele lewe. Hy was gehoorsaam tot die dood, ja, die dood van die kruis (Fil. 2:8). Ons Nagmaalsformulier sê dat Christus "alle gehoorsaamheid en geregtigheid van die Goddelike wet vir ons vervul het." In Art. 22 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees ons dat "Jesus Christus ons toereken al sy verdienste en al die *heilige werke* wat Hy vir ons en *in ons plek* gedoen het." Paulus sê in Rom. 5:19: "Want soos deur die ongehoorsaamheid van die één mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word."

Christus het dus aan die eis van God voldoen en het as verbondshoof die ewige lewe vir die volk van God *verdien* deur sy volmaakte wetsonderhouding.

Toe Christus op Golgota uitroep: "Dit is volbring!" en sterf, toe was die genadeverbond deur Hom vervul; die skuld van die uitverkorenes was versoen en die ewige lewe was vir hulle verwerf.

Hierdie genadeverbond noem Christus die *nuwe Testament* in sy bloed. In Hebr. 9:15—17 lees ons: "En daarom is Hy middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die versoening van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang. Want waar 'n

testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word, want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is solank as die testamentmaker nog lewe nie." 'n Testament is eers vas en onverbreekbaar by die dood van die testamentmaker. Solank die testamentmaker nog leef, kan 'n testament nog verbreek en vernietig word. Deur die middelaarsdood van Christus is die genadeverbond bekragtig en bevestig. Ons Nagmaalsformulier sê dat Christus "met sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige testament, die verbond van die genade en die versoening bevestig het." Om hierdie bekragtiging en bevestiging word die genadeverbond 'n *testament* genoem. (Dr. A. Kuyper, jr.: "De Vastigheid des Verbonds", blss. 129 en 130.)

Waarom noem Christus die Genadeverbond 'n *nuwe* verbond? Dr. B. Wielenga skryf in "Ons Avondmaalsformulier", bls. 218: "In beginsel richtte God het genadeverbond reeds met Adam op (nadat deze het werkverbond hopeloos vernietigd had) door de belofte van het vrouwenzaad. En voorts is in de geschiedenis de openbaring van het verbond uitgewikkeld tot steeds breder en rijker ontplooiing, bij Noach, bij Abraham, bij Horeb, en eindelijk is het verbond in de verschijning van Christus zelf tot zijn hoogste openbaring gebracht. De geschiedenis kent dus vele verbonden, dat is verbondsbeceelingen, niaar omdat de laatste bedeeeling, als zijnde de bedeeeling der vervulling, in karakter van de voorafgaande verbonden verskilde, werd dit laatste het *nieuwe* verbond of testament genoemd .... Wel kenmerkend zegt het formulier, dat Christus het nieuwe en eeuwiges testament door zijn dood en bloedstorting besloten heeft, waarmede beleden wordt dat geen hooger stadium van ontwikkeling mogelijk is, omdat de voorwaarden des verbonds zijn vervuld."

In hierdie nuwe en ewige verbond waarborg God onder ede die saligheid aan die gelowiges en hul saad. Hulle ontvang van God deur die middelaar van die verbond al die verbondsweldade, waardeur hulle onfeilbaar tot die ewige saligheid gebring word. Hulle ontvang die geloof ter regverdigmaking. In die regverdigmaking ontvang hulle die vergiffenis van al hul sondes, wat hulle ná of voor die geloof begaan het. Hulle ontvang uit Christus die nuwe lewe, wat wedergeboorte genoem word, en uit die nuwe lewe kom die heiligmaking op, waardeur hulle innerlik meer en meer gereinig word en die oue mens hoe langer hoe meer afsterwe. By hul dood gaan hulle dan uit die heiligmaking in die ewige heerlikmaking oor. (T. Bos: "De Dordtsche Leerregelen", bls. 114.)

In hierdie *nuwe* verbond word die gelowiges verplig tot 'n *nuwe* gehoorsaamheid. Ons Doopsformulier sê: "Aangesien daar in alle verbonde *twee dele* is, daarom word ons ook weer van Godswêë deur die Doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid, naamlik dat ons hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, moet aanhang, vertrou en lief hê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele gemoed en met al ons kragte, dat ons die wêreld moet versaak, ons oue mens moet kruisig en in 'n godsalige lewe moet wandel. En as ons somtyds uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie, aangesien die Doop 'n seël en ontwyfelbare getuienis is dat ons 'n ewige verbond met God het."

# DIE NAME VAN CHRISTUS

Ds. D. G. VENTER

Moeder Ragel het haar pasgebore seun Benoni genoem. Daarmee wou sy vertolk die smart in haar hart. Maar Jakob, wat haar liefgehad het en 'n kind van sy geliefde vrou behou het, noem hom Benjamin, seun van my regterhand.

Die naam het dus meer beteken as net 'n onderskeiding.

In die heilige Skrif vind ons ook dat die Here self die naam Abram verander in Abraham en dan ook die betekenis daarvan aangee. Net so het die Here die naam Jakob verander in Israel. Vir Sefas noem die Here Jesus Petrus, wat rots beteken. Dus 'n naam in die Skrif was nie net 'n middel om te vertolk wat in die hart van die naamgewer omgaan nie. Die Skepper het dit ook gebruik om aan die lig te bring wat in 'n persoon skuil.

In die geval van Johannes die Doper en van Jesus laat die Here hul name aankondig nog voordat hulle gebore is. Die engel sê vir Sagaria: "Moenie vrees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabeth sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem." Ook vir Maria sê die engel dat sy

'n seun sal hê en jy moet Hom Jesus noem".... want Hy is dit wat sy volk van hulle sondes sal verlos".

Die Jesus-naam van die Here Jesus moet dus meer beteken as net 'n onderskeiding of 'n uiting van gevoel. Dit is bedoel om kenbaar te maak wat in die Middelaar is. Dit moet sy wese vir ons openbaar.

Dit bely ons ook ten opsigte van die name van God self. In Lev. 24:11 lees ons: "Toe het die seun van die Israelitiese vrou die NAAM gelaster." NAAM staan dus hier eenvoudig vir God, die Heilige van Israel. Daarom word ook die bevel gegee dat, as iemand die NAAM laster, hy gedood moet word (Lev. 24:16). Wat God is, d.w.s. sover ons Hom ken, is ook sy naam vir ons. Hy is sy naam. Dit spreek ook baie duidelik uit die gebod aangaande die naam van die Here.

God is 'n heilige wese, veel groter as wat ons ooit kan begryp. Deur openbaring maak God Hom aan ons bekend, vir sover dit vir ons, as skepsele, moontlik is om dit te begryp. Hierdie wese van God word afgespieël in die mens se bewussyn, omdat die mens na die beeld van God gemaak is. En wat van God afgespieël word in die bewussyn van die mens, dit vertolk hy en noem God also by sy naam.

In die naam van God lê sy wese vir ons opgesluit. So is die naam van onse Here Jesus ook die openbaring van wat Hy is. Dit is vir ons alles.

Die Here Jesus het baie name.

Eerstens het ons name wat sy Godheid openbaar, uitdruklik of figuurlik. So het ons: God; waaragtige God; grote God; Here; Seun van God; Woord; beeld van God.

Vervolgens is daar die name wat sy mensheid te kenne gee: Seun van die mens; Man; Kind; Seun van Abraham, Dawid; Silo; Eersgeborene van Maria; Saad van die vrou; vrug van Dawid se lende; Wortel van Isai; Spruit; tweede Adam.

Derdens dra Hy ook name wat die vereniging van die twee nature in Hom aandui: Immanuel.

Vierdens kry ons name wat sy messiasskap uitbring: Middelaar; Wens van die heidene; Engel van die verbond; Beloofde; Hoof; Hoeksteen; Fondament; Wynstok; Brood; Son; Lig; Môrester; Boom van die lewe.

Vyfdens is daar die name wat wys op sy profetiese amp: Profeet; Herder; Meester; Rabbi; Getuie; Wysheid.

Sesdens het ons sy priester-name: Priester; Voorspraak; Offer; Lam van God; Pasga;

Engel van die aangesig; Ark; Soenoffer; Koperslang;

In die sewende plek is daar die name wat sy koninklike amp aandui: Koning; Vredevoers; Heerser; Leidsman; Regter; Koning van die konings en Here van die here.

In die agste plek vind ons name wat wys op sy vernedering: Knecht; Teken wat weersprek word; Sonde; Vervloeking.

Ten negende is daar name wat sien op sy verhoging: Leeu uit die stam van Juda; Wonderbaar; Here.

Laastens het ons die name met sinnebeeldige betekenis: Son van geregtigheid; Vuurkolom; Horing van heil; Deur.

Dit is nie 'n volledige lys nie, maar tog die vernaamste. Dit is in elk geval genoeg om ons te help en te leer om nie maar die name willekeurig deurmekaar te gebruik nie. "Veral moet dit ons leer om nie name, wat miskien maar 'n enkele keer in die Bybel voorkom, te gebruik bo name wat die Skrif menigvuldig en by voorkeur gebruik nie. Die name Spruit, Immanuel is ook nie bedoel om "klinkende" name in ons gebed of in die prediking te wees nie.

Volg ons die voorbeeld van die heilige skrywers in die Nuwe Testament, die apostels wat die Here gesien, gehoor en getas het, dan is dit gou vir ons duidelik dat daar name van die Here Jesus is wat by voorkeur gebruik word. Dit is die name by uitnemendheid onder al die name. Ons Belydenis, die Heidelbergse Kategismus, gaan ons ook hierin voor. Daar is ook 'n bepaalde rede voor.

Ons kan die Christus van God op tweeërlei manier nader.

Die eerste is dat ons dit doen soos die mense van sy tyd op aarde. Die Here Jesus vra sy dissipels: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?" En dan hoor ons dat sommige sê: Johannes die Doper; ander Elia en nog ander weer Jeremia of een van die profete. Nader ons só die Christus, beteken dit dat ons Hom nader, ondersoek en bestudeer en dan tot 'n besluit kom. Hy is dan vir ons soos die ander mense. Ons vergeet dat Hy waaragtig God is en dat ons maar skepsele van God is.

Vra die Here Jesus vir sy dissipels: "Maar julle, wie sê julle, is Ek?" dan antwoord Petrus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God," en dadelik voeg die Here daaraan toe: "Dit is nie julle wat tot die bevinding gekom het nie. Dit is my Vader wat dit vir julle geopenbaar het." Die name van die Here moet vir ons sê wie Hy is, omdat in die name sy wese en werk openbaar gemaak word. Ons aanvaar nederig wat Hy *is* en nie wat die mens van Hom dink nie.

Die name by uitnemendheid, soos die Kategismus ook aanvaar, is die drie: JESUS, CHRISTUS, ONSE HERE. Daarby staan ons nader stil.

Allereers dan die naam JESUS, omdat dit die *persoonsnaam* is.

Dit moet elke ernstige bybelleser opval dat, hoewel die Here God 'n engel van die hemele af stuur om die naam JESUS bekend te maak, dit tog in werklikheid glad nie 'n vreemde of onbekende naam is nie. Dit was 'n naam wat goed bekend was onder Israel, van die vroegste tye af. Jesus is die Griekse vorm van die Hebreeuse Josua, soos die seun van Nun al in die dae van Moses genoem was. Selfs in die tyd van die apostels het die mense die naam Jesus of ook Jesua geken. In Kol. 4:11 is sprake van 'n sekere *Jesus* wat Justus genoem is.

Watter mooi en troosvolle gedagte lê nie hierin nie! Christus moes, ook al laat die Here 'n engel van die hemel af dit bekend maak, dieselfde naam dra as wat die syne ook gedra het. Hy word innig een met hulle.

Ook is nog opmerklik wat ons lees in Num. 13:16. Josua se oorspronklike naam was *Hosea*. Dit verander Moses en noem hom *Josua*. Hierin lê ongetwyfeld 'n vingerwysing. In die naam Hosea tog lê wel die idee, die hoop, die belofte van die verlossing, maar eers die naam Josua sou aandui die sekerheid van die beloofde vrywording of verlossing



van Israel. Dit wys dus duidelik heen na die groot Josua van die toekoms, Jesus.

Verder mag daarop gewys word dat, volgens Sag. 3, die hoëpriester wat die teruggekeerde en vernederde volk van God van ná die Ballingskap moes troos, ook die naam Josua gedra het. Hy verskyn in vuil klere voor die engel van die Here, maar word daarna dan bekleed met feesklere. Dit bring duidelik uit die betekenis van die naam Josua of Jesua of Jesus, d.i. Saligmaker. Jesus is dit wat gekom het om ons skuld op Hom te neem en ons die klere van geregtigheid te gee.

Oor die afleiding van die naam Saligmaker is daar verskil.

Sommige meen dat dit, volgens die oorsprong, beteken *vol* maak, vol geluk; net soos rampsalig beteken vol rampe. Ander dink weer dat die woord in sy grondbetekenis wys op wat goed, deugdelik is. Dan beteken dit goed, deugdelik maak. Die mens beantwoord weer aan die doel van die Skepper. Hy is dan weer goed in die sin van Gen. 1:31: "Toe sien God al wat Hy gemaak het en — dit was baie goed".

Die naam Josua beteken: die Here help. Saligmaker is een wat *vol* of *goed* maak. Neem ons nou alles bymekaar, dan verstaan ons wat die Kategismus sê: dat daar ook by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie. Immers as die Here help, is ons geholpe, ten volle geholpe; as ons geluk vol is, kan daar niks meer by kom nie; as ons goed gemaak is, is ons wat ons, volgens die wil van God, moet wees.

Die heilige Skrif sê ook uitdruklik: "En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."

Vervolgens is daar die *ampsnaam*. In Grieks is dit Christus en in die Hebreeuse taal Messias.

DUS CHRISTUS OF MESSIAS.

Hierdie naam, in sy Griekse en Hebreeuse vorm, vind ons saam genoem in Joh. 4: 25: "Ek weet dat die Messias kom — Hy wat Christus genoem word."

Soos welbekend is uit die Kategismus, beteken die naam Christus of Messias *gesalfde*, en wys dus nie meer op die persoon, die wese nie, maar op die amp of sending van die Here Jesus. Hy is die van God die Vader *verordineerde* en *gesalfde* (Kateg. vr. 31).

In Ps. 2:7 staan: "Ek wil vertel van die besluit". Dit het betrekking op die ewige raad van God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees. In daardie raadsbesluit is die Seun van God, met eie bewilliging, gestel as die Middelaar van God en die mense.

Dit is sy verordining. In Hom is uitverkore die volk van God (Ef. 1:4). Die het geskied voor die grondlegging van die wêreld.

Hierdie verordineerde, die Middelaar, is ook die gesalfde van God. Baie duidelik sê die Skrif: "Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg". Die apostels, na hulle voor die Joodse raad was, dank God en spreek van "u heilige Kind Jesus wat U gesalf het". Dit is wat die heilige skrywer aan die Hebreërs sê: "So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer".

God het dus die Middelaar self gesalf en wel "met die Heilige Gees en met krag", soos die engel ook vir Maria gesê het: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu".

By sy heilige ontvangenis en geboorte begin dit dus. By sy doop in die Jordaan word Hy ten volle aangegord, toe die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Hom sigbaar neergedal het. Maar dit word eers volle werklikheid na sy opstanding uit die dood.

Dit word vir ons duidelik as ons vir ons die *salwing* indink.

Waarom moes outyds Aaron, Saul, Dawid en andere met heilige salfolie gesalf word? Dit het geskied om hulle te wy en bekwaam te maak vir 'n amp. En wat word nou bedoel

met amp? "Amp tog is bediening van goddelike mag deur skepsele" en by so 'n amp is dit die ampsdraer wat die ontvangende en gehoorsamende persoon is.

Hierdie betekenis lê ook in die salwing self. Die liggaam word gesalf om dit op te fris. Die vel word gesalf om die lewensglans te herstel en te verhoog. Sinnebeeldig wys dus die salwing op bekwaammaking en wyding. Die persoon word in staat gestel om 'n taak te volbring. Wat dof is, word verlig.

Daarom kon Jesus as God nie gesalf word nie. Maar as Middelaar, wat ook waaragtig mens was, ja, wat die verswakte menslike natuur aangeneem het, kon en moes Hy gesalf word: bereik ook sy salwing nie sy volheid nie, voordat Hy die dood oorwin het, alles wat dof was afgelê het, d.i. na sy opstanding.

In sy salwing, wat nie met olie geskied het nie, maar met die Heilige Gees, lê opgesluit sy vleeswording en sy vernedering. Alleen Hy wat sy heerlikheid verlaat het en in die gestalte van 'n dienskneg gekom het, totaal verdof is tot in die kruisdood, het die salwing nodig om tot die algehele herstel van die werklike lewe en lewensglans te kom.

Hy wat met ons een geword het, soos sy naam Jesus ook aandui, is die van God verordineerde en gesalfde, om wat dof en verlore was, terug te bring tot lewe en verlossing. Hy is ons Hoof. In Hom is ons uitverkore. Daarom heet ons nie Jesuïete nie, want ons word nie Jesusse nie. Ons heet Christene, omdat ons wel sy salwing kan deelagtig wees. Hy maak ons konings, priesters en profete, soos die boek Openbaring ook sê. Ons word deur Hom in staat gestel om God reg te ken, Hom van harte lief te hê en met Hom in die ewige saligheid te lewe, om Hom te loof en te prys. Deur Hom en in Hom word ons weer beelddraers van God.

Nou nog die naam HERE.

In die Ou Testament is daar twee name van God, Adonai en Jehowa, waarvoor ons maar net een naam het, nl. Here. Om die twee name tog te onderskei, word die eerste met gewone letters geskryf, *Here*, en die tweede met hoofletters, HERE. Hierdie naam met hoofletters word nie van Christus gebruik nie.

*Here* dui aan die grote en magtige Skepper, die Here van alles wat daar is, die soewereine God, Vader, Seun en Heilige Gees. *Here* is en bly Christus dus altyd. Dit *word* Hy nie, maar is dit, net soos die Vader en die Heilige Gees. Here van sy volk, wat God Hom gegee het, *word* Hy eers nadat hulle sy eiendom gemaak is.

Christus word Here, eienaar, besitter van sy volk nadat Hy hulle gekoop het, nie met silwer of goud nie, maar met die kosbare bloed, soos van 'n Lam sonder gebrek en vlekkeloos (1 Pet. 1:18—19).

Dit beteken dat die volk van God eers nie die eiendom van Christus was nie. Hulle was sondaars en verlore. Soos Satan gesondig het teen God, so het hulle ook gesondig. Maar nou is Christus verordineer en gesalf om hulle los te koop, hul skuld te betaal. Dit het Hy gedoen toe Hy in hul plek gaan staan en vir hulle die skuld, die dood, gedra het. Nou is hulle met liggaam en siel, vir tyd en ewigheid sy eiendom, d.w.s. die uitverkorenes.

Maar Christus is hul Here nie net omdat Hy hulle gekoop het nie. Hy is ook hul Here omdat Hy hul geregtigheid geword het. Christus het nie net die skuld betaal nie. Hy het ook die wet volbring, soos die Here eis: doen dit en julle sal lewe. "Weens die moeitevolle arbeid van sy siel sal Hy dit sien." "Eis van My en Ek wil die nasies gee as u erfdeel." Hy is ook hul Here omdat Hy hulle "van alle heerskappy van die duiwel verlos het". Hy is hul Here omdat Hy hulle beskerm en beskut en eenmaal inlei in die erfdeel van die volk van God. Tereg noem Thomas Hom: "My Here en my God".

Die naam JESUS sê dat Hy die Saligmaker is.

Die naam CHRISTUS sê dat God Hom daartoe verordineer en gesalf het. Dus ten volle gewy en toegegerus het.

Die naam ONSE HERE beteken dat Hy gedoen het wat Hom opgedra was en wat van Hom

verwag is; dat Hy dit eenmaal tot sy volheid, die voleinding, sal bring — dat Hy triomfeer!

# DIE VERNEDERING VAN CHRISTUS

Ds. H. J. R. DU PLESSIS

Ons Middelaar Jesus Christus het in twee state verkeer: 'n staat van vernedering en 'n staat van verhoging. Altwee vind ons in uitsprake soos hierdie uit die Ou Testament: "Uit die stroom sal Hy drink op die pad; daarom sal Hy die hoof ophef (Ps. 110:7); "maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien: Hy sal die dae verleng, en die welbehag van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees (Jes. 53:10).

In die Nuwe Testament: "Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?" (Lukas 24:26); "maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en in die gelykenis van mense te kom; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is (Filip. 2:7-9).

Ons moet egter nie *staat* gaan verwar met *toestand* nie, want dan sou ons genoeg kan gaan neem met 'n lewensbeskrywing van Jesus, wat tog, op sy sagste uitgedruk, niks anders as 'n verduistering van Christus se lewe sou wees nie.

Ons weet van Hom niks meer as wat die Evangelies ons bied nie. En die gee ons genoeg om Hom te bewonder en te aanbid in sy onpeilbare liefde vir sondears, haters en vyande van God, sy Vader.

Ons vaders het dan ook nie van die lewe van Jesus nie maar wel van sy state gepraat. Daarin het hulle die hele lewe van Jesus gevind. Hy het eers van uit die hoogste hoogte neergedaal in die diepste diepte om *ons ontwil*. Ja, om *ons* te red uit die diepte het Hy daarin neergedaal en daarna weer opgeklim tot die hoogste hoogte om ons van daar met ryke seëninge te oorlaai.

En die twee state het ons vaders maar nie uit die lug gegryp nie, maar die Woord van God het hulle dit in die mond gelê. 'n Paar aanhalings is genoeg. "Maar dit: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?" (Ef. 4:9); "Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het" (Heb. 12:2).

In hierdie artikel, wat handel oor die vernedering van Christus, kan ons nie, vanweë gebrek aan ruimte, gaan wys op al die verskillende opvattinge van Roomse, Lutherse, Sosiniane, Arminiane, ens. nie, veral wat betref die neerdaling na die hel. Ons bepaal ons uitsluitend by die gereformeerde opvatting.

Daar is ook nogal verskil oor die vraag hoeveel trappe die vernedering van Christus bevat. Volgens die Heidelbergse Kategismus het ons met vyf trappe te doen:

- (1) Sy ontvangenis en geboorte (Sondag 14).
- (2) Sy lyde (Sondag 15).
- (3) Sy dood (Sondag 16, vr. 40).
- (4) Sy begrafnis (Sondag 16, vrr. 41, 42, 43).
- (5) Sy neerdaling na die hel (Sondag 16, vr. 44).

Voor ons nou elkeen van hierdie trappe kortliks behandel, moet ons, tot beter begrip daarvan, eers let op enkele voorspellings aangaande Jesus Christus.

Die eerste vind ons in Gen. 3:15: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt."

Dit bevat ook 'n belofte aan die gevalle mens. En hierdeur word reeds die deur van genade ontsluit, waardeur die mens vergifnis van sonde ontvang wat in die volheid van die tyd deur Christus se vernedering — sy lyding, dood en opstanding — sou teweeggebring word. En omdat vir God, vir wie één dag is soos duisend jare en duisend jare soos één dag (2 Pet. 3:8), en vir wie daar geen verlede of toekoms is nie, maar alleen 'n ewige hede, die volbragte werk van Christus aan die kruis reeds as 'n voldoende offer gegeld het vanaf die val van die mens tot die wederkoms van Christus, daarom kon die gelowiges van die Ou Testament ook salig word.

Die weg tot die boom van die lewe is vir die mens deur sy sonde versper, maar 'n nuwe genademiddel is deur God, met die oog op Christus, aan die mens geskenk, nl. die offerande. Die offerandes — van God se kant 'n daad van genade om die gevalle mens te laat verstaan dat God nog aan hom in liefde en guns dink; van die mens se kant 'n bewys dat hy — ondanks sy sonde — nog verlang om in gemeenskap met God te verkeer, asook die diepe besef dat sonder versoening daar geen vergifnis van sonde kan geskied nie. "Hulle het alleen gedien om die sondebeseft te wek en was tipes, wat heengewys het na 'n ander en beter offerande."<sup>3</sup>

'n Dier — volmaak sonder gebrek — moes dan sy bloed, sy lewe laat vir die sonde van die mens. "Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie" (Hebr. 9:22). Hierdie versoening was tydelik en daarom moes die offers herhaal word. Hierdie tydelike bloedige offers kon na hul natuur nie 'n ewige versoening bewerk nie, maar slegs afbeeld (Hebr. 10:3, 4). En almal het heengewys na Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld sou wegneem (Joh. 1: 29).

So sien Jesaja Hom dan ook, en daarom verklaar hy: Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregthede is Hy verbysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom. Hy is mishandel hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie (Jes. 53:5-7).

Ons kry dan algemene voorspellings aangaande Christus, wat sy kerk ten goede kom, soos die reeds genoemde Gen. 3:15; en dan Gen. 22:18; 49:10; Ex. 12:46<sup>b</sup>; Num. 24:17; Deut. 18:15. En dan word ons weer gewys op besondere trekke, soos Ps. 2:6: Koning oor Sion; Ps. 22, Ps. 69, Jes. 53: Lyding van die Here; Jes. 7:14, 15, 16, Jes. 9:5, 6<sup>a</sup>, Jerem. 23:5, 6, Jerem. 33:15, 16: Sy heilige afkoms en heerskappy; Miga 5:1: Geboorteplek; Dan. 9:24, 25: Tyd van geboorte.

Al hierdie voorspellings en nog ander wys op Christus. Dit is voorspellings wat hulle vervulling in Christus gevind het en wat ons wys op die diepe vernedering van ons Heiland. Hy self verklaar hieromtrent: "Toe begin Hy om vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul. En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het (Luk. 4: 21; 24: 27).

In die staat van Christus se vernedering kry ons dan as eerste trap: Sy ontvangenis en geboorte. Die geskiedenis leer ons in watter nederige omstandighede Jesus gebore is. Party godgeleerdes beweer dat die menswording — afgesien van die vernederende omstandighede — geen vernedering vir Christus was nie.<sup>4</sup> Ander weer beweer dat "al was die menslike natuur wat Christus uit Maria aangeneem het 'n heilige, was dit tog 'n swakke menslike natuur. Dit word in die heilige Skrif so uitgedruk dat Hy nie maar mens nie, dog vlees geword het (Joh. 1:14).<sup>5</sup>

Sy menswording is dus reeds 'n 'diepe vernedering.

<sup>3</sup> Bavinck, Dogm., III, bls. 360.

<sup>4</sup> a Brakel, I, bls. 480; D. Postma.- Mij Handl. voor den Godgel., bls. 185.

<sup>5</sup> Bavinck, Magn. Dei, blss. 375—376; Dogm., III, bls. 456; Kuyper, E. Voto, D.I., bls. 367.

"Die hele lewe van Christus, van sy ontvangenis af tot sy dood toe, was dus een vernedering ten gevolge van sy gehoorsaamheid, 'n altyd dieper ingaan in die gemeenskap van ons sonde, en 'n altyd verdere verwydering van Homself van die hemelse vreugde."<sup>6</sup>

Stel u voor dat 'n aardse koning sy troon sou verlaat en hom by 'die armstes van sy onderdane sou gaan voeg om saam met hulle as dagloner te werk en so ellende en armoede verduur, sou dit nie as 'n groot vernedering geld nie? En tog is dit maar slegs 'n flou beeld van die vernedering wat Jesus moes ondergaan. Maar al word 'n aardse koning 'n dienskneg, hy bly dan tog mens. Anders, egter, met die Seun van God. As Hy mens word, is dit die Skepper wat skepsel geword het.<sup>7</sup> Wie kan die verskil hier deurgrond? Net so min as ons dit kan verstaan, kan ons die diepte van vernedering van Christus peil waar Hy kroon en troon in die hemel, waar geen sonde is nie, verlaat het om hier op die aarde te kom woon onder sondige mensekinders, haters van God, afkerig van Hom en sy gebod.

As ons dan ook Jesus hoor sê: O ongelowige en verdraaide geslag, hoelank sal Ek by julle wees en julle verdra? dan vertolk hierdie woorde vir ons 'n wêreld van lyding vir ons Heiland in die staat van sy vernedering. Sy lyding is die tweede trap van vernedering, wat Hy moes ondergaan. En so het Hy deur sy vernedering in ons verlaging ingegaan. En so is ook in hierdie opsig op Hom die woord van Heb. 12:2 toepaslik: Wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag .... en Hy het Hom nie geskaam om hulle broeders te noem nie (Heb. 2). Sy hele lewe hier op aarde was een lewe van deurlopende lyding — vol van smart en versmading.

"Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gesig verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie."

Daarom word Hy dan ook genoem die man van smarte.

Onophoudelik het sy vyande probeer om Hom om die lewe te bring of om Hom in een of ander strik te vang, hetsy deur 'n woord aan Hom te ontlok of 'n daad wat Hy wou doen, om Hom so te beskuldig by die Joodse raad of by die Romeinse owerheid. Onophoudelik het hulle sy woorde verdraai. Onbeskaamd het hulle Hom keer op keer belaster. Selfs die beskuldiging dat Hy 'n handlanger van die owerste van die duiwels was, was vir hulle nie te erg en te gemeen nie (Matt. 12:24). Meer as een keer het die Jode — sy eie mense — beraadslaag om Hom gevange te neem en dood te maak; maar dit was nog nie die uur nie.

Aan liggaam en siel — ons dink ook hier aan die versoeking in die woestyn — het Hy die ganse tyd van sy lewe op die aarde gely, maar veral aan die end daarvan. Aan die end van sy lewe bereik sy lyding sy hoogtepunt. Die smaad en vervolging het in skerpheid en boosheid toegeneem. Die beker by die laaste Pasga wat Hy met sy dissipels gevier het, en onmiddellik daarna die instelling van die Nagmaal, het vir Hom 'n onnoemlike lyding bevat. Die voorspelling van Petrus se verloëning en Judas se verraad was seker oorsaak van 'n onmeetlike maat van lyding vir Jesus gewees. En as die voorsegging daarvan reeds 'n ontsettende lyding veroorsaak het, wat moes die werklikheid dan nie gewees het nie? En dan Getsémané waar die Here eensaam gely het. "Hy het die pers alleen getrap en van die volke was niemand by hom nie." Daar het al Gods bare en golwe oor sy heilige hoof heengegaan. Daar is Ps. 22:7 vervul: "Ek is 'n wurm en geen man nie, 'n smaad van die mense, verag deur die volk." Ja, so ontsettend was sy sielelyding dat Hy verklaar het: "My siel is diep bedroef tot die dood toe. En toe Hy in 'n swaar stryd was, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val."

En dan gaan voor ons geestesog verby Judas met die klomp soldate, gewapen met swaarde en stokke om Jesus gevange te neem. Wat 'n diepte van lyding vir Jesus wat as

<sup>6</sup> Bavinck, Dogm., Deel III, bls. 456.

<sup>7</sup> S. Postma, "De Catechisatie," bls. 51.

'n kwaaddoener gevange geneem word en by dit alles nog die verraderlike soen van Judas moes ontvang! Dink aan sy smadelike verhoor voor Annas en Kajafas; aan Petrus se verloëning met 'n eedswering. Aan sy vernedering voor Pilatus en Herodes, aan die valse beskuldigings en onverdiende aanranding, aan die verkiesing van die moordenaar Barabbas bo Hom, die onskuldige. Voeg hierby dat Hy gegésel is, in die gesig gespuug, geslaan met vuiste, gekroon met dorings, bespot en verag! En dan, ná al die foltering, nog die kruis moes dra na Golgota se heuwel.

En só het Hy die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra. En gespyker aan daardie kruis, het Hy oneindig swaar gely.

"Dit was nie alleen 'n aller-smadelikste straf nie, maar ook in die hoogste mate 'n ontorende straf. Geen Romeinse burger, wat hy ook al verkeerd gedoen het, mag gekruisig word nie, maar alleen misdadigers uit die slawestand, straatrowers, valse geldmakers en ander kwaaddoeners van die gemeenste soort. Vir Jesus was die skande nog groter deurdat Hy met en tussen twee moordenaars gekruisig is — saam met die oortreders getel was (Jes. 53:12). Aller-smartliks reeds was die lyding vanweë die onnatuurlike uitrekking en spanning van die liggaam, en bomate is dit nog verhoog deur die brandende wonde in hande en voete, wat met ysterboutte aan die hout vasgeklank was. Dit was 'n langsame marteling, sodat die gekruisigde die dood in al sy bitterheid mag smaak." <sup>8</sup>

Sy liggaamlike lyding kom veral uit in die vyfde kruiswoord: Ek het dors—soos sy sielelyding in die vierde: My God, my God, waarom het U My verlaat? Ja, die kruisdood was al vanself 'n vervloeking van God (Deut. 21:23; Gal. 3:13). Die vervloeking, wat die verlatenheidsgevoel van God meegebring het, was vir die Man van smarte eintlik die dood gewees. O, wat 'n diepte van lyding en vernedering!

Sy dood is die derde trap van sy vernedering. So daal ons met die trappe al dieper en dieper af in die staat van vernedering van Christus. Om ons van die dood, die ewige dood, te red, moes Hy homself verneder tot in die dood van die kruis. Of, soos die Heidelbergse sê: Omdat weens die geregtigheid en waarheid van God nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie. Sonder die dood te ondergaan, kon Hy geen Verlosser wees nie (Hebr. 2:9). Al die voorafgaande lyding, hoe swaar, hoe ontsettend ook, was nie genoegsaam om een enkele siel te red nie; nee, Hy moes die dood ondergaan. As Lam van God neem Hy die sonde van die wêreld weg.

In sy dood het al die offerandes van die Ou Testament hul vervulling gevind. So is ook aan al die vereistes voldoen. In Lev. 21:17 e.v. lees ons dat niemand, wat 'n liggaamsgebrek het, 'n offerdiens mag waarneem nie; van Christus lees ons in Hebr. 7:26: "Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is . . . ." In Lev. 22:19 e.v. lees ons dat die dier wat vir die offerande bestemd was, sonder gebrek moes wees. Van Christus lees ons in 1 Pet. 1:19 dat Hy 'n Lam was sonder gebrek en vlekkeloos. In Ex. 12:46 sien ons dat van die paaslam geen been gebreek mag word nie; van Christus word in Joh. 19:33 verklaar dat geen been van Hom gebreek is nie. So is ons paaslam vir ons geslag, naamlik Christus (1 Kor. 5:7).

En so het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te wees aan die wil van sy Vader tot die dood toe, ja die dood van die kruis (Filip. 2:8). En so is die Vors van die lewe gedood en die Here van die heerlijkheid gekruisig.

Na die dood volg die begrafnis.

En so kom ons tot die vierde trap van vernedering. Was dit ook voorspel? Ja, ons vind dit in Jes. 53:9: En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood ....

Op die vraag: waarom moes ons Heiland ook hierdie trap van vernedering ondergaan? antwoord die Heidelbergse: om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterf het.

---

<sup>8</sup> Gravemeyer Geloofsl., Deel II, bls. 406.

Daar was ook ander bewyse dat Hy werklik dood was, bv. die spiessteek in sy sy, waaruit daar dadelik bloed en water uitgekom het — sekere kentekens dat die dood reeds ingetree het. Verder dat die soldate dit nie nodig geag het om sy bene te breek nie, omdat hulle, deur die hans van sy hoof op sy bors en die bleek gelaat, bemerk het dat Hy reeds dood was. Ja, Hy het reeds uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor!"

As volkome borg en middelaar moes Hy ook die mens volkome verlos. Terwille van die sonde van die mens is ook hierdie oordeel oor die mens uitgespreek: Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer (Gen. 3:19).

En so moes Christus ook vir ons neerdaal in die graf om die oordeel en die vloek, oor die mens uitgespreek, te dra.

Ook hierdie smaad en vernedering moes Christus ondergaan om ons ontwil. Maar Hy, die Heilige, sou en kon in daardie graf die vernedering nie sien nie (Ps. 16:10). Hy was in die graf soos Jona in die buik van die groot vis was. Jona was met volle bewustheid in die ingewand van die vis. Hy het tot die Here, sy God, gebid. In sy benoudheid uit die binneste van die doderyk het hy geroep om hulp. Die buik van die vis was vir Jona soos die graf, wat hom omknel het soos bande van die dood. In diepe eensaamheid, in groot angs het hy daardie drielal dae verkeer.

So ook die Here (Mat. 12:40). Na sy Godheid was Hy in volle bewussyn in die graf, want ofskoon sy siel in die paradys (hemel) was, het sy Goddelike natuur verenig gebly met die menslike natuur, sodat Hy in die graf nie sonder sy Godheid was nie.<sup>9</sup>

Die graf was dus geen rusplek vir die Here gewees nie, maar 'n gevangenis, 'n strydoord. In die graf het Hy geworstel met die verterende magte van die doderyk. Hy, die vors van die lewe, het gestry met die magte van die dood om ons ook van daardie vloek, wat oor ons gekom het vanweë ons sondeval, te verlos. Hy was dus ook daar plekbekledend vir ons. So het die graf nou, geheilig deur sy graf, 'n rusplek vir die liggaam van die gelowige geword. Sy liggaam rus in die graf tot die dag van die opstanding — sy siel, geskeie van die liggaam deur die dood, geniet ongekende rus en heerlikheid in die hemel by Jesus. En omdat Jesus as ons borg nou vir ons die verskrikking en die vloek gedra het, daarom vra Gods kind, wat nou meer as oorwinnaar is deur die geloof in Christus: Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? (1 Kor. 15:55).

Die vyfde trap van vernedering waarop ons Heiland moes afdaal, is die neerdaling na die hel.

Op die vraag: Waarom volg daar: wat neergedhaal het na die hel? gee die Heidelberger die volgende antwoord: "Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyding (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het."

Uit hierdie antwoord blyk dus duidelik dat ons Heiland hierdie vyfde trap van vernedering ondergaan het gedurende sy lewe van krip tot graf.

In die heilige Skrif vind ons dan ook tekste wat betrekking het op die menswording van Jesus, sy lyding, sy dood, sy begrafnis, maar geen enkele teks wat heenwys na die vyfde trap van vernedering: sy neerdaling na die hel nie. Maar as die neerdaling na die hel dan sien op sy hele lyding op aarde, waarom moet dit dan as 'n aparte trap, en nogal wel die laaste, beskou word?

Die oordeel van God wat daar oor die mens sweef in sy diepe val, hou nie alleen in moeite, verdriet, lyding, dood en graf nie, maar ook hel. Sou Jesus dus 'n volkome borg vir die mens wees, dan moes Hy Hom nie alleen van die lyding deur sy lyding, van die dood deur sy dood, van die graf deur sy begrafnis nie, maar ook van die hel deur sy

---

<sup>9</sup> Ned. Geloofsb., Art. 19.



neerdaling na die hel verlos.

So het Hy, deur die helse smarte wat Hy sy hele lewe lank hier op aarde verduur het, ons ten volle verlos van die ewige dood.

Daardie helse smarte van Jesus het egter ook hul hoogtepunt geken. In Getsémané bemerk ons dit waar ons daar van Jesus lees: "Hy begin om verbaas en baie benoud te word"; "My siel is diep bedroef tot die dood toe."

En daardie besef het toegeneem totdat Hy dit op Golgota moes uitroep: My God, my God, waarom het U My verlaat? Hier het ons Heiland die hoogste hellesmart gely in sy eensame lyding. Trouens, wat is die hel anders as om vir ewig verstoot te wees, weg van die aangesig van die Here en sy heerlikheid? (2 Thess. 1:9).

In Getsémané was dit hellesmart waar Hy gebid het: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan, nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Dit was hellesmart toe Hy in 'n swaar stryd gekom het, met groter inspanning gebid het en sy sweet geword het soos bloeddruppels wat op die grond val. Soos 'n mens die sap van druiwe uitdruk in 'n beker, so is deur die Vader die bitterheid en die vloek van al die sondes van die menslike geslag uitgedruk in een bitter beker wat Jesus in een keer moes leeg drink.

O, hoe heerlik is dit om te weet dat, toe die beker aan ons Heiland gegee is, Hy nie geweier het nie, maar gesê het: Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit ôan nie drink nie? (Joh. 18:11.)<sup>10</sup> Ja, die Heiland het baie meer *gely* na die siel as wat ons in die verste verte daar iets van kan begryp. Onsigbaar, onhoorbaar, onverstaanbaar, ja, oneindig diep, het Hy in sy siel onder die besef van die regterlike toorn van God, die angste van die hel, die aanvegtinge van al die magte van Satan teen Hom gely.

Waarom?

"Dat ek in my swaarste aanvegting seker kan wees en myself volkome vertroos dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyding (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het."<sup>11</sup>

---

<sup>10</sup> S. P. de C, blss. 52, 53.

<sup>11</sup> H.C., vr. 44.

## DIE VERHOGING VAN CHRISTUS

Ds. J. G. H. VAN DER WALT.

Verhoging veronderstel voorafgaande vernedering.

Net so min as wat dit moontlik is om aan die opkoms van die son te dink, sonder die veronderstelling dat daar 'n voorafgaande sonsondergang was, net so min kan aan die *verhoging* van Christus behoorlike aandag gegee word sonder voorafgaande oorweging van sy *vernedering*. Aan die ander kant: hoe meer die voorafgaande sonsondergang bewonder geword is, des te vuriger sal, na 'n donker nag, verlang word na die stralende son van 'n nuwe dag. Só is die Christus, nog voor sy verskyning deur die profete vir ons geteken, en só het Hy, by sy vleeswording, Hom ook aan ons geopenbaar. Vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees (Mal. 4:2). ....deur die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons besoek het (Luk. 1:78). Onuitputlik is die rykdom van Gods Woord, waarmee sowel op beskrywende wyse as onder beeld en voorbeeld, hierdie waarheid ons voor oë gehou word. Soos 'n goue draad deurloop die waarheid van die verheerliking van Christus die hele Godsopenbaring. In die lig van wat profete en bybelskrywers gedurende latere eeue openbaar, sien ons reeds in die paradys die goud vir die eerste keer blink; daar naamlik, waar God aan die gevalle mens, in nagtelike donkerheid van sy ellende, die toekomstige Oorwinnaar belowe. En die einde is waar die skrywers van die Nuwe Testament ons skets die Seun van die mens, as Hy weer kom op die wolke van die hemel om te oordeel die lewende en die dode. Ja, die einde lê eintlik nog verder — daar waar Hy as Koning sal heers oor die nuwe hemel en nuwe aarde, en wanneer God sal wees alles en in almal (1 Kor. 15:25 vv.).

By die verhoging van Christus moet ons altyd aan Hom dink as die Godmens, die vleesgeworde Woord. Want, soos reeds aangetoon, by verhoging moet voorafgaande vernedering wees. En wat die Godheid aangaan, is daar in hierdie sin geen sprake van vernedering of verhoging moontlik nie. God is volmaak; by Hom is geen sprake van verandering nie. Daarom is die tipes wat ons herinner aan die menslike natuur van Christus van oorwegende belang. Hoewel daar meer is, wil ons hier net aan twee van die bekendstes herinner. Dis Josef en Jona. Josef is uit die nederige staat van slaaf verhoog geword tot regeerder van Egipte. Die koning van Egipte was hier die handelende persoon. Dit was hy wat die slawebande verbreek het en die koningskroon van eer op Josef se hoof geplaas het. Hierby moet egter nie vergeet word nie, dat die sieleadel van Josef die aanleidende oorsaak tot sy verhoging was. By die tipe Jona word ons aandag op iets anders gevestig. Hier is dit 'n saak tussen God en mens. Jona is volstrek lydelik. Sonder goddelike optrede sou hy nooit uit die diepte van die see verlos geword het en verhoog om as profeet van God te gaan optree nie. Hierdie voorbeelde bring ons nou as vanself voor die vraag: Wie die handelende persoon is by die verhoging van Christus? Verhoging wil sê promosie. Nou weet ons dat promosie altyd uitgaan van 'n meerdere tot 'n mindere. Dis die werkgewer wat die werknemer verhoog. Die gedagte dat die verhoging van Christus van ons, sy nietige en onwaardige skepsels, uitgaan, moet dus nie eens in ons gedagtes opkom nie. By die verhoging van Josef was Farao, wat hom verhoog het, 'n voorbeeld van wat die Vader van onse Here Jesus aan Hom sou doen. En soos in die geval van Jona sou Jesus, nie net soos hy drie dae en drie nagte in die graf wees nie, maar ook op die derde dag daaruit verhoog word. Die verhoging van onse Here Jesus is dus 'n saak van die drie-enige God. So stel die heilige Skrif dit ook aan ons voor. Die Here Jesus het self, deur sy eie goddelike krag, die dood oorwin. Hy het die smarte van die dood ontbind, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word (Hand. 2:24). Ook die Heilige Gees kom voor as medewerker by die verhoging van Christus. Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely .... Hy wat wel doodgemaak is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees (1 Petr. 3:18). Hier bestaan die verhoging in die oorwinning van die dood. Wat die verhoging van Jesus deur die Vader betref, is dit genoeg om daaraan te herinner dat die regering van alle dinge in sy hande

oorgegee is. Ons sien Hom, naamlik Jesus, wat 'n weinig minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood, met heerlijkheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak (Hebr. 2:9). Ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom —vol van genade en waarheid (Joh. 1:14). Ek herhaal — die verhoging van Christus is nie 'n werk van die mens of deur die mens nie. Dit is 'n verandering van staat wat deur God uitgevoer word.

Oor die aanleiding of beweegredes tot die verhoging van Christus is die Skrif baie duidelik. Onder ons mense kom soms waardige, maar dikwels ook onwaardige, ja, selfs sondige motiewe by verhoging voor. In die staatsdiens bv. het senioriteit (aantal diensjare) meer gewig as bekwaamheid of getrouheid. En 'n kykie agter die gordyne van die groot wêreld, insake die eretitel wat uitgedeel word en die Mammon-aanbidding wat daar in daglik kom, gee genoegsaam bewys watter dinge by verhoging in aanmerking geneem word. Maar God is heerlik en heilig, ook by die verhoging van Christus. Ook die oorsake van die verhoging van Jesus is aan ons geopenbaar. Allereers staan dit in verband met die *verhewenheid van sy afkoms*. Hy is nie net Prins uit die huis van Dawid nie, maar Seun van die lewende God. Sy verhoging *moet* geskied. Die Here het vir My gesê: U is my Seun. Vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My en Ek sal die nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting (Ps. 2). Toe hierdie verhewenheid van Jesus deur die hosannas van die skare by sy intog in Jerusalem, erken is en die Fariseërs Hom versoek het om dit te belet, het Hy geantwoord: As hulle swyg, sal die klippe uitroep! As verdere aanleiding tot sy verhoging moet in aanmerking kom die groot werk *om versoening te bewerkstellig* tussen God en mens. Hierdie taak, wat alleen deur die kruisdood heen kon geskied, het Jesus vrywillig op Hom geneem. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom; in die boekrol is dit My voorgeskrywe. Ek het lus, o my God, om u welbehag te doen (Ps. 40). Ten nouste aan hierdie oorsaak van verhoging is verbind *die wyse waarop Jesus die taak wat Hy onderneem het, ook ten uitvoer gebring het*. En hier staan Hy voor ons as die Man van smarte. Die Vader getuig: Weens die moeitevolle arbeid van sy siel sal Hy dit sien en versadig word .... Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes en met magtiges sal Hy buit verdeel (Jes. 53). Dit is die vernaamste oorsaak, ja, die middelpunt van die oorsake, waarom Jesus verhoog geword is en tot in der ewigheid verhoog sal word. Laat ek net hierdie paar verse afskrywe: Hy wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en in die gelykheid van mense te kom; en in die gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood, ja, die dood van die kruis. *Daarom het God Hom ook uitermate verhoog* en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie .... (Filipp. 2:6 vv.).

Laat ons nou ondersoek doen hoe die verhoging van Christus geskied en waarin dit bestaan. In hierdie ondersoek wil ons die voetspoor volg van die godsalige Ursinus, skrywer van ons bekende Heidelbergse Kategismus. Niemand het dit ooit op eenvoudiger en duideliker wyse gedoen as hy nie. En hy self het dit ook weer gedoen op die voetspoor van die Twaalf Artikels en van Gods Woord.

Uit die dae toe die geagte leser nog op die katkisasiebanke gesit het, sal hy onthou hoe hom geleer is dat die verhoging van Christus uit vier trappe bestaan:

1. Sy opstanding uit die graf.
2. Die hemelvaart.
3. Christus se sitting aan die regterhand van God.
4. Sy wederkoms ten oordeel.

"Trappe" is nie 'n Bybelse woord nie, en dis nodig om 'n paar begrippe wat misleidend kan wees, te voorkom. Ten eerste moet onthou word dat 'n trap, in stoflike sin, alleen 'n middel is om op 'n sport hoër te kom. By die verhoging van Christus is daar bepaald ook klimming, maar die "trap" is nie 'n middel nie, maar klimming in die verhoging self. Veral

moet gewaak word teen die gedagte dat ons hier te doen het met 'n verhoging van die menslike tot die goddelike. Die Here Jesus word nooit iets anders nie. In die hele verhoging bly Hy die Godmens. By sy opstanding uit die graf — eerste trap van verhoging — word Jesus nie iets anders, iets meer as wat Hy vantevore was nie, maar Hy ontvang nou *eer* in plaas van vernedering. Hy word deur engele bedien en die aarde beëf voor Hom. En, wat Homself aangaan, die tyd waarin Hy Homself ontledig het, is verby. Hy tree op as Held wat dood en graf oorwin. Hier begin Hy met die uitoefening van sy majesteit, wat sal eindig by sy regspraak in die voleinding. Toe het die Here wakker geword soos een wat slaap, soos 'n held wat oorweldig was deur die wyn; en Hy het sy teenstanders van agter geslaan, Hy het hulle 'n ewige smaadheid aangedoen (Ps. 78). Dis die oomblik waarin in vervulling begin te gaan die profetiese gesig van Jesaja (63:1). Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Ek is dit wat geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus (1 Kor. 15).

En die navolger van die groot Oorwinnaar oor die dood, wat nie net glo nie, maar deur die geloof ook deel het aan die oorwinning, getuig: Deur sy opstanding het Hy die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig sou kan maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het. Ten tweede word ons ook deur sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding.

Vervolgens was die *hemelvaart* van Christus 'n verhoging vir Hom. Sy koms na die aarde toe, sy geboorte en omwandeling was 'n vernedering. Maar nou sien ons Hom soos 'n generaal wat, nadat hy die vyand 'n verpletterende neerlaag besorg het, met glorie en eer terugkeer na sy hoofstad toe. Daarom vind ons ook engele teenwoordig by die hemelvaart. Ons lees ook van 'n wolk wat Hom verberg het vir die oë van hulle wat Hom nagestaar het. Hoogswaarskynlik nie 'n gewone wolk nie, maar 'n wolk van hemelse troongeeste. Hierdie vertrek van Jesus van die aarde af met sy sonde en smart na die hemel toe, waar die troon van God is, is *verhoging*. Maar ons moet dit reg verstaan. Dit het alleen betrekking op sy menslike natuur. Na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie. Aangaande hierdie heerlikheid van ons Hoof, Christus, bely ons: Dat Hy tans in die hemel voor die aangesig van sy Vader ons Voorspreker is. Ten tweede, dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het, dat Hy as die Hoof ons, sy lede, ook tot Hom sal neem. Ten derde, dat Hy ons sy Gees as teëpand stuur, deur wie se krag ons soek wat daarbo is aan die regterhand van God, en nie wat op die aarde is nie. Ons juig:

*U het omhoog gevaar vol eer;  
die kerker was u buit, o Heer,  
en gawes u beloning  
wat neerdaal op die mensekind;  
selfs wie opstandig is, die vind  
by U, o Heer, 'n woning.*

Toe Jesus deur sy hemelvaart in die hemel aangekom het, het Hy nie sommer elders daar gaan plek inneem nie. Hoewel die hemel van sy heerlikheid vervul is, was daar tog 'n besondere plek wat deur niemand anders as deur Hom alleen kon en mog ingeneem word nie. Dit is aan die regterhand van God. Dit is die plek van verhoging, van allerhoogste eer en mag. En, as uitdruklik bygevoeg word dat Christus daar *sit*, dan is dit nie om sy liggaamlike houding te kenne te gee nie, maar sy goddelike waardigheid. Aan sy volgelinge het Jesus net voor sy hemelvaart verklaar: "Aan My is *gegee* alle mag in hemel en op aarde." Die apostel Johannes wat in staat gestel was om iets van die heerlikheid van die verhoogde Heiland te sien (Openb. 1), skryf: "Toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie skrik nie; Ek is die eerste en die laaste, en die lewende; Ek was dood en kyk, Ek leef in alle ewigheid. En Ek het die sleutels van die doderyk en die dood." Die verhoging

van Christus deur sy hemelvaart het by hierdie trap ten einde geloop by sy aankoms in die hemel, maar sy heerlike regering duur voort tot die einde toe. En eers die einde, die finale oordeel, sal die kroon wees op hierdie werk. Want die aanbidding van die hemelinge is nie die verhoging van Christus nie, maar 'n gevolg van die verhoging. Die lotgevalle van hemel en aarde, van die miljoene en van die enkeling, is in sy hande. Deur Hom regeer die Vader alle dinge. In sy regering dink Hy steeds aan sy Christelike kerk. En dit is die enigste oorsaak waarom daar, nieteenstaande menslike ontrou en die woede van die hel, nog 'n Christelike kerk op aarde gevind word. Vanuit sy vaste woonplek giet Hy die hemelse gawes van die Heilige Gees in ons, sy lede, uit. Deur sy goddelike mag beskut en beskerm Hy ons teen alle vyande. Vandag en môre is die verhoogde Heiland besig met hierdie heerlike werk. Maar dit ontwikkel ook na 'n eindpunt toe. En by die voleinding van alle dinge voleindig ook die verhoging van Christus. Dan kom Hy op, die wolke van die hemel, en die oë van almal — ook die van hulle wat Hom deursteeke het — sal Hom sien. In sy verhoging word hy nou gesien as REGTER van hemel en aarde. Dit is ons blydschap en ons verwagting. Dit is ons troos — dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag, wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydschap en heerlijkheid sal neem. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat dit hoor, sê: Kom! Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou!

# DIE HEILIGE GEES

Ds. A. L. AUCAMP, B.A., B.D.

In hierdie artikel wil ek aan die hand van die Woord van God nagaan:

I. Wie en wat die Heilige Gees is (sy persoon).

II. Wat die werk van die Heilige Gees is.

## I. DIE PERSOON VAN DIE HEILIGE GEES

In die Apostoliese Geloofsbelydenis spreek die kerk uit: "Ek glo *in* die Heilige Gees." En volgens die Heidelbergse Kategismus beteken dit dat ons glo dat die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is.

Hierdie belydenis rus eniglik en alleen op die getuienisse van die Woord van God. Op grond van die openbaring van God in sy Woord glo ons dat die Heilige Gees die derde persoon is van die waaragtige en enige Godheid, dat Hy uitgaan van die Vader en die Seun, dat Hy saam met Hulle ewig is, eenswesens met en gelyk aan die Vader en die Seun, dat Hy deur altwee die ander persone van die goddelike drie-eenheid uitgestuur word in die harte van die uitverkorenes en dat Hy ons heilig tot die ewige lewe.

A. Dat die Heilige Gees 'n persoon is, soos die Vader en die Seun, blyk:

- (1) uit sy verskynings, want Hy het in sigbare vorm verskyn (Luk. 3:22; Hand. 2:3). 'n Hoedanigheid of 'n beweging van hart of gemoed het geen liggaamlike vorm nie en kan dit nie aanneem nie. Kwaliteite soos heiligheid, vroomheid, godsvrug en ander geestelike bewegings bestaan in die gees van die mens, maar het self geen sigbare gedaante of liggaamlike vorm nie. Die feit dat die Heilige Gees verskyn het, is bewys dat Hy nie 'n kwaliteit van God is nie, maar dat Hy 'n persoon is;
- (2) hieruit dat Hy *God* genoem word (2 Kor. 3:16; Hand. 5:3, 4). Gelowiges word genoem 'n tempel van *God*, en dan getuig die Skrif dat die *Gees* van God in hulle woon. En as Ananias en Saffira vir die Heilige Gees lieg, dan lieg hulle vir God;
- (3) hieruit dat ons gedoop word in die Naam, d.i. op die bevel, wil en gesag van die Heilige Gees, eweas op die van die Vader en die Seun (Matt. 28:19);
- (4) hieruit dat aan die Heilige Gees die eienskappe van 'n persoon in die Skrif toegeskrywe word, nl. dat Hy leer, in alle waarheid lei, troos, gawes uitdeel volgens sy wil, apostels roep en uitstuur en in hulle spreek. Hy voorspel toekomstige dinge en Hy bid. Dit is alles werksaamhede van 'n persoon.

B. Dat die Heilige Gees te onderskei is van die Vader en die Seun en anders as hierdie twee persone, is ook duidelik uit die Skrif:

- (1) Hy word 'n *ander* genoem as die Vader en die Seun (Joh. 14:16). Ek sal die Vader bid en Hy sal aan julle 'n ander Trooster stuur, nl. die Gees van die waarheid. Niemand is sy eie gees, net soos niemand sy eie vader of sy eie seun is nie.
- (2) Die Skrif sê dat die Heilige Gees gestuur word deur die Seun (Joh. 15:28) en deur die Vader (Joh. 14:26). Niemand word deur homself gestuur nie. Hy kan wel uit eie beweging kom, maar kan nie homself stuur nie.
- (3) Die Skrif skrywe aan die Heilige Gees sekere besondere eienskappe en sake toe wat nie aan die Vader of die Seun toegeskrywe word nie. Alleen Hy gaan uit van die Vader en die Seun; alleen Hy, en nie die Vader of die Seun nie, het verskyn in die gedaante van 'n duif en van verdeelde tonge soos van vuur; en daar word getuig dat Christus ontvang is van die Heilige Gees en nie van die Vader of die Seun nie. So is Hy dan 'n ander persoon as die Vader of die Seun en van beide te onderskei.

C. Dat die Heilige Gees waaragtige God is, gelyk aan die Vader en die Seun, bewys die volgende getuïenisse:

- (1) Hy word genoem die Gees van die Vader en van die Seun (1 Kor. 2:11, 12; Joh. 15:26), d.w.s. die wese van die Vader en die Seun is aan Hom meegedeel. En die wese van God Is één en ondeelbaar.
- (2) Alle eienskappe of hoedanighede van die goddelike Wese word in die Skrif aan die Heilige Gees toegeskrywe, soos ewigheid (Gen. 1:2), oneindigheid en alomteenwoordigheid (Rom. 8:9; 1 Kor. 3:16), almagtigheid (Ps. 33:6; Matt. 12:28; 1 Kor. 12:11), alwetendheid (1 Kor. 2:10), en nog ander eienskappe.
- (3) Deur die Skrif word dieselfde goddelike werke aan die Heilige Gees toegeskrywe as aan die Vader en die Seun, soos die werk van die skepping en onderhouding van alle dinge (Job 26:13; 33:4; Ps. 33:6) en die verrigting van wondere (Matt. 12:26; Hand. 2:4; 1 Kor. 12:4). Dit sal duideliker blyk wanneer ons die werk van die Heilige Gees bespreek.
- (4) Dieselfde goddelike eer word aan die Heilige Gees deur die Skrif gegee as aan die Vader en die Seun (Hand. 5:4; 1 Kor. 3:16; Matt. 23:19). Goddelike eer en hulde mag aan geen skepsel bewys word nie, maar moet God alleen toegebring word. Die gelykheid in eer wat die Heilige Gees toegebring word, is dus 'n sprekende bewys dat Hy van gelyke goddelikheid is as die Vader en die Seun. En aangesien God één is en ondeelbaar, is hieruit ook duidelik dat die Heilige Gees eenswesens is met die Vader en die Seun.

Mense vergeet so maklik dat die Heilige Gees God is. En tog is hierin so 'n ryke troos vir die gelowige. Deur die uitstorting van die Gees het Immanuel — God met ons — geword God in ons.

## **II. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES**

Wat die werk van die Heilige Gees betref, moet daar onderskei ons die werk van die Heilige Gees in werkinge op die Sy algemene werkinge val meer op die gebied van die natuur — die skepping, onderhouding en regering van alle dinge, terwyl sy besondere werkinge plaasvind op die gebied van die herskepping- en werkinge van genade of grasia is. Daarom onderskei ons die werk van die Heilige Gees in werking op die gebied van die skepping en ander werkinge op die gebied van die herskepping.

### **(a) DIE ALGEMENE WERK VAN DIE GEES IN DIE SKEPPING.**

Die heilige Skrif getuig dat die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun alle dinge geskape het. Toe God alles geskape het (Gen. 1:1) deur sy ewige Woord (Joh. 1:3) het die Gees van God op die waters geswewe (Gen. 1:2). Die Skrif getuig: "Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hul hele leër" (Ps. 33:6). In ooreenstemming hiermee getuig Job: "Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewendig" (Job 33:4). En lees maar in daardie pragtige lied van die skepping (Ps. 104) hoe die werke van God in die skepping besing word en dan daardie verrassende woord oor die werk van die Gees in die skepping en onderhouding: "U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut" (Ps. 104:30).

Volgens die getuïenis van die heilige Skrif is die Heilige Gees die bewerker van alle lewe, kragte en gawes in alle skepsels. Dit is die Heilige Gees wat die geskape dinge versier, die heelal orden, aan plant, dier en mens die lewe gee en die lewensvonk aanbring in die geskape heelal. Daar is geen krag, energie of lewe in die wye skepping van God nie, of dit is gewerk deur die Heilige Gees. Die Gees van die Here staan in die allernouste kontak met die skepping en die geskape dinge. Dit is die Gees van God wat die lewenskiem in die koringkorrel lê, die vrugbaarheid in die grond, deur die koesterende sonnehitte daaraan groeikrag verleen as dit besproei word, en wat uit die aarde die brood laat voortkom wat die hart van die mens versterk. Dit is die Gees van God wat voor ons oë die wonder voltrek van die groeiende wingerdstok en druïwetros en wat die

wyn laat voortkom wat die hart van die mens verheug. Dit is die Gees van God wat aan 'n suigeling die wondere krag en vermoë meedeel om te kan suig en só sy voedsel op te neem, sodat die heilige Skrif getuig dat God uit die mond van kinders en suigeling sterkte gegrondves het (Ps. 8:3).

Die werk van die Heilige Gees word kragtiger sigbaar in die mens wat die kroon van die skepping van God is. Die Heilige Gees het al die natuurlike gawes, kragte en werkinge van die mens geformeer en georden —die mens in wie se neusgate die asem van die lewe geblaas is. Die Heilige Gees gee aan die mens die wondere gawes van verstand, hart en wil, sy geestelike kragte en talente, om soos instrumente te wees waarmee die mens sy Skepper verheerlik. Alle besieling, kunstalent, sin en bekwaamheid vir wysheid en wetenskap, wysheid, verstand en wetenskap — alles word deur die Heilige Gees in die mens gewerk.

Die hemel en die aarde in hul oorspronklike toestand, die aarde en die water waarin die aarde beslote was, is deur die wil en die krag van God geskape. Hulle is nie geskape sonder sy Woord en Gees nie, maar deur sy Woord en Gees en sonder die Woord en die Gees van God het hulle geen bestaan nie (2 Petr. 3:5; Joh. 1:3; Hebr. 1:2; Kol. 1:15). Maar ook die *toebereiding* van die skepping geskied deur die Woord en die Gees van God, soos die skepping deur die Woord en die Gees bestaan. Van die begin af omvat die Gees van God die skepping. Hy sweef daaroor, soos 'n voël beskuttend, broeiend, opwekkend sweef oor sy nes (Deut. 32:11). In hierdie werksaamheid van die Gees van God is van die begin af gegee die *geestelike hand van die skepping aan God* .... Gods Gees laat in geestelike orde en ordening opkom, openbaar word, uitkom, sigbaar word al wat God werk deur sy krag, wat Hy spreek, roep deur sy Woord .... Die Gees van God het aan die wese van die skepping en die skepsels volgens die raad, die reg en die wetenskap van God, volgens sy veelvoudige verstand, vorm en gestalte, ordening, werking, openbaring gegee en dit onderskeidelik en georden uitgebring (Jes. 40:13, 14; 1 Kor. 2:10-16; Rom. 11:34-36). Die Gees van God is die Gees van die vervulling wat die skepping van sy aanvang bring tot sy voleinding . . . . Die Gees van God werk in die skepping van God nie slegs van buite af op die dinge nie, maar ook van binne af uit. Hy werk en orden die wese van die dinge. Hy open innerlik hul wese wat Hy bewerk en besit, en Hy ontsluit en rig daardie wese na buite. So is die werk van die Gees van God allereers 'n inwerkende werking en 'n inwerkende bewerking van 'n ingewrogte werk wat Hy daarna oopmaak en uitwerk . . . . (J. C. Sikkels: *Het Boek der Geboorten*, pp. 60, 61.)

Hierdie algemene werking van die Heilige Gees in die skepping' en die skepsels is 'n openbaring van Gods guns en goedheid oor die werke van sy hande na sy ewige welbehag. Tot op 'n sekere hoogte kan dit na die sondeval genoem word 'n werking van genade, omdat God daardeur sy skepping handhaaf teenoor die aanval van die satan. Dog slegs tot op 'n sekere hoogte. Want ná die koms van die sonde hou die Heilige Gees ook die duiwels en goddelose vyande van God in stand, begiftig hulle met kragte en vermoëns en laat Hy na buite tree en openbaar word wat in hulle is. Hierdie werking van die Heilige Gees ten opsigte van en in duiwels en goddelose mense kan moeilik 'n genadewerk genoem word. Die duiwels bv. besit ook die historiese geloof.

In Jak. 2:19 word getuig: Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook en hulle sidder. Hieruit blyk dat die algemene werking van die Heilige Gees ook in die hel by die duiwels teenwoordig is, want die Heilige Gees is werkmeester van *alle* geloof — ook van die historiese geloof van die duiwels.

Maar hierdie algemene werking van die Heilige Gees in die duiwels kan seker nie 'n werking van genade genoem word nie. Daarom is dit miskien beter om te onderskei tussen 'n *algemene* en 'n *besondere* werking van die Heilige Gees, as tussen 'n algemene en besondere *genade*. Want die algemene werking van die Gees in die skepping en die skepsels is ná die sondeval nie alleen genade en goedheid en guns nie, maar ook oordeel, toorn en verbolgenheid.

Vind ons, volgens die getuigenis van die Woord van God, die algemene werking van die Gees van God in die skepping en die skepsels, ons vind:



(b) DIE BESONDERE WERKING VAN DIE GEES IN DIE HERSKEPPING.

Hierdie besondere werkinge van die Gees in die herskepping is bepaald *werkinge van genade of grasia*.

Deur die sonde het die herskepping noodsaaklik geword, want die sonde het die oorspronklike skepping as 't ware uit sy voeë gelig en van God vervreem. En in die werk van die herskepping tree die Heilige Gees op met sy besondere genadewerking. Tot hierdie besondere genadewerkinge behoort:

(i) *Die Werk van die Heilige Gees in die Vleeswording van die Ewige Woord.*

Die Heilige Gees was werksaam in die voorbereiding van die liggaam van Jesus. Hebr. 10:5: "Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei." Vir Maria is gesê: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu" (Luk. 1:35). Die voorbereiding van die liggaam van Christus was 'n goddelike werk van die Gees. In hoofsaak was die werk van die Heilige Gees in hierdie verband die skepping van 'n nuwe Persoon, 'n mens sonder sonde, afgeskeie van die sondaars. Sy werk was egter nie beperk tot die vleeswording nie, maar die Heilige Gees was ook werksaam in die ontwikkeling van die natuur van Christus, in die wyding tot sy amp, in sy vernedering, opstanding en verhoging en sal werksaam wees in sy wederkoms.

Hy het ook meegewerk in die verrigting en volbrenging van die middelaarswerk van Jesus Christus. Ook dit het geskied onder die leiding van die Heilige Gees. Van Hom (Jesus) het die profeet Jesaja voorsê: "Die Gees van die Here Here is op my, omdat die Here my gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die sagmoediges" (Jes. 61:1). Vir Jesus in sy optrede was nodig die salwing van die Heilige Gees. Hy is met die Heilige Gees gesalf tot ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer (Kategismus, vraag 31). In Luk. 4:1 lees ons dat Hy vol was van die Heilige Gees. Deur die krag van die Heilige Gees het Hy wondere gedoen, die volk geleer en onderrig deur middel van gelykenisse. Hy gaan weg met die belofte van 'n Trooster aan sy dissipels, maar ook wat die wêreld sal oortuig van sonde, van geregtigheid en van oordeel.

(ii) *Die uitstorting van die Heilige Gees.*

Op Pinksterdag is die Heilige Gees uitgestort. Die heilsfeit van Pinksterdag is nie so goed bekend as die van Getsémané, Gólgota, die opstanding of die hemelvaart nie.

Insake die uitstorting word besware geopper: Hoe moet ons dit verstaan dat die Heilige Gees reeds voor die uitstorting werksaam was? Jes. 32:15: "Totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte." Eseg. 36:27: "En Ek sal my Gees in julle binneste gee." Sag. 12:10: "Maar oor die huis van Dawid en die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge." Joël 2:28: "En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees." En op al hierdie profesieë het Jesus self die goddelike stempel geplaas — Joh. 14:16: "En Ek sal die Vader bid en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly." Joh. 15:26: "Maar as die Trooster gekom het, wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig." Luk. 24:49: "En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte."

Nieteenstaande die beloftes van die uitgieting van die Heilige Gees was die werking van die Heilige Gees al van die begin af. Jesus self het op sy dissipels geblaas nog voor die uitstorting en gesê: "Ontvang die Heilige Gees." Ons moet bedink, die Heilige Gees is waaragtige en ewige God en as sodanig kan Hy nie tot die uitstorting en daarna beperk word nie. Hy is ten alle tye op alle plekke. Jesus het na die hemel gevaar; Hy het sy Trooster gegee; en deur die Trooster wyk Hy na sy Godheid, majesteit en Gees nie van ons nie. Ná sy uitstorting in kerk en gelowiges het Hy hulle gemaak tot 'n geheiligde priesterdom.

Die Heilige Gees maak woning in die hart van die mens. Ná sy uitstorting het Hy gekom in volle stroom. Dan bestaan die mistieke unie tussen Christus en sy volk soveel sterker.

Deur sy inwoning en toebereiding van die bruid, die kerk, sal Hy as die Vriend van die Bruidegom Hom eenmaal verheug oor die ontmoeting van bruid en Bruidegom. Hy laat die gelowiges, die kerk, staande bly in dag van nood en stryd, maar laat ook in verwagting roep: "Kom, Here Jesus! Kom gou!" Daarvoor die uitstorting. Die apostel skryf in die brief aan die Romeine; "Ons wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onself" (Rom. 8:23).

Hoor hoe sing die digter in die "Lied van die Sugtende Skepsel" (Rom. 8:19-27):

*En is ons swak en moedeloos,  
dan kom die Heil'ge Gees ons troos —  
Gods duif so hoog van vlug,  
het diep gedaal om saam te smeek,  
in donker dal saam uit te breek,  
in diepe bidgesug.*

*En God wat in die hart kan lees,  
die ken die sugstem van die Gees,  
en neig in guns sy oor;  
en het die Gees met regte bee  
vir ons by God weer ingetree,  
dan 's ons gebed verhoor.*

As ons skryf oor die uitstorting self, dan moet ons daarop wys dat dit gebeur het met drie tekens: (a) geluid soos van 'n rukwind, (b) tonge soos van vuur, en (c) ander tale. Die eerste twee gaan aan die uitstorting vooraf, die laaste het daarop gevolg. Hierdie tekens het werklik plaasgevind. Die Heilige Gees het gekom hoorbaar (geluid soos van 'n rukwind) en sigbaar (tonge van vuur). Die wind is die beweegkrag van die natirar wat die lugruim suiwer, en tonge soos van vuur word gesien omdat die Woord van die verheerlikte Christus, gedra en gespreek deur die Heilige Gees, soos 'n vuur sal louter, brand en gloei.

Ná die uitstorting volg die derde teken— die tale-wonder. Die apostels het gespreek in vreemde klanke, en tog is dit verstaan deur die menigte wat daar was, asof dit hul eie taal was. Dit is duidelik dat die Heilige Gees geheel beslag op hulle gelê het en veral op hul spraakorgane. Die klanke word aangedui deur 'n Griekse woord "glossai", tonge, tale. Die "glossai" staan teenoor die "logos," die rede, die verstand. In die woord word die gedagte beliggaam en in die onsondige toestand is die gedagte die uitstraling van die lig van die Heilige Gees. Hier het dus deurbreek die een magtige, reine taal van die gelowiges, geheel sonder enige verwarring van spraak as gevolg van die sonde. Hulle het gespreek soos die Heilige Gees dit ingegee het om te spreek.

(iii) *Die Besondere Genadewerking van die Heilige Gees in die Kerk.*

Die Heilige Gees is uitgestort in die kerk van die Here. Die eerste gesante in die pas geïnstitueerde kerk is gestuur en bekwaam deur die Gees. Hulle moes die evangelie van God uitdra deur woord en geskrif. Die woord is die kleed van die gedagte en die skrif is die van God gegewe middel om die woord te verduursaam en uit te dra, en hiervoor moes die apostels hê die Heilige Gees tot inspirasie, wederbaring en verligting. Hulle word genoem heilige apostels op grond van hul roeping en afsondering deur die Heilige Gees.

Die onsigbare kerk is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, besitter van die Heilige Gees. Aan die kerk gee die Here sy gawes. Die Heilige Gees deel hierdie gawes uit en lei hom in alle waarheid. In die kerk van die Here is die spesifieke taak van die Heilige Gees die toepassing van die volbragte offerande van Jesus Christus en die uitlegging van sy Woord. Die Heilige Gees is die almagtige en waaragtige Getuie. "Drie is dit wat getuig op die aarde. Die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenders" (1 Joh. 5:8). Hy is die Trooster of Parakleet. Hy spreek deur die heilige skrif en die uitlegging van getuienisse in die hart van die gelowiges. Deur Jesus is Hy aan sy kerk beloof as die Trooster, die Gees van waarheid,

wat die gelowiges in alle waarheid sal lei en van Jesus by hulle sal getuig om Hom te verheerlik. Jesus noem die Heilige Gees die Trooster, in Grieks "Parakletos"; van "para" wat beteken "by" en "kletos" is 'n "geroepene." Dit het dieselfde betekenis as die woord "advokaat" — "ad": "by"; en "voco": "ek roep." Advokaat, dus ook 'n "bygeroepene." Die Heilige Gees is die Parakletos om ons die verlossing uit ons ellende deur die bloed van Christus Jesus deelagtig te maak. Sonder die Heilige Gees sou die kerk dood wees. Net soos die liggaam sonder 'n gees dood is, so sou die werk sonder die Heilige Gees geen lewe hê nie.

*(iv) Die Besondere Genadewerking van die Heilige Gees in Persone.*

Ons bely "dat die Heilige Gees ook aan my gegee is, om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly."

So pas het ons probeer aantoon wat die Heilige Gees vir die kerk in sy geheel beteken. Ons moet onderskei tussen die kerk as geheel en sy lede in die besonder. Die kerk van Christus lê gereed in die besluit van die ewige God, gebore uit Gods ewige welbehag en deur vrymagtige uitverkiesing is sy gang en weg bepaal. Alles uit, deur en tot God.

In die mens as lidmaat van die kerk werk daar sedelike en geestelike werkinge, en die is geskik en gerig na die ordinansies van God. By God is daar een raad en gedagte, en dit is om aan die einde van die eeue, in die volheid van die tyd, 'n kerk te besit wat sy liefde kan verstaan en wederliefde kan gee om Hom daardeur te verheerlik. En hiertoe is die liefde van God uitgestort in ons harte deur die Heilige Gees. Van die drie persone van die goddelike drie-eenheid stel die Heilige Gees Hom die intiemste in kontak met die mens. Hy voleindig alle werk en laat dit die bestemming, nl. die verheerliking van God, bereik. Die Heilige Gees laat die ware lewe bloei en tot uiting kom; Hy neem alles van Jesus en deel dit mee, maak ons sy weldade deelagtig.

Die mens is geskape na die beeld van God: dit is in ware kennis, geregtigheid en heiligheid. Ná die sondeval het die genadewerking in die mens deur die Gees van God gekom, 'n wederbaring, herstelling, teregwyding. Deur die sonde is die menslike natuur bedorwe geword. Dit bring ons by die heilsorde wat in hoofstuk 29 behandel word.

Die genadewerking beweeg hom op die bedding van die genadeverbond en uitverkiesing. In Art. 22 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis lees ons: "Ons glo dat die Heilige Gees, om ons ware kennis van hierdie groot verborgenheid (die regverdigmaking deur die geloof) deelagtig te maak, in ons harte 'n opregte geloof laat ontvlam wat Jesus Christus met al sy verdienste omhels, Hom tot 'n eiendom maak en niks anders meer buite Hom soek nie." Die Skrif spreek van die "indringing" van die Heilige Gees in die mens.

'n Middel tot die herskeppingswerk is die heilige Skrif en middels tot bestendiging en onderhouding van die nuwe lewe is die Woord en Sakramente. Deur die heilige Skrif vloei Gods gedagtes ons toe. Dus vir die werk van herskepping, lewendmaking en heiligmaking gebruik die Gees die heilige Skrif wat deur Hom voorberei is, en daarvoor is die mense instrumente (2 Tim. 3:16). "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid" en die doel van Gees en Woord is: "Sodat die mens volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." Die Heilige Gees gebruik dus die heilige Skrif vir geloofswekking en geloofswerking. En dit langs die kanaal van die kerk van Jesus Christus. In die heilige Skrif beluister ons die regstreekse toespraak van God tot onse siel. Gods Woord is nie net 'n klank nie, maar ook 'n krag. Dis die ploegskaar wat die harde bodem van die siel omploeg. Agter die Woord is die drywende krag van God, die Heilige Gees. In die vervaardiging van die heilige Skrif was die Heilige Gees werksaam om die bedorwe mens te herskep tot 'n nuwe mens. En om 'n nuwe skepsel te word, daarvoor is nodig die ware saligmakende geloof. En dit is 'n gawe van God, die Heilige Gees.

Die werk van die Heilige Gees eindig egter nie by die heiligmaking nie. Die apostel Paulus skryf in 1 Kor. 13: "Die liefde vergaan nooit" (vers 8). En dan weer in vers 13: "En nou bly geloof, hoop en liefde — hierdie drie — maar die grootste hiervan is die liefde." In 1 Joh. 4:6 lees ons: "God is liefde." Geloof en hoop sal ophou, liefde bly

voortbestaan — ook in die hemel van saligheid. Uit God, die fontein van alle liefde, vloei die liefde ons toe. Vader, Seun en Heilige Gees het mekaar lief met 'n ewige liefde. Die liefde is aan ons geopenbaar in die Seun. Die eie werk van die Heilige Gees is om in elke siel in te gaan, die hart as 'n tempel te kies en daar woning te maak. So word die liefde in ons uitgestort. "Sy Gees getuig dan saam met ons gees dat ons kinders van God is" (Rom. 8:16).

In Hooglied word die tere liefde geskets waarmee Immanuel sy geliefde bemin. Die bruidegom en die bruid word saamgebind deur die liefde van die Heilige Gees. Dis ook hierdie liefde wat saamhang met die geloof in die gemeenskap van die heiliges. In die gemeenskap van die heiliges bely ons die inwoning van die Heilige Gees in die kerk van die Here en die werking in die hart van elke gelowige, maar ook dat die heiliges (gelowiges) deur die Heilige Gees gestel word tot 'n geestelike bondgenootskap. Dit bring mee die liefde en barmhartigheid jeens die arme (gemeenskap van goedere) en gemeenskap van gawes; ja, selfs die lyding van die liefde, sodat gesamentlik deur lyding tot heerlikheid gegaan word. Die liefde spoor aan tot volharding.

(v) *Sonde teen die Heilige Gees.*

Ons lees van die sonde teen die Heilige Gees in Matt. 12:30-32 en Mark. 3:28, 29. Baie skerp is Gods Woord oor hierdie sonde. "Bid nie vir die persoon nie." Uit die Skrif is dit duidelik dat hierdie bepaalde sonde nie deur die uitverkorenes begaan word nie. By hulle wat hierdie sonde doen, is nie sprake van 'n gebroke hart en verslae gees nie. Dis 'n sonde uit en deur die bose gees in die hart. Wat 'n oordeel oor sulke sondaars!

(vi) *Die Gebed.*

Die gelowige kind van God bid deur die werking van die Heilige Gees in die hart. Rom. 8:26: "En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge." Die ware aanbidding geskied in gees en waarheid, en in die Naam van Jesus Christus. Heel die gebed is 'n skepping van die Heilige Gees in die hart van die bidder. Behalwe die voorbidding van die Heilige Gees is daar ook die intrede van Jesus Christus by die Vader. Alle gebed van Gods kind is 'n gebed in die gemeenskap van die heilige Gees. Hoe voller die gemeenskap, hoe inniger die gebed.

As die Heilige Gees bid, dan is dit vir ons, sonder ons, hoewel in ons. As ons bid, dan bid Hy saam met ons en ons deur Hom. Vir die gebed van Gods kind is nodig insig in die rykdom van God se ontferming, besef van ons eie ellende en toevlug tot God met grootmaking van sy Naam.

Die kind van God sing:

*Ek geloof, met stille aanbidding,  
in die Heil'ge Gees wat my  
in my sondedood gewek het,  
my as Trooster leer en lei.  
Ek geloof 'n heil'ge eenheid,  
wêreldwyd in Christus één,  
wat sy roepstem sal vergader,  
deur die lange eeue heen.*

# DIE KERK

Ds. W. J. SNYMAN, B.A. (Teol. Drs.)

## 1. DIE WOORD "KERK".

(a) Ons Belydenis verstaan daaronder: 'n "heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo". Dus, die gelowiges as groot geheel, en wel "van die begin van die wêreld af .... tot aan die einde toe" (Ned. Geloofsbelydenis, Art. 27). In die volgende artikel word "kerk" egter gebruik vir gelowiges in plaaslike verband, deur ons gewoonlik "gemeente" genoem.

Die Heidelb. Kategismus vervang weer "kerk" deur "gemeente" (Sondag 21), en gebruik dan die woord "gemeente" vir al die gelowiges saam.

So ook die Kerkorde (Art. 1). Hier sien "gemeente" op die kerk as geheel, maar dan ook weer op 'n "plaaslike gemeente" (Artt. 4 en 5). In hierdie selfde artikel word die "plaaslike gemeente" ook "kerk" genoem, en word gespreek van kerke (Art. 4) in dieselfde sin as van gemeentes (Art. 5).

Hieruit is duidelik: Die onderskeiding dat "gemeente" 'n versameling sou wees van *versone* (gelowiges) en "kerk" 'n versameling van *gemeentes*, is nie juis nie.

Ewemin die onderskeiding dat "kerk" die gelowiges as groot geheel sou wees, en "gemeente" die gelowiges in plaaslike verband.

Kerk is die vergadering van gelowiges (a) as groot geheel, en (b) ook in plaaslike verband — net soos "gemeente".

In geen geval sien kerk op 'n versameling van gemeentes nie.

(b) "Kerk" is ook nie 'n samekoms *van mense* (gelowiges) sonder meer nie, maar 'n *samekoms met God*.

"Kerk" is afkomstig van die Griekse woordvorm *kuriakè*, wat beteken "die Here s'n", of "eiendom van die Here".

Noem ons die *gebou* waarin die gemeente saamkom "kerk", dan beteken kerk: "Die huis van die Here", en dan beteken ons samekoms in die "kerk" 'n samekoms met die Here.

In eintlike sin is egter die *gemeente* wat in die gebou saamkom, die "kerk". Hiermee word die gemeente dan beskryf as "die Here s'n", "die volk van sy eiendom" (1 Petr. 2:9), wat Hy gekoop het deur sy bloed (Kateg., Sondag 1). Daarom is Hy onse Here (Kuriós, Sondag 13), en ons sy eiendom ("Kuriakè", "kerk").

Dink ons verder daaraan dat die "vergadering van die gelowiges" self ook genoem word 'n *gebou van God* (1 Kor. 3:9), dan is die verband duidelik tussen die kerk en die tempel, die plek waar God gewoon het onder sy volk, en hulle met Hom saamgekom het. So is die kerk nou self die tempel, "die woning van God in die Gees" (Ef. 2:22).

Hoeseer "kerk" en "gemeente" dus ook dieselfde mag beteken, wil ons tog die woord "kerk" behou, omdat hierin tot uitdrukking kom: Die *samekoms* met God, wat ons tot sy *eiendom* gemaak het deur die bloed van Christus, en onder ons woon deur sy gees.

So is "kerk" dan (a) al die gelowiges saam, as gebou van God, maar ook (b) die gelowiges in hul samekoms, as samekoms met God.

(c) Kerk is nie alleen 'n saamvergadering *met* God nie, maar ook 'n saamvergadering *deur* God: deur God *saamgeroep*.

Ook hier sal die woord "kerk" vir homself spreek as ons weet dat waar die woorde „roep" en "roeping" voorkom in die Nuwe Testament, 'n vorm van dieselfde woord staan, wat by ons vertaal is met "gemeente" (kerk). Die oorspronklike is hier "Ekklesia", en as die apostel sy gemeentes toespreek as "geroepe heiliges" (Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2) dan gebruik hy net 'n ander vorm van dieselfde woord.

"Gemeente" lê nadruk op die gemeenskap van gelowiges.

"Kerk" lê nadruk op hul saamvergadering met God.

Die Nuwe Testamentiese woord "ekklesia" lê nadruk op hul sameroeping deur God.

Meer bepaald het die Grieke hierdie woord gebruik vir die vergadering van die volk, saamgeroep deur 'n gevolmagtigde bode.

So is die verband duidelik tussen Kerk en "prediking". Wat is predikant? Dit is om 'n boodskap te bring namens God. Hier is dit die evangelie, die "goeie boodskap" (Jes. 40:9), eers deur God self geopenbaar in die paradys, verkondig deur die aartsvaders en profete, afgebeeld in die skadudiens van Israel, en ten laaste vervul in Christus (Sondag VI). En so roep Christus nog deur sy boodskappers, die apostels, en in aansluiting aan hulle, deur sy predikers (2 Kor. 4:20).

Waar is die kerk? Waar God roep.

Sinds wanneer is daar 'n kerk en tot wanneer? Sinds God roep en solank God roep, d.i. van die begin van die wêreld af .... tot die einde toe (Matt. 16:18b).

Maar dan is ook duidelik dat die predikamp nog glad nie die kerk uitmaak nie (Luthers). Die boodskappers is nie die kerk nie, maar die geroepenes. Kerk is die "vergadering van gelowiges".

(d) Kerk is: *die volk van God*.

"Ekklesia" (gemeente, kerk) in die Nuwe Testament is vertaling van die O. Test. "kahal" (of "eda"): "vergadering". en wel: die vergadering van Israel (vg. Ex. 12, en deurgaans) as 'n vergadering (volk) van God.

Israel was "volk van God" omdat die Here onder hulle gewoon het, eers in die tabernakel ("tent van samekoms", vg. Ex. 27:21, en deurgaans), later in die tempel waar hulle met die Here moes vergader. Maar ook omdat die Here hulle in Abraham *geroep* het, en uit hom op wonderdadige wyse geformeer het. Daarom was hulle syne (Jes. 43:1; 44:2). As "volk van God" is hulle daardeur onderskei dat hulle die woorde van God gehad het (Rom. 3:2) deur sy profete; die diens van die versoening in die tempel met die priester, en geregeer is deur 'n koning, hulle van God gegee. Hulle was 'n "koninkryk van priesters", 'n heilige nasie vir die Here (Ex. 19:6).

In die kerk sien ons egter die vervulling van wat in Israel slegs skadu was. Daarom geld van die kerk met geestelike verdieping, dat die kerk is wat Israel was: *die volk van God* (1 Petr. 2:9 vg. Ex. 19:6).

Daar moet nog op gelet word dat Israel nie allens die volk van God *geword* het nie. Hulle was die volk van God van die aanvang af. Die geskiedenis toon veeleer hoe hulle *geword* het van 'n *vergadering* (Kahal) tot 'n *verstrooiing*, omdat hulle die Here verlaat het.

Maar ook in die Verstrooiing is hulle weer beeld van die Kerk soos dit versprei is oor die ganse aarde. Nou kan Israel nie meer vergader om die tempel nie, maar net nog in aparte samekomste. So ontstaan sinds die ballingskap die "sinagoges": niks anders as die openbaring van die kahal in die verstrooiing. Hulle eie samekomste noem die Christene egter kerke (ekklessia in die meervoud, o.a. Gal. 1:2), en gee daarmee te kenne dat hulle die ware voortsetting is van wat Israel was. Die kerk is die ware volk van God in die plek van Israel.

## **2. DIE EIENSAPPE VAN DIE KERK.**

"Volk van God" sê vir ons eers wat die kerk wesenlik is. So noem die apostel die kerk dan ook telkens "gemeente" (kerk) van God (Hand. 20:38; 1 Kor. 10:32; 11:16, 22 ens.) en versier dit met die heerlikste eienskappe: gemeente van heiliges (1 Kor. 14:4), heiliges (Ef. 1:1), in Christus Jesus (Fil. 1:1), geroepe heiliges (Rom. 1:7, 1 Kor. 1:7), heilige en gelowige broeders (Kol. 1:2), geliefdes van God (Rom. 1:7), liggaam van

Christus (Ef. 1:23, 4:16, Kol. 1:18, 24), bruid van Christus (Ef. 5:25-32, 2 Kor. 11:2 vg. Openb. 21:2), tempel van God (1 Kor. 3:9, Ef. 2:20, 21). Dit is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry (1 Petr. 2:9), en word deur ons bely as "'n heilige, algemene, Christelike Kerk".

### **(a) Die kerk is heilig.**

Die heiligheid van die kerk mag nie beperk word tot instellings, of tot 'n sekere stand ("geestelikheid"), soos die Roomse doen nie. Die kerk is die *volk* van God en daarom is die volk heilig. Die *vólk* is die klerus (= die erfdeel van die Here, 1 Petr. 5:3). Onder die heiligheid van die kerk verstaan ons dus: die heiligheid van sy lede.

Die heiligheid is ook nie 'n *ideaal* nie, wat die kerk moet word en nog nie is en moet nastrewe nie. Dit is 'n *eienskap*, d.w.s. iets wat sy lede *eie* is.

Dit is dus 'n (geestelike) werklikheid, wat ons *glo* en nie nog moet hoop nie.

Die heiligheid kom nie tot stand deur 'n uiterlike afsondering van die wêreld nie (Kol. 1:20-23), maar is deel van die gelowiges *in Christus*, wat hulle gewas en gereinig het deur sy bloed, en ook *in beginsel*, deur die inwoning van die Heilige Gees.

Ons het hier te doen met 'n *geestelike* werklikheid wat nie gesien nie en juis daarom geglo moet word.

Tog bly die heiligheid van die kerk nie in die onsigbare terug nie, maar word sigbaar, hoewel onvolmaak, in die bekering van die gelowige en sy vlug vir die bose.

### **(b) Die kerk is algemeen.**

Die woord "algemeen" beteken "wêreldomvattend". Die kerk is wêreldkerk.

Dit is ook 'n wesenlike eienskap van die "volk van God", dat dit nie tot 'n enkele volk beperk mag wees nie, maar al die volkere van die wêreld moet omvat (Matt. 28:19, Luk. 24:47). Die Belydenis gaan hier direk in teen die gedagte van 'n "volkskerk". By Israel het ons nie te doen met 'n volkskerk nie, maar met 'n kerkvolk wat slegs beeld was van die ware volk van God, wat alle volkere omvat.

Maar in hierdie belydenis van 'n wêreldkerk sit nog iets opgeslote: hoewel die volk van God, en derhalwe heilig, vorm die kerk tog nie 'n teenstelling met die wêreld nie. Die wêreld is die skepping van God. Daarom, al is die kerk met God verbonde, bly dit nogtans ook met die wêreld verbonde.

Deur die Roomse Kerk is hierdie "katolisiteit" van die kerk veruitwendig en gevind in die opperhoofdigheid van die pous, en in *oorheersing* van die wêreld. Deur die Skrif word dit gestel in Christus, aan wie alle mag gegee is in hemel en op aarde (Matt. 28:18) en in die roeping van sy kerk om as 'n lig en sout die ganse wêreld en elke gebied van die lewe te deurdring (Matt. 5:13–16).

### **(c) Die kerk is Christelik.**

Dit druk die verband uit tussen Christus en sy kerk.

Ook hier het ons te doen met 'n eienskap van die kerk, en nie met 'n ideaal nie: die verband tussen Christus en sy kerk is nie die los verband van ideaal en navolgers van die ideaal nie.

As eienskap van die kerk sê dit ook vir ons dat die kerk nie die verband moet tot stand bring tussen die gelowige en Christus nie. Daarom is dit ook nie reg om te spreek van 'n saligmakende kerk nie. Jesus is ons Saligmaker, en Hy alleen (Sondag 11). Die kerk is die gemeenskap van verlostes in Christus.

Christelik as eienskap druk uit die *eenheid* tussen Christus en sy kerk. Dit kom tot stand deur die Heilige Gees (Sondag 20). Die apostel spreek hiervan as 'n "groot verborgenheid" (Ef. 5:32). Die Here Jesus verklaar dit met die beeld van die wynstok en die ranke (Joh. 15:1 vv.). Op grond hiervan word die kerk genoem: die bruid van Christus, en: die liggaam van Christus.

Dit sê vir ons wat Christus vir sy kerk is, nl. die Hoof in wie hulle begrepe is, en in wie hulle besit: "die vergewing van sondes", en verwag: "die wederopstanding van die vlees, en 'n ewige lewe".

Christelik beskryf die kerk dus as 'n gemeenskap van *geloof* en van *hoop*.

Maar dit sê vir ons ook wat die kerk vir Christus is: die lede van Christus, sy organe deur wie Hy werk (1 Kor. 12:12–31). Daartoe is hulle die salwing van Christus (=die Gesalfde) deelagtig, en "deur die Gees gedoop tot een liggaam" (1 Kor. 12:13): Dit is wat plaasvind op Pinksterdag.

Hierdie salwing is tot onderlinge diens, om elkeen "sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend" (Sondag 21: gemeenskap van die heiliges) tot opbouing van die liggaam van Christus (Ef. 4:12): die kerk is nie alleen 'n gemeenskap van *geloof* en van *hoop* nie, maar ook van *liefde* (1 Kor. 13:13).

So is die "Christelike kerk" dan 'n "koninklike priesterdom, 'n heilige volk .... om te verkondig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Petr. 2:9).

Elke poging om hierdie amp van die gelowiges aan te tas, tas die kerk in sy Christelikheid aan.

#### **(d) Die kerk is een.**

Dit word deur die Apost. Geloofsbelydenis onderstel: "Ek glo 'n heilige, algemene, Christelike kerk," en deur die Ned. Geloofsbelydenis uitgespreek: "Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk . . . ."

Die eenheid kan gesien word soos dit voortvloei uit die *algemeenheid* van die kerk, nl., dat daar *net* één kerk kan wees. Daar is dan ook *net één* Middelaar tussen God en mense, die mens Jesus Christus (1 Tim. 2:5); so is daar net één kerk vir alle tye. En, soos Israel enig was onder die nasies van die wêreld, so kan die kerk as "volk van God" ook net een wees uit al die nasies van die wêreld.

Die eenheid kan ook gesien word soos dit voortvloei uit die *Christelikheid* van die kerk, en beskryf dan as eienskap die innerlike eenheid van die kerk. Dit is ook *eienskap* en nie ideaal nie. Die eenheid is iets wat bestaan, wel onsigbaar, maar as 'n geestelike werklikheid in Christus: sy liggaam. Die eenheid bestaan ook in die apostoliese Woord, waarop Christus sy gemeente bou (Matt. 16:18).

Kerkverband bring dus nie hierdie eenheid tot stand nie, maar bring 'n bestaande eenheid tot openbaring. Dit kan egter alleen op die gegewe grondslag van Gods Woord.

Hierdie eenheid is ook gegee in die woord "kerk" = "vergadering" (kahal). In "kerk" sit dus opgeslote die gedagte van "byeenbrenging", en wel in "een liggaam". Die middelmuur van skeiding is hier afgebreek tussen Israel en die nasies (Ef. 2:14 vv.) en alle skeidsmuur tussen mens en mens (Gal. 3:23; Kol. 3:11).

Hierdie eenheid in Christus staan teenoor die valse eenheidstrewe om al die nasies in een wêreldryk of sisteem saam te dwing; die Pinksterwonder teenoor Babel.

### **3. DIE KENTEKENS VAN DIE KERK.**

Die eienskappe sê *wat* die ware kerk is, die kenmerke *waar* die ware kerk is.

Hier moet onderskeid gemaak word tussen die dinge waaraan die kerk *gemerk* en die dinge waaraan hy *geken* kan word. Na die "merktekens om die ware kerk te ken" handel die Ned. Geloofsbelydenis (Art. 29) ook oor die "merktekens van die Christene". Dit is die wandel van die gelowiges. Die bestaan van die kerk word gemerk in die kragte en invloede wat daar uitgaan van die gelowiges op elke gebied. Hierdie kragte en invloede moet ook georganiseer word om elke lewensgebied vir Christus te verower. So word die kerk sigbaar in die (georganiseerde) aksie van die gelowiges. Die kerk laat hom merk as strydende kerk. Daar is egter "nog groot swakheid" in die gelowiges, waarteen hulle ook



moet stry. Daarom is die "merktekens van die Christene" nie genoeg om die ware kerk te ken nie.

Die ware kerk is:

**(a) waar die evangelie suiwer gepredik word.**

Die kerk kom alleen tot openbaring waar die Woord van God is. Die kerk kom alleen suiwer tot openbaring waar die Woord van God suiwer bedien word. Daarom is suiwer bediening van die evangelie die eerste en vernaamste kenmerk van die ware kerk.

Die Woord van God is vir ons onfeilbaar gegee in die Skrifte van die O. en N. Testament.

Die woord van God soos dit tot afsluiting gekom het in die apostoliese prediking sal uitmaak wat geglo moet word en wat nie, en wie gelowiges is en wie nie (Matt. 16:19; Joh. 20:23; Matt. 28:19). Hierop sal Christus sy gemeente bou (Matt. 16:18).

Om suiwer te wees is alle verdere prediking aan hierdie geopenbaarde Woord van God gebonde.

So is die gelowiges nie oorgelewer aan die amp (Rooms); die prediker is ook nie net mondstuk van die gemeente nie (Independentisme). Ook is die prediker en gelowiges nie onderling van mekaar afhanklik nie (Luthers), maar albei, prediker en gelowiges, is saam afhanklik van die Woord van God. Die prediker bring die Woord van God. Die gemeente het die mag om te oordeel of die prediking "eenvoudig volgens Gods Woord" is.

**(b) Waar die sakramente suiwer bedien word.**

Die sakramente word suiwer bedien as dit bedien word in Naam van die Insteller. Verder, as dit bedien word aan diegene vir wie dit ingestel is. Eindelik, as alleen die sakramente bedien word wat inderdaad ingestel is.

Die insteller is Christus. Dit word in die naam van Christus bedien, wanneer dit amptelik bedien word deur sy kerk, aan wie Christus dit toevertrou het, en daarom ook *in* die kerk.

Dit is ingestel alleen vir die gelowiges (Mark. 16:16).

Daar is net twee sakramente deur Christus ingestel: die Doop en die Nagmaal.

So teken die sakrament nie net die geestelike daad waardeur God die kerk in aansyn bring (Doop) en dit bewaar (Nagmaal) nie, maar bekragtig dit ook vir die gelowige.

Die Doop beseël die wedergeboorte, waardeur die kerk geestelik ontstaan.

Die Doop onderskei hom ook deur sy omvattendheid. Soos die volk van God deur Johannes die Doper afgesonder is van Israel na die vlees, so moet die apostels deur hul prediking en doop ook die volk van God afsonder uit alle volke (Matt. 16:16; Matt. 28:19): Die Doop teken die kerk af in sy wêreldwye omvang en omvat die gelowiges ook in hul geslagte (Hand. 2:39).

So vergader Christus sy kerk uit alle geslagte, volke, tale en nasies (Openb. 5:9; 7:9). Die Doop kenmerk die kerk as "algemene kerk".

Die Nagmaal kenmerk die kerk as liggaam van Christus in sy geestelike eenheid.

Met die instelling van die Nagmaal het Christus sy wil uitgespreek dat daar 'n onderlinge samelewing en 'n gereelde samekoms van gelowiges sal wees. Die Nagmaal taepaal die kerk in sy plaaslike afgrensing.

In verband met die Nagmaal ontstaan die plaaslike ampte van ouderlingskap, omdat die Nagmaal nie anders as onder toesig met stigting gevier kon word nie; en ook van die diakenskap, omdat die geestelike eenheid ook uiting moes vind in onderlinge steun. Hierby kom die bediening van die Woord as plaaslike amp in noue samehang met die ouderlingskap (1 Tim. 5:17), as die apostoliese amp verdwyn. Al drie hierdie ampte is oorspronklik opgeslote in die apostoliese: die predikamp (Hand. 6:4), die ouderlingamp (1 Petr. 5:1) en die diakenamp (Hand. 6:2).

### **(c) Waar die kerklike tug bedien word.**

Hoewel geen vereniging sonder dissipline kan bestaan nie, is die eienaardige van die kerklike tug dat dit 'n daad van Christus is deur die gemeente (Matt. 18:18). Hier is dan ook net sprake van die *bediening* daarvan. Dit kan alleen suiwer bedien word in samehang met die apostoliese woord (1 Kor. 5:3 vv.).

Hierdeur word die kerk gehandhaaf as 'n vergadering van ware gelowiges, en as sodanig gaan die toesig nie alleen oor die wandel van die gelowiges nie, maar ook oor die bediening van die Woord.

Ook dit is 'n uitdruklike verordening van Christus tot plaaslike organisasie (Matt. 18:17). Hierin wortel die amp van die ouderlingskap, en deur hierdie instelling is die suiwere bediening van Woord en sakramente enersyds, en die kerk as vergadering van gelowiges die beste gewaarborg.

Uit die suiwere bediening van die evangelie, die suiwere bediening van die sakramente en die kerklike tug kan "met sekerheid die ware kerk geken word, waarvan niemand hom mag afskei nie" (Art. 29, Ned. Geloofsb.) en waarby "iedereen skuldig is om hom te voeg" (Art. 28).

Dit is die kentekens deur Christus self ingestel.

## **4. VERSKILLENDE ASPEKTE.**

### **(a) Sigbaar en Onsigbaar.**

Onsigbaar is die kerk (a) soos dit rus in Gods ewige verkiesing, en soos die "Here alleen ken die wat syne is" (2 Tim. 2:19). (b) Soos dit sentraliseer om die hemelse heiligdom (Hebr. 12:22–24) waar Christus as Hoëpriester intree (Rom. 8:34). (c) Soos dit tot stand kom deur die verborge werkinge van die Heilige Gees. Dit is die "onsigbare kant" van die kerk, wat 'n beter uitdrukking is as "onsigbare kerk".

Hiervan moet dan onderskei word die "sigbare kant" van die kerk, soos dit uitkom in die ampte en bedieninge: die instituut.

Wat is die verband tussen die twee?

Nie so dat die "sigbare kerk" die "onsigbare" voortbring nie. Dan word die sigbare kerk 'n middel tot saligheid, en ons lidmaatskap noodsaaklik as *voorwaarde* tot saligheid. So wil die Roomse Kerk dit. Ons bely Christus as ons enigste Middelaar.

Egter ook nie so dat dit maar net daarop aankom om lidmaat te wees van die "onsigbare kerk", asof die uitwendige kerk iets bykomstigs is, en ook wel só of anders ingerig kan wees na omstandighede, of desnoods geheel kon ontbreek (Lutherse menings).

Lidmaatskap van die sigbare kerk is noodsaaklik — nie as *voorwaarde nie*, maar as *voorskrif* vir die gelowiges. Christus het verordineer dat die gelowiges hulle sal saam voeg, sy dood sal gedenk, ens. Dit na te laat is ongehoorsaamheid, wat nie 'n eienskap van die geloof is nie. Dit is noodsaaklik vir die welsyn van die geloof, om Christus hierin te gehoorsaam. Ook wat die inrigting van die sigbare kerk betref, moet gelet word op die voorskrifte van Christus.

### **(b) Organisasie (Instituut) en Organisme.**

Organisme: Die sigbaarwording van die kerk in die wandel van die gelowiges.

Organisasie: die sigbaarmaking deur die instelling van kerklike ampte.

Met die laaste, die instelling van die ampte en deur hom te voeg by die kerk waar dit bestaan, het die gelowige nog nie sy roeping vervul nie. Dit lê ook buite homself in die samehange van die lewe. Hier is ook organisasie nodig. So kan groepe van gelowiges hulle organiseer na leeftyd, geslag, of ook, met die oog op 'n bepaalde doel buite hulle self: Christelike onderwys, wetenskap, politiek, ens.

Hiervan moet onderskei word kerklike organisasie, waar die gelowiges doel het in hulself,

die versterking, toerusting, ens.

**(c) "Algemeen" en "plaaslik".**

Dit mag nie saamval met die van organisme-instituut nie, asof die enigste manier waarop die algemene kerk sigbaar word, net in die wandel van die gelowiges bestaan. Dit mag veral ook nie saamval met die eerste onderskeiding, asof die algemene kerk onsigbaar bly nie.

In Matt. 16:18 spreek Christus van die kerk in die algemeen, maar dan as georganiseer op die fondament van die Apostels. Die kerk het sy universele organisasie in die apostoliese woord. Dit bind alle gelowiges saam oor die ganse aarde. So 'n band is ook gegee in die doop, wat erken moet word, deur watter kerk dit ook al, op wettige wyse, bedien is.

In Matt. 18:17 spreek Christus van kerk as 'n plaaslike organisasie.

Die één "apostoliese kerk" kan alleen saamkom en saamleef in plaaslike verband. Die eerste is blywend geïnstitueer deur Christus self vir alle tye. Die laaste word geïnstitueer deur die gelowiges self volgens voorskrif van Christus.

**(d) "Waar" en "suiwer".**

Daar is net één ware kerk: die liggaam van Christus, gebou op die apostoliese fondament (vgl. Kol. 2:7: "gewortel en opgebou"). Maar gelowiges kan nooit sê dat hulle die enige ware kerk ter plaatse is nie, om die eenvoudige rede dat die kerk nog strydend is, en die volmaakte nog nie gekom het nie.

Daarom is daar plek vir meer kerke op een plek in verskillende kerkverband, in die verhouding: suiwerder — minder suiwer.

Die amp van die gelowige is om hom te voeg by die suiwerste, en dit nog meer te suiwer. Waar hierdie amp van die gelowige onderdruk word, is die kerk op valse spoor.

# DIE BELYDENISSKRIFTE VAN DIE KERK

Ds. J. V. COETZEE

'n Belydenisskrif is 'n geskrif waarin 'n kerk of groep van kerke uitspreek, wat hulle vir die waarheid hou volgens die Woord van God.

Die Here God het aan die gemeente die plig opgelê om te getuig, d.w.s. om te bely. Daartoe het Hy Homself geopenbaar en het Hy sy selfopenbaring tot ons laat kom in die heilige Skrif. Die gemeente mag met die Skrif nie maak soos die lui dienskneg van die gelykenis met die talent gemaak het toe hy dit gaan begrawe het nie, Inteendeel, God het aan die gemeente die roeping gegee om sy Woord te bewaar, uit te lê, te verkondig, toe te pas, te vertaal, te versprei, aan te prys en te verdedig. Die gemeente moet die waarheid van God, soos dit in die Skrif tot ons gekom het, uitroep en strydend stel teen die gedagtes van die vlees. Die wysheid van God (wat vir die vleeslike mense dwaasheid is) moet profeties uitgeroep en betuig word in die wêreld.

Die gemeente is deur die Here geroepe om altyd en orals die Woord van God te *bedien*. Die Woord word bedien as dit in die midde van die gemeente gepreek word; as dit in die sakramente uitgedeel en in die toepassing van die tug gehandhaaf word. Tot die bediening van die Woord in ruimer sin behoort ook dat dit in ons eie hart en lewe, in ons beroep en bedryf, in huis en werkplek, in wetenskap en kuns, in staat en maatskappy, in werke van barmhartigheid en sending, in alle lewenskringe uitgewerk, toegepas en tot heerskappy gebring word.

Die gemeente van Christus moet 'n pilaar en grondslag van die waarheid wees (1 Tim. 3:15). Dit beteken dat die gemeente 'n pilaar en fondament moet wees wat die waarheid hier op aarde teenoor die wêreld dra, handhaaf en bevestig. As dit vergeet en nagelaat word, dan versaak die gemeente sy roeping en ondermyn sy eie bestaan.

Sodra die kerk begin om sy roeping in hierdie opsig te vervul, kom daar gewoonlik stryd teen dwalinge wat hetsy buite, hetsy binne die kerk, die waarheid bekamp. Reeds in die apostoliese gemeente van die eerste eeu moes daar gestry word teen dwalinge wat òf in die Jodedom òf in die heidendom hul oorsprong had. En alle eeue deur moet die gemeente waaksaam wees om nie te strand op die rotse van die dwaling nie.

Teenoor die opkomende dwalinge is die gemeente dan genoodsaak om beslis en duidelik uit te spreek wat die waarheid is wat God in sy Woord aan hom toevertrou het. Hierdie taak verrig die kerk deur in kleiner of groter kerkvergaderinge bymekaar te kom (sinodes), en daar vas te stel wat op een of ander punt, volgens sy oortuiging, moet geld as goddelike waarheid en dus as leer van die kerk.

Die waarheid wat in die Skrif tot ons gekom het, lei dus as vanself, by elkeen wat die Woord van God glo en omhels, tot belydenis. Dit is die roeping van alle gelowiges om te bely. Dit is ook die drang van hul hart. Hulle glo, daarom spreek hulle. En 'n mens wat waarlik glo met sy hele hart en siel, kan nie anders as om te bely nie, d.w.s. getuienis af te lê van die waarheid van God wat hom vrygemaak het en van die hoop wat in hom is deur die bloed van Christus. Elke ware gelowige en elke ware kerk moet dus belydenisgelowige en belydeniskerk wees, omdat die Heilige Gees in die harte getuienis gee dat die Skrif die Woord van God is. Hoe fyner vorme die dwalinge aanneem, hoe meer word die gemeente verplig om homself met die grootste sorgvuldigheid rekenskap te gee van die inhoud van die waarheid van God wat hy bely, en in duidelike en ondubbelsinnige woorde uit te spreek wat hy glo. Die mondelinge belydenis gaan dus feitlik soos vanself oor, deur die drang van omstandighede, in die *geskrewe* belydenis (simbool of konfessie).

Van verskillende kante is daar beswaar gemaak teen die opstelling en handhawing van sodanige kerklike belydenis. Die Remonstrante bv. het beweer dat 'n konfessie in stryd is met die allenige gesag van die Skrif, dat dit die konsensies bind en onvry maak en die voortgang in kennis belemmer. Sommige kringe bestry wel nie prinsipieel die

formulering van 'n konfessie soos die Remonstrante nie, maar maak hulle skuldig aan geringskatting daarvan. Hulle argumenteer daarteen dat nadruk op 'n konfessie dan sou lei tot ortodoksisme, leerheiligheid en dorre verstandsgodsdiens sonder enige warmte. Hul slagspreuk is gewoonlik: dit kom nie aan op die leer nie, maar op die lewe. Hulle verdedig hulself met die onbybelse argument dat elkeen tog maar op sy eie geloof salig word, solank as hy maar godsaliglik lewe. En daarom moet alle nadruk op die laaste gelê word.

Maar hierdie teenwerpinge berus almal op misverstand. Konfessies dring nie die heilige Skrif terug nie, maar help juis om die Skrif te handhaaf en te beskerm teen individuele willekeur. Hulle rand nie die vryheid van die gewete aan nie, maar help juis om dit te steun teenoor allerlei dwaalgeeste wat probeer om die swak en onkundige mense te verlei. Hulle belemmer ook nie die Skrifondersoek en die voortgang in kennis nie, maar lei dit en hou dit in die regte spoor. Terwyl voorts 'n gesonde geestelike lewe alleen kan stoel op die wortel van regte en deugdelike godskennis. 'n Mens kan ook nie die onbekende liefhê nie. En die geloofsinhoud bepaal altyd die lewenshouding en lewensstyl.

### **DIE GESAG VAN DIE BELYDENISSKRIFTE.**

'n Belydenisskrif het geen goddelike gesag soos die heilige Skrif nie, maar alleen kerklike gesag. Dit het geen gesag buitekant of naas die Woord van God nie. Die heilige Skrif is alleen norm en reël van geloof en lewe en die Belydenis verdien alleen geloof omdat en in soverre dit met die heilige Skrif ooreenkom. Die Belydenisskrifte kan alleen 'n sekondêre norm wees, nie van die waarheid nie, maar van die leer, soos dit binne 'n sekere kerk aanvaar word, en daarom bindend vir almal wat in gemeenskap met daardie kerk wil lewe. Binne die kerk het die belydenis gesag as akkoord van gemeenskap, as uitdrukking van die geloof van die gemeente, wat die belydenis glo en handhaaf alleen op grond van die heilige Skrif.

Omdat die belydenis se gesag rus op die Skrif en dit hoogstens sekondêre (of afgeleide) gesag besit, neem ons dan ook aan dat die Belydenisskrifte hersien en getoets kan word aan die Skrif. So het die Geref. Kerke in Nederland dan ook in 1905 art. 36 van die Konfessie hersien en gewysig. Hierdie reg van hersiening en toetsing aan die Skrif kom egter nie somaar elke persoon toe nie, sodat hy van die Belydenisskrifte maar kan aanvaar wat hy wil en verwerp wat hy wil, maar staan by die kerk self, in wettige sinode vergader.

### **DIE DOEL VAN DIE BELYDENISSKRIFTE.**

Die Belydenisskrifte dien:

1. om vir en teenoor ongelowiges, bstryders van die waarheid en dwalendes openlik en publiek te getuig van die ware godsdiens;
2. om aan die nageslagte die regte leer van die Skrif suiwer oor te dra;
3. om eenheid te bewaar tussen die onderskeie gemeentes. By die gereformeerdes is die Belydenisskrifte die grondslag van die kerkverband en neem ons aan dat die eerste voorwaarde vir kerklike samelewing die eenheid van belydenis is. Vandaar dat die drie besondere Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerk dan ook die *drie formuliêre van enigheid* genoem word.

### **DIE BELYDENISSKRIFTE VAN DIE Geref. KERKE.**

Die Gereformeerde Kerke het die volgende twee groepe van Belydenisskrifte:

1. Die algemene Belydenisskrifte (kyk art. 9, Nederl. Geloofsbelydenis). Dit is die oudste belydenisse van die Christelike kerk. Al die Christelike kerke, ook die Rooms-Katolieke, aanvaar hulle as die uitdrukking van hul leer. En by alle verskeidenheid vorm hierdie belydenisse nog die band, hoe swak ook al, tussen die verskillende groepe van die Christelike kerk in die wêreld. Hierdie algemene Belydenisskrifte is die volgende drie:

- (a) Die apostoliese geloofsbelydenis of die Twaalf Artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof. (Kyk Kateg., vrae 23 en 24.) In sy huidige vorm word hierdie Belydenisskrif vir die eerste keer ongeveer in die jaar 500 aangetref. Dit het ongetwyfeld ontstaan uit die doopsformule en is 'n breër belydenis van die drie persone van die goddelike drie-eenheid en hul werk.
- (b) Die geloofsbelydenis van Nicea. Hierdie geloofsbelydenis is opgestel deur die eerste algemene konsilie (sinode) Nicea in die jaar 325 in die stryd teen die Ariane wat die godheid van Christus geloën het. Dit bevat 'n breër belydenis van die goddelike drie-eenheid as die Twaalf Artikels en was sinds die jaar 550 die algemeen geldende Belydenisskrif.
- (c) Die geloofsbelydenis van Athanasius. Hy was die groot teëstander van Arius, en hierdie stuk bevat die som van wat hy oor die drie-eenheid geleer het. Dit kan nie met sekerheid gesê word deur wie of wanneer hierdie Belydenisskrif opgestel is nie. In die geskiedenis word vir die eerste keer daarvan melding gemaak in die begin van die 6e eeu. Al is dit miskien nie deur Athanasius opgestel nie, die inhoud daarvan is eg Athanasiaans.

2. Die besondere gereformeerde Belydenisskrifte. Hierdie tweede groep van gereformeerde Belydenisskrifte noem ons gewoonlik die *drie formuliere van enigheid*. Hulle word aanvaar deur die Gereformeerde Kerke. Hulle is die volgende:

#### **A. Die Nederlandse Geloofsbelydenis.**

Hierdie Belydenisskrif is, met medewerking van ander persone, opgestel deur Guido de Bres, een van die leiers van die Kerkhervorming in die suidelike Nederlande.

In 1561 is hierdie stuk oor die muur van die kasteel van Doornik gewerp, waar Filips II toe juis vertoef het, om so aan die koning bekend te stel dat die gereformeerdes geen ketters en rebelle is nie. In 1562 het die eerste Nederlandse uitgawe verskyn. Sedert 1566, met die sinode van Antwerpen, is hierdie belydenis deur die Gereformeerde Kerke aanvaar, en op die bekende sinode van Dordrecht, 1618-1619, is die teks daarvan opnuut vasgestel.

In 37 artikels word hier belydenis gedoen van:

- (a) *God* (sy bestaan en wese, die kenmiddels, die drie-eenheid en sy werke), artt. 1-13.
- (b) Die mens (sy skepping, val, verkiesing en weeroprigting), artt. 14-17.
- (c) Die Middelaar (sy menswording, nature en voldoening), artt. 18-21.
- (d) Die verlossing (regverdigmaking, heiligmaking, voorbidding van Christus), artt. 22-26.
- (e) Kerk en sakramente, artt. 27-35.
- (f) Amp van die owerheid, art. 36.
- (g) Die laaste oordeel, art. 37.

#### **B. Die Heidelbergse Kategismus.**

Hierdie Belydenisskrif is in 1562 opgestel deur Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus, op las van Frederik III, die godvrugtige keurvors van die Paltz. Soos die Nederlandse Geloofsbelydenis opgestel is met die doel om tot die ongelowiges en dwalendes buitekant die kerk te getuig, so is die Heidelbergse Kategismus opgestel met die doel om die gelowiges en hul kinders in die kerk te leer en daarin tot mekaar te spreek.

Deur die sinode van Heidelberg goedgekeur, verskyn die Kategismus vir die eerste keer in 1563. Deur die vertaling van Datheen in Nederlands (1563) het dit in Nederland sy plek as kerklike leerboek verower, en sinds 1574 is dit deur die Nederlandse gereformeerde sinodes as Belydenisskrif aanvaar. Deur Holland het dit ook tot die kerk gekom aan die Kaap die Goeie Hoop en gebruik ons dit vandag nog. Die teks hiervan is

finaal deur die sinode van Dordrecht (1618-1619) vasgestel.

In 52 Sondagsafdelinge word belydenis gedoen van die enigste troos in lewe en sterwe en hoe 'n mens tot daardie troos kom, nl. deur kennis van die drie stukke van die ellende (Sondae 2-4), die verlossing (Sondae 5-31) en die dankbaarheid (Sondae 32-52).

### **C. Die Dordtse Leerreëls of die Vyf Artikels teen die Remonstrante.**

Hierdie Belydenisskrif is opgestel op die Dordtse sinode, 1618-1619, en gaan teen die dwalings van die Remonstrante. Die besondere doel is om die regsinnige leer te verklaar en die dwalings te bestry ten opsigte van:

- (a) die leer van die goddelike verkiesing en verwerping (hoofst. 1);
- (b) die leer van die versoeningsdood van Christus en van die verlossing van die mens daardeur (hoofst. 2);
- (c) die leer van die verdorwenheid van die mens (hoofstt. 3 en 4, §§ 1-5);
- (d) die leer van die vernuwung of wedergeboorte van die mens (hoofstt. 3 en 4, §§ 6-17);
- (e) die leer van die volharding van die heiliges (hoofst. 5).

Gewoonlik word hierdie Belydenisskrif deur sommige kerke verwaarloos, al hou hulle dit nog offisieel as 'n belydenis. Die gereformeerde gemeentes van Suid-Afrika lê in die leer sterk nadruk op hierdie belydenis en het op hierdie manier 'n eie, spesifieke tipe van leer en prediking ontwikkel wat hulle juis onderskei van kerke waarin hierdie Belydenisskrif verwaarloos word.

Die Metodisme, wat in Suid-Afrika vir meer as 'n halwe eeu hoogty gevier het, het hom swaar besondig aan verwaarlosing en geringskatting van die drie formuliere van enigheid. En daardeur het hy liberalisme en modernisme in die hand gewerk *en feitlik die leervryheid* op die troon geplaas. Hierdie boek is bedoel om die kosbare goud van die gereformeerde leer, soos saamgevat in ons Belydenisskrifte, weer te laat skitter en flonker. Mag die seën van die Here hierop rus en ons volk meer en meer verryk word met hierdie mooi skatte wat baie kosbaarder is as al die goud uit die myne van die Rand.

## DIE REGERING VAN DIE KERK

Ds. W. F. VENTER, B.A., B.D.

Onse Here God is 'n God van orde en dis sy welbehag dat alles in sy kerk ordelik sal toegaan, daarom het Hy ook bepaal dat sy kerk *geregeer* moet word. Die gesag waardeur die kerk geregeer word is eiesoortig, dis nl. nie die *wêreldlike* gesag waardeur die state geregeer word nie, maar *geestelike* gesag waarmee God sy kerk beklee het.

Oor die aard en oorsprong van die gesag in die kerk, en ook oor die vraag wat die kerk is, is in die verlede, en word vandag nog verskillend gedink, en as gevolg hiervan is verskillende stelsels van kerkregering opgebou. Waar die bedoeling van hierdie artikel is om 'n uiteensetting te gee van die Gereformeerde stelsel van kerkregering, sal dit nuttig wees om onself op hoogte te stel van die hoofpunte van die ander stelsels van kerkregering. Vooraf dus 'n kort woord oor elkeen van die volgende stelsels: die Roomse, die Lutherse, die Independentistiese en die Kollegialistiese stelsel.

1. *Die Roomse stelsel* is gebou op die grondslag van Rome se geloof in die legende dat die apostel Petrus die eerste biskop van Rome was. Uit hierdie geloof het Rome afgelei dat die Roomse Kerk die *enigste ware* kerk is — dus die *wêreldkerk*. Verder het Rome geleer dat elke pous die opvolger van die apostel Petrus is, en aangesien die apostel Petrus deur onse Here Jesus (so glo Rome op grond van Matt. 16:19) benoem was tot sy plaasvervanger op aarde, is elke pous eintlik die verteenwoordiger van Christus op aarde en as sodanig die draer van die kerklike gesag. Die pous besit dus die reg om alle kerklike ampsdraers te benoem, en die gesag wat hulle dra, ontvang hulle van die pous. Teenoor die priesterstand staan die leke (d.i. gewone lidmate); hulle het geen seggenskap in die regering van die kerk nie. Verder eien pous en priesterstand hulle toe seggenskap oor elke lewensterrein: godsdienstig en staatkundig en ook oor die terrein van wetenskap en kuns. Eindelik beskou die Roomse Kerk homself as heerser oor die staatsmag.

Die Roomse stelsel gaan teen die heilige Skrif in op twee uiters belangrike punte: ten eerste maak dit die pous hoof van die kerk terwyl die Skrif ons leer dat Christus die enigste Hoof Van sy kerk is; ten tweede deur sy onderskeiding van hoër en laer range in die kerklike ampte loën dit die beginsel dat die kerklike ampte gelykstaan.

2. *Die Lutherse stelsel*, in teenstelling met die voorgaande, leer dat die Here Christus die gesag oor sy kerk gelê het in die hand van die vors van die land; gevolglik gaan hierdie stelsel uit van die gedagte van *landskerke*. Elke land het sy nasionale kerk. Die magspreuk van hierdie stelsel lui: "Wie se land, die se godsdienst". So het dit in die geskiedenis gebeur dat eenselfde land onder hierdie vors Luthers was en onder sy opvolger Rooms geword het.

Uit hierdie stelsel het voortgevloei presies die teenoorgestelde gedagte as by die Roomse — waar laasgenoemde gemeen het dat die kerk *heerser(s)* oor die staat is, meen die Lutherse stelsel dat die kerk *dienaar(s)* van die staat is.

Onder die Lutherse stelsel word die kerkregering dan ook behartig deur die staat. Die owerheid stel nl. kerkbestuur aan, genoem "konsistories" en saamgestel uit godgeleerdes en regsgeleerdes. Ook wys die owerheid 'n "superintendent" aan vir elke distrik; hy is dan belas met toesig oor die gemeentes en predikante in daardie distrik.

Hierdie stelsel ken geen kerkraad nie, en die gemeente as sodanig het geen seggenskap in die kerkregering nie. Onder hierdie stelsel het die ampte so verwaarloos dat die diakenamp heeltemal verdwyn het. Ook word onder hierdie stelsel predikante nie beroep nie, maar deur die "konsistorie" aangestel om hier of daar te gaan arbeid. Dis miskien interessant om te weet dat dieselfde prosedure ook in die Wesleyaanse Kerk gevolg word.

Die Lutherse stelsel dwaal op hierdie uiters belangrike punt dat dit die kerk onderhorig



maak aan die staat. Ook bestaan daar by hierdie stelsel die groot gevaar dat gestreef kan word na *nasionale* Christelike kerke. En dat hierdie gevaar nie denkbeeldig is nie, word bewys deur die feit dat daar vandag in Duitsland gestreef word na nasionalisering van die Christendom — die strewe is na 'n *Duitse* Christendom.

3. Teenoor die voorgaande twee stelsels met *wêreldkerk* en *landskerk*, staan die *Independentistiese stelsel* wat uitgaan van die gedagte dat elke gemeente *absoluut selfstandig* is en los en onafhanklik bestaan van ander gemeentes van dieselfde belydenis en kerkinrigting. Sóver gaan hierdie leer dat daar op éénselfde plek twee gemeentes van dieselfde belydenis los en onafhanklik van mekaar kan bestaan, sonder enige verband of korrespondensie tussen mekaar.

Hierdie stelsel ken nie so iets as 'n *kerkverband* nie. Elke gemeente is absoluut vry om sy kerkinrigting en erediens te reël, al verskil dit ook van die van ander gemeentes van dieselfde belydenis. Wel hou die Independentistiese gemeentes "konferensies", maar hulle het geen gesag nie en hul besluite is nie bindend vir die gemeentes nie — hoogstens dien dit as adviese.

Volgens hierdie stelsel rus die kerkregering nie by die kerkraad nie maar by die *gemeente* self; die gemeente beslis by meerderheid van stemme in alle sake en die kerkraad is bloot net 'n uitvoerende komitee. Wat die *ampte* betref, ken die Independentente net die van ouderling (Elder) en diaken. Die ouderlinge is nie *regeerders* van die gemeente nie, maar *voorgangers*. Elke ouderling kan dan ook deur die gemeente tot leraar benoem word.

Ons beswaar teen die kerkinrigting van hierdie stelsel is tweeledig: dat dit die kerkverband loën en die ampte verwaarloos.

4. Baie skerp teenoor die voorgaande staan die *Kollegialistiese stelsel* deurdat dit *al* die klem laat val op die kerkverband en die betekenis van die plaaslike gemeente misken. Hierdie stelsel word so genoem omdat dit uitgaan van die gedagte dat die kerk 'n godsdienstige vereniging is wat ontstaan het deurdat 'n groep gelowiges 'n vereniging (=collegium) gestig het. Hierdie "vereniging" is versprei deur die lande met takke in elke distrik. Volgens hierdie beskouing is die kerk dus 'n groot genootskap en die plaaslike gemeentes is takke daarvan.

Die Kollegialistiese stelsel is gegrond op die beginsel van die *volkswil* — soos wat die *meerderheid* van die godsdienstige genootskap besluit oor die inrigting van die kerk, so moet dit geskied. Die vraag is hier nie in die eerste plek: wat sê Gods Woord nie, maar: wat is die nuttigste vir die godsdienstige genootskap (nl. die kerk).

Die inrigting en regering van die kerk berus volgens hierdie stelsel by die sinode of algemene kerkvergadering, wat by meerderheidsbesluit bepaal hoe die kerk ingerig en geregeer moet word en die gemeentes met hul kerkrade, wat eintlik maar takke van die groot genootskap is, is verplig om daarvolgens te handel.

Onder hierdie stelsel is dit moontlik om in één tyd hierdie vorm van kerkinrigting te hê en in 'n ander tyd 'n ander vorm, al na gelang die sinode of kerkvergadering besluit.

Hierdie stelsel dwaal ten eerste op die so uiters belangrike punt van *kerkbegrip*, nl. waar dit die kerk beskou as 'n vrye genootskap van godsdienstige mense en waar dit die volkswil as rigsgaander aanvaar. Ten tweede gaan hierdie stelsel feil waar dit die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes opoffer aan die genootskap-idee. So leer hierdie stelsel dat as 'n mens eenmaal lidmaat geword het, hy dan lidmaat van die kerk as geheel en nie van hierdie of daardie gemeente is nie. Mens hoef dus nie jou attestaat van een gemeente na 'n ander te laat gaan nie; mens is vanself lidmaat van elke gemeente omdat mens lidmaat van die kerk is.

5. Teenoor die genoemde vier stelsels staan die *Gereformeerde stelsel* van kerkregering. Een en ander beginsel van die gereformeerde kerkregering, in meerdere of mindere mate suiwer, word ook aangetref by hierdie of daardie van die genoemde stelsels, soos ons sal merk.

Die gereformeerde kerkregering gaan uit van die belydenis dat die kerk 'n *stigting van Christus* is en nie 'n genootskap van godsdienstige mense nie. Die kerk is die vergadering van ware gelowiges — dus vrug van *God* se werksaamheid. Kragtens *Gods verbond* is 'n mens lidmaat van die kerk en nie uit eie vrye keuse nie.

Vir hierdie kerk het ons Hoof self 'n inrigting bepaal in die Nuwe Testament, nl. die drie ampte van: bedienaar van die Woord, ouderling en diaken. Die *regering* van die kerk is opgedra aan die *ouderlinge*. (Let wel; Die leraar is *leer- en regeer*-ouderling.) Omdat die regeermag by die ouderlinge berus, word hierdie stelsel ook genoem die Presbiteriale stelsel (presbiter=ouderling).

Volgens hierdie stelsel berus die regeermag by die *kerkraad*. (Ons handel nie hier oor die vraag of die diakens ook by die kerkraad gereken word nie.) Die kerkraad word wel gekies in oorleg met die gemeente, maar tog is dit nie die uitvoerende komitee van die gemeente soos by die Independenten nie, maar dis die *instrument* van Christus waardeur Hy sy gemeente regeer.

Die tweede groot gedagte van die gereformeerde stelsel is dat elke gemeente 'n *selfstandige* openbaring van die liggaam van Christus is, en as sodanig outonoom (=selfstandig). Dis nie 'n tak van 'n groot genootskap soos by die Kollegialiste nie. Hierdie leerstelling is afgelei uit die Nuwe Testament waar slegs van *plaaslike gemeentes* melding gemaak word en nie van *landskerke* nie. As die apostel Paulus praat van die verskillende gemeentes in dieselfde landstreek, noem hy hulle nie die *kerk* van Galasië nie, maar *gemeentes* (of kerke). Vergelyk ook Rom. 16:4. Die Skrif reken dus met *selfstandig-bestaande plaaslike* gemeentes.

Die derde groot gedagte in die gereformeerde stelsel is dat al die gemeentes van dieselfde belydenis en kerkinrigting in *kerkverband* staan en oor gemeenskaplike sake *saam* beraadslaag. Hierdie beginsel word afgelei uit Hand. 15 waar ons lees van 'n *gesamentlike* vergadering van die apostels, die ouderlinge van Jerusalem en afgevaardigdes van die gemeente in Antiochië. Hoewel daar verskil is tussen hierdie vergadering en ons hedendaagse meerdere vergaderinge kan hierdie vergadering met reg die eerste *meerdere* vergadering van die kerke genoem word. Die verskillende selfstandige gemeentes behartig hul *plaaslike* belange onafhanklik van mekaar, en tog staan hulle nie los en onafhanklik van mekaar nie, maar word aan mekaar verbind deur die band van gemeenskaplike belydenis en kerkinrigting. Hierdie *kerkverband* kom tot openbaring in die *meerdere* vergaderings van die kerke van gereformeerde belydenis. Verskillende kerkrade kom dan saam in 'n klassis of sinode. So 'n klassis of sinode is dan nie 'n *hoër* bestuursliggaam (soos by die Kollegialiste) nie, maar 'n vergadering van 'n groep kerkrade om oor sake van gemeenskaplike aard te beraadslaag. 'n Klassis of sinode het dan ook alleen daárdie gesag wat deur die gesamentlike kerkrade aan hom *oorgedra* word. Dit word gewoonlik genoem *afgeleide* gesag, terwyl die gesag van die kerkraad *oorspronklike* gesag is (nl. waarmee Christus die gemeente bekleed). Die besluite van klassis of sinode is bindend vir die gemeentes — nie omdat hulle geneem is deur hoër gesag nie, maar omdat daardie gemeentes (deur middel van hul afgevaardigdes) *saamgewerk* het in die neem van daardie besluite. Ons kan die verskil tussen die, gereformeerde stelsel en die Kollegialistiese op hierdie punt verduidelik met twee beelde: volgens laasgenoemde begrip is die sinode die dam waaruit die water (kerklike gesag) gelei word in die beddings (kerkrade); volgens die gereformeerde begrip egter is die sinode (of klassis) die rivier wat sy water (kerklike gesag) kry deurdat spruite (kerkrade) dit aan hom oordra.

Tenslotte nog net die opmerking dat volgens die gereformeerde beskouing die drie ampte (leraar, ouderling en diaken) gelykwaardig is, d.w.s. die een is nie hoër as die ander, soos wat dit in die praktyk by die ander stelsels gesien word nie. Selfs die leraar is nie hoër as die ander lede van die kerkraad nie; hy is alleen maar "die eerste onder gelykes".

# DIE HEILSORDE

Ds. W. J. VAN DER MERWE —De Aar

## INLEIDING

Omdat hierdie artikel bedoel is om net 'n saaklike inhoud te gee van wat ons onder die HEILSORDE verstaan en die behandeling noodsaaklik kort moet wees, sal ons moet nalaat om 'n uiteensetting te gee van die heilsweldade soos die gedagtes ontwikkel het in die geskiedenis van die dogma.

Ons laat ook na om die opvattinge te skets van die heidense godsdienste in verband met hul leer van die *via salutis*; en tewens ook die ontwikkeling van die filosofiese begrip.

Ons kan ook nie die gedagtes behandel van die eerste Kerkvaders en van die Roomse kerk, en van die Middeleeue soos Bavinck dit so mooi in sy Dogmatiek doen nie.

Dit wil sê, ons bepaal ons net by die gereformeerde opvatting. Maar dan moet ons ook daarop wys dat daar selfs vandag nog onder gereformeerdes nie volkome ooreenstemming bestaan wat betref die orde van sommige weldade nie, hoewel wat die kardinale punte betref, almal dit eens is.

\* \* \* \*

Onder heilsorde verstaan ons die reeks weldade wat God aan die sondaar verleen deur aan hom verlossing te skenk.

In die gereformeerde dogmatiek word die woord "heilsorde" gebruik vir die pad waarlangs Christus ons deur die Heilige Gees in besit bring van die weldade wat Hy vir ons verwerf het.

Ons verstaan dus nie met die woord "heilsorde" die werk van God die Vader toe Hy in sy raad besluit het om ons te verkies nie; ons verstaan ook nie daaronder die werk van die Seun toe Hy met sy lyding en sterwe ons met God versoen het nie; maar ons verstaan daaronder die daad van die Heilige Gees —hoe Hy die werk van Christus aan ons toepas — ons in besit bring daarvan: dit aan ons siel eie maak.

Die "heilsorde" is dus 'n samevatting van al die weldade en al die geestelike seëninge wat Christus vir ons gee. En Hy doen dit deur die Heilige Gees. In die heilsorde val al die nadruk dus op die werk van die Heilige Gees — hoe Hy die seëninge van Christus in ons besit bring. Christus het die groot werk gedoen, en die Heilige Gees pas dit toe aan ons; bring ons daarmee in kontak; laat my siel ervaar dat dit *myne* is — die genade wat Christus vir my verwerf het.

Die werk van die Heilige Gees is dus om die verlossingswerk te voltooi, nl. die finale toepassing van die genade aan my siel.

En hierdie werk van die Heilige Gees is net so noodsaaklik as die werk van Jesus Christus. Want die mens is onmagtig om die werk te aanvaar as die Gees dit nie in sy hart bring nie. Dat Christus verlossing verwerf het, sou ons op aarde niks baat nie, as ons aan onself oorgelaat was om te sorg dat ons dit deelagtig word — as dit nie deur die Heilige Gees aan ons toegepas word nie. Ons is nie self in staat om ons iets toe te eien van die genade van Jesus Christus nie (Ef. 2:8).

Dat die werk van die Heilige Gees absoluut noodsaaklik is vir die toepassing van die genade aan ons siel word dikwels bestry, veral deur twee rigtings — die Pelagiane en die Antinomiane.

Die rigting wat Pelagius navolg, beweer dat die *mens self* in staat is om deur sy geloof en bekering die genade vir hom toe te eien wat Christus verwerf het. Hulle lê dus groot nadruk op die werk van die mens. Van homself hang die mens se hele saligheid af. Die werk van Christus is wel belangrik omdat dit daardeur moontlik geword het om salig te

word — maar of ons salig sal word, hang van onself af.

Teenoor hulle staan weer die Antinomiane op die ander uiterste, en leer die absolute waardeloosheid van die mens se werke. Christus het alles volbring, sê hulle, en daar is van ons kant niks nodig om te doen nie — selfs geen heiligmaking ook nie. 'n Gelowige kan maar gerus in allerlei sondes lewe, want dit doen niks af van sy saligheid nie. Christus het vir hom die wet vervul en nou is hy vry van die wet. Hy hoef hom dus nie te bekommer oor een van die gebooie van die wet nie. As hy dink dat hy nog gehoorsaamheid verplig is aan die wet — as hy dink dat sy werk nog in een of ander opsig iets aan sy saligheid toedoen of afdoen — dan rand hy net die volmaaktheid van die werk van Christus aan, en verander hy net weer die genadeverbond in die werkverbond.

Die laaste rigting ag dus die werk van Christus van die grootste belang en die eerste heg daar weer nie veel waarde aan nie.

Die twee rigtings staan dus vierkantig teenoor mekaar, en tog kom hulle maar tot dieselfde resultaat i.v.m. die werk van die Heilige Gees. Albei wil dit ontken.

Die Pelagiaan het geen behoefte aan die toepassing van die heil deur die Heilige Gees nie — want hy kan dit vir homself deelagtig maak. En net so min het die Antinomiaan daar behoefte aan, want wedergeboorte, bekering, heiligmaking en die weldade waarvan die Heilige Gees die werkmeester is, beskou hy as dinge van minder betekenis. "Christus vir ons" is vir hom genoeg. Met die regverdigmaking, meen hy, is hy die hele verlossing deelagtig. Dis nie noodsaaklik dat "Christus ook in ons" moet wees nie.

Hierdie dwalings moet vir ons 'n waarskuwing wees, want dit gaan oor die twee belangrike beginsels, die soewereiniteit van God en die verantwoordelikheid van die mens. Die heilige Skrif sê vir ons: God alleen is die oorsaak van ons saligheid, en alle roem is by ons uitgesluit (Ef. 2:8, 9). En tog is die mens ook self verantwoordelik. Hy is nie sommer maar net 'n voorwerp — 'n ding wat in verband met sy behoudenis lydelik of passief staan, net soos 'n stok en blok nie. Hy moet die weg bewandel wat na die hemel toe lei.

Dit is die twee beginsels wat gedurig by ons in botsing kom. En ons loop gevaar om òf aan die een òf aan die ander kant tekort te doen. Die dwalings waarsku ons juis daarvoor. Ons moet die beginsels albei handhaaf — al skyn dit vir ons verstand onverenigbaar—asof dit mekaar uitsluit. Die Skrif handhaaf albei met groot beslistheid en gee ons ook die nodige lig om dit te verstaan as ons stap vir stap wil let op die verskillende trappe van die heilsorde.

Die pad dan waarlangs ons aan die verlossingsweldade deelagtig gemaak word, onderskei hom in die volgende trappe:

Roeping,  
Wedergeboorte,  
Bekering,  
Geloof,  
Regverdigmaking, en  
Heiligmaking.

Dit is dan die stukke waaroor in hierdie artikel gehandel word.

Hierdie weldade van die Heilige Gees is verskillend van aard volgens ons verskillende behoeftes. Die sonde het ons eintlik in 'n dubbele ellende gebring. Dit het ons staat en ons toestand aangetas. Ten opsigte van ons *status* het dit ons skuldig gemaak, en t.o.v. ons *toestand* het dit ons bedorwe gemaak.

Deurdát ons nou skuldig staan, is ons voorwerpe van Gods toorn en van sy oordeel. En deur ons *toestand* bedorwe te maak, het dit die dood oor ons gebring.

As ons dan verlos word, dan moet die verlossing bestaan uit tweeërlei weldade:

- (a) Weldade wat ons staat betref, d.w.s. weldade wat vir ons versoening met God en 'n herstelling in sy guns sal bring. Hieronder val "regverdigmaking."
- (b) Weldade wat ons toestand betref, wat dus weer vir ons lewe bring, en die beeld van God in ons herstel. Al die ander weldade van die heilsorde val hieronder.

Die regverdigmaking is 'n weldaad wat ons status betref. Daardeur word ons vrygespreek van ons skuld, regverdig verklaar en ons word weer herstel in Gods guns. Van hierdie weldaad is nie net die Heilige Gees die outeur nie, maar God die Vader wat die hele goddelike wese verteenwoordig. Daarenteen is die inwendige roeping, die wedergeboorte, bekering, geloof en heiligmaking weldade wat ons toestand betref — ons innerlike en uiterlike gesteldheid waardeur ons verlos word van ons bedorwenheid, en die beeld van God weer in ons herstel word. Van hierdie weldade is die Heilige Gees die werkmeester.

Ons wil probeer om elkeen van hierdie leerstukke kortliks uiteen te sit.

### **DIE ROEPING**

Die roeping word onderskei in 'n *uitwendige* en *inwendige*. Die Skrif maak self die onderskeid. So lees ons in Matt. 22:14 van 'n "roep" in 'n algemene sin. Daar is dit dus die uitwendige roeping waardeur sondaars deur die evangelie geroep word en vermaan en uitgenooi om behoue te word.

In Rom. 8:30 word die woord "roep" gebruik in 'n besondere sin, wat net die uitverkorenes alleen geld — die deelagtigmaking van die geestelike weldade — en dit noem ons die *inwendige* roeping.

#### **WAT DIE UITWENDIGE ROEPING IS.**

Die uitwendige roeping is 'n vriendelike uitnodiging van God aan die sondaars om die verlossing te ontvang wat Jesus Christus verwerf het, Luk. 14:17; om behoue te word, Jes. 45:22; om te kom en te neem van die water van die lewe verniet, Openb. 22:7.

Die uitnodiging eis van die sondaar om dit gelowig aan te neem en te gehoorsaam en te volg. Wie dit nie doen nie, bring die toorn van God oor homself (Luk. 14:21).

Maar aan elkeen wat dit glo en aanneem, word die uitdruklike versekering gegee dat hy salig sal word (Mark. 16:15, 16; Hand. 16:31).

Die uitwendige roeping is dus 'n aanbod van genade en 'n bevel om te glo, en 'n versekering dat die wat glo, salig sal word.

#### **WIE WORD UITWENDIG GEROEP?**

Die roeping strek oor al die eindes van die aarde (Jes. 45:22). Die Here het aan sy kerk die opdrag gegee om die roepstem uit te dra (Mark. 16:15). Dit is egter nog nie volkome tot uitvoer gebring nie. En daarom kan ons sê dat alleen hulle aan wie die evangelie verkondig is, geroepe is.

#### **DIE INWENDIGE ROEPING.**

Die uitwendige roeping word inwendig as dit gepaard gaan met die kragdadige werking van die Heilige Gees, waardeur die hart geopen word vir die uitwendige roeping deur die Woord en dit ter harte geneem, geglo en gehoorsaam gevolg word soos beskrywe in die bekering van Lydia, die purperverkoopster (Hand. 16:14). Só word alleen die uitverkorenes geroep.

Daar is 'n groot verskil tussen die tweeërlei roeping. Die eerste kom tot *almal* wat die evangelie hoor; die tweede net tot die uitverkorenes. Die eerste geskied net deur die Woord; die laaste deur die Woord en die Gees. Die eerste is nie saligmakend nie; dis nie genoeg om die sondaar te laat kom en neem nie; die inwendige roeping wel.

Die inwendige roeping is egter nie ryker en voller as die uitwendige nie, want die inhoud van albei is dieselfde: die evangelie van God — die ryke en volle aanbod van genade

(Eseg. 33:11).

Onder die gereformeerde teoloë is daar soms heelwat verskil in opvatting oor die orde van sommige van die heilsweldade. Daar is bv. verskil oor die verhouding tussen roeping en wedergeboorte. Die een stel die wedergeboorte eerste en die ander weer die roeping eerste. Die verskil sou egter opgelos kon word as daar net duidelik gestel word wat 'n mens onder roeping en wedergeboorte verstaan.

As 'n mens onder roeping verstaan die herskeppende spreke van God in die siel van die sondaar, dan val dit saam met die wedergeboorte. Dan praat ons van roeping of wedergeboorte. Maar as ons dit opvat as die prediking van die Woord wat deur die Gees aan ons hart geheilig word — dan volg dit op die wedergeboorte.

## **WEDERGEBOORTE**

Van wedergeboorte word ook gepraat in tweeërlei sin — in engere en in ruimere sin. Deur wedergeboorte in engere sin word verstaan: die eerste inplanting van die nuwe lewe — die inlywing in Jesus Christus deur die geloof.

Die groot ellende wat die sonde vir ons teweeggebring het, is *die dood*, en daarom het ons 'n Saligmaker nodig wat nie deur die dood gebind kan word nie, d.w.s. wat weer daaruit sal opstaan, 'n Saligmaker dus, wat vir die mens gee wat hy oorspronklik gehad het maar deur die sonde verloor het. En dit gebeur dan deur die wedergeboorte in engere sin.

Onder wedergeboorte in ruimere sin verstaan ons die openbaarwording van die nuwe lewe.

Die wedergeboorte doen vir die mens net die omgekeerde van wat die sonde gedoen het. Die sonde het die *dood* gebring — wedergeboorte bring nuwe lewe. Die sonde het niks van wat tot die mens se wese behoort, vernietig nie, maar dit het die mens van Gods beeld beroof. Dit het alles bederf, oor alles die dood gebring. En nou bring die wedergeboorte ook weer niks nuuts in die mens by nie, maar dit gee net weer lewe aan wat dood was deur die sonde.

Die wedergeboorte is 'n oombliklike daad van die Heilige Gees, want die oorgang vanuit die dood na die lewe kan nie anders as oombliklik wees nie, al is daar wel voorbereidende werksaamhede van die Heilige Gees in die mens.

### **DIE WEDERGEBOORTE VAL NIE IN ONS BEWUSSYN NIE.**

Die wedergeboorte in engere sin word nie op só 'n manier in ons teweeggebring dat ons dit bemerk of dat ons daar bewus van is dat ons nou wedergebore word nie. Ons kan dit alleen ken deur sy openbaring. Die mens wat wedergebore is, weet dit miskien self nog nie eens nie. Daarom kan ons nie verwag dat iemand die dag en datum van sy wedergeboorte moet aanwys — soos die Metodisme en piëtisme en valse mistieke kringe dit wil nie. En daarom moet iemand ook nie beweer, of vrees, dat hy nie wedergebore is, as hy nie van 'n besondere ervaring kan praat wat sy wedergeboorte moet aandui nie.

Die wedergeboorte is by elke mens 'n wonderwerk, 'n werk waaraan die mens self niks kan doen nie. Net soos 'n kind by sy natuurlike geboorte geen seggenskap het nie — net so het hy ook by sy geestelike *wedergeboorte* geen sê nie. Hy kan dit self nie reël of tot niet maak nie. Daarom sê ons gereformeerde vaders dit is "onweerstandelik" — die mens kan dit nie teëstaan nie.

Hoewel daar oor sommige aspekte verskil van opvatting is, is daar oor die volgende sake tog heeltemal ooreenstemming, naamlik:

- (a) dat die Heilige Gees alleen die werkmeester van die wedergeboorte is;
- (b) dat die verkondiging van die evangelie op sigself dit nie kan teweegbring nie; en
- (c) dat die werking van die Heilige Gees in die wedergeboorte regstreeks is in die hart van die mens.

## BEKERING

Onder bekering verstaan ons die openbaring na buite van die wedergeborene: of die uiterlike verandering, die omdraai op die sondepad waarop die sondaar tot dusver gewandel het, weg van God af, sodat hy hom nou metterdaad omdraai en beweeg na God toe.

Kom ons by die vraag wie se werk die bekering is, dan is die Skrif baie duidelik: die bekering word van die mens *geëis* (Mark. 1:15; Hand. 17:30, ens.).

Verder leer die Skrif net so duidelik en beslis dat die mens van nature nie in staat is om hom te bekeer nie (Rom. 8:7). Wanneer die mens hom dus bekeer, dan gee God hom die genade daarvoor, nie alleen in die verandering van sy hart nie, maar ook dat die verandering openbaar word. Maar dan is dit tog die mens wat hom deur die genade van God bekeer. Die mens is hier dus nie lydelik soos in die wedergeboorte nie, maar hy is self aktief — hy tree self op en doen self iets.

Die genadegawes wat veral in die bekering werksaam is, is kennis van die ellende en geloof. Die eerste dryf van die sonde af weg en die laaste na Christus toe.

Die Metodiste heg min waarde aan bekerings wat nie in die oog lopend is nie, wat nie met baie angs en skrik en skokke gepaard gegaan het nie. Daarom beweer hulle dat daar vandag min mense bekeer word, omdat sulke plotselinge omkerings so seldsaam is. Hulle erken nie dat daar bekering kan plaasvind op 'n stil en sagte manier nie.

Maar dat die plotselinge bekerings wat met hoë gemoedsbewegings gepaard gaan, nie noodwendig 'n waarborg is van die egtheid van die bekering nie, bewys die gevalle van Kain en Judas.

Kennis van ellende verlos 'n mens nog nie van die ellende nie. Dit gee hom ook nie troos nie, maar net angs en skrik. Dit het alleen waarde in soverre as wat dit 'n mens uitdryf na Christus toe.

Baie gelowiges dink dat hulle minder sou twyfel aan hul genadestaat as hulle 'n meer kragtige bekering gehad het. Dit is egter ongegrond, want die ervaring leer ons dat die wat verbondmatig bekeer is, in die reël vaster word in hul geloof. ('n Verbondmatige bekering is by diegene wat van hul jeug af gehoorsaam bly aan Gods verbond, wat bewaar gebly het van 'n intense sondepad en dan op 'n stil en sagte manier tot bekering gekom het. Dit is nie so duidelik en in die oog lopend en gaan ook nie gepaard met so 'n diepte van gevoel van sonde en skuld en angs en vrees vir die hel nie. 'n Verbondmatige bekering is die reël in tye van gereelde kerklike lewe en van getroue en suiwere bediening van die Woord.) Sulke bekeerlinge word dus vaster in die geloof, omdat hulle van die begin af leer om hul hoop te bou op die suiwere fondament van Gods Woord: op die evangelie en die belofte van die verbond en minder op hul eie gevoelslewe.

Dit is ook nodig om te wys op die verband tussen wedergeboorte en bekering, omdat dit so dikwels vermeng word, 'n fout wat by die Metodiste veral voorkom. Hulle onderskei nie reg tussen die twee begrippe nie, en as hulle nog onderskei, dan stel hulle dit so dat die mens hom eers moet bekeer voordat hy deur God 'n nuwe mens gemaak word, voordat hy dus wedergebore kan word.

Maar die Skrif verklaar vir ons die begrippe baie mooi. In 1 Thess. 5:7 word die geestelike toestand van die onwedergebore sondaar vergelyk met 'n diep slaap, 'n slaap wat gelykstaan met die dood — dus 'n doodslaap. "Ontwaak jy wat slaap en staan op uit die dode." Uit so 'n slaap kan die mens nie wakker word nie, tensy hy wakker gemaak word deur God self. En as hy dan wakker is, dan volg eers die "opstaan."

Daardie "wakker gemaak word" is die wedergeboorte, en die "opstaan" is die bekering. En so sien ons die volgorde baie duidelik soos die twee met mekaar in verband staan, nl. eers ontwaak en dan opstaan, eers wedergeboorte en dan bekering. Die Metodiste leer dit net andersom — eers opstaan en dan wakker gemaak word.

## **DIE GELOOF**

Die nuwe lewe wat deur die wedergeboorte ingeplant is, openbaar homself in die hart en verstand van die wedergeborene as die "ware geloof."

Oor die "ware geloof" ondervra die leerling in Kategismus Sondag 7 sy leermeester.

In die Heilige Skrif word daar melding gemaak van vier soorte van geloof:

- (a) Die historiese geloof.
- (b) Die tydgeloof.
- (c) Die wondergeloof.
- (d) Die evangeliese, regverdigmakende, ware of saligmakende geloof.

### **(a) DIE HISTORIESE GELOOF.**

As daar in Kategismus Sondag 7 gevra word na die "ware geloof," word dit gedoen om dit te onderskei van die *historiese geloof*. Hierdie historiese geloof is nie die ware, saligmakende geloof nie.

Die heilige Skrif maak op verskillende plekke melding van hierdie soort geloof. As die apostel Paulus met sy verhoor vra aan koning Agrippa: "Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo," dan het ons te doen met 'n "historiese" geloof by Agrippa (Hand. 26:27). Agrippa is oortuig van die geskiedkundige waarheid van die profete en van die Ou Testament in die algemeen, en hy *sidder*, sodat hy vir Paulus sê: "Jy beweeg my byna om 'n Christen te word." Maar hierdie "geloof" by Agrippa was nie tot regverdigmaking en saligheid nie.

In Jakobus 2:19 sê die Skrif dat die duiwels ook hierdie historiese geloof deelagtig is. Die duiwels is nie ateïste en agnostieke nie. Hulle is nie "godlose" wesens in die sin van die godlose beweging van bolsjewistiese Rusland nie wat die bestaan van God ontken. Inteendeel, hulle glo dat God 'n enige God is, soos Hy Homself geopenbaar het. Hulle glo ook dat die Godsopenbaring seker en vas is en dat God is wat Hy geopenbaar het. Maar hul geloof laat hulle "sidder," sê Jakobus, omdat hulle nie glo dat God vir hulle barmhartig, genadig en vergewensgesind is nie. Hierdie geloof is 'n verstandelike oortuiging aangaande God, sy wil, werke en genade en dit gaan gepaard met enige gemoedswerking, maar hierdie gemoedsbeweging word deur die Skrif genoem "siddering."

### **(b) DIE TYDGELOOF.**

Die "ware of saligmakende" geloof word ook onderskei van die tydgeloof.

Van so 'n "tydgeloof" spreek die Here Jesus in die gelykenis van die saaiër: "En by wie dit op rotsagtige plekke gesaai is — dit is hy wat die Woord hoor en dit dadelik met blydschap aanneem; maar hy het geen wortel in homself nie — hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom terwille van die Woord, struikel hy dadelik" (Matt. 13:20, 21). Die tydgelowige hoor die Woord van die evangelie en ontvang dit met *blydschap*. Hy *verheug* hom daarin, maar dit is net vir 'n tyd. Die wortel van die saak is nie in hom nie.

Die tydgeloof is hierin te onderskei van die historiese geloof dat die laaste laat "sidder," terwyl die eerste "blydschap" oor die evangelie ken. Maar daardie "blydschap" is nie diep en blywend nie, maar oppervlakkig en tydelik. En daardie soort geloof is ook nie standhoudend nie. Dit struikel gou.

Die redes vir hierdie blydschap kan baie verskillend wees. Ursinus sê in sy aantekeninge op die Kategismus: "Die redes vir hierdie blydschap is ontelbaar. By die een mens is dit die een, by die ander weer 'n ander rede. Maar al daardie redes is tydelik en sodra hulle ophou, beswyk die geloof."

In die uitwendige, sigbare kerk bly die hipokriete of huigelaars tussen die ware gelowiges vermengd. Dit is meestal tydgelowiges. Sommige van hulle verbly hulself as hulle die



evangelie hoor, òf omdat dit vir hulle iets nuuts is, òf omdat dit lyk asof dit hulle in die gevlei kom, òf omdat hulle daarin 'n vrybrief soek om te sondig.

Só sal die leer van die Christelike vryheid bv. sekere mense in die gevlei kom wat vir vryheid wil veg, maar hulself tog nie aan die gesag van God en Christus wil onderwerp nie. En hulle sal die leer van die Christelike vryheid eensydig uitbuit en daarmee propaganda maak vir hul eie denkbearde. Maar as daar vir hulle gepreek word om hulle aan die gesag van God te onderwerp en te buig vir die Woord, dan struikel hulle.

Só is daar ook mense wat altyd graag Rom. 13 aanhaal omdat dit hulle in die gevlei kom.. Hulle maak graag daarmee propaganda vir hul politieke sentiment, solank hul eie party aan bewind van sake is. En as 'n mens hulle hoor, kan hy soms onder die indruk kom dat die hele Bybel net een hoofstuk bevat, nl. Rom. 13. Maar as daar nou 'n ander partyregering aan die bewind kom, dan swyg hulle oor Rom. 13, omdat dit hulle op die oomblik nie meer geleë is nie en dan struikel hulle daarvoor.

Dit is kenmerke van die tydgelooft as mense die evangelie met blydschap ontvang omdat dit hulle tydelik streel en dit skyn asof dit vir hul eie persoon gemak of voordeel meebring, of vir die staat rykdom, eer en roem. Maar wanneer hulle op die proef gestel word, blyk dit dat hul blydschap oor die evangelie maar 'n tydelike iets was en nie die ware blydschap oor die genade van God in Christus nie.

Die "historiese geloof" besit maar net 'n sekere kennis van die Woord van God. Die "tydgelooft" verbly homself ook in daardie kennis, maar dit is nie die ware "teologiese" blydschap nie, maar dit spruit uit "ontelbare redes" wat egter almal tydelik is.

#### **(c) DIE WONDERGELOOF.**

Die "ware" of saligmakende geloof word ook onderskei van die wondergeloof. Ursinus sê van die wondergeloof dat "dit 'n besondere gawe is om een of ander buitengewone werk te verrig of deur goddelike openbaring 'n bepaalde gebeurtenis te voorspel. Of: die vaste oortuiging aangaande 'n toekomstige wonderlike gebeurtenis waarna 'n mens verlang en waarvan hy sê dat dit sal plaasvind — 'n oortuiging deur goddelike openbaring of besondere belofte verleen."

Die heilige Skrif maak melding van die "wondergeloof." Judas het ook hierdie geloof gehad, saam met die ander apostels. Hy het, toe Jesus die apostels uitgestuur het, ook saamgegaan en wondere gedoen. Toe hulle teruggekom het, het hy ook getuig: "Here, ook die duiwels was aan my onderworpe in u Naam" (Luk. 10:17). Maar sy wondergeloof het hom nie gered nie.

Die Here Jesus lig vir ons ook die sluier op oor die toekoms van sulke wondergelowiges. Hy sê in Matt. 7:22 dat op die oordeelsdag baie mense vir Hom sal sê: "Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgewerp en in u Naam baie kragte gedoen nie?" En dan sal Hy vir hulle sê: "Gaan weg van My af, julle werkers van ongeregtigheid."

Paulus sê ook hiervan in 1 Kor. 13:2: "Al sou ek ál die geloof hê, sodat ek berge kon versit en die liefde nie hê nie, dan sou ek niks wees nie."

#### **(d) DIE SALIGMAKENDE GELOOF.**

Die evangeliese, regverdigmakende of saligmakende geloof word deur die Kategismus Sondag 7 as volg omskrywe: "Dit is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen terwille van die verdienste van Christus."

Dit is nie *alleen* 'n gewisse kennis nie, maar seker wel ook sodanige kennis. Want vir 'n leer wat 'n mens nie ken nie, bestaan daar ook geen geloof nie. Die soort geloof wat die Roomse kerk eis, nl. "Fides implicita" (ingewikkelde geloof) is onbestaanbaar.

Die ware geloof kom met die ander soorte geloof hierin ooreen dat dit 'n "gewisse kennis" is.

Maar die regverdigmakende geloof is meer as dit. Al sou ek ál die kennis besit sodat ek ál die geheimenisse weet, en ek sou die liefde nie hê nie, dan sou ek niks wees nie (1 Kor. 13:2).

Die regverdigmakende geloof is juis van die ander soorte "geloof" hierin te onderskei dat dit ook 'n *vaste vertrouwe* is wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk dat ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid uit loutere genade geskenk is terwille van Christus. Juis die vertrouwe op die genade van God in Christus onderskei die ware geloof van die ander soorte. Daarom word dit ook die "regverdigmakende" geloof genoem omdat dit 'n vaste vertrouwe is op al die heilsbeloftes wat God in Christus aan ons gegee het. En daarom is dit ook vrugdraend en standhoudend.

Historiese geloof laat sidder. Tydgeloof beswyk en hou nie stand nie. Maar die regverdigmakende geloof dra vrugte, volgens die wasdom wat God gee, en dit hou stand.

### **DIE WERKMEESTER.**

*Die Heilige Gees is, volgens die Kategismus, die Werkmeester van die ware geloof deur middel van die evangelie.*

Die Heilige Gees werk nie alleen die "ware" of regverdigmakende geloof nie, maar Hy is ook die werkende oorsaak van die historiese, die tyd- en die wondergeloof. Hy werk nie net in die kerk van Christus nie, maar ook in die wêreld. Hy werk ook in die hel, want die duiwels glo ook dat God 'n enige God is, en hulle sidder. Daardie historiese geloof wat in die duiwels is, het hulle nie uit hulself nie. Dit word in hulle gewerk deur die Heilige Gees. Ook die kennis wat duiwels en huigelaars en goddelose mense van God en sy werke het, word deur die Heilige Gees in hulle ontsteek. Daar is op aarde van nature geen volk van godloënaars nie. Geen nasie, hoe wild of barbaars ook, wat geen kennis van God het nie. En hierdie besef van God (*sensus divinitatis*) word in duiwels en mense gewerk deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees is Werkmeester van alle geloof, waar dit ook al aangetref word, sodat met reg kan gesê word dat daar geen enkele mens of duiwel is wat sonder enige geloof is nie. Selfs die grootste vyande van God (en wie is heftiger vyande van God as die duiwels?) *glo* dat God 'n enige God is. En hierdie geloof word gewerk deur die Heilige Gees, sodat alle pleit op onskuld die mense ontnem kan word.

Maar — en hierop val die nadruk — die Heilige Gees werk hierdie ander soorte van geloof deur 'n *algemene* goddelike werking en op *algemene manier*. Hy werk nie só dat Hy hulle wederbaar of regverdig maak nie, soos in die uitverkorenes. Sy algemene werking in hulle is nie tot saligheid nie. Maar die ware geloof word in die uitverkorenes gewerk en tot stand gebring deur 'n *besondere werking* van die Heilige Gees op *besondere manier*. Die ware geloof ontstaan deur 'n *genadewerking* van die Gees. Dit kom tot stand deur 'n *besondere genadedaad* van die Gees op 'n *besondere manier* in *besondere persone*. Die algemene werking van die Gees in mense, duiwels en ander skepsels kan nie juis 'n genadewerking genoem word nie, soos hieruit blyk dat dit ook in die hel in die duiwels aanwesig is. Maar die besondere werking van die Gees waardeur Hy die ware of regverdigmakende geloof in die besondere persone werk, is bepaald 'n *werking van genade* of *grasie*. En dit strek ook om in daardie besondere persone die genade van God in Christus tot stand te bring.

Die Heilige Gees verrig hierdie besondere werking in die uitverkorenes deur die prediking van die evangelie. Die Gees van God kom met sy besondere genadewerking tot die uitverkorenes in die prediking van die Woord. Ons ontvang die Gees van God nie uit die werke van die wet nie, maar uit die prediking van die geloof (Gal. 3:2).

Deur hierdie vaste vertrouwe is ek in God gerus en stel ek dit seker vas dat nie alleen aan

ander mense nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid uit loutere genade deur God geskenk is terwille van die soenverdienste van Jesus Christus. Daarom word dit genoem die "regverdigmakende geloof." Want hierdeur kom die konsensie van 'n sondaarmens tot rus voor God. Die onrus wat die konsensie gedurig gekwel het, gaan weg. Die besef van 'n dreigende kwaad wat oor 'n mens gehang het, gaan weg en die hart word lig en ruim en bly. Die hart word gereinig van die slegte gewete en daar kom stilte, omdat daar vertrou word op die versoening van Jesus Christus.

## **DIE REGVERDIGMAKING**

### **WAT REGVERDIGMAKING IS.**

Dit is die regterlike daad van God waarin Hy optree as regter en ons op grond van die geregtigheid van Christus, wat deur die geloof ons eiendom geword het, vryspreek van die skuld en straf van die sonde, en vir ons die ewige lewe gee.

Die woord "regverdigmaking" moet ons egter nie laat verstaan dat dit 'n daad is van God waardeur op grond van ons toestand of lewe of werke ons regverdig gemaak word nie, of dat ons onself regverdig maak nie. Die Skrif leer ons die regverdigmaking ken as "regverdig verklaar," d.w.s. dis 'n regterlike vonnis waarin nie ons toestand nie, maar ons status voor God verander word. In ons toestand bly ons wel nog vol sonde, maar ons staat word verander van veroordeeldes na vrygesprektes.

### **WANNEER IS 'N SONDAAR REGVERDIG?**

Alleen wanneer hy in sy hele lewe ooreenkom met al die eise van Gods wet. Want God het die mens gemaak en Hy het 'n onvervreembare reg dat die mens aan sy eise moet voldoen. En hy kon ook daaraan voldoen, maar toe hy in sonde geval het, het hy voor God nie meer reg gestaan nie en kon aan sy heilige eise nie meer voldoen nie. Hy het Gods reg geskend en kan en wil dit nie volbring nie.

Om sy eie ontwil en om sy eie eer het God toe sy Seun gestuur om in alle opsigte aan Gods reg te voldoen, wat Hy ook gedoen het.

Nou moet die geregtigheid van Christus ons persoonlike eiendom word. So lank as dit nie gebeur nie, kan ons nie op grond daarvan regverdig verklaar word nie. Dit word eers ons eie deurdat Hy dit skenk en ons dit *aanneem*. Die skenking geskied deur God en word aan ons verkondig deur die evangelie. Die aanneming geskied deur die geloof. Die wat die evangelie waarlik glo, sal die uitnodiging aanneem en kom. Daarom word die geloof ook soms genoem "die hand" waarmee ons die geregtigheid van Christus aanneem.

Wat is nou die geregtigheid van Christus wat vir ons geskenk word? Dit is beide sy lydelike en dadelike gehoorsaamheid.

In die lydelike gehoorsaamheid het ons 'n volkome betaling van al ons skuld tot die laaste pennie toe. Op grond hiervan ontvang ons dan in die regverdigmaking 'n volkome vryspraak van al ons skuld en straf.

In die dadelike gehoorsaamheid geniet ons sy volkome voldoening aan die eise wat die werkverbond gestel het. Op grond hiervan ontvang ons in die regverdigmaking die reg op die ewige lewe.

Dit is dus duidelik dat die regverdigmaking as sodanig nie 'n daad is van *genade* nie maar van reg — 'n daad waarin God as regter optree en na sy heilige reg oordeel. Maar *ons* word die geregtigheid van Christus deelagtig enkel deur genade. God gee dit vir ons verniet.

Die regverdigmaking staan in die nouste verband met die werkverbond. Die regterlike uitspraak van God is dat *ons in Christus* aan die eis van die werkverbond voldoen het.

### **DIE REGVERDIGMAKING EN DIE GELOOF.**

As gesê word dat ons geregverdig word deur die geloof (Rom. 5:1), dan is dit nie dat die

geloof die werkmeester is van die regverdigmaking nie. Hy wat ons regverdig verklaar, is God.

### **REGVERDIGMAKING EN HEILIGMAKING.**

Om die onderskeid tussen regverdigmaking en heiligmaking goed in te sien, i.p.v. te verwar soos die Roomse kerk doen, moet ons let op die volgende verskilpunte:

#### **1. Wat die Outeur betref.**

Die regverdigmaking is 'n daad van die Vader en die heiligmaking is die werk van die Heilige Gees.

#### **2. Karakter.**

Die regverdigmaking is 'n juridiese daad wat buitekant ons om in die hemel plaasvind. Dit betref ons staat deur ons van die staat van skuld te laat oorgaan na 'n staat van geregtigheid. Dit betref nie ons toestand nie, omdat dit geen verandering bring in ons gesteldheid nie.

Die heiligmaking daarenteen is 'n etiese daad wat *in ons* uitgewerk word. Dit betref nie ons staat nie. Dit bring verandering in ons onderworpe toestand deur die ou mens te laat afsterf en die nuwe in ons te laat opstaan.

#### **3. Die Vrug.**

Die vrug van die regverdigmaking is vryheid, vrede, vreugde en geloofsversekerdheid. Dit neem die skuld van die sonde weg. Die heiligmaking neem die smet van die sonde weg en laat ons toeneem in goeie werke.

#### **4. Die Tyd.**

Die regverdigmaking geskied net eenmaal, en daardie eenkeer *volkome*. Die heiligmaking geskied gedurende die hele lewe van die wedergeborene tot sy dood toe, en is in hierdie lewe onvolkome.

### **DIE HEILIGMAKING**

Die heiligmaking is die laaste trap van die *via salutis*. Dit is die voortsetting van die nuwe lewe van die gelowige na Gods beeld tot hul dood toe. Dit is die voortsetting van wat begin is in die wedergeboorte en in die bekering, d.w.s. dis 'n voortgaande vernuwing van die hele mens, innerlik en uiterlik, in hart en wandel. Dit is die werk van die Heilige Gees en deur sy krag ook ons werk, waarin ons bekwaam gemaak word deur die drieërlei weldaad:

- (a) deur die wedergeboorte; want dit maak ons tot nuwe skepsels ;
- (b) deur die inlywing in Christus; want daardeur ontvang ons soos ranke uit die wingerdstok, die krag om te lewe, te groei en vrugte te dra; en
- (c) deur die inwoning van die Heilige Gees; "want die Gees getuig met ons gees dat ons kinders van God is."

Die heiligmaking openbaar hom na twee kante toe. Eers deur te vlug van die sonde (Ef. 4:22), en aan die ander kant deur goeie werke te doen (Ef. 4:23, 24).

Ten onregte het die begrip goeie werke in onguns geraak deur die feit dat die Roomse kerk daar saligmakende krag aan geheg het. Maar die Skrif spreek daar tog dikwels van (Ef. 2:10, e.a.p.) as werke wat in God se oog reg is, sodat dit Hom behaag omdat Hy daardeur verheerlik word. Die gelowige is dus verplig tot goeie werke, d.w.s. sulke werke wat uit 'n ware geloof, na Gods wet, tot sy eer geskied, en nie sulke werke wat op mense-goeddunke of -instellings gegrond is nie.

M.a.w., die doel van die goeie werke is Gods eer, en die maatstaf van die goeie werke is Gods wet.

By die ware gelowiges is daar altyd vooruitgang. Hulle sal die sonde altyd meer afsterf

en die nuwe mens sal altyd duideliker te voorskyn tree. Dit wil nie sê dat ons onself sal beskou dat ons heiliger geword het nie, maar ons sal al meer ons eie verdorwenheid leer ken en die sonde leer haat. Dit is dus ten onregte as ons dink dat ons geestelik agteruit gaan — juis omdat ons onself altyd meer mishaag oor ons sondes — dit bewys eerder die teendeel.

Dit is wel moontlik dat ons in die genade kan agteruit gaan — maar ons sal nooit verval nie. Want die Skrif leer die volharding van die heiliges met baie sterk bewoording (Joh. 10:28; 11:25, 26; Rom. 8:30).

In hierdie lewe kan egter geen volmaaktheid bereik word nie. Die voltooiing van die heiligmaking vind plaas in die verheerliking, d.w.s. wanneer die liggaam verheerlik opgewek word en met die verheerlikte siel verenig sal word om dan, verlos van alle mag van die sonde en die dood, vir ewig volmaak op die nuwe aarde te wees.

# DIE GENADEMIDDELS

Ds. H. DU PLESSIS, M.A.

## WAT IS GENADEMIDDELS?

In die teologie spreek ons van genademiddels; en ons bedoel daarmee dat God in die toepassing van sy heil aan die mens gebruik maak van middels om die geloof in ons te werk en te versterk. Net soos die mens se liggaam voedsel nodig het om te groei, so ook sy geloof. God kan egter ook sonder middels werk. So kan Hy die wedergeboorte werk sonder die aanwending van uitwendige middels. Dink aan die geval van Johannes die Doper (Luk. 1:41). Maar al maak Hy ook gebruik van die middel van die Woord om tot geloof en bekering te bring, tog het die Woord sonder die werking van die Heilige Gees geen uitwerking nie.

Onder genademiddels word hier nie verstaan *alle* middels wat God aanwend in die toepassing van sy heil nie, maar alleen die middels van Woord en sakramente omdat hulle elemente is van die genadeverbond.

## WOORD EN SAKRAMENT AS GENADEMIDDELS.

Die Woord is 'n genademiddel, want die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God (Rom. 10:17). Dit is die onvervalste melk waardeur ons kan opgroeï (1 Petr. 2:2). En die sakramente is ook genademiddels, want hulle is tekens en seëls wat deur God ingestel is, om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël (Kategm., vr. 66). Hulle versterk dus die geloof. Beide Woord en sakramente is elemente van die genadeverbond, want die Woord is die woord van die verbond; dit is die "Testament"; en die sakramente is seëls van die verbond.

Die kerk se roeping is om Woord en sakrament te bedien. Die Woord moet verkondig en toegepas word (2 Tim. 4:2), en die sakramente moet volgens die bevel van Christus aan sy kerk bedien word (Matt. 28:19; Luk. 22:19).

Volgens die Heidelbergse Kategismus word die geloof deur die verkondiging van die Woord gewerk, en deur die gebruik van die sakramente versterk (vr. 65). Die Woord egter werk nie net die geloof nie, maar versterk dit ook; terwyl die sakramente dit alleen versterk.

Die Woord is verder nie alleen genademiddel nie, maar ook openbaring van Gods raad. Dit gaan alle skepsele aan en is van wêreldbeteekenis. Die sakramente daarenteen is slegs genademiddels, en is alleen vir die gelowiges verorden. Hulle is tekens en seëls aan die Woord geheg en beeld af en verseël alleen die belofte daarvan.

Die geloof wat deur die Woord en die sakramente gewerk en versterk word, is die *bewuste* geloof wat in bekering en heiligmaking tot uiting kom. Van hierdie geloof is die wedergeboorte die wortel. Dit word deur die Heilige Gees sonder ons in ons gewerk.

## A. DIE WOORD AS GENADEMIDDEL

### ***Werking en versterking van die geloof deur die Woord.***

As genademiddel kom die Woord hier hoofsaaklik ter sprake vir sover dit verkondig word. Hoewel God, in die toepassing van sy heil, nie gebind is aan die middel van die Woord nie, is dit tog sy wil dat die geloof in die reël alleen gewerk word deur die verkondiging van die Woord. Die Woord immers is voorwerp van die geloof, en die geloof is uit die gehoor, en die gehoor deur die Woord van God (Rom. 10:17). Dus is geloof sonder kennis van die Woord nie moontlik nie. Daarom moet dit verkondig, gelees en oordink word. Wie hierdie genademiddel verag, kan nie tot geloof kom nie.

Hierdie Woord is in sy grondgedagte verstaanbaar vir die eenvoudigste. Verder — om ons tot die geloof te bring en dit te versterk, herhaal God die belofte van sy genade so menigvuldig in so 'n rykdom van uitdrukkinge en voorstellinge (Jes. 45:22; 55:1; Jer.

3:14; 8:22; Eseg. 33:11, ens.) en word dit in verskillende tipiese feite aanskoulik voorgestel soos in die manna, die steenrots, die koperslang; ja, selfs in die geskiedenis van Israel op hul weg van Egipte na Kanaän (Hebr. 3-4:11). God het ook sy belofte gegee in die vorm van 'n verbond, en ons 'n party in die verbond gemaak. En eindelik het Hy hierdie belofte met 'n eed besweer en deur sy sakramente afgebeeld en verseël.

Die Woord is dus daarop aangelê om die geloof in ons te werk en te versterk. Maar dan moet die Heilige Gees self die toespreker wees in die Woord, en moet die mens se verstand deur Hom verlig en sy wil omgebuig word. Wat nou eersgenoemde betref, die Skrif is sonder die werking van die Heilige Gees dood. En net so ook die prediking van die Woord. Want soos die Skrif nie maar net deur die Heilige Gees geïnspireer is nie, maar voortdurend nog deur Hom gedra, bewaar en kragtig gemaak word, so is dit ook met die Woord van God wat uit die Skrif geneem en vir die mense gepreek word. Dit is kragteloos sonder die werking van die Heilige Gees. Maar as die Gees van God in en deur die Woord werk, dan is dit kragtig; vir die gelowiges tot 'n opstanding, vir die ongelowiges tot 'n val (Hebr. 4:12).

Die saad van die Woord kan egter geen vrugte van geloof en bekering dra as dit nie in 'n weltoebereide aarde val nie. Hierdie werksaamheid van die Heilige Gees vind plaas in die hart van die mens. Die mens is dood in die sonde, verduister in sy verstand en onwillig om te glo. Daarom is dit Gods Gees alleen wat hom tot die geloof kan bring.

Geloof is dus, volgens die mooi beskrywing wat die Kategismus daarvan gee, "'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen terwille van die verdienste van Christus" (vr. 21).

Die Heilige Gees leer ons deur die Woord dat ons sondaars is aan wie genade en vergifnis aangebied en geskenk word deur God.

Die geloof word egter deur die verkondiging van die Woord nie net gewerk nie, maar ook *versterk*. Net soos ons vir ons liggaamlike lewe voedsel nodig het, sô moet die geloof ook gevoed word deur die Woord, want dit is die onvervalste melk waardeur ons opgroei (1 Petr. 2:2). Daarsonder kwynt die geloof. As ons ongesond of ongereeld eet, ly die gesondheid daaronder; en as ons nie gereeld die bediening van die Woord soek nie, kan die geloof ook nie versterk word nie.

### ***Die Woord van God as wet en evangelie.***

Die Woord van God moet, om sy kinders te bring tot geloof, onvervals verkondig word. Die Woord word onderskei in wet en evangelie, en as wet en evangelie moet dit aan die mens verkondig word. Christus het vir ons die wet vervul sodat wetsvervulling vir ons nie meer die voorwaarde is om die ewige lewe te verdien nie. Dit lei ons nou na Christus, die vervuller van die wet vir ons, en is vir ons die reël van ons dankbaarheid. Deur die wetsprediking moet ons ons sondige aard hoe langer hoe meer leer ken, sodat ons des te begeriger sal wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek (Kategm., vr. 115). Prediking van die wet moet dus plaasvind. Die prediker wat nalaat om te wys op die vreeslikheid van die vloek van God, wat nie telkens weer sy gemeente die diep verlore toestand van die mens voorskilder, en wat nie wys op die betekenis van die eis van die wet, verkondig nie die volle Woord van God «ie. Hierdie prediking moet egter altyd weer uitdryf tot Christus, anders laat dit die mens in wanhoop wanweë sy verlore toestand. Wet en evangelie moet altyd saamgaan.

Die Evangelie is die blye boodskap van genade vir almal wat glo in Christus. Wel word dit aan almal aangebied, maar deur die ongelowiges in hul hoogmoed verwerp (Dordtse Leerreëls III en IV; Luk. 14:16-24). Dit is (a) 'n welmenende aanbod van genade, (b) 'n eis — geloof, en (c) 'n versekering van die ewige lewe.

Hierdie boodskap van genade is die grondgedagte van die Skrif en is vir almal bevatlik.

Dit is vervat in die Ou en Nuwe Testament, en is in sy hoogste openbaring in Christus dieselfde as wat dit reeds in die paradys was. Hierdie genade-aanbod moet ons in die geloof aanneem. Wie nie glo nie is vir ewig verlore, want ongeloof is om God tot leuenaar te maak, en om die groot genade wat in Christus aangebied word te verwerp en te verag (Joh. 3:36; Luk. 14:21).

## **B. DIE SAKRAMENTE**

### ***Wat is sakramente?***

Volgens ons Kategismus is sakramente heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël (vr. 66).

Hieruit blyk dat

- (1) God die insteller is van die sakramente,
- (2) die sakramente tekens en seëls is van die genadeverbond,
- (3) by die toediening van die sakramente 'n handeling van God en van die mens plaasvind,
- (4) die sakramente toegedien word om die geloof te versterk.

Die Roomse kerk het sewe sakramente, nl. die Avondmaal, die Doop, Konfirmasie, Bieg, Huwelik, Priesterwyding en die laaste Oliesel; maar die laaste vyf mis een of meer van bogenoemde kenmerke. Ons aanvaar slegs die Avondmaal en Doop as sakramente.

### ***Deur God ingestel.***

God alleen kan bepaal aan watter middele Hy by die bediening van sy genade Hom wil bind. Verder het Christus as die Middelaar die reg om dit te doen en dit is Hy wat dan ook die sakramente vir sy gemeente instel (Matt. 28:19; Matt. 26:26-28; Mark. 14:22-24; Luk. 22:19, 20 en 1 Kor. 11:23-26).

Nie alleen is Hy die enigste insteller nie, maar Hy is ook die enigste uitdeler. Dit is Christus self wat doop en wat die Avondmaal bedien. Wel maak hy gebruik van ampsdraers, maar hulle is slegs sy instrumente en vervang Hom nie.

### ***Sakramente as tekens en seëls.***

As tekens is die sakramente bedoel om die belofte van die verbond af te beeld, dit aanskoulik voor te stel, en om ons die belofte daardeur beter te laat verstaan; as seëls is hulle bestem om die belofte as waaragtig te laat ken en ook om ons te verseker dat die belofte ons geld. Nie alleen die sigbare elemente, water, brood en wyn, beeld ons die genade van Christus af en verseël dit nie, maar ook al die seremoniële handelingen doen dit. Daarom moet alle aandag bepaal word by die uitwendige handelingen en die sakramente moet bedien word soos deur Christus self ingestel.

Die sakramente beteken en verseël nie 'n spesiale sakramentele genade soos Rome leer nie, maar hulle is tekens en seëls van die genadeverbond en verseël dus dieselfde weldade as wat die verbond gee.

Dit is die volle, ryke, Christus, na sy goddelike en menslike natuur, met sy persoon en werk, in sy staat van vernedering en verhoging. Die sakramente verseël dus geen enkele genade wat nie ook uit die Woord deur die geloof ontvang word nie; alleen die Woord verseël ons dit deur die sintuig van die oor en die sakramente deur die sintuig van die oog.

Die tekens verander nie in die afgebeelde saak nie, maar bly water, brood en wyn. Om die verband tussen die saak en die tekens word hulle aangedui met die benaming seëls. Niemand sal die verband tussen 'n woord en 'n saak, 'n persoon en sy beeld, 'n pand en dit waarvan dit 'n pand is, 'n vereniging noem nie. En tog van dieselfde aard is die verhouding tussen teken en saak. Rome leer dat die tekens in die bloed en vlees van



Christus verander, "en die Lutherse kerk leer dat Christus in, met en onder die teken, en dus met die teken op eenselfde plek en in eenselfde ruimte saamgebring word. Maar volgens die Skrif dui water, brood en wyn maar net die gekruisigde Christus aan.

Water, brood en wyn is wel nie van nature tekens en seëls van Christus se genade nie, maar in die verband waarin dit hier deur Christus geplaas word en na die verklaring van Christus, besef ons dat hierdie tekens by uitstek dien om ons die weldade van Christus af te beeld en te verseël (sien hieronder).

### ***Handeling van God en van die mens in die sakramentbediening.***

Dit is Christus wat die sakramente ingestel het en wat die bedienaar daarvan is, en dit is Hy wat deur sy Heilige Gees die genade in die hart van die gelowiges werk. Die Roomse kerk leer dat die sakramente soos towermiddels werk, want volgens hierdie leer is die tekens Christus self; geloof is dus hiervolgens nie 'n vereiste nie.

Omdat die sakramente tekens en seëls van die genadeverbond is, het hulle alleen betekenis vir die verbondskinders, en hulle dien nie om die geloof te werk nie maar om 'n reeds bestaande geloof te versterk. Dit spreek dus vanself dat die sakramente alleen vir gelowiges bedoel is en dat die genade in die sakramente alleen aan gelowiges geskenk word. Dit word nog besef vir die Avondmaal, maar nie soseer vir die Doop nie. Soms sal mense huiwer om aan die Avondmaal aan te sit, maar hulle sal geen beswaar hê om hul kinders vir die Doop aan te bied nie. Dit is verkeerd; die Doop is bedoel vir kinders van gelowige ouers.

Alle verbondskinders is verplig om van die sakramente gebruik te maak, want God het sy verbond met Abraham en sy saad opgerig en alle kinders van gelowige ouers is in die verbond begrepe en gaan daaruit alleen na verbondsverbreking. Daarom moet die kindertjies die teken van die verbond met die Doop ontvang as erfgename van die verbond.

### ***Die versterking van die geloof.***

Die sakramente gee dus geen besondere sakramentele genade soos Rome leer nie. Maar soos Calvyn, in teenstelling met Zwingli, aangetoon het, is die sakramente ook nie blote tekens nie, want God skenk sy genade onder die sakramentsbediening en hierdie genade is die versterking van die geloof.

Die besondere aard van die versterking van die geloof is hierin geleë dat die gelowige leer om al meer in gemeenskap met Christus en sy gemeente te leef, want Christus deel die weldade aan en in sy gemeente uit. Die Doop word dan ook genoem die sakrament van die inlywing in die gemeenskap met Christus, en deur Christus met God drie-enig. Die doopbevel lui dan ook: doop hulle in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, d.w.s. in die gemeenskap van God drie-enig; en die Avondmaal word genoem die sakrament van die voeding van die gemeenskap. Die ganse wyse van Avondmaalsviering is 'n gemeenskapsmaaltyd van Christus met sy gemeente (1 Kor. 10:16, 17). Die sakramente dien dus bepaald om u die gemeenskap nouer te laat gevoel. Hierdie gemeenskap is 'n gemeenskap aan die gekruisigde en verheerlikte Christus.

Die sakramente is deur God ingestel alleen om die geloof te versterk. Daarin kom Hy ons swakheid tegemoet en wil Hy ons deur sigbare tekens van sy genade verseker. Hierdie tekens beeld op besondere wyse die genade af.

Ook al die seremoniële handeling dien daartoe. Die breking van die brood verkondig aan ons: "So is Christus se liggaam gebreek tot versoening van die sondes"; en die wyn wat uitgegiet word: "So is die bloed van Christus uitgestort tot vergiffenis van ons sondes." Dit dui aan 'n *welgemeende* skenking, want net soos niemand sy hand tevergeefs uitsteek na die brood en wyn nie, net so welmenend bied Christus ons sy genade aan. Dit is 'n *persoonlike* skenking, want net soos aan ons elkeen persoonlik die beker en brood toegereik word, net so word Christus ons persoonlik geskenk. Net soos onself die brood en wyn aanneem, so moet ons ook die heil vir onself *toeëien* en moet dit wees 'n ware nuttigting van die vlees en bloed van Christus deur die geloof. Dit

beteken en verseël ten slotte dat wie glo, salig word; want deur die brood en die wyn aan te neem word dit met ons één; net so is Christus ons deel deur die aanneming van die geloof.

Uit alles wat hierbo gesê is, volg die waarde van die sakramente. "Hulle werk nie die geloof nie maar versterk dit. Hulle skenk die volle, ryke Christus, wat die gelowiges reeds besit deur die Woord, maar op 'n ander manier en langs 'n ander weg; en hulle versterk die geloof. Hulle vernuut die gelowiges se verbond met God, sterk hulle in die gemeenskap van Christus, sluit hulle onderling nouer aaneen, sonder hulle af van die wêreld en betuig aan engele en mense dat hulle die volk van God, die gemeente van Christus is."

Wie dus die sakramente verontagsaam, verag die genade van God.

# DIE PRAKTYK VAN DIE GODSALIGHEID

Ds. I. D. KRÜGER (Teol. Drs.)

## 1. DIE BEGRIP.

Ons mag *godvrugtigheid* en *godsaligheid* nie met mekaar verwar nie, hoewel hulle in die nouste verband staan. Die Christelike vroomheid of godsvrug (godsvrees en godsliefde by die wedergebore mens) word in die eerste gebod voorgeskrewe. In ons *hart*, in ons *gedagte*, in ons *begeerte*, *wil* en in ons *ek* mag ons geen ander god nie as net dié in die Bybel geopenbaarde, enige en ware God troon.

Daar binne, in u diepste wese, eis die Here vir Hom en sy diens op liefdevolle eerbied en eerbiedige liefde, sodat Hy in en deur u weer grootgemaak kan word. Dit word ook genoem die *godsdiens van die hart*.

Maar, onder *godsaligheid*, ook genoem die godsdiens van die lewe, verstaan ons 'n reeds gevorderde geloofslewe en wandel. Die woord "godsaliig" dateer uit die mistiek (verborge omgang met God) van die middel-eeue en beteken daar: "om in sy God gelukkig te wees". *Salig* beteken vol wees, gelukkig wees. *Godsaliig* duie dan vanself 'n religieuse stand en toestand van die mens voor en met God aan, waarin die gelowige hom vol en *gelukkig* voel, soos bv. die dissipels op die Berg van Verheerliking, in die teenwoordigheid van die Heiland.

"Maar dis my goed, my saal'ge lot,  
As ek naby is by my God.  
Ek het my hoop op God gestel.  
Om al sy werke te vertel."

## 2. BYBEL EN BELYDENIS.

(a) Die apostoliese briewe spreek herhaaldelik van die godsaligheid; oor die *leer* van die godsaligheid, waaronder verstaan word: onderwysing in die Christelike geloof, in die vrees en diens van God (1 Tim. 6:3). Ons word vermaan om onself te oefen in die godsaligheid (1 Tim. 4:7), om die godsaligheid na te jaag (1 Tim. 6:11), om by die lydsaamheid godsaligheid te voeg (2 Petr. 1:6).

(b) Ons *Doopsformulier* wil dat ons godsaliig moet wandel. Die doop in God se naam, sê die formulier, vermaan en verplig ons tot 'n nuwe *gehoorsaamheid*, wat beteken dat ons hierdie enige God: Vader, Seun en Heilige Gees moet aanhang, vertrou, lief hê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele gemoed en met al ons kragte, dat ons die wêreld moet versaak, ons oue mens moet kruisig en *in 'n godsalige lewe moet wandel*, d.i. met die wet tot norm. In die dankgebed ná die heilige Doop word gespreek van 'n "Christelike en godsalige opvoeding."

Ons *Nagmaalsformulier* verklaar dat Jesus Christus ons geloof en vertroue heenwys op sy volkome offerande, wat eenmaal aan die kruis plaasgevind het, as op die enigste grond en fondament van *ons saligheid*. Hieruit is duidelik dat die outeur en middelaar van ons saligheid God die Here self is. Vandaar die samestelling: *Godsaligheid*.

God die Here alleen gee dit deur Jesus Christus, en ons ontvang 'dit van die middelaar met ons geloofshand. Die godsaligheid is dus geen eiegevonde of verdiende gelukstand en toestand nie, maar 'n geskenk, 'n weldaad, 'n gode-behaaglike lewensstand en -houding, ons deur God in Christus voorberei en geskenk.

In die *weeropnemingsformulier* van afgesnedenes, word aan die teruggekeerde gevra: "beloof u ook om u nou verder in alle *godsaligheid te gedra*, ooreenkomstig die gebod van die Here"? Hieruit blyk dat die *rigsnoer* vir 'n godsalige lewe volgens die opstellers *enkel die heilige wet van God is*. *Wie gelukkig wil wees en goed wil doen*, moet die Here lief hê en *in sy weë wandel*. Alle bestaan *buite* God en *teen sy gebod* maak onsaliig, ongelukkig, ellendig.

In die *bevestigingsformulier* vir ouderlinge en diakens word die vraag gestel: "Belooft u

om in alle *godsaligheid te wandel* . . . ?" Dit is, volgens die heilige wet van God.

In die *Dordtse Leerreëls*, Art. V, 112, word gesê dat die "versekerdheid van die volharding" die gelowiges nie hoogmoedig sal maak nie, maar dat dit intendeel 'n ware wortel is van nederigheid, kinderlike vrees, ware *godsaligheid* .... en van 'n bestendige blydskap in God.

Uit die bo-aangehaalde blyk die volgende: (1) Ons geestelike vaders was lief vir die woord *godsalig* en het dit veelvuldig gebruik; (2) het dit byna altyd verbind met "lewe" of met "wandel"; (3) het daaronder verstaan nie alleen 'n deur die geloof in Christus met God *versoende lewe nie*, maar ook 'n in die *geloof en liefde gevorderde lewe*, waarvan God self die *outeur is*; (4) 'n lewe wat nie alleen *die wet weer tot rigshoer het nie*, maar ook alle handeling vrywillig daarna wil skik en rig, en daardeur wil laat *beheers* tot God se eer, in die kinderlike oortuiging dat alles dan *goed* sal gaan onder die Vader se hoede; (5) ons geestelike vaders het *erns* gemaak met hierdie soort lewe *uit, deur en tot* God. Ons moet dit ook doen. Hoe gejaagder en gevaarliker ons tye word, hoe meer ons *by* die Here moet lewe, en ... . soos 'n Henog, ja, soos Christus, "met God moet wandel", *om* soos Hy ook "toe te neem in genade by God en by die mense" — ja, om godsalig te wandel.

Christus gebied ons om eers die *geestelike rykdomme* van sy koninkryk te soek! (Matt. 6:33).

### **3. CHRISTUS, DIE GODSALIGE BY UITNEMENDHEID.**

Ons besit nie net sy bevel nie, maar ken sy hele *lewe* as voorbeeld. Onder ons geslag het Hy kom woon en werk. God se Seun was Hy, maar ook *waaragtige mens*. (a) By Hom was ware, volkome *godsvrug*, soos die eerste gebod dit verlang. Uit sy mond moes die versoeker verneem: "Jy moet die Here, jou God, aanbid *en Hom alleen dien*". Sy heilige siel was voortdurend vervul met eerbiedige liefde en met liefdevolle eerbied tot sy Vader. (b) By Hom was ook egte *godsdien van die hart*, wat opgekom het uit die *wortel van sy godsvrug* (vrees van die Here: saad van die religie, soos deur Calvyn genoem). God eis 'n wyse *van diens wat in álles met sy wil ooreenkom* (Ned. Geloofsb., Art. 14). En só 'n diens bewys Christus in die verborgene van sy hart aan sy Vader, deur naamlik sy Vader in liefde te *ken*, met 'n kennis en bewondering en vertroue waar geen skepsel iets van weet nie; deur sy Vader se soete gemeenskap te begeer, te geniet en te verheerlik; deur *Homself* as 'n offer, wat gans verteer sou word, by voorbaat aan die Vader wil oor te gee en Homself só volkome in sy Vader se diens te stel soos net Hy dit kon doen. Hierin was sy gehoorsaamheid, sy middelaarsdiens *by voorbaat* reeds volmaak — honderd persent volkome! *Dit* was dan die *godsdien van sy hart* dat Hy, voor daar nog iets van sy heilige wil en werk *na buite toe* openbaar geword het, reeds oneindig *meer* as 'n Abraham toe hy Isak moes offer, *gewillig* was om sy Vader te dien. "Ek het lus, o my God, om u welbehag te doen, en u wet is binne-in my ingewande" (Ps. 40:9). (c) Maar die godsdien van sy groot en goeie hart het uitgegroeï en het ook geword *godsdien van sy lewe*, van die *daad*, van die *praktyk*. Want Hy het met albei sy voete toe ook in die volle, werklike, harde lewe van sy tyd *gehoorsaam, gaan staan* deur as Profeet die raad van sy Vader te verkondig, as Priester Homself in liefde te offer, te sterf, te bid en as Koning op te staan en te regeer in die ryk van sy vader oor sonde, dood en graf. Oral en altyd was *liefde tot sy Vader*, volmaakte en eerbiedige *gehoorsaamheid* aan die wil van sy Vader, en volkome *heiligheid* van wandel voor sy Vader aan die orde. Daarom was Hy die "skoonste onder die mensekinders .... geregtigheid het Hy liefgehad en goddeloosheid gehaat .... (Ps. 45:3, 8). As dit ooit van iemand 100 persent waar was dat "hy met God gewandel het", "uit en deur en tot God" gelewe het, dan was dit van Hóm waar!

Iemand wat God, die *fontein* van alle goeie dinge, die *bron* van die lewe, só *lief* het, so *één* met die Vader is, soos Jesus Christus dit wél was, volgens Joh. 17; sulke *gehoorsaamheid* betoon het aan *die wil* van God soos Hy . . . . só een kan nie anders as *gelukkig, godsalig* wees in die ongestoorde gemeenskap van die Vader nie. In ons Heiland besit ons dan ook inderdaad die *mens van God*, die tweede Adam, die *klassieke*

beeld en voorbeeld van God en van godsaligheid op aarde — tot alle goeie werk volmaak toegerus, *in* en *deur* wie se bestaan en arbeid die *Naam van God*, die heerlikheid van die hemel opgevang en weerkaats word. *Lekker* op aarde het die Heiland dit nie gehad nie, maar wel swaar, om dat Hy sonde vir ons gemaak was. Maar tog het dit Hom nooit een oomblik minder *godvresend*, minder *godsdiensdig*, minder *gehoorsaam*, kortom minder godsalig laat wees of wandel nie. Inteendeel, uit en onder sy lyde het sy godsvrug, godsaligheid, gehoorsaamheid en dienskragtigheid des te meer geskitter. *Hierin* moet ons die Heiland navolg, as geliefde kinders van God (Efes. 5:1). Ons lewe moet, soos syne, staan in die teken van eerbiedige liefde (godsvrug), *gehoorsame* dienswilligheid en diensvaardigheid, naamlik in *godsaligheid*. 'n Wandel voor Gods aangesig en nie ágter Hom nie, maak sterk, gelukkig en opreg (Gen. 17:1). Die *spys* van die Heiland het bestaan in die gewillige *doen* van die wil van sy hemelse Vader. Dit het Hom gevoed, sy siel bevredig, versadig en salig gemaak. *Liefde* tot die enige, ware God was vir Hom *die gebod* van alle gebooie; *God* moet weer vir ons, soos vir die Heiland wees: die *hoogste goed*.

#### 4. DIE HOOGSTE GOED.

God moet vir u hart, hoof en hand álles wees en word deur die geloof in Christus. *God* moet nie daar wees *om*, ons, mense, se ontwil nie, maar presies omgekeerd: u, ek, ons, die wêreld, die ganse heelal is daar *net om God se ontwil, en om sy ontwil alleen!* "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape *en deur u wil bestaan hulle, en is hulle geskape*" (Openb. 4:11). Dis ons roeping. ons Christelike *plig* volgens wet, om God se deugde te verkondig, om God as die hoogste goed te eer en te dien met 'n *godvresende hart*, met al die talent van ons verstand en gemoed en al die krag van ons wil. Met *Hom*, die ewige wese, moet ons besig wees in ons *binneste* gedagtes. In die nag moet u oordenking van Hom soet wees.

In die môre moet die eerste uitgange van u hart na u God en Vader se kant toe gerig wees. U moet altyd biddende wees — 'n biddende en aanbiddende lewe lei — en só lewe dat u arbeid voortdurend geheilig en aan u God toegewy word. Die Here, u God, moet u hele bestaan en arbeid besiel, enkel omdat Hy in u skatting vir u die eerste en die hoogste is. As u met iemand dweep, dan moet dit met u God wees. As daar vir u iets moois is, moet dit wees sy majesteit en glans. In sy liefde moet u versink. In sy aanbidding moet u u salig voel. Alles mag donker in en om u wees, nogtans moet Hy vir u wees die bron van lig, die fontein van alle goeie dinge; die springfontein van alle krag! Daarom moet dit vir u en my die rykste ideaal, die volste sielsgenieting wees *om met die ewige God gemeenskap te hê deur Jesus Christus*. Kyk, as u geestelike lewe sover gevorder het, dan smaak u die geestelike genot en vergenoeging wat skuil in die feit *om naby God te wees* (Ps. 73). Dan kan u ook nie genoeg daarvan spreek, daarvan geniet en sing nie. Dan is "die aanskouing van u God vir u soeter as die lewe". Dan jubel u met die Sulamiet in sielsverrukking oor die weelde, wat u siel in u God en sy Christus, deur die werkinge van die Heilige Gees deelagtig geword het: "Laat Hy my kus met die kusse van sy mond; want u liefde is kosteliker as wyn .... Die koning het my in sy binnekamers gebring. Ons wil juig en ons in U verheug, ons wil u liefde prys meer as wyn .... Dra my soos 'n seëlring op u hart .... want liefde is sterk soos die dood .... (Hooglied, hoofst. 1:2, 4; 8:6 vv.).

Die ware godsalige het God die Here hartstogtelik lief met reine liefde, omdat sy God hom eerste so liefgehad het.

Die Bybel is vol van daardie *liefde tot God*, wat sy beginsel het in die saligmakende geloof. In 1 Kor. 13 besing die apostel daardie volmaakte liefde. In Rom. 8 sing en jubel Paulus, onder die besielende aandrif daarvan, dat niks, niks hom en sy mede-gelowiges sal kan skei van die liefde van God wat in Christus Jesus is nie. En .... wat ook *in* hom is deur die geloof.

Die ware liefde verenig .... trek aan .... en laat ons God deur Christus geniet, om met sy beeld versadig te word.

Ons dink hier aan 'n man soos Augustinus, wat geen rus vir sy siel kon vind nie totdat dit *rus in sy God gevind* het. Vir Augustinus was net twee dinge belangrik om te weet, naamlik *God en die siel*. Sy mees bekende boek is die "Belydenisse", wat 'n diep-deurleefde samespraak is tussen God en sy siel.

Ek dink verder aan Thomas á Kempis, die skrywer onder meer van "Die navolging van Christus", en van "Meditasies oor die lewe van Christus".

Uit die laaste boek haal ek een en ander aan om te laat sien en hoor hoe seer die godsalige sy voorwerp, Christus en die Heilige Gees, kan verheerlik: "Ek loof en dank U, o Here Jesus Christus, voorbeeld van heiligheid, reël van die lewe, bloem van die deug, soete geur van die lewe, volmaakte lydsaamheid, om al u deugde en aangename maniere, om u besondere sagmoedigheid en volmaakte voorbeelde, wat U openlik voor u dissipels en die ganse Israel ten toon gesprei het, en waardeur U die harte van die nederiges op 'n sagte wyse tot u liefde gelok het ...."

"O Heilige Gees, die Trooster, wysste Leraar van leraars, uitnemendste Meester van alle geneesmeesters, U kan deur één woord en in één oomblik die onwetendes onderwys en alle swakhede van die liggaam en van die siel volkome genees .... Verleen my, tot ondersteuning van die selfverloëning as ek eet en drink, die mag om te vas en die gesondheid om te arbeid, vergiffenis vir bedrewe sondes, beskerming teen toekomstige verkeerde handelinge, en die hoop op die ewige vrede met die uitverkorenes in Gods koninkryk .... O, dat ek één van die hemelbewoners mag wees, om dáár met hulle in te stem en te sing: heilig, heilig, heilig! .... Wanneer die deure van die hemel geskud word deur die geweldige gejuig van die engele, sal die nietige mens dan swyg?"

Maar genoeg voorbeelde om te wys op die volheid van vreugdevolle liefde en aanbidding in die hart en lewe van die godsalige.

Ek hoor die leser al teëwerp: "Skrywer, u het die *grens* tussen die *godsaligheid* en die Christelike *mistiek* reeds oorskry! Ja, u het gelyk, hoewel dit nie altyd moontlik is om so 'n lyn presies aan te wys nie. Onderskeiding sonder om die twee van mekaar te skei, is nodig. Soveel kan egter tog met veiligheid verklaar word, dat daar geen wesenlike verskil bestaan tussen die *Christelike vroomheid*, die *Christelike mistiek* en die *ware godsaligheid* nie. Ook word hierdie religieuse lewenshoudinge en sielsteuringe nie altyd ewe konstant en intuïtief by die gelowige aangetref nie. Nee, ook hier is daar 'n op- en neergang; 'n nog maar "ten dele" godvrugtig en godsalig wees. Die volmaakte en onveranderlike wenk ons ewewel reeds vriendelik toe uit die ewigheid.

## 5. DIE PRAKTYK.

Soos uit die voorgaande reeds duidelik geword het, is die *godsaligheid* nie 'n dooie ding nie, maar 'n lewende *hebbelikheid* of *Christelike deug*, wat 'n loot is uit die wortel van *godsvrug* en aan die boom van godsdiens. Net soos alle Christelike deugde moet ook die *godsaligheid* gekweek, gelei en bestuur word, anders bestaan die gevaar dat dit gaan kwyn of verkeerd ontwikkel.

In die eerste plek dan moet die gelowige sy *hart* bring onder *die tug van die heilige wet van God*. Ons moet godvrugtig *wees* en *godsalig doen*— en dit is net moontlik vir die *ware* gelowige, in wie se hart die *liefde van God* weer uitgestort is — daardie liefde, wat weer 'n *vermaak in God* se heilige wet leer kry het, as die enigste *rigsnoer* vir 'n godsalige wandel. Soos die *ligstraal* voor in die wapad die enigste en onmisbare wegwyser vir die motorbestuurder in 'n donker nag is, só is God se *sedewet* dit ook vir ons deur die storms, donkerheid en ongeregthede van hierdie lewe heen.

Wee die man wat meen dat hy *sonder die lig van die wet* kan reis! Daarom moet ons die profetiese wekstem altyd weer helder opvang en gehoorsaam: "Na die wet en na die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie" (Jes. 8:20).

Niemand kan God ooit behaag wat sy lewe nie inrig volgens en laat *beheers* deur die tien gebooe nie. Vir die ware en gevorderde vrome is 'n lewe *sonder die wet* 'n volstrekte

onmoontlikheid. En is ook elke *oortreding* of minagting van die heilige wet 'n vergryp teen God, en daarom ook *oorsaak* van innige droefheid. Namate u droefheid en berou kleiner of groter is by elke oortreding van die wet, na dieselfde mate word ook u *meer of minder gevorderdheid* in die godsaligheid openbaar. Ja, vergeet dit nie, geagte leser. Laat u eie godsaligheid geen onverskillige saak vir u wees nie. Nee, ons word beveel om ook die "godsaligheid" na te jaag as iets kosteliks vir God en mens.

In alles moet die Saulus-vraag ook u sielskreet wees: "*Here, wat wil U hê, moet ek doen?*" (Hand. 9:6). Ja, nog meer: "*Here, hoe wil U hê, met watter gesindheid moet ek U dien?*"

U *praktiese* lewe en arbeid moet dus staan onder die tug en beheersing van God se heilige wet. Nie om daardeur iets van God te *verdien nie*, maar uit dankbare wederliefde tot Hom, u God, wat u in Christus eerste liefgehad het.

In sy kostelike boekie, "Praktijk der Godzaligheid", wys dr. Kuyper daarop *dat* en *hoe* die hele *kerklike geloofslawe* met al sy verskillende vertakkinge van bediening van Woord en sakramente, van sending en evangelisasie ens. gestel moet word onder die lig en tug van Gods Woord en wet. Dit geld ook vir ons *persoonlike* lewe van stryd, worsteling en lyde. Kortom —nooit en nêrens mag die *godsalige* die *lig* van die Woord loslaat, of die *tug* van die heilige wet verontagsaam nie.

En nou nog 'n laaste punt. Die *godsaligheid* is 'n *Christelike deug* of *sielsgesteldheid*, wat sal kwyn by verwaarlosing, maar sal *groei* by versorging en beoefening daarvan. Vandaar die vermaning om onself in die *godsaligheid te oefen* (I Tim. 4:7). Soos die atleet hom deur allerlei kraginspanning, gehoorsaamheid, selfverloëning en oefening vir die betere volvoering van sy plig voor- en toeberei, so moet die *Christen-atleet* dit ook doen, soos Paulus vermaan.

Watter *middels* is hiervoor dienstig, om my naamlik te laat toeneem in die heiligmaking en in 'n godsalige wandel?

Die lees en ondersoek van die *Bybel*, en die eerbiedige gebruik van die sakramente. Die getroue onderhouding van u binnekamer-, huis- en kerk-godsdiens. Die heiliging van die Sondag volgens die vierde gebod.

*Heilige presiesheid* in die waarneming van al u verbondspligte! *Alle slordigheid* in u geestelike lewe werk die geestelike wasdom teë. Kortom, u moet *voortdurend met u God omgang oefen deur die geloof*. Dus moet u u *geloof* gesond en sterk maak en hou deur bogenoemde *genade*- en ander geoorloofde middels daarvoor aan te wend. Die Heiland se voorbeeld is hier ook al weer so goed. Hoe baie het Hy die *eensaamheid* opgesoek om te *bid*.

Die Bybel roep ons toe: bid! bid! bid! En .... werk! werk! werk! Die ware gebed en gebedslawe is 'n uitstaande kenmerk van die godsalige, maar is tegelyk ook baie bevorderlik vir die wasdom van 'n godsalige lewenswandel.

Bid en .... *vas!* is 'n verdere vermaning uit God se Woord, "Vaste" bestaan in onthouding van sommige of ook van alle spyse vir 'n tyd. Dr. Kuyper betreur die feit dat ons, Christene, hierdie skriftuurlike en seer gepaste verootmoedigingsmiddel as sodanig laat vaar het. Ek *noem* die saak hier net. As daar ooit 'n tyd was om *meer te vas*, en om deur "bidde en vaste" die ware godsaligheid te bevorder, dan het dit *nou weer* aangebreek. Natuurlik moet dit op skriftuurlike wyse gedoen word; daarin mag op sigself geen *verdienstelikeid* gesien word nie. Dit moet *middel* bly, en geen *doel* word nie. Met géseling, selfkastyding, martelinge van die liggaam en met die asketisme van ouds het hierdie Bybelse vaste niks gemeenskapliks nie. Ewewel, die *Bybelse* vaste is van groot betekenis vir die bloei van die sielelewe.

'n Verdere waardevolle saak in die verband is om sorg te dra om altyd 'n *goeie of rein konsensie* voor God en mens te hê. Dit bevorder 'n *godsalige* wandel in hoë mate.

Maar genoeg. Ek herinner nog net aan vader á Brakel se woord: "Alle saligheid, volle

vergenoeging en bestendige blydschap van die mens *bestaan in gemeenskap met God*. Só het Adam voor die val gelewe."

Laat ons dan, soos Paulus vermaan, wegvlug van die wêreldgelykvormigheid en najaag die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. Die goeie stryd van die geloof stry, na die ewige lewe gryp .... en die goeie belydenis voor baie getuie aflê (1 Tim. 6:11, 12). Wie dit doen, lei 'n godsalige wandel en . . . sal God sien.



# DIE HEMEL

DS. J. H. KRUGER

In die Skrif lees ons (Gen. 1:8) dat God die uitspannel hemel genoem het. Hierdie hemel is die lug waarin ons asemhaal. Daarin vlieg die voëls rond en word vandag die lugoorlog gevoer. Dit omring die aarde en daarna kyk ons op as die veld verdor en die diere vergaan in die vreeslike droogtes wat gedurig ons land teister. Daaraan verskyn die wolke, die ontsaglike massas, die waterdraers waaruit die bliksems neerskiet en die aarde laat sidder. Aan hierdie hemel verskyn die skoon, kleurrike reënboog as teken van die verbond wat God opgerig het tussen Hom en alle vlees wat op die aarde is.

In hierdie hemel het onse Here Jesus opgevaar en 'n wolk het Hom voor hul oë weggeneem. En toe die elf nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, het twee manne in wit klere by hulle gestaan en gesê: "Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

In hierdie hemel sal elke oog, ook hulle wat Jesus deursteeke het, Hom sien kom met die wolke. Die basuin sal deur hierdie hemel weerklink. Die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan om saam met die gelowiges wat dan nog leef in wolke weggevoer te word die Here tegemoet in die lug.

Die Here het Abraham uit sy tent gelei en vir hom gesê: "Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy kan." Die hemelliggame maak so 'n groot indruk op die mens dat die ou natuurvolke son, maan en sterre godsdienstige eer bewys het en hulle gebuig het vir die hemelse heirleër. Hierdie hemel behoort ook nog tot die uitspannel, maar is so ver verwyderd, dat die oorgang van die een na die ander vir die mens onmoontlik is. Hoe ver die grense gestel moet word, kon nog niemand bepaal nie. Sommige praat van ons sonnestelsel, ander van die melkweg as buitenste grens, maar hierdie aanduidings bly vaag en swewend.

Die afstand tussen ons en die sterrehemel is te reusagtig en duiselingwekkend om vir ons daarvan 'n begrip te vorm. Die sterrekundiges van ons tyd praat van distansies van miljoene en biljoene ligjare ver, en — een ligjaar staan vir min of meer 3,000,000,000,000,000 myl. Die afstand van die aarde na die son toe is maar een-drieduisendste deel van 'n ligjaar.

Die sagte blou waarin ons oordags kyk— wat skuil daarin? Dit swart hemel in die nag met sy komete, planete, melkweg, konstellاسies, sonnestelsels — wie sal sê wat daarin alles verborge is? Die apostel Judas praat van dwaalsterre. Uit die hemel slaan so nou en dan 'n meteorsteen op die aarde neer.

As ons saans opkyk na die flonkerende hemel, dan word die oog somer getrek deur die konstellاسie van Orion, waarin die pragtige Betelgeux skitter. Hy is 25,000,000,000 maal groter as die son en straal 1,200 maal meer lig uit. Hy is 200 ligjare van die aarde verwyder.

Na die sterrehemel het die gelowige Abraham opgekyk en die tintel- en glansgewemel van sterrevelde was getuies van die ewige, onveranderlike verbondsbelofte van God.

Dis hierdie hemel wat God se almag en majesteit, die heerlikheid van die werk van sy vingers, vir ons toon. As ons oog die onwankelbare blou agter die wolke sien, dan sing ons siel:

*En soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,  
So seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.*

As ons in die aand na die eindelose geskitter opkyk, dan sterk dit ons: Die hemele loof u wondermag, o Here.

Hierdie hemel is ook die horlosie van die wêreld. Sonder tyd kan ons nie klaarkom nie.

Hoe sou ons anders ons dae tel, die sewentig of tagtig jaar van ons lewe wat God 'n handbreed gestel het?

Die apostel Paulus sê hy was weggeruk in die derde hemel, in die Paradys waar hy onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie. Hierdie plek is die woning van die Here (Ps. 2:4). Dis die plek waarheen ons siele verhuis na hierdie lewe. Dis die huis met die baie wonings van die Vader. Dis die Paradys waarheen die siele van Jesus en die boetvaardige kwaaddoener gegaan het, onmiddellik toe hulle aan die kruis gesterf het. Daarheen het Jesus na sy opstanding opgevaar om te gaan sit aan die regterhand van die troon van die Majesteit.

In die hemel woon en troon die almagtige, alomteenwoordige God wat alle dinge regeer en deur sy voorsienigheid onderhou. Net soos in die ou bedeling die Israeliet na die tabernakel, en later na die tempel op Sion opgegaan het, waar God in sy heiligdom gewoon het, so gaan ons nou na die hemel waar Jesus Christus, ons barmhartige Hoëpriester, is, deur wie ons aanbid. Daarheen gaan ons versugting en smeking, ons verootmoediging en skuldbelydenis, ons dank, prys en lof. Daar word die Vader deur die strydende en lydende kerk aangeroep.

Daar wag die legioene en legioene engele op sy bevele om uitgestuur te word tot diens van die wat die ewige lewe beërf. Hulle bring daar, saam met die ontelbare skares van die wat in Christus gesterf het, aan God toe prys en heerlikheid. Daar in die hemel het Johannes op Patmos die troon met 'n reënboog en met vier-en-twintig trone rondom gesien toe hy die Openbaring van Jesus Christus ontvang het.

Daarheen dra die engele die gelowige wanneer hy sterf. Dadelik. Daar sal die ontmoeting met Christus wees en met al die gelowige vriende wat vooruit gegaan het. Daar is die sabbatsrus van die volk van God.

Daar in die hemel is die heilige stad, die nuwe Jerusalem, wat, as die eerste hemel en aarde verbygegaan en plekgemaak het vir die nuwe hemel en nuwe aarde, van God uit die hemel sal neerdaal. Die stad van pure goud soos suiwer glas met sy pêrelpoorte het die heerlikheid van God wat dit verlig. Daar is geen nag nie, geen sonde of dood, geen smart of rou, geen droefheid of skeiding nie. Daar is 'n lewe van volle geluk en genieting; weelde van kleure, prag en skoonheid; lieflikheid van sang, musiek en aanbidding; die aangrypendste harmonie van beweging; volmaakte LIEFDE. Daar is die ewige lewe met geluksaligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in geen mens se hart opgekom het nie. Van die hemel sing ons:

*U sal my voortlei deur u raad,  
o God, my hulp, my toeverlaat:  
En na die dag van aardse stryd,  
My opneem in u heerlikheid.*

## DIE LEER VAN DIE LAASTE DINGE

DR. S. J. VAN DER WALT, B.A., M.Div.

Die leer van die laaste dinge, of die eschatologie, is 'n allerbelangrikste deel van ons Christelike geloofsleer en staan veral in hierdie tyd van katastrofale omkering van die ou-gevestigde wêreldorde in die middelpunt van belangstelling. Almal wil graag weet watter lig Gods Woord op die wêreld-skokkende gebeurtenisse werp, en of dit 'n aanduiding is dat die voleinding van die wêreld naby is.

Wanneer ons hierdie lewensbelangrike saak behandel, mag ons ons nie stel op die losse grondslag van ydele spekulاسie of inbeeldinge van die fantasie nie. Ons moet vaste grond onder ons voete hê, sodat ons nie verval in die moeras van menslike waanwysheid nie. Ons moet sekerheid hê van die aard en betekenis van 'die wêreldgebeurtenisse, sodat ons hulle reg kan beoordeel, en weet wat ons te doen staan in die verwarrende omstandighede en toestande. Dit kan vir ons noodlottig wees as ons die wêreldprobleme in 'n verkeerde lig besien en verkeerd verklaar. Ja, dit *moet* noodwendig tot mislukking van alle menslike aksie in die wêreld lei, wanneer ons ons uitgangspunt kies òf in onbesonne en oppervlakkige optimisme òf in ongegronde pessimisme ten opsigte van die verloop van die wêreldgeskiedenis.

So is daar bv. gedroom van 'n uiteindelijke utopie, 'n hemel op aarde, wat langs die weg van geleidelike ontwikkeling of sosiale ewolusie tot stand sal kom. Kant, Herder, Schelling e.a. het gedink aan 'n etiese Godsryk op aarde. Haeckel, Nietzsche e.a. dink aan 'n ewige sirkelgang in verband met die wêreldproses. Dit was ook die gedagte van Boeddhiste, Stoïsyne, ens. Daar is ook heidense godsdienste wat glo dat alles ten slotte weer deur die chaos verwoes en vernietig sal word. Die ontembare natuurkragte sal op die ou end die kultuurmag verslind en vir altyd ontbind.

Al hierdie dinge is *moontlik* en selfs *waarskynlik* as ons dit vanuit een of ander gesigspunt bekyk. Elkeen kan met 'n goeie mate van reg bepleit word. En dit is dan selfs moeilik om te besluit watter een die meeste vertroue en geloof van ons kant verdien.

Tog bly dit ten slotte geheel onbevredigend en kan dit g'n rus bied aan die menslike hart nie. En dit wel omdat almal gebaseer is op die swakke en nietige menslike verstand. Ons kan daarenteen alleen berus in wat *God* in sy Woord vir ons sê. Immers Hy alleen weet hoe en waarvoor Hy alles gemaak het en wat die eindbestemming van die heelal is, volgens sy ewige raadsplan. Die Bybel is en bly dus ook hier die enigste kenbron, en gee die finale beslissing oor die vraagstuk.

En wat leer die heilige Skrif ons dan? In die eerste plek dat die aarde, met al wat daarop is, na sy einde snel. En so ook die son, maan en sterre. Vgl. Jesaja 51:6, en talle ander Skrifuitsprake. Die hemele sal uiteindelik soos 'n doek inmekaar gerol word en alles sal ineens stort en deur vuur verteer word. Die wêreld gaan dus ook sy graf tegemoet, net sowel as elke mens en elke lewende wese op aarde.

Die gedagte van 'n wêreldeinde word dan ook deur sommige wetenskaplikes aangeneem. Die snelheid van die rotasie van die aarde, so word beweer, neem geleidelik af, en die aarde kom dus stadig nader aan die son en moet uiteindelik daarin verdwyn. Aan die ander kant verloor die son sy hitte deur uitstraling, en moet dus ná verloop van 'n lang tyd koud word, sodat al wat leef van koue sal sterwe. Dit wil natuurlik sê, as alles normaal verloop. Die ongelowige wetenskap hou natuurlik nie rekening met die gedagte van 'n oordeelsdag, wanneer Christus sal kom op die wolke van die hemel om alles te rig, en die oordeel aan die wêreld te voltrek nie.

Voor ons nou verder die groot trekke van die oordeelsdag of voleinding van die wêreld uitwerk, moet ons hier kortliks ingaan op die belangrike vraag van die Messiaanse heilstaat of die sogenaamde duisendjarige vrederyk.

Die idee van 'n duisendjarige vrederyk of die chiliasme, is gebore uit 'n verkeerde

opvatting van die Ou Testamentiese heilsverwagtings, in verband met wat veral in Openbaring 20 geskrywe staan, en ook in Romeine 11.

Volgens die Ou Testamentiese profesieë sal daar 'n dag van gerig, 'n dag van die Here, aanbreek waarin God gerig sal oefen tussen sy volk en die ander volkere, en skeiding maak tussen die koring en die kaf in die volk Israel self. Dit sal uitloop op 'n tydelike verwerping van Israel deur God en die Babiloniese ballingskap. Aan die einde van die strafyd sal God sy dienskneg, die Messias, uit die huis van Dawid stuur en Hy sal die volk weer verlos. Hulle sal dan *terugkeer* na Sion. Hulle sal Jerusalem weer opbou en daar sal groot vrede en voorspoed wees in Palestina. Ja, die grense van die land sal selfs grootliks uitgebrei word en die tempel sal in eer en heerlijkheid herstel word. Die volk self sal dan bekeernd wees tot die Here en Hom dien in volmaakte toewyding. Die Here sal *woon* op Sion, sy heilige berg. Oorlog sal daar nie meer wees nie. Die swaarde sal tot grawe en die spiese tot sekels geslaan word. Selfs die diere sal mekaar nie meer uitroei of verskeur nie. Hemel ei!" aarde sal vernuut word; son en maan sal verander word sodat hul lig des te heerliker sal wees. In Jesaja 26:19 en Daniel 12:2 word selfs 'n aanduiding gegee dat daar 'n opstanding uit die dood sal wees. En ten slotte word die seëninge van die Godsryk ook uitgebrei tot die heidendom. Ook oor hulle sal die Messias sy septer swaai, en heers. Die heidene sal na Sion gaan om daar Gods weë te leer, om daar te offer en te aanbid. Daar sal 'n grootpad wees van Egipte na Assirië en Egipte sal saam met Assirië die Here dien (Jesaja 19:23).

Hierdie Messiaanse verwagtinge skyn dus almal te dui op 'n toekomsstaat van Israel, wat vanuit Sion die wêreld sal regeer. Maar ons moet daarop let dat nêrens gespreek word van 'n later te verwagte *finale* gerig of 'n *tweede* koms van die Messias nie. Wel sal Hy op 'n heel besondere wyse sy volk verlos, nl. deur hul sondes op Hom te neem en vir sy volk die doodstraf te dra (Jesaja 53). Maar die Ou Testamentiese profesie sien die verlossingswerk van die Messias net as één groot wonderdaad, wat sal uitloop op die redding van Israel en die vernietiging van al hul vyande. Die ryk wat die Messias kom stig, is dan ook g'n *voorlopige* vrederyk nie, maar die voltooide Godsryk op aarde. Dit word dan *geteken* in kleure en beelde van die Ou Testamentiese omstandighede. Die vorme van die heilsvoorspelling is daarom wel histories-nasionaal, maar daarin is geleë 'n inhoud wat van universeel-ewige betekenis is. Terugkeer uit die ballingskap en waaragtige bekering val saam. Die Messias is 'n aardse vors, maar ook 'n ewige Koning. Die vyande is aan Israel onderworpe, maar erken ook daarin dat die Here alleen God is en as sodanig gedien moet word. Die herstellende tempeldiens is die uiterlike sigbare teken dat daar 'n radikale vernuwing van die hart by Israel plaasgevind het. Die buitengewone vrugbaarheid van Palestina veronderstel 'n totale verandering van die natuur, 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, waarop geregtigheid woon.

Onder druk van vreemde dwingelandy, het Israel later, veral in die tyd van Jesus Christus op aarde, hierdie heilsverwagtinge in die mees letterlike sin gaan opvat, en met byna fanatieke dweepsug uitgesien na die dag waarin Israel die politieke grootmag op die aarde sal wees, en die ganse wêreld domineer. En so het die chiliasme ontstaan, wat in sy wese niks anders is nie as 'n religieusgetinte en idealistiese uitdrukking van Joodse imperialisme op aarde.

Die grondgedagtes van die chiliasme kom vrywel altyd ooreen by die verskillende voorstanders daarvan. Almal glo aan 'n tweërlei wederkoms van Christus en 'n dubbele opstanding. By die eerste wederkoms sal Christus die antichristelike magte oorwin, die satan bind, die gestorwe gelowiges opwek, oor die bekeerde Israel in Palestina heers en ook oor die hele wêreld as Koning van Sion regeer. Aan die end van hierdie tydperk van vrede en seëninge vir die kerk en vir die wêreld, sal Christus nogeens kom op die wolke van die hemel, vir die laaste en finale oordeel en die stigting van die ewige Godsryk op aarde. Dit is die algemene trekke. Ons kan hier nie in besonderhede ingaan nie. Ons wys nog net daarop dat die chiliasme deurgaans 'n volksbekering van Israel en gewoonlik ook hul terugkeer na Palestina veronderstel.

Die hele chiliastiese beskouing berus op 'n verkeerde perspektief van die rol en betekenis

van Israel op aarde. Dit gee aan die Jodedom, as nasie, 'n waarde wat aan g'n enkele nasie as sodanig toekom nie en maak van die Joodse geskiedenis 'n doel op homself, i.p.v. 'n middel tot 'n doel. Die wêreldgeskiedenis konsentreer dan om, en kulmineer in die geskiedenis van één bepaalde volk. Die spits van die wêreldgeskiedenis is dan die Joodse "Empire" en die Godsryk word 'n losse aanhangsel by die wêreldgeskiedenis. Israel is dan nie die gelowiges as volk van God op aarde nie, maar is die afstammelinge van Abraham volgens die vlees. Vergelyk daarenteen Romeine 4:11 en 12.

Wat die woorde van Paulus in Romeine 11:28 aanbetref, "en so sal die hele Israel gered word," daarvan kan ons g'n beter verklaring gee as wat dr. H. Bavinck in sy Gereformeerde Dogmatiek, pp. 648—652 van Deel 4, gee nie. Dis voorwaar 'n uitnemende verklaring van die Skrifgedeelte en pas soos 'n sluitsteen by al die ander Skrifgegewens. Dit kom in kort hierop neer dat "die hele Israel" nie beteken die "en masse" bekeerde Jode van die laaste tyd nie, en ook nie hier moet opgevat word as die geestelike volk van God nie; maar dat daaronder verstaan moet word die kern van die Joodse volk wat gedurende al die eeue heen getrou gebly en in Christus geglo het. Die Joodse volk sal dus ook in die ry van die volkers 'n plek kry in die hemel of op die nuwe aarde, en wel deur middel van die Jode wat Christus aangeneem het deur die geloof en wat eintlik die stam van die Joodse nasie vorm, waarvan die ongelowige Jode soos droë takke sal afval. En hulle is nie so danig min nie. Iemand het die getal Jode wat in die 19de eeu Christene geword het, geskat op ruim 220,000. Interessant is die gegewens wat Emmerich verskaf in sy brosjure oor "Die Juden," p. 10. Hy sê daar is 16 miljoen Jode op die wêreld. Van hulle woon sowat 400,000 in Palestina. Verder woon daar 900,000 Arabiere en meer as 100,000 Christene. As die land ten volle bewoon en bewerk word, kan daar uiters vir sowat 2½ miljoen mense voorsiening gemaak word. Daar is dus op sy meeste vir sowat 1-2 miljoen Jode plek in Palestina, d.w.s. vir omtrent een-tiende van die ganse Jodedom op die aarde. Uit dit alles volg dat die idee van Palestina as 'n nasionale tuiste van die Jode erg onprakties lyk. En by suiwer Skrifverklaring kan ons so 'n gedagte ook nie op Gods Woord baseer nie.

Wat Openbaring 20 betref, daar word skynbaar 'n duisendjarige vrederyk aangekondig. Dog dit is nie meer as skyn nie. Die eerste opstanding waarvan daar sprake is in vers 6, kan nie 'n liggaamlike opstanding wees nie. Want daar word duidelik gesê dat dit betrekking het op die *siele* van die martelaars wat terwille van Christus gesterwe het. Ook word in vers 5 gepraat van "die ander dode," wat duidelik te kenne gee dat die wat aan die eerste opstanding deel gekry het, nogtans in sekere sin (nl. na die liggaam) tog nog dood is. Dit kan dus alleen betrekking hê op die verlossing van die siele, en die geluksaligheid van die triomferende kerk, nou in die hemel. Dit maak nie saak dat die wederkoms van Christus ten gerigte reeds in Hoofstuk 19 aangekondig is nie. Die Openbaringsboek is immers nie volgens chronologiese skema uitgewerk nie, maar is aksiologies ingerig volgens inherente betekenis en stygende intensiteit van gebeurtenisse en strominge wat altyd weer in nuwe vorm herhaal word in die geskiedenis van die kerk en die wêreld.

In hoofstuk 19 word die verloop van die wêreldgeskiedenis tot aan sy voleinding meer geteken in die lig van die teëstelling tussen Gods volk en die antichristelike mag binne die kultuurwêreld. In hoofstuk 20 word die wêreldgeskiedenis meer besien vanuit die teëstelling tussen die triomferende kerk in sy salige rus in die hemel, en aan die ander kant die heidenwêreld of barbaardom wat deur satan aangepor word tot 'n laaste geweldige kragmeting met die hemelse leërmagte. Die duisend jare is dan die tydperk van die triomf van Christus sinds sy hemelvaart tot op sy wederkoms. Dit het dus niks te doen met 'n sogenaamde duisendjarige vrederyk op aarde, voor die finale koms van Christus nie. In hierdie tyd sal satan gebind wees (vers 7), d.w.s. sy mag sal beperk wees en sy wraaksug sal deur God betuel word. Daarna egter sal satan vir 'n kort tydjie geleentheid kry om as 't ware met vrye hand te regeer op aarde en sy bloeddors te les. Maar dit sal ook sy einde en ewige ondergang in die helse vuur wees.

En so kom ons dan weer by die voleinding van die wêreld, waarvan ons die opeenvolgende stadia hier kortliks sal probeer aantoon.

Volgens die heilige Skrif sal Jesus eenmaal weerkom op die wolke van die hemel om gerig te hou op aarde. Die tyd van sy wederkoms kan nie presies vasgestel word nie. Die Bybel bied daarvoor eenvoudig nie die gegewens nie. Wel word die *tekens* van die naderende einde van die wêreld aangegee. En Jesus dring daarop aan dat die gelowiges op aarde moet let op die tekens, sodat hulle nie in valse gerustheid voortlewe en die oordeel hulle oorval soos 'n dief in die nag nie. Ook verklaar Christus uitdruklik dat die dag en die uur van sy wederkoms aan niemand bekend is nie; nie aan mense of engele, ja, selfs nie aan die Seun nie, behalwe aan God alleen (Markus 13:32). Dit is dus ydele ligsinnigheid en ongeoorloofde nuuskierigheid om die jaar of datum van die wederkoms van Christus te wil bepaal. Dit gee ook niks, en het nog steeds op teleurstelling uitgeloop. Één ding is egter seker, en dit is dat Christus sal kom op 'n tydstip dat die wêreld Hom glad nie sal verwag nie; vgl. Mattheüs 24:36-44 en Lukas 21:34-36. Hy sal kom wanneer die groot verdrukking oor Gods volk toegesak het en dit skyn asof die kerk uiteindelik finaal van die aardbodem af weggevee sal word; vgl. Mattheüs 24:1-22.

En as Christus kom op die wolke van die hemel, sal Hy met eer en heerlikheid beklee wees. Hy sal kom as die magtige Koning van alle konings. Hy sal omring wees deur 'n leërskaer van engele en deur die heiliges of afgestorwe gelowiges wat reeds in die heerlikheid ingegaan het. Hy sal sigbaar wees vir almal wat op die aarde woon net soos die weerlig wat deur die ganse hemel skyn. Sy koms sal aangekondig word deur die stem van 'n aartsengel, waardeur die dooies uit die graftes sal opgewek word. Hierdie opstanding van die dooies sal van 'n algemene karakter wees en het betrekking op gelowiges sowel as ongelowiges. Immers, die ongelowiges moet gestraf word en wel in dieselfde liggaam as die waarin hulle gesondig het. Hul opstanding is dus nie 'n daad van God se barmhartigheid nie, maar staan in verband met sy wrekende geregtigheid.

Die opstandingsliggaam sal identies wees met die liggaam wat begrawe is. Jesus het met dieselfde liggaam opgestaan waarin Hy gesterwe het. Net soos die graan voortkom uit die saad wat in die aarde gesaai is, so sal die opstandingsliggaam opgebou word uit die liggaam wat in die skoot van die aarde neergelê is; vgl. 1 Korinthiërs 15:36 v. Die liggaam is dus nie 'n tydelike kerker waarin die siel hier op aarde gevange gehou word soos die heidendom leer nie. Nee, die mens dra ook in sy liggaam die beeld van God en moet ook met sy liggaam God dien en verheerlik. Die gelowige is dus wel by sy afsterwe geluksalig in die geestelike genieting van die hemelse heerlikheid, maar hy kan God eers ten volle verheerlik en prys wanneer hy weer sy liggaam as orgaan het, waardeur die siel homself kan uiter.

Dit beteken nie dat die opstandingsliggaam presies dieselfde atome sal bevat as die gestorwe liggaam nie. Ons weet dat die liggaam tot stof vergaan en dat die materie weer deur plante en diere opgeneem word in 'n gedurige stofwisseling. Desnieteenstaande sal die opstandingsliggaam opgebou word uit die kern van die gestorwe liggaam. *Wat* dit is, weet ons nie en sal ons ook nooit kan ontdek nie. Maar *dat* dit so is en moet wees, leer Gods Woord al te duidelik. God skep nie *nuwe* mense nie, maar Hy herskep of verheerlik dieselfde mense wat deur die sonde die dood gesterwe het en in die graf verteer is. Daarom is die begrafnis van die dooie liggaam ook veel meer in ooreenstemming met ons geloof aangaande die weeropstanding van die liggaam, as bv. lykverbranding. Die toenemende gewoonte van lykverbranding kan alleen beskou word as 'n bewys van toenemende ongeloof en moet deur die Christelike gewete ten sterkste afgekeur word.

Die opstandingsliggaam sal 'n verheerlikte liggaam wees. Dit sal nie meer aan tyd en ruimte gebonde wees in dieselfde mate as ons liggame hier op aarde nie. Daar sal g'n geslagsdrif meer wees nie. Volgens sommige sal daar nogtans 'n mate van verskil wees tussen man en vrou, sodat die besondere skoonheid van elke soort liggaamsbou ook daar tot sy hoogste uiting sal kom. Daar sal verder geen behoefte wees aan spyse nie. Wel is dit moontlik dat daar geniet sal word van die volmaakte vrugte van die hemelse Kanaän, maar hoe dit presies sal geskied en watter proses dit sal deurgaen, kan ons nie sê nie.

Die vraag is of die gesaligdes mekaar sal herken in die ewige lewe. Dit lyk nie

onwaarskynlik nie. Jesus Christus v/as wel *anders* ná sy opstanding uit die graf. Tog het Hy sy persoonlike voorkoms behou en kon sy dissipels hom eien. Moses en Elia het hul wesenstrekke behou en kon as sodanig herken word op die berg van verheerliking (Matthéüs 17:3).

Wat betref die grootte van die opstandingsliggaam skyn alles daarop te dui dat die mens ook in die opsig die volmaaktheid sal deelagtig wees, in die sin dat hy nie 'n kinderliggaam en ook nie 'n grysaards-liggaam sal besit nie, maar wel die volgroeiende liggaam van die mens in sy skoonste en rykste kragontploffing.

In dieselfde tydskede dat die dooies uit die grafte sal opstaan, sal die gelowiges wat nog op aarde lewe 'n onmiddellike en radikale verandering van die liggaam ondergaan, sodat dit ook 'n soort van opstanding sal wees (1 Kor. 15:51, 52). Dit sal 'n omsetting van die liggaam wees uit die verderflike na die onverderflike toestand.

Wanneer dan die opstanding van die dooies en die verandering van die nog lewendes plaasgevind het, sal hulle almal opgeneem word, die Here tegemoet in die lug; vgl. 1 Thess. 4:17.

Die engele sal daarvoor sorg dat alle mense bymekaargemaak word voor die gerigstroon van Christus; vgl. Rom. 14:10. Hulle sal gestel word in twee groepe aan die regter- en linkerhand van Christus, as skape en bokke, of as gelowiges en ongelowiges (Matthéüs 25:31-46). Die oordeel sal dan deur Jesus Christus gevel word oor elke mens persoonlik. Nogtans sal dit nie 'n baie lang tyd neem nie. Daarom word dit genoem die oordeelsdag of ook die *uur* van die gerig. Tyd sal daar egter g'n betekenis hê nie. Christus sal as met een oogopslag voor elke mens sy ganse lewe lê, tesame met die goddelike oordeel daarvoor, en die hele saak sal afgedaan wees.

Die laaste oordeel word nie sonder rede aan Christus toegeken nie. Hy sal in die Naam van God optree omdat Hy die Heiland of Redder van die wêreld is, en niemand anders nie. Daar en dan sal dit deur alle oë gesien word dat Hy die Seun van God is voor wie alle knieë moet buig. Dan sal Hy triomfeer oor satan en sy hellemagte, oor die wêreld en almal wat Hom teëgestaan het. Ook sal Hy daar die voorreg smaak om die heerlike vrug te pluk op sy arbeid en lyding terwille van die uitverkorenes. Hy sal hulle op grond van sy soenverdienste aan die kruis vryspreek en die saligheid laat beërwe. As God is Hy ook alwetend en sal Hy nie kan mislei word nie. Hy sal regspraak alleen volgens reg en geregtigheid, sodat niemand daarteen enige twyfel of beswaar sal kan hê nie. Ook is Hy die Almagtige, wat in staat sal wees om die uitgesproke vonnis te voltrek. Daarom sal die ongelowiges sidderbewe as hulle voor Hom verskyn. Aan die ander kant weer sal die gelowiges getroos word deur die regterstoel van Christus verskyn, soos die gebed in die doopsformulier so mooi sê, omdat hulle weet dat Christus 'n barmhartige hoëpriester is wat met sy bloed vir hul sondes betaal het, en wat daarom nie sal toelaat dat satan sy duurgekogte volk uit sy hand ruk nie. Alhoewel hulle dus in hulself g'n pleitgrond vir genade het nie, sal hulle tog die oog gevestig hou op Jesus Christus, die Lam van God, wat geslag is om die sondes van die gelowiges vir ewig te versoen. En volgens 1 Kor. 6:2, 3 sal die gelowiges self ook in 'n sekere sin deel hê aan die oordeel oor die ongelowiges. Die triomf van Christus sal ook die oorwinning wees van sy kerk. Hulle wat gehaat en verdruk, gesmaad en vervolgd was tot in die dood toe, sal ook in die oordeelsdag triomfeer oor al hul vyande en seëvierend uit die oordeel te voorskyn kom.

Die oordeelveling of strafbepaling sal vir al die ongelowiges dieselfde wees, nl. die helse vuur. Maar dit neem nie weg nie dat elkeen 'n straf sal ontvang na die mate dat hy dit verdien het. Volgens Matthéüs 11:22, Romeine 2:12, ens., is dit duidelik dat daar 'n verskil sal wees in die intensiteit of graad van lyding in die verdoemenis. Die wat Gods Woord en sy kerk geken het, sal swaarder gestraf word as die wat sonder enige kennis van God en Christus op aarde geleef het. Die wat m verantwoordelike betrekkinge gestaan het en dus groter invloed ten goede of ten kwade kan uitoefen, sal gevoeliger ly as hulle wat nie van veel betekenis was nie. Dit alles beteken nogtans natuurlik nie dat ons maar met die sonde kan speel nie, in die hoop dat ons nie die swaarste straf sal ontvang nie. Immers die ligste straf bly nog altyd die ewige dood en die buitenste

duisternis en die helse vuur.

Ná die eindgerig volg die vernuwing van die wêreld. Ook die aarde sal 'n wedergeboorte ondergaan, net sowel as die son, maan en sterre. Alles sal deur katastrofiese ontbinding deur vuur verbrand word; vgl. 2 Petrus 3:7 en 10. In sy teenswoordige vorm sal die aarde en die hemele dus nie vir ewig voortbestaan nie, soos sommige gemeen het. Aan die ander kant sal die wêreld ook nie totaal vernietig word sodat dit in substansie deur 'n ander wêreld vervang sal moet word nie, soos wat die Lutherse, Sociniane, Remonstrante en ook enkele Gereformeerdes gemeen het nie. Net so min as wat die dood vir die mens vernietiging beteken, net so min is dit die geval met die wêreld. Die wêreld sal wel in sy elemente ontbind word en so te sê in rook en swaeldamp opgaan. Maar uit dieselfde brandende massa sal God weer 'n nuwe wêreld opbou in heerlijkheid en volmaaktheid.

Hoe dit daar sal uitsien? Dis moeilik om te sê. Ons mag die ewige lewe hiernamaals op die nuwe aarde seker nie eensydig vergeestelik nie. Dit is juis die fout van die doperse en Metodistiese rigtinge. Die hemel is vir hulle 'n plek waar vroom sieltjies in ewige, ongestoorde vrede 'n sentimentele saligheid kan geniet. Nie die eer en die diens van God is daar die vernaamste nie, maar die soete genieting van die hemelvreugde deur die verlore siel.

Ons glo egter, volgens die heilige Skrif, dat die nuwe Jerusalem op die aarde sal neerdaal (Openbaring 21:2 v.). Dan sal dit hemel op aarde wees. Dan sal God vir ewig woon in die midde van sy volk. Dan sal al die nasies, vir sover hulle deur die geloof behoue is, God dien en verheerlik op aarde, en sal al die skatte van die kultuur in hul hoogste ontplooiing gesien word, om daarin die eindelose glorie en heerlijkheid van God te verkondig.

En so sal dan die wêreldgeskiedenis uiteindelik sy lang loopbaan voltooi het, en sal die skepping sy Godgestelde doel en eindpunt bereik het. So sal dan uiteindelik blyk dat alles tog nie ydelheid en tevergeefse moeite was nie (Prediker 1:2). Die wêreld het 'n ewigheidsdoel en 'n ewigheidswaarde. Die kruis van Christus is die middelpunt en die kragentrum van waaruit die ganse wêreldgeskiedenis beheers en waardeur dit gedra word. Dit is wel waar dat die wêreldgeskiedenis *ook 'n wêreldgerig* is. God se oordele word voltrek in die gang van wêreldgebeurtenisse. Maar dit is nogtans nie *die* wêreldgerig nie. Die groot *krisis* van die wêreld kom nog. Ons mag dit nie weg-spiritualiseer of metafisies wegedeneer nie. Ja, dit is nou reeds die laaste uur (1 Joh. 2:18). Die wêreld nader vinnig die oomblik wanneer die Seun Hom sal onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God kan wees alles in almal (1 Kor. 15:28).